# *Die Gelykenisse van Christus*

*Deur*

*ELLEN G. WHITE*

*Gelykenisse van Christus*

*Deur Theo A. ter horst en P.A. Venter in afrikaans vertaal*

*Hierdie uitgawe se kopiereg word gehou © 2012 deur The Stanborough Press Ltd, Alma Park, Grantham, Lincolnshire, Verenigde Koninkryk.*

*Alle regte word voorbehou.*

*Britse Biblioteek Katalogisering in Publikasiedata.*
*'n Katalogiese rekord vir hierdie boek is beskikbaar van die Britse Biblioteek.*

ISBN 978-1-907456-58-9

*Vir meer inligting kontak:*
*Posbus 75700*
*Garden View*
*2047*
*Tel: (011) 616-6800*
*Web: www.tcadventistist.org.za*



# Voorwoord

CHRISTUS, die groot Leermeester, het veel van Sy onderrigting gegee onderwyl Hy saam met Sy dissipels tussen die heuwels en valleie van Palestina gereis of langs 'n meer of 'n rivier gerus het. In Sy gelykenisse het Hy Goddelike waarheid met alledaagse voorwerpe en gebeurtenisse verbind soos uit die verhale van die herder, die bouer, die boer, die reisiger en die huisvrou blyk. Bekende voorwerpe is met mooi en ware gedagtes in verband gebring–gedagtes oor Gods liefdevolle belangstelling in ons, oor die dankbare hulde wat Hom toekom en oor die belangstelling wat ons die een vir die ander moet hê. So het Hy lesse oor Gods wysheid en praktiese waarhede indrukwekkend gestel.

In hierdie bundel word die gelykenisse volgens hulle onderwerpe ingedeel, en hulle lesse word ontplooi en opgehelder. Die boek is deurspek met waarheidsjuwele en vir talle lesers sal dit groter betekenis gee aan die alledaagse voorwerpe waarmee hulle omring is.

Die baie oplae van die verskeie uitgawes van Die Gelykenisse van Christus in Engels en in etlike van die ander vernaamste tale getuig van die gewildheid daarvan. Terwyl sy die boek nog geskryf het, het die skryfster besluit om die wins daarop ten bate van opvoedingswerk te bestee. Weens die samewerking van die skryfster, die uitgewers en lidmate van die Kerk is 'n aansienlike bedrag ten behoewe van Christelike onderwys reeds beskikbaar gestel.

Om hierdie Afrikaanse uitgawe so kompak en hanteerbaar moontlik te maak, is alle illustrasies en titel blaaie weggelaat. Dit bring mee dat sommige bladsye kort sou wees en dat sekere bladsy nommers ontbreek, hoewel die ***hoofinhoud van die boek in sy geheel ongeskonde bly.*** Om die boek nog met die ***Index to the Writings of Ellen G. White*** te laat klop, word die bladsynommers van die oorspronklike boek aldus - 34 - aangedui waar die bladsy moet begin. Die Register van Skriftuurplase en die Algemene Bladwyser, wat met die ***Index*** klop, en die Inhoudsopgawe maak ook van hierdie nommers gebruik.

Dat hierdie boekie sy doel sal bereik deur aan die leser 'n beter begrip van die Heiland te gee en hom so nader aan sy Verlosser te bring, is die bede van die Uitgewers en

DIE TRUSTEES VAN DIE ELLEN G. WHITE PUBLICATIONS.

# Inhoud


| Hoofstuk: | oorspronk-lik bl | Ware bl |
|---|---|---|
| 1. Lesse Deur Middel van Gelykenisse | - 17 - | 1 |
| 2. " 'n Saaier Het Uitgegaan om te Saai" | - 33 - | 9 |
| 3. "Eers 'n Halm, Dan 'n Aar" | - 62 - | 31 |
| 4. Onkruid | - 70 - | 37 |
| 5. "Soos 'n Mosterdsaad" | - 76 - | 41 |
| 6. Ander Lesse uit die Saailand | - 80 - | 45 |
| 7. "Soos Suurdeeg" | - 95 - | 53 |
| 8. 'n Verborge Skat | - 103 - | 61 |
| 9. Die Pêrel | - 115 - | 71 |
| 10. Die Visnet | - 122 - | 77 |
| 11. "Nuwe en Ou Dinge" | - 124 - | 79 |
| 12. Vra om te Gee | - 139 - | 89 |
| 13. Twee Aanbidders | - 150 - | 99 |
| 14. "Sal God Dan Nie Reg Doen aan Sy Uitverkorenes Nie?" | - 164 - | 109 |
| 15. "Hierdie Man Ontvang Sondaars" | - 185 - | 123 |
| 16. "Verlore en Is Gevind" | - 198 - | 135 |
| 17. "Laat Hom Nog Hierdie Jaar Staan" | - 212 - | 145 |
| 18. "Gaan uit op die Paaie en na die Lanings" | - 219 - | 151 |
| 19. Die Maat van Vergifnis | - 243 - | 167 |
| 20. Wins Wat Verlies Is | - 252 - | 175 |
| 21. " 'n Groot Kloof Gevestig" | - 260 - | 181 |
| 22. Woorde en Dade | - 272 - | 191 |
| 23. Die Here se Wingerd | - 284 - | 201 |
| 24. Sonder 'n Bruilofskleed | - 307 - | 221 |
| 25. Talente | - 325 - | 231 |
| 26. "Vriende Deur die Onregverdige Mammon" | - 366 - | 265 |
| 27. "Wie Is My Naaste?" | - 376 - | 273 |
| 28. Die Beloning van Genade | - 390 - | 283 |
| 29. "Om die Bruidegom te Ontmoet" | - 405 - | 295 |





| | | |
|---|---|---|
| Register van Skriftuurplase | - 422 - | 307 |
| Algemene Bladwyser | - 426 - | 313 |


* *Let wel,* die bladsynommers in hierdie inhoudsopgawe stem ooreen met die wat net onder die titel van die hoofstuk tussen twee strepe aldus - 17 - aangegee word. Kyk voorwoord.

# Lesse Deur Middel van Gelykenisse

- 17 -

CHRISTUS se gebruik van gelykenisse om Sy lesse toe te lig, lê dieselfde beginsel aan die dag as Sy sending na die wêreld. Christus het ons aard op Hom geneem en onder ons gewoon sodat ons bekend kon raak met Sy Goddelike karakter en lewe. Godheid is in mensheid geopenbaar, die onsigbare heerlikheid in die sigbare menslike gestalte. Deur bekende dinge kon mense die onbekende leer ken, hemelse dinge is deur aardse dinge geopenbaar, God is in die gestalte van 'n mens geopenbaar. So het Christus mense geleer: die onbekende is deur die bekende verduidelik-Goddelike waarhede deur aardse dinge wat mense die beste geken het.

Die Skrif sê, "Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê ... sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af." Matt. 13:34, 35. Die sigbare dinge was die middel waardeur die geestelike oorgedra is–die dinge van die natuur en die lewensondervinding van Sy toehoorders is aan die waarhede van die skrifwoord gekoppel. Christus se gelykenisse wat so van die natuur tot die geestelike koninkryk lei, is die skakels

- 18 -

in die waarheidsketting wat die mens met God, en die aarde met die hemel verenig.

Wanneer Christus die natuur as leermiddel gebruik het, het Hy van die dinge gepraat wat Sy eie hande gemaak het, en wat die hoedanighede en kragte besit het waarmee Hy hulle self bedeel het. In hulle oorspronklike volmaaktheid is alle geskape dinge 'n uitdrukking van die gedagtes van God. Vir Adam en Eva in hulle Edenwoning was die natuur vol van die kennis van God, mildelik bedeel met Goddelike onderrigting. Wysheid het tot die oog gespreek en is deur die hart ontvang, want deur Sy geskape werke was hulle met God in aanraking. Sodra die heilige paartjie die wet van die Allerhoogste oortree het, het die afskynsel van die aangesig van God van die natuur af verdwyn. Nou is die aarde deur sonde geskend en beklad.

Tog bly daar nog in sy geskonde staat veel van sy skoonheid oor. God se aanskouingslesse is nie geheel en al uitgewis nie. As ons dit reg verstaan, spreek die natuur van sy Skepper.

In die tyd van Christus was hierdie lesse reeds vergete.
Mense het God byna nie meer in Sy skepping gewaar nie. Die sondigheid van die mensdom het 'n doodskleed oor die lieflikheid van die skepping gewerp, en pleks dat Sy werke Hom geopenbaar het, het hulle 'n versperring geword wat Hom verberg. Die mens het "die skepsel vereer en gedien...bo die Skepper." Sodoende het die heidene "dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister." (Rom.1:25, 21) So is die leer van God dan in Israel deur die leerstellings van mense vervang. Nie net die dinge van die natuur nie, maar ook die offerstelsel en die Skrifte self, wat gegee is om God te openbaar, is so verdraai dat juis hulle Hom verberg het.

Christus het getrag om dit weg te neem wat die waarheid bedek het. Hy het gekom om die sluier wat sonde

- 19 -

oor die natuur gewerp het, opsy te trek en die geestelike heerlikheid te ontbloot wat die skepping moes weerkaats. Sy woorde het sowel die lesse van die natuur as dié van die Bybel in 'n nuwe lig gestel en van hulle 'n nuwe openbaring gemaak.

Jesus het die fraai lelie gepluk en dit in die hande van kinders en jongmense gelê, en terwyl hulle in Sy jeugdige gesig, met die sonlig van Sy Vader se aangesig nog daarop, gekyk het, het Hy die les geleer, "Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei (in die eenvoud van natuurlike skoonheid); hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie." Hierop volg die soete versekering en die belangrike les, "As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?"

In die bergpredikasie is hierdie woorde ook tot ander behalwe kinders en jongmense gerig. Hulle is tot die menigte gerig, onder wie manne en vroue belaai met bekommernisse en verwarring en die pyn van teleurstelling en verdriet. Jesus gaan voort, "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene: want julle hemelse Vader weet dat julle



al hierdie dinge nodig het." Met hande tot die menigte uitgesprei gaan Hy voort: "Maar soek eers die koninkryk van God, en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Matt. 6:28-33.

So het Christus dan die boodskap vertolk wat Hy self aan die lelies en die gras van die veld gegee het. Hy verlang dat ons dit in elke lelie en grashalmpie moet lees. Hy spreek met versekering en Sy woorde versterk vertroue in God.

- 20 -

Christus se beskouing van die waarheid was so wyd en Sy onderrig so deurtastend, dat alles in die natuur ingespan is om waarheid te verduidelik. Die tonele waarop die oog daagliks val, is almal met een of ander geestelike waarheid verbind sodat die natuur met die gelykenisse van die Meester beklee is.

Christus het in die vroeë deel van Sy bediening met sulke duidelike woorde tot die volk gespreek dat al Sy toehoorders die waarhede kon gesnap het wat hulle wys kon maak tot saligheid. Maar in baie harte het die waarheid nie wortelgeskiet nie en dit is gou weggeraap. "Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse," het Hy gesê, "omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. ... Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit." Matt. 13:13-15.

Jesus wou hulle weetgierigheid aanwakker. Hy het getrag

- 21 -

om die onverskilliges wakker te maak en om die waarheid op hulle harte af te druk. Onderrig deur gelykenisse was gewild en het agting afgedwing en aandag getrek, nie net by die Jode nie, maar ook by ander volkere. Hy kon geen doeltreffender metode toegepas het nie. As Sy toehoorders 'n kennis van Goddelike dinge verlang het, kon hulle wel Sy woorde verstaan het, want Hy was altyd gewillig om hulle aan die eerlike soeker te verduidelik.

Verder het Christus waarhede voorgehou wat die volk onvoorbereid was om aan te neem of selfs te verstaan. Ook om hierdie rede het Hy hulle deur gelykenisse geleer. Deur Sy lesse met voorvalle uit die lewe, die ondervinding of die natuur in verband te bring, het Hy hulle aandag geboei en 'n indruk op hulle harte gemaak. Wanneer hulle daarna die voor-

werpe gesien het waarmee Sy lesse geïllustreer is, het hulle die woorde van die Goddelike Leermeester onthou. Vir siele wat ontvanklik was vir die Heilige Gees, het die betekenis van die Heiland se lesse al duideliker geword. Verborgenhede het helder geword, en wat voorheen moeilik was om te begryp, het duidelik geword.

Jesus het getrag om tot elke hart toegang te kry. Deur middel van 'n verskeidenheid van illustrasies het Hy nie alleen die waarheid in sy verskillende vertakkinge voorgestel nie, maar ook op Sy verskillende toehoorders 'n indruk gemaak. Hulle belangstelling is gewek deur beelde wat uit hulle alledaagse lewe geneem is. Geeneen wat na die Heiland

- 22 -

geluister het, kon voel dat hy afgeskeep of vergete was nie. Die nederigste, sondigste persoon het in Sy lering 'n

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul. ... Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hul toegesluit." Matt. 13:13-15.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

stem gehoor wat met simpatie en teerheid tot hom gespreek het.

Daar was ook 'n ander rede waarom Hy deur middel van gelykenisse geleer het. Onder die menigtes wat om Hom saamgekom het, was priesters en rabbi's, skrifgeleerdes en ouderlinge, Herodiane en regeerders, wêreldliewende, bevooroordeelde, ambisieuse manne wat bo alles begeer het om die een of ander beskuldiging teen Hom te vind. Hulle spioene het Hom dag na dag agtervolg om van Sy lippe iets te hoor wat Hom kon veroordeel, sodat die Een wat blykbaar die wêreld agter Hom aan getrek het vir ewig stilgemaak kon word. Die Heiland het verstaan watter soort mense hierdie manne was en Hy het die waarheid op so 'n wyse voorgestel dat hulle niks kon vind waardeur hulle Sy saak voor die Sanhedrin kon bring nie. Deur gelykenisse het Hy die skynheiligheid en slegte dade van hoogwaardigheidsbekleders bestraf, en met beeldspraak het Hy waarhede beklee wat so snydend was dat, as Hy dit reguit gesê het, hulle nie na Sy woorde sou geluister het nie, en ook spoedig 'n einde aan Sy bediening sou gemaak het. Maar terwyl Hy die spioene ontwyk het, het Hy die waarheid so helder gestel dat dwaling blootgelê is en die eerlikes



van hart voordeel uit Sy lesse geput het. Goddelike wysheid, oneindige genade, is deur die dinge wat God geskape het, verduidelik. Deur middel van die natuur en die ondervindings van die lewe is die mensdom aangaande God geleer, "Want sy onsigbare dinge" is "van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien ... naamlik sy ewige krag en goddelikheid." (Rom. 1:20)

In die Heiland se gebruik van gelykenisse is 'n aanduiding van die wese van ware "hoër onderwys." Christus kon die diepste waarhede van die wetenskap aan die mens-dom geopenbaar het. Hy kon miskien geheime ontsluit het, wat baie eeue van arbeid en studie geverg het om op te los. Hy kon wetenskaplike wenke gegee het wat tot die einde

- 23 -

van die tyd stof tot nadenke, en aansporing tot uitvinding sou voorsien het. Maar Hy het nie. Hy het niks gesê om nuuskierigheid te bevredig of om die ambisie van mense te bevorder deur 'n weg na wêreldse roem oop te stel nie. In al Sy onderrig het Christus die menslike gees met die Oneindige Gees in aanraking gebring. Hy het die mense nie gelas om menslike teorieë aangaande God of Sy Woord of werke te bestudeer nie. Hy het hulle geleer om Hom te aanskou soos Hy in Sy skeppingswerk, in Sy Woord en deur Sy voorsienigheid geopenbaar word.

Christus het Hom nie met abstrakte teorieë bemoei nie, maar met wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die karakter, wat die mens se vermoë om God te ken, sal verbreed, en sy bekwaamhede om goed te doen sal vermeerder. Hy het met mense daardie waarhede bespreek wat die gedrag raak, en die ewigheid aangryp.

Dit was Christus wat aan die hoof van Israel se opvoeding gestaan het. Aangaande die gebooie en die insettinge van Israel, het Hy gesê: "En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad

- 24 -

is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe." Deut. 6:7-9. Deur Sy eie onderrig het Jesus getoon hoe hierdie bevel uitgevoer moet word–hoe die wette en beginsels van die koninkryk van God só voorgestel kan word dat hulle skoonheid en kosbaarheid geopenbaar word. Toe

die Here Israel opgelei het om Sy spesiale verteenwoordigers te wees, het Hy hulle tussen heuwels en dale laat woon. In hulle huislike lewe en in hulle godsdiensoefeninge is hulle voortdurend met die natuur en met die woord van God in aanraking gebring. So het Christus Sy dissipels by die meer, teen die berghang en in die velde en bosse geleer, waar hulle die dinge van die natuur waarmee Hy Sy lesse geïllustreer het, kon aanskou. En namate hulle van Christus geleer het, het hulle hulle kennis gebruik deur met Hom saam te werk.

So moet ons deur die natuur met ons Skepper kennis maak. Die boek van die natuur is 'n groot lesboek wat ons saam met die Skrifte moet gebruik om andere aangaande Sy karakter te leer en om die verlore skape na Gods kudde terug te lei. Waar die werke van God bestudeer word, bring die Heilige Gees oortuiging tot die verstand. Dit is nie die oortuiging wat uit logiese beredenering spruit nie, maar tensy die verstand te donker geword het om God te ken, die oog te dof om Hom te sien, die oor te doof om Sy stem te hoor, word 'n dieper betekenis begryp en maak die verhewe geestelike waarhede van die skrifwoord 'n indruk op die hart.

In hierdie lesse direk uit die natuur, is daar 'n eenvoud en reinheid wat hulle die hoogste waarde gee. Almal het die lesse nodig wat uit hierdie bron geput word. Op sigself lei die skoonheid van die natuur die siel weg uit sonde en wêreldse aantreklikhede tot reinheid, vrede en God. Te

- 25 -

dikwels word die verstand van studente besig gehou met mensgemaakte teorieë en versinsels, wat valslik kennis en filosofie genoem word. Dit is nodig dat hulle in noue aanraking met die natuur gebring word. Laat hulle leer dat die skepping en die Christendom één God het. Laat hulle geleer word om die ooreenstemming tussen die natuurlike en die geestelike raak te sien. Laat alles wat hulle oë sien, wat hulle met die hand betas, 'n les in karakterbou wees. So sal die verstandelike vermoëns versterk, die karakter ontwikkel en die hele lewe veredel word.

Die rede waarom Christus deur middel van gelykenisse geleer het, is presies dieselfde as die rede vir die instelling van die Sabbat. God het aan die mens die gedenkteken van Sy skeppende mag gegee sodat hy Hom in die werk van Sy hande kan aanskou. Die Sabbat gebied ons om die heerlikheid van die Skepper in Sy geskape werke te aanskou. En



- 26-

dit is omdat Hy verlang dat ons juis dit moet doen dat Jesus Sy kosbare lesse aan die skoonheid van die natuur gekoppel het. Op die heilige rusdag, bo alle dae, behoort ons die boodskappe te bestudeer wat God vir ons in die natuur opgeskrywe het. Ons behoort die Heiland se gelykenisse te bestudeer waar Hy hulle vir ons vertel het, naamlik in veld en bos, onder die ope hemelgewelf, tussen gras en blomme. Namate ons naderkom tot die hart van die natuur, maak Christus Sy teenwoordigheid vir ons 'n werklikheid, en spreek Hy tot ons harte van Sy vrede en liefde.

Christus het Sy onderrig nie net met die rusdag verbind nie, maar ook met die arbeidsweek. Hy het wysheid vir hom wat die ploeg hanteer en die saad saai. Uit ploeg en saai, grondbewerking en oes, leer Hy ons om 'n voorbeeld van Sy genadewerk in die hart te sien. So wil Hy hê dat ons uit elke soort nuttige arbeid en in elke vorm van verkeer met ons medemens. 'n Les van Goddelike waarheid moet leer. Dan sal ons dagtaak nie meer ons aandag so volledig

- 27 -

in beslag neem dat ons God vergeet nie; dit sal ons voortdurend aan ons Skepper en Verlosser herinner. Die gedagte aan God sal soos 'n goue draad deur al ons huislike pligte en arbeid loop. Vir ons sal die heerlikheid van Sy aangesig weer op die beeld van die natuur rus. Ons sal voortdurend nuwe lesse oor hemelse waarhede leer en so rein soos Hy word. Sodoende salons "deur die Here geleer wees" en in die lewenslot waartoe ons geroep is, "bly voor God." (Jes. 54:13; 1 Kor. 7:24)

# “ ’n Saaier Het Uitgegaan om te Saai”

**Na aanleiding van Mattheus 13:1-9, 18-23; Markus 4:1-20; Lukas 8:4-15**

***DIE SAAIER EN DIE SAAD***

- 33 -

DEUR DIE gelykenis van die saaier verduidelik Christus die dinge van die koninkryk van die hemele en die werk van die groot landbouer vir Sy volk. Soos die ‘saaier op die land het Hy gekom om die korrels van hemelse waarheid uit te strooi, en die onderrigting wat Hy deur gelykenisse gegee het, was self die saad waarmee die kosbaarste waarhede van Sy genade gesaai is. Omdat die gelykenis van die saaier so eenvoudig is, is dit nie ten volle gewaardeer nie. Van die natuurlike saad wat in die grond gewerp word, wil Christus ons gedagtes na die evangeliesaad lei wat, nadat dit gesaai is, mense weer aan God getrou maak. Hy wat die gelykenis van die klein saadjie geleer het, is die Vors van die hemel, en dieselfde wette wat vir die saai van die aardse saad geld, geld ook die saai van die waarheidsaad.

By die see van Galilea het ‘n groep byeengekom om Jesus te sien en te hoor – ‘n gretige, afwagtende skare. Die siekes het op hulle matte gelê en wag om Jesus van hulle

- 34-

behoeftes te vertel. Dit was Christus se Godgegewe reg om die ellendes van ‘n sondige mensdom te genees, en nou het Hy die siekte bestraf en lewe en gesondheid en vrede om Hom uitgestraal.

Namate die skare aangegroei het, het die mense al nader om Christus saamgedring totdat daar nie meer staanplek was nie. Toe spreek Hy ‘n woordjie met die vissermanne in hulle bote en klim in die boot wat gewag het om Hom oor die meer te neem. Hy versoek dat Sy dissipels ‘n entjie van die oewer af moet wegvaar, en toe spreek Hy daarvandaan met die skare op die wal.

Langs die see was die pragtige vlakte van Gennesaret.
Daaragter het heuwels uitgestyg en op heuwel en vlakte het saaiers en

maaiers gewerk. Een het gesaai en 'n ander het die vroeë graan geoes. Jesus het na hierdie toneel gekyk en gesê:

"'n Saaier het uitgegaan om te saai; en terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet. En 'n ander deel het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte van grond was nie; maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog. En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig."

Christus se tydgenote het Sy sending nie verstaan nie. Die wyse van Sy koms het nie met hulle verwagtinge ooreengestem nie. Die Here Jesus was die fondament van die ganse Joodse stelsel. Sy indrukwekkende dienste is deur God ingestel. Hulle was bedoel om die volk te leer dat daar op die vasgestelde tyd Een sou kom na wie hierdie seremonies vooruit gewys het. Maar die Jode het die vorms en seremonies gehuldig en die doel daarvan vergeet. Oorlewerings, spreuke en mensgemaakte wette het die lesse

- 35 -

verberg wat God hulle wou leer. Hierdie spreuke en oorlewerings het verhinder dat hulle die ware Godsdiens begryp en beoefen. En toe die Werklikheid in die persoon van Jesus kom, het hulle Hom nie as die vervulling van al hulle sinnebeelde, die wese van hulle skadurites, herken nie. Hulle het die teenbeeld verwerp, en aan hulle beelde en nuttelose seremonies vasgehou. Die Seun van God het gekom, maar hulle het steeds om 'n teken gevra. Hulle antwoord op die boodskap, "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom," was 'n eis om 'n wonderwerk (Matt.3:2) Die evangelie van Christus was vir hulle 'n struikelblok omdat hulle tekens pleks van 'n Saligmaker geëis het. Hulle het verwag dat die Messias Sy aansprake deur groot oorwinningsdade sou bewys, dat Hy Sy ryk op die puin van aardse koninkryke sou oprig. Op hierdie verwagting het Christus met die gelykenis van die saaier geantwoord. Die koninkryk van God sou nie deur wapengeweld, nie kragdadig die oorhand kry nie, maar deurdat 'n nuwe beginsel in menseharte geplant is.

"Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens." Matt. 13:37. Christus het gekom, nie as 'n koning nie, maar as 'n saaier; nie om koninkryke tot val te bring nie, maar om die saad rond te strooi; nie om Sy volgelinge op aardse oorwinning of volksroem te wys nie, maar op die oes wat ná geduldige arbeid en deur verliese en teleurstellings ingesamel moet word.



Die Fariseërs het die betekenis van Christus se gelykenis begryp, maar vir hulle was die les onwelkom. Hulle het voorgegee dat hulle dit nie verstaan nie. Vir die skare was die doel van die nuwe leermeester nog meer raaiselagtig. Sy woorde het hulle harte op so 'n vreemde wyse ontroer, maar hulle was bitter teleurgesteld omdat Hy hulle ambisies nie verwesenlik het nie. Die dissipels self het die gelykenis nie verstaan nie, maar hulle belangstelling is geprikkel. Hulle het Jesus later toe hulle alleen was om 'n verduideliking gevra.

Dit was die verlange wat Christus wou opwek, sodat Hy hulle duideliker kon onderrig. Hy het die gelykenis

- 36 -

aan hulle verduidelik, net soos Hy Sy Woord aan almal duidelik sal maak wat Hom in opregtheid van hart soek. Diegene wat die Woord van God bestudeer met harte wat ontvanklik is vir die lig van die Heilige Gees, sal nie in die duister gehou word oor die betekenis van die Woord nie. "As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek." Joh. 7:17. Almal wat by Christus 'n duideliker kennis van die waarheid soek, sal dit ontvang. Hy sal die verborgenhede van die koninkryk van die hemele aan hulle openbaar, en die hart wat verlang om die waarheid te ken, sal hierdie verborgenhede verstaan. 'n Hemelse lig sal die sieletempel binnestraal, en dit sal as die helder skynsel van 'n lamp op 'n donker pad aan ander geopenbaar word.

"'n Saaier het uitgegaan om te saai." In die Ooste was sake so onseker, en die gevaar van geweldpleging so groot dat mense hoofsaaklik in ommuurde dorpe gewoon het, en die landbouers het daagliks na hulle arbeid buitekant die mure uitgegaan. So het Christus, die hemelse Saaier, uitgegaan om te saai. Hy het Sy huis, waar veiligheid en vrede was, verlaat; Hy het die heerlikheid verlaat wat Hy by die Vader gehad het voordat die wêreld bestaan het; Hy het Sy plek op die troon van die heelal verlaat. Hy het as mens uitgegaan, en lyding en versoeking verduur. Eensaam het Hy uitgegaan om die saad van die lewe vir 'n verlore wêreld met trane te saai, en met Sy bloed te benat.

So moet Sy diensknegte ook uitgaan om te saai. Toe Abraham geroep is om 'n saaier van die saad te word, is hy beveel, "Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys." (Gen. 12:1) "En hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom." Heb.11: 8. So het die boodskap van God ook tot Paulus gekom terwyl hy in die tempel in Jerusalem gebid het, "Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene." (Hand. 22:21) So moet ook hulle wat

- 37 -

geroep is om hulle met Christus te verenig alles verlaat om Hom te volg. Ou vriendskapsbande moet verbreek word, toekomsplanne moet prysgegee word, van die hoop op aardse dinge moet afstand gedoen word. Met geswoeg en trane, in eensaamheid en deur opoffering moet die saad gesaai word.

"Die saaier saai die woord." Christus het gekom om die waarheid op die aarde te saai. Sedert die sondeval saai die Satan al die valse saad. Dit was deur 'n leuen dat hy die mens eers oorrompel het, en so werk hy nog om God se koninkryk op die aarde tot 'n val te bring en om die

- 38 -

mens in sy mag te kry. 'n Saaier van 'n hoër wêreld, Christus, het gekom om die waarheidsaad te saai. Hy wat in die rade van God gestaan het, wat in die binneste heiligdom van die Almagtige gewoon het, kon die suiwere beginsels van waarheid aan die mensekinders bring. Sedert die sondeval was Christus die Openbaarder van waarheid aan die wêreld. Deur Hom word die onverganklike saad, "die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly," aan die mensdom oorgedra (1 Pet. 1:23) Met daardie eerste belofte wat in Eden aan die sondige mensdom gegee is, het Christus die evangeliesaad gesaai. Maar die gelykenis van die saaier was veral van toepassing op Sy persoonlike bediening onder die mensdom en op die werk wat Hy daardeur tot stand gebring het.

Die Woord van God is die saad. Elke saad bevat 'n ontkiemingsbeginsel. Daarin lê die lewe van die plant opgesluit. So is daar ook lewe in die Woord van God. Christus sê: "Die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe." (Joh. 6:63) "Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe." (Joh. 5:24) In elke bevel en in elke belofte in die Woord van God is die krag, ja, die ware lewe van God, waardeur die bevel uitge-



voer, en die belofte verwesenlik kan word. Hy wat die woord deur geloof ontvang, ontvang die lewe en karakter van God self.

Elke saad bring volgens sy eie soort vrugte voort. Saai die saad onder gunstige omstandighede, dan ontwikkel dit sy eie lewe in die plant. Ontvang die onverganklike saad van die woord deur geloof in die siel, en dit bring 'n karakter en lewe voort met die kenmerke van die karakter en die lewe van God.

Die leermeesters van Israel het nie die saad van die woord van God gesaai nie. Christus se werk as verkondiger van die waarheid was merkbaar in teenstelling met dié van die rabbi's van Sy tyd. Hulle het hulle toegelê op oorlewerings, op mensgemaakte teorieë en gissings. Dikwels het hulle die leringe en die geskrifte van mense aan-

- 39 -

gaande die Woord, in die plek van die Woord geplaas. Hulle onderrigting het geen mag gehad om aan die siel lewe te gee nie. Die onderwerp van Christus se onderrigting en prediking was die Woord van God. Hy het vraestellers geantwoord met 'n duidelike, "Daar is geskrywe." "Wat sê die Skrif?" "Hoe lees jy?" Met elke geleentheid, waar belangstelling deur vriend of vyand gewek is, het Hy die saad van die Woord gesaai. Hy wat die Weg, die Waarheid, en die Lewe, die lewende Woord self is, verwys na die Skrifte en sê: "En dit is dié wat van My getuig." "En Hy het begin van Moses en al die profete af," en vir Sy dissipels "uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." (Joh. 5:39; Lukas 24:27.)

Christus se dienaars moet dieselfde werk doen. Nou, net soos van ouds, word belangrike waarhede uit die Woord van God deur mensgemaakte teorieë en versinsels vervang. Baie wat voorgee dat hulle evangeliedienaars is, beskou nie die hele Bybel as die ingegewe Woord nie. Een slim man verwerp een gedeelte, 'n ander het 'n vraag oor 'n ander gedeelte. Hulle meen hulle eie oordeel is meer werd as die Woord: en die Skrifgedeeltes wat hulle wel leer, word op hulle eie gesag gegrond. Die Goddelike gesag van die Woord word vernietig. So word die saad van ongeloof wyd en syd gesaai, want die mense raak verward en weet nie wat hulle moet glo nie. Daar is baie geloofspunte waaraan die verstand nie die reg het om vas te hou nie. In die dae van Christus het die rabbi's 'n onnatuurlike, mistieke uitleg aan menige Skrifgedeeltes toegedig. Omdat die suiwere leer van Gods Woord hulle gebruike veroordeel het, het hulle geprobeer om die

krag daarvan te vernietig. Dit gebeur nou nog. Daar word beweer dat die Woord van God duister en onduidelik is, sodat wetsoortreding goedgepraat kan word. Christus het hierdie gebruike in Sy tyd bestraf. Hy het geleer dat almal die Woord van God moet verstaan. Hy het Hom op die Skrifte as onbetwisbare gesag beroep, en ons behoort dieselfde te doen. Die Bybel moet as die woord van die ewige God, as die einde van

- 40 -

alle geskille en die grondslag van alle geloof voorgehou word.

Die Bybel is sy krag ontroof en die gevolge blyk in die verlaging van die geestelike lewenspeil. Die preke wat deesdae van talle kansels gehoor word, ontbreek aan daardie Goddelike openbaring wat die gewete aanwakker en lewe tot die siel bring. Die toehoorders kan nie sê: "Was ons hart nie brandende

in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?." (Lukas 24:32) Daar is vele wat om die lewende God smeek, wat na die Goddelike teenwoordigheid verlang. Wysgerige teorieë of letterkundige essays, hoe briljant ook al, kan die hart nie bevredig nie. Die stellings en uitvindings van die mens is waardeloos. Laat die Woord van God tot die mense spreek. Laat diegene wat nog net oorleweringe en menslike teorieë en spreuke gehoor het, die stem hoor van Hom wie se woord die siel tot die ewige lewe kan vernuwe.

Christus se gunstelingtema was die vaderlike teerheid en oorvloedige genade van God. Hy het dikwels uitgewei oor die heiligheid van Sy karakter en Sy wet; Hy het Homself aan die volk voorgehou as die Weg, die Waarheid en die Lewe. Laat Christus se dienaars hulle op hierdie onderwerpe toelê. Bied die waarheid aan soos dit in Jesus is. Maak die vereistes van die wet en die evangelie verstaanbaar. Vertel die mense van Christus se lewe van self-verloëning en opoffering; van Sy vernedering en dood; van Sy opstanding en hemelvaart; van Sy voorspraak vir hulle in die gereg van God; van Sy belofte, "Ek [kom] weer en sal julle na My toe neem." (Joh. 14:3)

Pleks dat u foutiewe teorieë bespreek, of probeer om die teenstanders van die evangelie te opponeer, moet u die voorbeeld van Christus volg. Laat nuwe waarhede uit Gods skatkamers opvlam. "Verkondig die woord." "[Saai] by alle waters." "Hou aan tydig en ontydig." "By wie my woord is, laat hom my woord spreek in waarheid. Wat het



- 41 -

die strooi met die koring te doen? spreek die Here." "Elke woord van God is gelouter. ... Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie." 2 Tim. 4:2; Jes. 32:20; Jer. 23:28; Spreuke 30:5, 6.

"Die saaier saai die woord." Hier word die groot beginsel voorgehou wat die grondslag moet vorm van alle opvoedingswerk. "Die saad is die woord van God." Maar in te veel hedendaagse skole word die Woord van God verwerp. Ander vakke neem die aandag in beslag. Die bestudering van ongelowige skrywers se werke geniet voorrang in die onderwysstelsel. Skeptiese gedagterigtings word in die inhoud van skoolboeke ingeweef. Wetenskaplike navorsing word misleidend, omdat sy ontdekkings verkeerd vertolk en verdraai word. Die Woord van God word met die sogenaamde leer van die wetenskap vergelyk, en word as onseker en onbetroubaar voorgehou. So word die saad van twyfel in die gedagtes van die jeug ingeplant, en in tye van versoeking ontkiem dit. Wanneer daar nie meer geloof in die Woord van God is nie, is daar geen gids, geen beskerming, vir die siel nie. Die jeug word na weë aangetrek wat van God en die ewige lewe weglei.

Die wydverspreide ongeregtigheid in ons hedendaagse wêreld kan in 'n groot mate hieraan toegeskryf word. Wanneer mens die Woord van God verwerp, verwerp jy sy krag om bose drange van die aardse hart te verhinder. Mense saai in die vlees, en in die vlees maai hulle verderf.

En dit is ook die groot oorsaak van verstandelike swak-heid en onbevoegdheid. As mens die Woord van God verwaarloos om op die geskrifte van onbesielde mense te teer, word jou verstand verdwerg en minderwaardig. Dit kom nie in aanraking met diep, breë beginsels van die ewige waarheid nie. Die verstand pas hom aan by 'n begrip van bekende dinge en in hierdie beheptheid met nietige dinge word dit swak, sy krag krimp en mettertyd is dit nie in staat om uit te brei nie. Dit is valse opvoeding. Elke onderwyser behoort hom

- 42 -

daarop toe te lê om die gedagtes van die jeug op die grootse waarhede van die ingegewe Woord te vestig. Dit is die opvoeding wat vir hierdie lewe en vir die hiernamaals noodsaaklik is.

Moenie dink dat dit die bestudering van die wetenskappe sal verhinder of 'n laer peil van opvoeding sal meebring nie. Die kennis van God is so hoog soos die hemel en so ruim soos die heelal. Niks anders is so veredelend en versterkend as 'n studie van die groot temas wat die ewige lewe raak nie. Laat die jeug trag om hierdie Godgegewe waarhede aan te gryp; die inspanning sal hulle verstande uitbrei en versterk. Dit sal die denke van elke student wat 'n dader van die woord is verbreed en vir hom 'n rykdom van onverganklike kennis verseker.

Die opvoeding wat verkry kan word deur ondersoek van die Skrifte is 'n proefondervindelike kennis van die

- 43-

verlossingsplan. Sodanige opvoeding sal die beeld van God in die siel herstel. Dit sal die verstand teen versoekings versterk en verskans en die leerling geskik maak om 'n medewerker met Christus te wees in Sy genadesending tot die wêreld. Dit sal hom 'n lid van die hemelse gesin maak en hom voorberei om in die luisterryke erfdeel van die heiliges te deel.

Maar hy wat Goddelike waarhede leer, kan net meedeel wat hy deur eie ondervinding ken. "Die saaier het sy saad gesaai." Christus het die waarheid geleer omdat Hy die waarheid was. Sy eie gedagte, Sy karakter, Sy lewensondervinding, was in Sy leerstellings beliggaam. So ook wat Sy diensknegte betref: hulle wat die Woord aan andere wil leer, moet dit deur persoonlike ondervinding hulle eie maak. Hulle moet weet wat dit beteken om Christus as hulle wysheid en geregtigheid en heiligmaking en verlossing te hê. Wanneer hulle die Woord van God aan andere voorhou, moet daar geen vermoed-so, of miskien, wees nie. Hulle moet soos die apostel Petrus kan verklaar: "Ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit." 2 Pet. 1:16. Elke leraar van Christus en elke onderwyser behoort soos die geliefde Johannes te kan sê: "Die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is." 1 Joh. 1:2.

### *DIE GROND-LANGS DIE PAD*

Die gelykenis van die saaier handel hoofsaaklik oor die uitwerking van die grond waarin dit val, op die groei van die saad. Deur middel van



hierdie gelykenis het Christus eintlik aan Sy toehoorders gesê: "Dit is nie vir julle veilig om My werk te kritiseer, of om teleurgesteld te wees omdat dit nie aan julle sienswyse voldoen nie. Die belangrikste

- 44 -

vraag vir julle is: Hoe beskou julle My boodskap? Julle ewige lotsbestemming hang daarvan af of julle dit aanneem of verwerp."

Ter verduideliking van die saad wat langs die pad geval het, sê Hy: "As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is – dit is hy by wie langs die pad gesaai is."

Die saad wat langs die pad gesaai is, stel die Woord van God voor waar dit op die hart van die onoplettende hoorder val. Soos die harde pad, wat deur mens en dier vasgetrap word, is die hart wat 'n hoofweg word vir wêreldse verkeer, plesier en sonde. Die siel wat behep is met selfsugtige planne en toegewing aan sonde, word "deur die verleiding van die sonde verhard." (Heb. 3: 13) Die geestelike bekwaamhede word verlam. Mense hoor die woord, maar verstaan dit nie. Hulle besef nie dat dit op hulle van toepassing is nie. Hulle besef nie hulle behoefte of hulle gevaar nie. Hulle merk nie die liefde van Christus op nie, en hulle sien die boodskap van Sy genade oor die hoof asof dit hulle nie aangaan nie.

Net soos die voëls gereed is om die saad van die pad af op te pik, so is die Satan gereed om die saad van Goddelike waarheid van die siel af te neem. Hy vrees dat die woord van God die onverskilliges sal opwek en die verharde hart sal aanroer. Die Satan en sy engele is teenwoordig op byeenkomste waar die evangelie verkondig word. Terwyl hemelse engele probeer om met die woord van God 'n indruk op harte te maak, staan die vyand gereed om die woord kragteloos te maak. Met erns gelyk aan sy kwaadwilligheid, probeer hy die werk van die Gees van God dwarsboom. Terwyl Christus die siel met Sy liefde nader trek, probeer die Satan die aandag van die een aftrek wat beweeg word om die Saligmaker te soek. Hy hou die gedagtes met aardse planne besig. Hy wek kritiek op of

- 45 -

hy werk twyfel en ongeloof in. Die spreker se taalkeuse of sy voordrag is nie vir die toehoorders aanneemlik nie, en hulle hou hulle gedagtes met hierdie gebreke besig. So maak die waarheid wat hulle nodig het en wat

God hulle so genadiglik gestuur het, geen blywende indruk nie.

Die Satan het baie helpers. Baie wat voorgee om Christene te wees help die versoeker om die waarheidsaad van ander harte weg te gryp. Vele wat na die prediking van die Woord van God luister, kritiseer dit tuis. Hulle oordeel die preek soos hulle die woorde van 'n lektor of politieke redenaar sou oordeel. Die boodskap wat as die Woord van God tot hulle beskou moet word, word nou minagtend of sarkasties bespreek. Die leraar se karakter, sy motiewe en dade, en die gedrag van medegelowiges, word vryelik bespreek. Krasse oordeel word uitgespreek, skinderpraatjies en lasterlike woorde geuiter, en dit nogal ten aanhore van onbekeerdes. Dikwels spreek ouers hierdie dinge uit ten

- 46 -

aanhore van hulle eie kinders. So word agting vir Gods boodskappers en eerbied vir hulle boodskap vernietig. En baie word geleer om Gods Woord self gering te skat.

So word baie jongmense dan in die huise van belydende Christene opgevoed om ongelowiges te wees. En ouers vra waarom hulle kinders so min belangstelling in die evangelie toon en so geredelik die waarheid van die Bybel betwyfel. Hulle is verbaas dat dit so moeilik is om hulle met sedelike en godsdienstige invloede te bereik. Hulle besef nie dat

hulle eie voorbeeld die harte van hulle kinders verhard het nie. Die goeie saad vind geen plek om wortel te skiet nie en die Satan gryp dit weg.

### *OP ROTSAGTIGE PLEKKE*

"En by wie op rotsagtige plekke gesaai is – dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik."

Die saad wat op rotsagtige plekke gesaai word, vind min grond. Die plant kom vinnig op, maar die wortel kan nie deur die rots dring om voedsel te vind om die groei te bevorder nie, en dit gaan gou dood. Vele wat godsdienstigheid bely, is rotsagtigegrond-hoorders. Net soos die rots onder die goeie grond, lê die selfsug van die natuurlike hart onder die grond van hulle goeie verlangens en strewinge. Eie liefde word nie onderdruk nie. Hulle het nog nie die vreeslike sondigheid van sonde ingesien nie en die hart is nie onder ' n bewustheid van sy sonde verootmoedig nie.



Hierdie klas mense raak miskien maklik oortuig, en kan die voorkoms van ware bekeerlinge hê, maar hulle godsdiens is bloot oppervlakkig.

Dis nie omdat mense die woord dadelik ontvang, of omdat hulle hulle daarin verheug, dat hulle wegval nie.

- 47 -

Sodra Mattheus die roepstem van die Heiland gehoor het, het hy dadelik opgestaan, alles verlaat, en Hom gevolg. Die Here verlang dat ons die Godswoord moet ontvang sodra as dit tot ons harte kom; en dit is reg om dit met vreugde aan te neem. "Daar [sal] ... blydskap ... wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer." Lukas 15:7. En daar is blydskap in die siel wat in Christus glo. Maar diegene wat volgens die gelykenis die woord onmiddellik ontvang, bereken nie die koste nie. Hulle bereken nie wat die woord van God van hulle verwag nie. Hulle pas dit nie op hulle eie lewensgewoontes toe nie, en hulle gee hulle nie geheel en al oor om daardeur beheers te word nie.

Die wortels van die plant peil diep in die grond af, en buite sig voed dit die lewe van die plant. So ook die Christen; dit is deur die onsigbare vereniging van die siel met Christus, deur die geloof, dat die geestelike lewe gevoed word. Maar die rotsagtige-grond-hoorders vertrou liewer op hulleself as op Christus. Hulle vertrou op hulle goeie werke en goeie drange, en hulle is sterk in hulle eie geregtigheid. Hulle is nie sterk in die Here en in die krag van Sy sterkte nie. So iemand "het geen wortel in homself nie;" want hy is nie met Christus verbind nie.

Die warm somerson wat die gesonde graan versterk en ryp maak, vernietig die wat nie diep wortels het nie. So is ook hy wat "geen wortel in homself" het nie "net vir 'n tyd;" maar "as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik." Vele ontvang die evangelie as middel om lyding te vermy eerder as middel tot bevryding van die sonde. Hulle verheug hulle 'n tyd lank want hulle dink dat die godsdiens hulle van moeilikhede en beproewinge sal bevry. Terwyl alles goed gaan is hulle oënskynlik bestendige Christene. Maar onder die vuurproef van versoeking gooi hulle die tou op. Hulle kan nie om Christus se ontwil belediging verduur nie. As die woord van God een of ander gekoesterde sonde aanwys of selfverloëning of opoffering vereis, neem hulle aanstoot.

- 48 -

Dit sou te veel kos om hulle lewe radikaal te verander. Hulle kyk na die ongerief en beproewinge van die huidige en vergeet die ewige werklikhede. Soos die dissipels wat Jesus verlaat het, sê hulle net: "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?." (Joh. 6:60).

Daar is vele wat sê dat hulle God dien, maar hulle het geen werklike kennis van Hom nie. Hulle verlange om Sy wil te doen is op hulle eie geneenthede gegrond; nie op die diep oortuigings van die Heilige Gees nie. Hulle gedra hulle nie ooreenkomstig die wet van God nie. Hulle bely dat hulle Christus as hulle Saligmaker aanneem, maar hulle glo nie dat Hy hulle die krag sal gee om hulle sondes te oorwin nie. Hulle het geen persoonlike verhouding met 'n lewende Heiland nie, en hulle karakters openbaar oorgeerfde en aangekweekte tekortkominge.

Dit is een ding om in die algemeen in te stem tot die bemiddeling van die Heilige Gees, maar dis 'n ander saak om sy werk as 'n teregwyser wat tot bekering roep, te aanvaar. Baie voel 'n vervreemding van God aan, 'n besef van hulle verslaafdheid aan selfsug en sonde; hulle probeer hulle hervorm, maar hulle kruisig nie die ek nie. Hulle gee hulle nie geheel en al in Christus se hande oor nie, soek nie na Goddelike krag om Sy wil te doen nie. Hulle is nie gewillig om in die beeld van God gevorm te word nie. In die algemeen erken hulle hulle tekortkominge, maar hulle gee nie hulle besondere sondes prys nie. Met elke verkeerde daad word die ou selfsugtige natuur sterker.

Die enigste hoop vir hierdie siele is om self die waarheid van Christus se woorde aan Nikodemus te besef:
"Julle moet weer gebore word." "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." (Joh. 3:7, 3.)

Ware heiligheid is heelhartige diens vir God. Dit is die voorwaarde vir 'n ware Christelike lewe. Christus vra

- 49 -

toewyding sonder voorbehoud, onverdeelde diens. Hy eis die hart, die verstand, die siel, die krag. Die ek mag nie gekoester word nie. Hy wat vir homself lewe, is geen Christen nie.

Liefde moet die beginsel agter elke daad wees. Liefde is die grondliggende beginsel van Gods regering in die hemel en op aarde, en dit moet die grondslag van die Christen se karakter wees. Net dit kan hom standvastig maak en hou. Net dit kan hom in staat stel om beproewing en



versoeking te weerstaan.

Liefde openbaar hom deur opoffering. Die verlossingsplan berus op opoffering – 'n opoffering wat onpeilbaar breed en diep en hoog is. Christus het alles vir ons gegee en diegene wat Christus ontvang, sal bereid wees om alles ter wille van hulle Verlosser op te offer. Die gedagte aan Sy eer en heerlikheid sal alles voorafgaan.

As ons Jesus liefhet, sal ons graag vir Hom lewe, ons dankoffers aan Hom bring, vir Hom arbei. Selfs die arbeid sal lig wees. Om Sy ontwil sal ons pyn en arbeid en

- 50 -

opoffering begeer. Ons sal saam met Hom na die verlossing van die mensdom verlang. Ons sal dieselfde tere verlange na siele ken wat Hy geken het.

Dit is die godsdiens van Christus. Enigiets minder as dit is bedrog. Geen blote teorie oor die waarheid of belydenis van dissipelskap sal 'n siel red nie. Ons behoort nie aan Christus tensy ons geheel en al Syne is nie. Dit is weens halfhartigheid in die Christelike lewe dat mense doelloos en wispelturig word. Die poging om sowel homself as Christus te dien, maak van 'n mens 'n rotsagtige-grondhoorder, en hy sal nie staande kan bly wanneer hy beproef word nie.

### *TUSSEN DORINGS*

"En by wie in die dorings gesaai is – dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar. "

Die evangeliesaad val dikwels tussen dorings en skadelike onkruid, en tensy daar 'n wesenlike verandering in die mensehart plaasvind, as ou gewoontes en dade en die vorige lewe van sonde nie agtergelaat word nie, as die kenmerke van die Satan nie uit die siel verban word nie, sal die koringoes verstik word. Die dorings sal dan die oes wees en hulle sal die koring dooddruk.

Genade kan alleenlik in die hart bloei wat voortdurend vir die kosbare saad van waarheid voorberei word. Die dorings van sonde sal in enige soort grond groei; hulle het geen bewerking nodig nie; maar genade moet versigtig gekweek word. Die distels en dorings is altyd gereed om op te kom, en die reinigingswerk moet gedurig verder gaan. As die hart

nie voortdurend deur God beheers word nie, as die Heilige Gees nie onverpoos voortwerk om die karakter te reinig en te veredel nie, sal die ou gewoontes weer in die lewe opduik. Mense kan bely dat hulle die evangelie glo,

- 51 -

maar tensy hulle deur die evangelie geheilig word, baat hulle belydenis niks. As hulle nie die oorwinning oor die sonde behaal nie, dan behaal die sonde die oorwinning oor hulle. Die dorings wat afgesny is, maar wat nie ontwortel is nie, groei saam totdat hulle die siel toerank.

Christus noem die dinge wat gevaarlik is vir die siel.
Soos Markus dit aangee, noem Hy die sorge van hierdie wêreld, die verleiding van die rykdom en die begeerlikheid in verband met die ander dinge. Lukas noem die sorge, rykdom en genietinge van hierdie lewe. Dit is hierdie dinge wat die woord, die groeiende geestelike saad, verstik.
Die siel put nie meer voedsel van Christus nie en geestelikheid sterf in die hart uit.

"Die sorge van hierdie wêreld." Geen klas spring die versoeking van aardse sorge vry nie. Arbeid en verlies en vrees vir gebrek bring vir die armes verslaenheid en laste. Tot die rykes kom daar die vrees vir verlies en menigvuldige sorge. Baie van Christus se volgelinge vergeet die les wat Hy ons uit die blomme van die veld wil leer. Hulle vertrou nie op Sy voortdurende sorg nie. Christus kan hulle laste nie dra nie, want hulle werp dit nie op Hom nie. Daarom word hulle deur die sorge van die lewe wat hulle na die Saligmaker behoort te stuur om hulp te soek, van Hom geskei.

Vele wat in die diens van God vrugbaar kon gewees het, lê hulle daarop toe om rykdom te verwerf. Al hulle kragte word vir sakeondernemings ingespan, en hulle voel hulle verplig om geestelike dinge af te skeep. Op hierdie wyse skei hulle hulle van God af. Ons word in die Skrifte aangesê om "nie traag in die ywer" te wees nie (Rom. 12: 11 ) Ons moet arbei sodat ons iets het om aan behoeftiges te gee. Christene moet werk. Hulle moet sake doen, en hulle kan dit doen sonder om te sondig. Maar baie raak so in hulle besigheid verdiep dat hulle geen tyd vir gebed of Bybelstudie het nie – geen tyd om God te soek en te dien nie. Soms gaan die verlangens van die siel uit na heiligheid en die hemel, maar daar is geen tyd om van die



- 52 -

wêreld se lawaai weg te breek om na majestueuse en gesaghebbende uitinge van die Gees van God te luister nie. Die ewige dinge word ondergeskik gestel aan die dinge van die wêreld. Dit is onmoontlik vir die saad van die woord om vrugte voort te bring, want die lewe van die siel word gegee om die dorings van wêreldsgesindheid te voed.

En baie wat met 'n heel ander doel voor oë werk, begaan dieselfde fout. Hulle werk om die welsyn van andere; hulle pligte is dringend, hulle verantwoordelikhede is baie, en hulle laat toe dat hulle arbeid hulle godsdiens verdring. Gemeenskap met God deur die gebed en die bestudering van Sy Woord word verwaarloos. Hulle vergeet dat Christus gesê het, "Sonder My kan julle niks doen nie." (Joh. 15:5) Hulle wandel afsonderlik van Christus, hulle lewe word nie van Sy genade deurtrek nie, en die kenmerke van die ek is duidelik sigbaar. Hulle diens word bederf deur 'n verlange na heerskappy en deur die growwe, lelike kenmerke van 'n onbeteuelde hart. Hier lê een van die vernaamste geheime agter mislukking in Christelike werk. Daarom is sy gevolge dikwels so skraal.

"Die verleiding van die rykdom." Die liefde vir rykdom het 'n versotmakende, verleidende krag. Te dikwels vergeet diegene wat wêreldse skatte besit dat dit God is wat aan hulle die mag gee om rykdom te verwerf. Hulle sê: "My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe." (Deut. 8:17) Pleks dat hulle rykdom hulle dankbaar maak teenoor God, gee dit aanleiding tot selfverheffing. Hulle vergeet dat hulle van God afhanklik is en 'n verpligting teenoor hulle medemense het. Pleks dat hulle rykdom as 'n talent beskou wat gebruik moet word vir die verheerliking van God en vir die opheffing van die mensdom, sien hulle dit as iets waardeur hulle hulself kan dien. Pleks dat dit in mense die kenmerke van God ontwikkel, ontwikkel rykdom wat op hierdie wyse gebruik word, die kenmerke van die Satan. Die saad van die woord verstik in die dorings.

- 53 -

"En die genietinge van die lewe." Daar is gevaar in vermaaklikheid wat net om selfbevrediging gesoek word.
Alle toegeeflike gewoontes wat die liggaamskragte verswak, die verstand benewel, of geestelike waarnemings verdof, is "vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel." (1 Pet. 2:11)

"En die begeerlikhede in verband met die ander dinge." Hierdie dinge

is nie noodwendig vanself sondig nie, maar hulle kry voorkeur bo die koninkryk van God. Alles wat die gedagtes van God aftrek, alles wat die liefde vir Christus vervreem, is 'n vyand van die siel.

---

Wanneer die verstand nog jeugdig, lewenslustig en vir vinnige ontwikkeling ontvanklik is, is die versoeking groot om eie ambisie en die self te dien. As wêreldse planne slaag, is daar 'n neiging om in 'n rigting te volhard wat die gewete smoor en verhoed dat 'n ware begrip gevorm word van die egte betekenis van 'n uitnemende karakter. Wanneer omstandighede gunstig is vir hierdie soort ontwikkeling, sal mense in 'n rigting volhard wat deur Gods Woord verbied word.

In hierdie vormingsjare van hulle kinders se lewens, is die verantwoordelikheid van die ouers baie groot. Hulle moet hulle daarop toelê om hulle kinders met die regte invloede te omring, invloede wat hulle die korrekte insigte in die lewe en in die betekenis van ware sukses sal gee. Hoeveel ouers maak dit inteendeel nie hulle primêre doel om wêreldse voorspoed vir hulle kinders te verkry nie. Hulle hele vriendekring word met hierdie doel voor oë gekies. Baie ouers vestig hulle in die een of ander groot stad, en hulle kinders word deel van die deftige kringe. Hulle omring hulle met invloede wat wêreldsgesindheid en hoogmoed aanwakker. In so 'n atmosfeer word verstand en siel verdwerg. Die hoë en eerbare doelstellings van die lewe word uit die oog verloor. Die voorreg om seuns van God, erfgename van ewige heil te wees, word vir aardse gewin verkwansel.

- 54 -

Baie ouers probeer om hulle kinders gelukkig te maak deur aan hulle liefde vir vermaaklikheid te voldoen. Hulle laat toe dat hulle aan sport deelneem en partytjies bywoon en gee aan hulle volop geld om gebruik te word vir vertoon en eie-bevrediging. Hoe meer daar aan die verlange na plesier voldoen word, hoe sterker word die verlange. Hierdie jongmense se belangstelling in vermaak neem toe totdat hulle dit as die groot doel van die lewe beskou. Hulle maak hulle aan luiheid en selfverwenning gewoond sodat dit vir hulle bykans onmoontlik is om ooit standvastige Christene te word.

Selfs die kerk, wat die pilaar en grondslag van die waarheid behoort te wees, moedig die selfsugtige liefde vir vermaak aan. As geld vir godsdienstige doeleindes ingesamel moet word, hoe gaan baie kerke te werk? Hulle hou basaars, bankette, kermisse, selfs loterye en soortgelyke funksies. Dikwels word die plek wat vir godsdiens bedoel is, ontheilig deur eet en drink, koop en verkoop en jolyt. Ontsag vir die huis van God en eerbied vir die godsdiens neem in die gedagtes van die jeug af. Die skanse van selfbeheersing word verswak. 'n Beroep word gedoen op selfsug, eetlus, die liefde vir vertoon, wat sterker word namate daaraan toegegee word.



Die stede is die middelpunt van plesier. Baie ouers wat verkies om met hulle kinders in die stad te woon omdat hulle meen dit sal vir hulle voordeliger wees, word teleurgestel, en berou oor hulle vreeslike fout kom te laat. Hedendaagse stede word vinnig soos Sodom en Gomorra. Die baie vakansiedae moedig ledigheid aan. Die opwindende prêt – die skouburg, perdewedrenne, dobbel, drink en fees-vier–prikkel al die drange geweldig. Die jeug word deur die populêre stroom meegesleur. Diegene wat leer om vermaak lief te hê, net ter wille van die vermaaklikheid self,

- 55 -

maak die deur oop vir 'n vloedgolf van versoekings. Hulle gee hulle oor aan pret en onbedagsame vrolikheid en hulle aanraking met liefhebbers van vermaak het 'n bedwelmende uitwerking op die verstand. Hulle word van een vorm van losbandigheid na die ander gelei totdat hulle beide die verlange en die bekwaamheid vir 'n lewe van diensbaarheid verloor. Hulle godsdienstige strewes verflou; hulle geestelike lewe word verdonker. Al die edele vermoëns van die siel, alles wat die mens met die geestelike inskakel, word verlaag.

Dit is waar dat sommige hulle dwaasheid kan insien en hulle kan bekeer. God kan hulle vergewe. Maar hulle het hulle eie siele verwond en hulle lewenslank in gevaar gestel. Die onderskeidingsvermoë wat altyd skerp en gevoelig bewaar behoort te word sodat daar tussen reg en verkeerd onderskei kan word, word in 'n groot mate vernietig. Hulle kan nie maklik die stem van die Heilige Gees herken of die planne van die Satan agterkom nie. In tye van gevaar swig hulle alte dikwels voor versoekings en word hulle van God af weggelei. Die einde van hulle genotsugtige lewe is dat hulle vir sowel die huidige as die toekomstige wêreld ongeskik is.

Die Satan gebruik sorge, rykdom, vermaaklikheid, almal in die spel wat hy teen die menslike siel speel. Die waarskuwing lui: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet,

dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld." 1 Joh. 2:15, 16. Hy wat die menseharte soos 'n oop boek kan lees, sê: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie." (Lukas 21:34) En die apostel Paulus skryf onder ingewing van die Heilige Gees: "Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in ver-

- 56 -

derf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor." 1 Tim. 6:9, 10.

### *VOORBEREIDING VAN DIE GROND*

Dwarsdeur die hele gelykenis van die saaier, wys Christus daarop dat dit afhang van die grond of die saad goed of sleg vaar. In elke geval is die saaier en die saad dieselfde. Hy leer ons dus dat dit ons eie skuld is as die Woord van God nie sy werk in ons harte en lewens verrig nie. Maar die gevolg is nie buite ons beheer nie. Dit is waar dat ons ons nie self kan verander nie, maar ons kan kies, en dis ons wat besluit wat ons sal word. Die pad-, die klipperige-grond-, die doringgrond-hoorders hoef nie so te bly nie. Die Gees van God probeer gedurig om die betowerende versotheid, wat die mens aan wêreldse dinge bind, te verbreek, en om 'n verlange vir die onsterflike skat aan te wakker. Dit is omdat hy die Gees van God weerstaan dat die mens onoplettend word en die Woord van God verwaarloos. Hulle self is verantwoordelik vir die harde hart wat verhoed dat die goeie saad wortelskiet, en vir die slegte gewasse wat die ontwikkeling daarvan verhinder.

Die tuin van die hart moet bewerk word. Die grond moet deur diepe berou oor sonde gebraak word. Giftige, sataniese plante moet uitgeroei word. Grond wat eenmaal deur dorings ingeneem is, kan net deur naarstige arbeid herwin word. So kan die verkeerde neigings van die natuurlike hart net deur ywerige inspanning in die Naam en krag van Jesus oorwin word. Deur Sy profeet beveel die Here ons: "Braak vir julle 'n braakland en saai nie onder die dorings nie." "Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde." (Jer. 4:3, Hosea 10:12.) Hierdie werk wil Hy graag vir ons doen, en Hy vra dat ons met Hom moet saamwerk.



- 57 -

Daar is werk vir die saadsaaiers in die voorbereiding van harte om die evangelie te ontvang. In die verkondiging van die Woord word daar te veel gepreek en te min van hart tot hart gewerk. Verlore siele moet persoonlik bearbei word. Ons moet mense met Christelike meegevoel persoonlik nader om hulle belangstelling in die groot dinge van die ewige lewe aan te wakker. Hulle harte kan hard wees soos 'n hardgetrapte grootpad, en dis miskien oënskynlik 'n nuttelose poging om die Saligmaker aan hulle voor te stel, maar hoewel logiese redenasie hulle miskien nie beweeg nie, en argumente magteloos is om hulle te oortuig, kan die liefde van Christus soos in persoonlike werk geopenbaar die klipharde hart week maak, sodat die waarheidsaad wortel kan skiet.

Die saaiers moet dus iets doen om te verhoed dat die saad deur dorings verstik word of weens die vlak grond tot niet gaan. Elke Christen moet uit die staanspoor die

- 58 -

grondbeginsels geleer word. Hy moet geleer word dat hy nie net deur Christus se dood gered sal word nie, maar dat sy lewe en sy karakter soos dié van Christus moet wees.

Laat almal geleer word dat hulle laste moet dra en natuurlike neigings moet verloën. Leer hulle hoe salig dit is om vir Christus te werk, Hom in Sy selfverloëning te volg, en soos goeie krygsmanne verdrukking te ly. Leer hulle om op Sy liefde te vertrou en al hulle bekommernis op Hom te werp. Laat hulle die vreugde smaak om siele vir Hom te wen. In hulle liefde vir en belangstelling in verlorenes sal hulle die ek uit die oog verloor. Wêreldse plesier sal nie meer aantrekkingskrag hê nie en aardse laste nie meer ontmoedig nie. Die ploegskaar van die waarheid sal sy werk doen. Dit sal die braakland omploeg. Dit sal die dorings nie net afsny nie, maar hulle geheel en al uitroei.

### *IN DIE GOEIE GROND*

Die saaier sal nie altyd teleurstelling ken nie. Aangaande die saad wat in die goeie grond geval het, het die Heiland gesê: "Dit is hy wat die woord

hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig. "En wat in die goeie grond val – dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra."

Die "edele en goeie" hart waarvan die gelykenis spreek, is nie 'n sondelose hart nie, want die evangelie moet aan die verlorenes verkondig word. Christus het gesê, "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering." (Markus 2:17) Hy wat hom oorgee aan die oortuiging van die Heilige Gees is hy wat eerlik van hart is. Hy bely sy skuld en voel sy behoefte aan die genade en liefde van God. Hy het 'n opregte verlange om die waarheid te ken, sodat hy dit kan gehoorsaam. Die goeie hart

- 59 -

is 'n gelowige hart wat in die Woord van God glo. Sonder geloof is dit onmoontlik om die woord te ontvang. "Want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek." Heb. 11:6. "Dit is hy wat die woord hoor en dit verstaan." Die Fariseërs van Christus se tyd het hulle oë gesluit uit vrees dat hulle sou sien, en hulle ore sodat hulle nie sou hoor nie; daarom kon die waarheid hulle harte nie bereik nie. Hulle sou hulle vergelding ontvang vir hulle opsetlike onkunde en hulle selfopgelegde blindheid. Maar Christus het Sy dissipels geleer dat hulle hul verstand moes oopstel vir onderrig en bereid moes wees om te glo. Hy het 'n seën oor hulle uitgespreek omdat hulle gesien en gehoor het met oë en ore wat glo.

Die goeie-grond-hoorder ontvang die woord "nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die woord van God." (1 Thess. 2:13) Net hy wat die Skrifte ontvang as die stem van God wat tot hom persoonlik spreek, is 'n ware leerling. Hy bewe vir die woord, want vir hom is dit 'n lewende werklikheid. Hy open sy verstand en sy hart om dit te ontvang. Cornelius en sy vriende was net sulke hoorders; hulle wat aan Petrus gesê het: "Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is." (Hand. 10:33)

Kennis van die waarheid hang nie soseer af van die krag van die intellek, as van die suiwere doel, die eenvoud van 'n ernstige, afhanklike geloof nie. Engele van God sal nader kom aan diegene wat met nederigheid van hart na leiding soek. Die Heilige Gees is gegee om vir hulle die ryk skatte van die waarheid te ontsluit.



Die goeie-grond-hoorders hou die woord nadat hulle dit gehoor het. Die Satan met al sy onheilsmagte is nie in staat om dit weg te gryp nie.

Dis nie genoeg om die woord net te hoor of te lees nie.
Hy wat verlang om by die Skrifte te baat, moet die waarheid

– 60 –

bepeins wat aan hom voorgehou word. Deur ernstige aandag en biddende deurdenking moet hy die betekenis van die waarheidswaarde leer en hy moet diep teue van die gees van die godspraak indrink.

God sê dat ons die verstand met groot, rein gedagtes moet vul. Hy verlang dat ons oor Sy liefde en genade moet peins en dat ons Sy wonderlike werk in die groot verlossingsplan moet bestudeer. Dan sal ons begrip van waarheid al duideliker en ons verlange na 'n rein hart en helder gedagtes hoër en heiliger word. Die siel wat in die suiwere atmosfeer van heilige gedagtes vertoef, sal verander word deurdat dit in die bestudering van die Skrifte, met God gemeenskap hou.

"Wat dan ook vrug dra." Hulle wat die woord gehoor het en dit gehoorsaam, sal vrugte dra. As die woord van God in die siel ontvang word, sal dit in goeie werke blyk. Die gevolge sal in 'n Christelike karakter en lewe gesien word. Christus het van Homself gesê: "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande." (Ps. 40:9) "Omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het." (Joh. 5:30) En die Skrifte sê: "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." 1 Joh. 2:6.

Die woord van God bots dikwels met die oorerflike en aangeleerde karaktereienskape van die mens, en met sy lewensgewoontes. Maar die goeie-grond-luisteraar, wat die woord ontvang, aanvaar ook al die voorwaardes en vereistes daarvan. Hy onderwerp sy gewoontes, gebruike en dade aan Gods woord. Wat hom betref, is die gebooie van sterflike, gebrekkige mense nietig in vergelyking met die woord van die ewige God. Met die hele hart, met net een doel voor oë, soek hy die ewige lewe, en al beteken dit verlies, vervolging of selfs die dood, hy sal die waarheid gehoorsaam.

En hy dra "met volharding" vrugte. Geeneen wat die woord van God ontvang, word van moeilikhede en be-

- 61 -

proewings bevry nie, maar wanneer beproewings kom, word die ware Christen nie rusteloos, wantrouig of moedeloos nie. Hoewel ons nie die uiteinde van sake kan sien of die doel van Gods voorsienigheid kan begyp nie, moet ons nie ons vrymoedigheid wegwerp nie. Ons moet die tere genadebewyse van die Here onthou, ons bekommernis op Hom werp, en met lydsaamheid op Sy verlossing wag.

Deur stryd word die geestelike lewe versterk. As ons beproewings dapper verduur, sal standvastige karakters en kosbare geestelike bevallighede ontwikkel. Die volmaakte vrug van die geloof, sagmoedigheid en liefde, kom dikwels te midde van onweerswolke en duisternis die beste tot volle wasdom.

"Die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het." Jak.5:7. So moet die Christen geduldig wag totdat die woord van God in sy lewe vrugte dra. Dikwels wanneer ons om die bevallighede van die Gees bid, werk God om ons gebede te beantwoord, deur ons in omstandighede te plaas wat hierdie vrugte laat ontwikkel; maar ons verstaan nie Sy doel nie, en ons wonder en is ontstel. Tog kan niemand hierdie bevallighede op 'n ander manier as deur groei en vrugte dra, aankweek nie. Ons aandeel is om Gods Woord te ontvang en daaraan vas te hou terwyl ons ons geheel en al daaraan onderwerp. Dan sal Sy doel in ons verwesenlik word.

"As iemand My liefhet" het Christus gesê, "sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en ons sal na hom toe kom en by hom woning maak." (Joh. 14:23) Die onsigbare, geheime werking van 'n magtiger, ja, 'n volmaakte wese sal oor ons wees, want ons het 'n lewende verbinding met die bron van onfeilbare krag. In ons geestelike lewe word ons gevangenes van Jesus Christus. Ons sal nie meer die alledaagse selfsugtige lewe lei nie, maar Christus sal in ons leef. Sy karakter sal in ons weerspieël word. So sal ons die vrugte van die Heilige Gees dra" een dertig-, en een sestig-, en een honderdvoudig."



# "Eers 'n Halm, Dan 'n Aar"

**Na aanleiding van Markus 4:26-29**

- 62 -

DIE gelykenis van die saaier het heelwat vrae uitgelok. Sommige van die toehoorders het daaruit afgelei dat Christus nie 'n aardse koninkryk sou oprig nie, en vele was nuuskierig en verward. Toe Christus hulle verwarring sien, het Hy ander illustrasies gebruik om hulle gedagtes weg te lei van die hoop op 'n aardse koninkryk na die werk van Gods genade in die siel.

"En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot – hoe, weet hy self nie. Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar. En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is."

Die landbouer wat die sekel insteek "omdat die oes daar is," kan niemand anders as Christus wees nie. Dit is

- 63 -

Hy wat op die laaste dag die oes van die aarde sal insamel. Maar die saaier van die saad stel diegene voor wat vir Christus arbei. Van die saad word gesê, dit "spruit uit en word groot – hoe, weet hy self nie," en dit geld nie vir die Seun van God nie. Christus slaap nie tydens Sy verpligtinge nie, maar waak dag en nag. Hy is nie onkundig aangaande hoe die saad groei nie.

Die gelykenis van die saad openbaar dat God in die natuur werk. Die saad het in hom 'n ontkiemingsbeginsel, 'n beginsel wat God self daarin geplaas het, tog, as dit aan homself oorgelaat sou word, sou die saad geen mag hê om uit te spruit nie. Die mens het 'n rol om te speel om die groei van die saadkorrel te bevorder. Hy moet die grond voorberei en verryk en die saad saai. Hy moet die landerye bewerk. Maar daar is ook 'n punt waarvandaan hy niks kan doen nie. Geen krag of wysheid van die mens kan die lewende plant uit die saad voortbring nie. Laat die mens hom tot die uiterste toe inspan; tog moet hy nog op Hom steun wat die saai en maai

met wonderbaarlike skakels van Sy eie almag verbind.

Daar is lewe in die saad, daar is lewe in die grond, maar tensy 'n oneindige mag dag en nag uitgeoefen word, sal die saad niks kan oplewer nie. Die stortreëns moet gestuur word om vog aan die dorstige landerye te gee, die son moet warmte verleen, elektrisiteit moet oorgedra word na die begrawe saad. Die lewe wat die Skepper ingeplant het, kan net Hy te voorskyn roep. Elke saadkorrel ontkiem, elke plant groei deur die mag van God.

"Want soos die aarde sy plante voortbring, en soos 'n tuin sy gewasse laat uitspruit, so sal die Here geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies." Jes. 61: 11. Soos in die natuurlike saaiery, so ook in die geestelike; die verkondiger van die waarheid moet trag om die grond van die hart voor te berei; hy moet die saad saai, maar die krag wat alleen in staat is om lewe voort te bring, kom van God. Daar is 'n perk waarna menslike pogings

- 64 -

vergeefs is. Hoewel ons die woord moet preek, kan ons nie die krag voorsien wat aan die siel lewe sal gee, en wat sal veroorsaak dat geregtigheid en aanbidding uitspruit nie. In die prediking van die woord moet 'n middelaar werk wat menslike krag oortref. Alleenlik deur die Gees van God kan die woord lewend en kragtig wees om die siel tot die ewige lewe te vernuwe. Dit is wat Christus Sy dissipels aan die verstand probeer bring het. Hy het geleer dat hulle self niks besit het wat aan hulle werk welslae sou verleen nie, maar dat dit die wonderwerkende krag van God is wat doeltreffendheid aan Sy eie woord verleen.

Die werk van die saaier is 'n geloofsdaad. Hy kan die geheim van die ontkieming en groei van die saad nie verstaan nie. Maar hy het vertroue in die bemiddelinge waardeur God die plante laat gedy. Wanneer hy sy saad in die grond gooi, verkwis hy skynbaar die kosbare graan wat aan sy gesin brood kan voorsien. Maar hy boet net tydelike

- 65 -

waardes in om groter wins te maak. Hy gooi die saad weg met die verwagting dat hy dit in die oes oorvloedig sal terugkry. So moet Christus se diensknegte arbei, met die verwagting om 'n oes in te samel uit die saad wat hulle saai.



Die goeie saad lê miskien tydelik onopgemerk in 'n koue, selfsugtige, wêreldsgesinde hart sonder enige bewys dat dit wortelskiet; maar naderhand, namate die Gees van God die siel beadem, ontkiem die verskuilde saad en uiteindelik dra dit vrugte tot eer van God. In ons lewenswerk weet ons nie watter een sal geluk nie, hierdie of daardie. Dit is nie 'n vraagstuk vir ons om op te los nie. Ons moet ons werk doen en die gevolge by God laat. "Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie." Pred. 11:6. God se groot verbond verklaar: "Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd ... nie ophou nie." (Gen. 8:22) Die landbouer ploeg en saai in die vertroue van hierdie belofte. Ons moet met ewe veel hoop die geestelike saaiwerk doen en op Sy versekering vertrou: "So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe ek dit stuur." (Jes. 55:11) "Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra." (Ps. 126:6)

Die ontkieming van die saad stel die begin van die geestelike lewe voor en die ontwikkeling van die plant is 'n lieflike beeld van die Christelike opwassing. Soos in die natuur, so ook met genade; sonder groei kan daar geen lewe wees nie. Die plant moet of groei of doodgaan. Net soos dit stil en onsigbaar, dog voortdurend groei, so is die ontwikkeling van die Christelike lewe. In elke stadium van sy ontwikkeling kan ons lewe volmaak wees; maar as Gods doel met ons verwesenlik word, sal daar voortdurende vordering wees. Heiligwording is die werk van 'n leeftyd. Namate ons geleenthede toeneem, sal ons

- 66 -

ondervinding en ons kennis toeneem. Ons sal sterk word om verantwoordelikhede te kan dra, en ons volwassenheid sal met ons voorregte ooreenstem.

Die plant groei deur te ontvang wat God voorsien het om sy lewe te onderhou. Hy stuur sy wortels in die grond af. Hy drink die sonskyn, die dou en die reën in. Hy ontvang die lewegewende eienskappe uit die lug. So moet die

- 67 -

Christen groei deur met die Goddelike magte saam te werk. Omdat ons besef ons is hulpeloos, moet ons van elke geleentheid gebruik maak om

'n ryker ondervinding op te doen. Soos die plant in die grond wortelskiet, moet ons in Christus gewortel word. Net soos die plant die sonskyn, die dou en die reent ontvang, moet ons ons harte vir die Heilige Gees oopstel. Die werk moet gedoen word "nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare." (Sag. 4:6) As ons ons gedagtes op Christus gevestig hou, sal Hy tot ons kom "soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei." (Hos. 6:3) As die Son van Geregtigheid, sal Hy vir ons opgaan "en daar sal genesing onder sy vleuels wees." (Mal. 4:2) Ons sal "bloei soos 'n lelie." Ons sal "weer koring laat groei; en ... bloei soos die wingerdstok." (Hos. 14:6, 8) Deur voortdurend op Christus as ons persoonlike Saligmaker te steun, sal ons in alle dinge in Hom opwas wat ons Hoof is.

Die koring ontwikkel "eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Die landbouer saai die saad en versorg die groeiende plant om die graan te produseer. Hy begeer brood vir die hongeriges en saad vir toekomstige oeste. So sien die Goddelike Landbouer uit na die oes as beloning vir Sy arbeid en opoffering. Christus trag om Hom in menseharte uit te leef, en Hy doen dit deur hulle wat in Hom glo. Die doel van die Christelike lewe is om vrugte te dra – om Christus se karakter in die gelowige weer te gee, sodat dit in ander voortgeplant kan word.

Die plant ontkiem, groei en bring vrugte voort, nie vir homself nie, maar om saad te gee, "aan die saaier en brood aan die eter." (Jes. 55:10) So mag geen mens vir homself leef nie. Die Christen is in die wêreld as die verteenwoordiger van Christus vir die redding van ander siele.

Daar kan geen groei of vrugbaarheid in die selfgerigte lewe wees nie. As u Christus as u persoonlike Saligmaker

- 68 -

aangeneem het, moet u uself vergeet, en probeer om andere te help. Praat van die liefde van Christus; vertel van Sy goedheid. Doen elke plig wat hom voordoen. Dra die las van siele op u hart, en gebruik elke middel in u vermoë om die verlorenes te soek en te red. Namate u die Gees van Christus ontvang – die Gees van onselfsugtige liefde en arbeid vir andere – sal u groei en vrugte dra. Die bevallighede van die Gees sal in u karakter ryp word. U geloof sal toeneem, u oortuigings verdiep, u liefde sal volmaak word. Al hoe meer sal u die beeld van Christus weerkaats in alles wat rein, edel en lieflik is.



"Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede,

- 69 -

lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Gal. 5:22. Hierdie vrug kan nooit vergaan nie, maar sal volgens sy soort 'n oes lewer wat die ewige lewe meebring.

"En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is." Christus wag met reikhalsende verlange om Hom in Sy kerk te openbaar. Wanneer die karakter van Christus ten volle in Sy volk verskyn, dan sal Hy kom om hulle as Sy eie te neem.

Dit is die voorreg van elke Christen, nie net om na die koms van die Here Jesus Christus uit te sien nie, maar ook om dit te verhaas. (2 Pet. 3:12) As almal wat Sy Naam bely vir Sy verheerliking vrugte sou dra, hoe gou sou die hele wêreld nie met die evangeliesaad besaai wees nie. Die laaste groot oes sou spoedig ryp wees en Christus sou kom om die kosbare graan in te samel.

# Onkruid

**Na aanleiding van Mattheus 13:24-30, 37-43**

- 70 -

'N ANDER gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê:
Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook."

"Die saailand" het Christus gesê, "is die wêreld." Maar ons moet verstaan dat dit die kerk van Christus in die wêreld is. Die gelykenis is 'n beskrywing van iets wat die koninkryk van God raak – Sy verlossingswerk vir die mens – en hierdie werk word deur die kerk gedoen. Dit is waar dat die Heilige Gees na die wêreld uitgegaan het; Hy werk orals op menseharte; maar dit is in die kerk waar ons moet groei en ryp word vir die oes van God.

"Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens. ... Die goeie saad – dit is kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose." Die goeie saad stel diegene voor wat uit die woord van God, die waarheid,

- 71 -

gebore word. Die onkruid stel 'n klas voor wat die vrugte of wese is van dwaling, van valse beginsels. "Die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel." Nog God, nog Sy engele het ooit 'n saad gesaai wat een stukkie onkruid sou oplewer. Onkruid word altyd deur die Satan, die vyand van God en mens, gesaai.

In die Ooste het mense soms op 'n vyand wraak geneem deur sy pasgesaaide landerye met die saad van skadelike onkruid te besaai wat gedurende die groeityd baie soos koring lyk. Dit het saam met die koring opgewas, en die oes bederf sodat die eienaar van die land groot skade gely het. Uit vyandigheid teenoor Christus saai die Satan sy bose saad tussen die goeie graan van die koninkryk. Die vrug van sy saaiwerk skryf hy aan die Seun van God toe. Deur diegene in die kerk in te bring wat net in naam aan Christus behoort, maar Sy karakter verloën, veroorsaak die Bose dat God oneer aangedoen, die verlossingswerk verkeerdelik voorgestel en

siele in gevaar gestel word.

Christus se dienaars word bedroef as hulle sien dat opregte en valse gelowiges saam in die kerk is. Hulle verlang om iets te doen om die kerk te suiwer. Soos die diensknegte van die huisheer is hulle gereed om die onkruid uit te roei. Maar Christus sê aan hulle: "Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe."

Christus het duidelik geleer dat diegene wat openlik in sonde volhard uit die kerk verwyder moet word, maar Hy het nie aan ons die werk toevertrou om ander se karakters en motiewe te oordeel nie. Hy ken ons aard te goed om hierdie werk aan ons toe te vertrou. Sou ons probeer om diegene uit die kerk uit te roei wat na ons mening valse Christene is, sou ons gewis foute begaan. Dikwels beskou ons juis diegene as hopeloos wat Christus besig is om nader

- 72 -

tot Hom te trek. Handel ons volgens ons onvolmaakte oordeel met hierdie siele, sou dit miskien hulle laaste hoop blus. Baie wat meen dat hulle Christene is, sal uiteindelik te lig bevind word. Baie sal in die hemel wees wie se bure hulle nie daar verwag nie.• Die mens oordeel na die uiterlike, maar God oordeel die hart. Die onkruid en die koring moet saam groei tot die oes toe; en die oes is die einde van die genadetyd.

Daar is in die Heiland se woorde 'n ander les, 'n les van verdraagsaamheid en tere liefde. Soos die onkruid sy wortels heg verbind met die van die goeie graan, so kan valse broeders in die kerk heg verbind wees met die ware dissipels. Die ware aard van hierdie skyngelowiges is nie ten volle bekend nie. As hulle van die kerk geskei moes word, sou ander miskien tot struikel gebring word wat andersins standvastig sou gebly het.

Die leer van hierdie gelykenis word geïllustreer deur die manier waarop God self met mense en engele handel. Die Satan is 'n bedrieër. Toe hy in die hemel gesondig het, het selfs die getroue engele sy karakter nie ten volle verstaan nie. Daarom het God die Satan nie onmiddellik vernietig nie. As Hy dit gedoen het, sou die heilige engele die regverdigheid en liefde van God nie begryp het nie. Twyfel oor Gods goedheid sou 'n bose saad gewees het wat die wrange vrug van sonde en ellende sou dra. Daarom is die bewerker van die sonde gespaar om sy karakter ten volle te ontwikkel. Deur die lange eeue verduur God reeds die smart om die werk van on-



geregtigheid te aanskou; Hy het die weergalose Gawe van Golgota gegee, eerder as om enigeen deur die wanvoorstellings van die Bose te laat verlei; want onkruid kan nie uitgetrek word sonder die gevaar om kosbare graan te ontwortel nie. Sal ons dan nie net so verdraagsaam jeens ons medemense wees as wat die Here van hemel en aarde teenoor Satan is nie?

Die wêreld het geen reg om die waarheid van die

- 73 -

Christelike leer te betwyfel omdat daar onwaardige lidmate in die kerk is nie, en Christene moet ook nie weens hierdie valse broeders mismoedig word nie. Hoe was dit met die vroeë kerk gesteld? Ananias en Saffira het hulle by die dissipels aangesluit. Simon Magus is gedoop. Demas, wat Paulus verlaat het, is as gelowige gereken. Judas Iskariot is onder die apostels getel. Die Heiland wil geen siel verloor nie. Sy ondervinding met Judas is opgeteken om Sy lankmoedigheid met die verdorwe menslike natuur te toon; en Hy sê dat ons dit moet verdra soos Hy dit verdra het. Hy het gesê dat valse broeders tot aan die einde toe in die kerk gevind sal word.

- 74 -

Ondanks Christus se waarskuwing het mense nogtans geprobeer om die onkruid uit te trek. Om diegene te straf wat oënskynlik kwaaddoeners was, het die kerk hom op die siviele gesag beroep. Diegene wat van die gevestigde leerstellings verskil het, is in die gevangenis gegooi, gefolter en gedood op aandrang van mense wat voorgegee het dat hulle op gesag van Christus handel. Maar dit is die gees van die Satan, nie die Gees van Christus nie, wat sulke dade besiel het. Dit is die Satan se eie metode om die wêreld onder sy beheer te bring. Die kerk het God verkeerd voorgestel deur so met sogenaamde ketters te handel.

Nie die veroordeling van andere nie, maar nederigheid en wantroue in die self, is die les uit Christus se gelykenis, Nie alles wat in die land gesaai is, is goeie graan nie. Die feit dat mense in die kerk is, is geen bewys dat hulle Christene is nie.

Terwyl die halms nog groen was, het die onkruid baie soos die koring gelyk, maar toe die land wit was vir die oes, het die nuttelose onkruid glad nie soos die koring gelyk wat gebuig het onder die las van die vol, ryp are nie. Sondaars wat voorgee om vroom te wees, verkeer tydelik met die ware volgelinge van Christus, en die skyn van Christelikheid bedrieg vele, maar

in die oes van die wêreld sal daar geen ooreenkoms wees tussen goed en kwaad nie. Dan sal hulle wat hulle by die kerk aangesluit het, maar nie by Christus nie, geopenbaar word.

Die onkruid word toegelaat om saam met die koring te groei, om die voordele van son en reën ten volle te geniet; maar in die tyd van die oes "sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie." (Mal. 3:18) Christus self sal besluit wie waardig is om saam met die hemelse gesin te woon. Hy sal elke mens oordeel volgens sy woorde en sy werke. Belydenis kom nie in aanmerking nie. Dit is karakter wat die lotsbestemming bepaal.

- 75 -

Die Heiland verwys nie na 'n tyd in die toekoms wanneer al die onkruid koring sal word nie. Die koring en die onkruid groei saam tot die tyd van die oes, die einde van die wêreld. Dan word die onkruid in bondels gebind om verbrand te word en die koring word in die graanskure van God bymekaargebring. "Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader" en "die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande."



# "Soos 'n Mosterdsaad"

**Na aanleiding van Mattheus 13:31, 32; Markus 4:30-32; Lukas 13: 18, 19**

- 76 -

ONDER die menigtes wat na Christus se leer geluister het, was daar baie Fariseërs. Hulle het met veragting opgemerk hoe weinig van Sy toehoorders Hom as die Messias erken het. En hulle het hulle afgevra hoe hierdie beskeie leermeester Israel tot 'n wêreldryk kon verhef. Hoe sou Hy die nuwe koninkryk sonder rykdom, mag of eer tot stand bring? Christus het hulle gedagtes gelees en het daarop geantwoord:

"Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel?" Wat aardse regerings betref, was daar niks wat kon dien as 'n gelykenis nie. Geen burgerlike samelewing kon as simbool dien nie. "Dit is soos 'n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is; en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak." Markus 4:31, 32.

- 77 -

Die kiem in die saad groei deur die ontplooiing van die lewensbeginsel wat God ingeplant het. Die ontwikkeling daarvan is nie afhanklik van menslike krag nie. So is dit met die koninkryk van Christus. Dit is 'n nuwe skepping. Die beginsels van sy ontwikkeling is net die teenoorgestelde van dié wat die koninkryke van hierdie wêreld beheer. Aardse koninkryke heers met geweld; hulle behou hulle heerskappy deur oorloë; maar die grondlegger van die nuwe koninkryk is die Vredevors. Die Heilige Gees stel aardse koninkryke met wrede roofdiere voor, maar Christus is "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." (Joh. 1:29) In Sy regeringstelsel word geen geweld gebruik om die gewete te dwing nie. Die Jode het verwag dat die koninkryk van God op dieselfde manier as die koninkryke van die wêreld opgerig sou word. Om geregtigheid te bevorder het hulle hul tot uiterlike maatreëls gewend. Hulle het allerlei metodes en planne uitgedink. Maar Christus plant 'n beginsel in. Deur die inplanting van waarheid en geregtigheid maak Hy dwaling en sonde tot

niet.

Waar Jesus hierdie gelykenis geleer het, was die mosterdplant orals sigbaar bokant die gras en graan; sy takke het liggies in die windjie beweeg. Voëls het van tak tot tak gevlieg en tussen die blare gesing. Tog was die saad waaruit hierdie reuse plant gespruit het onder die kleinste van alle soorte saad. Eers het dit 'n tere spruit opgestoot, maar dit was sterk en fris en het gegroei en gebloei totdat dit sy huidige grootte bereik het. So was die koninkryk van God aanvanklik skynbaar nederig en onbeduidend. Vergeleke met aardse koninkryke het dit gelyk of dit die kleinste van almal was. Die regeerders van hierdie wêreld het Christus se bewering dat Hy 'n koning was, met spot bejeën. Tog het die koninkryk van die evangelie in die magtige waarhede wat aan Sy volgelinge toevertrou is 'n Goddelike lewe besit. Hoe snel was die groei, hoe uitgestrek die invloed daarvan! Toe Christus hierdie gelykenis gespreek het, was daar maar net 'n paar arm Galileërs om hierdie nuwe koninkryk te verteenwoordig. Hulle armoede

- 78 -

en klein getalle is keer op keer as rede verstrek waarom mense hulle nie by hierdie eenvoudige vissers wat Jesus gevolg het, moes aansluit nie. Maar die mosterdsaad sou groei en sy takke sou deur die hele wêreld versprei. Wanneer die aardse koninkryke, waarmee mense geroem het, tot niet sou gaan, sou die koninkryk van Christus as kragtige en vérreikende mag bly staan.

So is die werk van genade in die hart aanvanklik klein. 'n Woord word gespreek, 'n ligstraal word in die siel ingewerp en 'n invloed word uitgeoefen wat die begin van die nuwe lewe beteken; en wie kan sy gevolge bereken?

Nie alleenlik word die groei van Christus se koninkryk deur die gelykenis van die mosterdsaad geïllustreer nie, maar op elke stadium van sy groei word die ondervinding herhaal wat in die gelykenis voorgestel word. God het 'n spesiale waarheid en 'n spesiale werk vir sy kerk in elke geslag. Die waarheid wat van die wêreld se wyses en verstandiges teruggehou word, word aan die kinderlikes en die nederiges geopenbaar. Om dit te verkry verg selfopoffering. Mens moet daarvoor stry en oorwinnings behaal. Aanvanklik is daar min wat dit verkondig. Die grotes van die wêreld en 'n wêreldsgesinde kerk verag en bestry hulle. Kyk hoe staan Johannes die Doper, die voorloper van Christus, alleen om die hoogmoed en vormgodsdiens van die Joodse nasie te bestraf. Aanskou die eerste verkondigers van die evangelie in Europa. Hoe beskeie, hoe skynbaar hopeloos was die sending van Paulus en Silas, die twee tentmakers, toe hulle saam met hulle vriende te Troas na Filippi skeepgegaan het. Aanskou hoe "Paulus, as 'n ou man," in boeie Christus in die vesting van die Caesars verkondig. Aanskou die klein groepies slawe en armes in stryd teen die heidendom van die Romeinse ryk. Aanskou Martin Luther waar hy sy stand inneem teen daardie magtige kerk wat 'n meesterstuk is van wêreldse wysheid. Kyk hoe staan hy op Gods Woord teen keiser en pous, met die verklaring, "Hier staan ek, ek kan nie anders nie. Mag God my help."



- 79 -

Aanskou John Wesley waar hy Christus en Sy geregtigheid te midde van vormdiens, wellustigheid en ongeloof verkondig. Aanskou hoe een wat met die wee van die heidense wêreld belas is om die voorreg pleit om die boodskap van Christus se liefde na hulle te neem. Luister na die antwoord van kerkisme: "Sit maar, jongman. Wanneer God die heidene wil bekeer, sal Hy dit sonder jou hulp en sonder myne doen."

Vooraanstaande godsdiensleiers van hierdie geslag loof hulle wat die waarheidsaad eeue gelede gesaai het en rig vir hulle monumente op. Is daar nie deesdae vele wat hierdie werk los en die spruite van hierdie selfde saad vertrap nie? Die ou kreet word herhaal, "Ons weet dat God met Moses gespreek het; maar wat Hom betref [Christus in die boodskapper wat Hy stuur], ons weet nie van waar Hy is nie." (Joh. 9:29) Soos in vervloë eeue word die besondere waarhede vir hierdie tyd nie by diegene gevind wat kerklike gesag het nie, maar by manne en vroue wat nie te geleerd of te wys is om die woord van God te glo nie.

"Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak." (1 Kor. 1:26-28); "sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God." (1 Kor. 2:5)

En in hierdie laaste geslag sal die gelykenis van die mosterdsaad 'n duidelike en triomfantlike vervulling bereik. Die klein saadjie sal 'n boom word. Die laaste boodskap van waarskuwing en genade sal na "alle nasies

en stamme en tale," gaan (Openb. 14:6-14), "om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem." (Hand. 15:4) En die aarde sal verlig word deur Sy heerlikheid. (Openb. 18:1)



# Ander Lesse uit die Saailand

- 80 -

IN DIE saaiproses, die ontkieming van die saad en die groei van die plant is baie kosbare lesse vir die huisgesin en die skool. Leer die kinders en die jeug om die handewerk van God in die natuur te bespeur en hulle sal in staat wees om onsigbare bates deur die geloof aan te gryp. Namate hulle verstaan hoe wonderbaarlik God werk om in die behoeftes van Sy groot gesin te voorsien, en hoe ons met Hom moet saamwerk, sal hulle geloof in God toeneem, en Sy krag sal al meer in hulle eie daaglikse lewe werklikheid word.

God het die saad op dieselfde manier as die aarde geskep, naamlik deur Sy woord. Deur Sy woord het Hy dit die krag gegee om te groei en te vermenigvuldig. Hy het gesê: "Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so. ... Toe sien God dat dit goed was." (Gen. 1:11, 12) Dit is nog altyd daardie woord wat die saad laat groei. Elke saad wat

- 81 -

sy groen halm na die sonlig opstuur, verkondig die wonderwerkende krag van daardie woord van Hom wat "gespreek {het} en dit was;" wat "gebied {het}, en dit staan." (Ps. 33:9)

Christus het Sy dissipels geleer om te bid "Gee ons vandag ons daaglikse brood." Hy het na die blomme gewys en hulle die versekering gegee: "As God dan die gras van die veld ... so beklee, hoeveel te meer vir julle?." (Matt. 6:11, 30) Christus werk gedurig om hierdie gebed te beantwoord en om aan hierdie versekering te voldoen. Daar is voortdurend 'n onsigbare dienende mag aan die werk wat die mens van voedsel en kleding voorsien. Die Here gebruik baie middele om van die saad wat oënskynlik net weggegooi word, 'n lewende plant te maak. En Hy voorsien die regte hoeveelheid van alles wat nodig is om die oes tot volmaaktheid te bring.

Luister na die lieflike woorde van die psalmdigter:

> "U het die land besoek en oorvloed gegee U verryk dit grootliks;
> die stroom van God is vol water.

U berei hulle koring; ja, so berei U die land.
U maak sy vore nat, sy kluite gelyk;
deur reënbuie maak U dit week;
U seën sy uitspruitsel.
U kroon die jaar van u goedheid,
en u voetspore drup van vettigheid:'

Ps. 65: 10-12.

---

Die stoflike wêreld is onder beheer van God. Die natuurwette word deur die natuur gehoorsaam. Alles spreek en doen die wil van die Skepper. Wolk en sonskyn, dou en reent, wind en storm, alles staan onder toesig van God, en gehoorsaam Sy bevel stiptelik. Gehoorsaam aan die wet van God bars die graanspruitjie deur die grond, "eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." (Markus 4:28) Die Here laat hierdie dinge elk in die regte seisoen

- 82 -

ontwikkel, want hulle weerstaan Sy werkinge nie. Is dit dan net die mens wat in die ewebeeld van God geskape is en die vermoë het om te redeneer en te spreek, wat Sy gawes nie waardeer en Sy wil nie gehoorsaam nie? Sal net redelike wesens verwarring op ons aarde veroorsaak?

---

In alles wat help om die mens te onderhou, kan die samewerking van God en mens gesien word. Daar kan geen oes wees tensy die mensehand sy aandeel doen deur die saad te saai nie. Maar as God nie Sy aandeel doen deur sonskyn en reent, dou en wolke te gee nie, kan daar geen oes wees nie. Dit geld vir elke sake onderneming, vir alle navorsing en wetenskap. So is dit ook in geestelike dinge, in karaktervorming en alle Christelike werk. Ons het 'n aandeel, maar die krag van God moet saam met ons werk, anders werk ons tevergeefs.

So dikwels as wat 'n mens iets uitrig, of dit nou geestelik of tydelik is, moet hy onthou dat hy dit deur samewerking met sy Skepper doen. Dis uiters nodig dat ons ons afhanklikheid van God besef. Daar word te veel op die mens vertrou, te veel op menslike vernuf gesteun. Daar is te min vertroue in die krag wat God wil gee. "Ons is medewerkers van God." 1



Kor. 3:9. Die mens se aandeel is onmeetlik minderwaardig, maar as hy met die Godheid van Christus verbind is, kan hy alles doen deur die krag wat Christus gee.

Die geleidelike ontwikkeling van die plant uit die saad is 'n aanskouingsles in kinderopvoeding. Daar is "eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Hy wat

- 83 -

hierdie gelykenis gespreek het, het ook die klein saadjie geskep, daar lewe aan gegee, en die wette bepaal waarvolgens dit groei. En die waarhede wat deur die gelykenisse geleer word, het in Sy eie lewe 'n lewende werklikheid geword. Liggaamlik en geestelik het Hy die Goddelike groeiorde van die plant gevolg soos Hy van alle jongmense verwag. Hoewel Hy die Majesteit van die hemele, die Koning van heerlikheid was, het Hy die kindjie van Betlehem geword en 'n tyd lank die hulpelose kindjie in die moeder se sorg verteenwoordig. In Sy kinderjare het Hy die werke van 'n gehoorsame kind gedoen. Hy het met die wysheid van 'n kind gespreek en gehandel, nie met die van 'n man nie. Hy het Sy ouers geëer en hulle bevele uitgevoer, volgens die vermoë van 'n kind. Maar in elke stadium van Sy ontwikkeling was Hy volmaak, met die eenvoudige, natuurlike bekoorlikheid van 'n sondelose lewe. Die heilige Skrif sê van Sy kinderjare: "En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom." En van Sy jongelingsjare het ons die volgende verslag: "En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense." Lukas 2:40, 52.

Die werk van ouers en onderwysers word hier aan die hand gedoen. Hulle moet hulle daarop toelê om die neigings van die jeug so te ontwikkel dat hulle in elke lewenstadium die natuurlike skoonheid aan die dag sal lê wat juis by daardie stadium pas, terwyl hulle natuurlik ontvou soos die plante in die tuin.

Natuurlike, ongekunstelde kinders is die aantreklikste: Dis nie verstandig om spesiale aandag aan hulle te gee en hulle oulike gesegdes voor hulle oor te vertel nie. Ydelheid moet nie aangemoedig word deur hulle uiterlike, hulle woorde of hulle handelwyse te prys nie. Hulle moet ook nie met duur, spoggerige klere geklee word nie. Dit bevorder hoogmoed in hulle en maak hulle maats afgunstig.

Die kleintjies moet in kinderlike eenvoud opgevoed

- 84 -

word. Hulle moet leer om tevrede te wees met die klein werkies en die genietinge en ondervindings wat vir hulle ouderdom natuurlik is. Die kinderjare stem ooreen met die halm in die gelykenis, en die halm het 'n skoonheid van sy eie. Die kinders moet nie vroegtydig tot volwassenheid gedwing word nie, maar moet so lank moontlik die varsheid en bekoorlikheid van hulle kinderjare behou.

Die klein kindertjies kan Christene wees en 'n ondervinding hê wat by hulle ouderdom pas. Dit is al wat God van hulle verwag. Hulle moet geestelik opgevoed word, en ouers moet hulle in die geleentheid stel om karakters na die beeld van die karakter van Christus te vorm.

---

In die natuur werk Gods wette foutloos van oorsaak tot gevolg. Wat ons maai, sal getuig van wat gesaai is. Die agtelosige werker word deur sy werk veroordeel. Die oes getuig teen hom. So ook in geestelike dinge; die getrouheid van elke werker word aan die gevolge van sy werk gemeet. Die aard van sy werk, of dit met ywer of met traagheid gedoen word, blyk in die oes. So bepaal hy sy lotsbestemming vir die ewigheid.

Elke saad wat gesaai word, lewer 'n oes volgens sy soort. So ook in die menselewe. Ons moet almal die saad van barmhartigheid, medelyde en liefde saai, want wat ons saai sal ons maai. Alle selfsug, eieliefde, selfagting, elke genotsugtige daad, sal dieselfde soort oes voortbring. Hy wat vir homself lewe, saai in die vlees, en in die vlees sal hy bedorwenheid maai.

God verwoes geen mens nie. Elke mens wat vernietig word, word deur sy eie toedoen vernietig. Elkeen wat die fluisteringe van die gewete smoor, saai die saad van ongeloof, en dit sal 'n gewisse oes voortbring. Deur die eerste

- 85 -

waarskuwing van God te verag, het Farao van ouds die saad van hardnekkigheid gesaai; en hy het hardnekkigheid gemaai. God het hom nie gedwing om ongelowig te wees nie. Die saad van ongeloof wat hy gesaai het, het 'n oes volgens sy eie soort voortgebring. So het hy in sy weerstand volhard totdat hy die verwoeste land en die koue, dooie liggame van sy eersgeborene en die eersgeborenes van almal in sy huis en die gesinne



van sy koninkryk aanskou het – totdat die waters van die see toegegaan het oor sy perde en sy strydwaens en sy krygsmanne. Sy geskiedenis is 'n vreeslike bewys van die waarheid van die woorde:
"Net wat die mens saai, dit sal hy ook maai." (Gal. 6:7) As die mens dit tog maar besef, sal hy versigtig wees watter saad hy saai.

Net soos die saad wat gesaai word 'n oes voortbring, en dit weer op sy beurt gesaai word, so vermenigvuldig die oes. Hierdie wet geld in ons verhouding tot andere. Elke daad, elke woord, is 'n saad wat vrugte sal voortbring. Elke daad van bedagsame vriendelikheid, van gehoorsaamheid, of van selfverloëning, sal hom in andere voortplant, en deur hulle ook weer in andere. So is elke afgunstige, kwaadwillige, twissoekerige daad 'n saad wat sal opskiet in 'n "wortel van bitterheid." (Heb. 12:15), waardeur baie besoedel sal word. En hoeveel groter sal die getal wees wat die "baie" sal vergiftig. So gaan die saaiwerk van goed en kwaad vir tyd en vir ewigheid voort.

---

Vrygewigheid met beide geestelike en tydelike dinge word dus in die les oor saad saai geleer. Die Here sê: "Welgeluksalig is julle wat by alle waters saai." (Jes. 32:20) "Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai sal ook volop maai." (2 Kor. 9:6) Om langs alle waters te saai, beteken voortdurende meedeling van Gods gawes. Dit beteken om te gee waar die saak van God of mensebehoeftes dit vereis.

- 86 -

Dit sal nie tot armoede lei nie. "Wie volop saai, sal ook volop maai." Die saaier vermenigvuldig die saad deurdat hy dit in die grond gooi. So gaan dit ook met diegene wat die gawes van God getrou uitdeel. Deur mededeelsaam te wees, vermenigvuldig hulle hul seëninge. God het hulle genoeg belowe sodat hulle kan voortgaan om te gee. "Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee." Lukas 6:38.

En nog meer as dit is verbonde aan die saai- en maaigedagte. Waar ons Gods tydelike seëninge uitdeel, wek die bewyse van ons liefde en meegevoel by die ontvanger dankbaarheid en danksegging teenoor God. Die grond van die hart word voorberei om die saad van geestelike waarheid te ontvang. En Hy wat die saad aan die saaier bedien, sal die saad laat ont-

kiem en vrugte dra vir die ewige lewe.

---

Deur die saai van die saad in die grond, stel Christus Sy eie soendood vir ons verlossing voor. "As die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie," sê Hy, "bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug." (Joh. 12:24) So sal die dood van Christus vir die koninkryk van God vrugte voortbring. Volgens die wet van die plantewêreld, sal lewe die gevolg wees van Sy dood.

Almal wat as medewerkers saam met Christus vrugte wil voortbring, moet eers in die grond val en sterf. Die lewe moet in die voor van die wêreld se behoefte gewerp word. Eieliefde, eiebelang, moet sterf. Maar die wet van selfopoffering is die wet van selfbehoud. Die saad wat in die grond begrawe word, bring vrugte voort, en op sy beurt word dit weer geplant. So word die oes vermenigvuldig. Die landbouer behou sy graan deur dit weg te

- 87 -

werp. So is dit ook in die menslike lewe, om te gee, is om te lewe. Die lewe wat behou sal bly, is die lewe wat vryelik in diens vir God en mens gegee word. Diegene wat hulle lewens om Christus se ontwil in hierdie wêreld opoffer, sal dit vir die ewige lewe behou.

---

Die saad sterf om in nuwe lewe te ontspring, en hierdeur word ons die les van die opstanding geleer. Almal wat God liefhet, sal weer in die Eden daarbo lewe. Aangaande die menslike liggaam wat in die graf neergelê word, het God gesê: "Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag." (1 Kor. 15:42,43)

---

So lui 'n paar van die baie lesse wat geleer word uit die natuur se lewende gelykenis van die saaier en die saad. Ouers en onderwysers wat hulle kinders hierdie lesse probeer leer, behoort die werk prakties te maak. Laat die kinders self die grond berei en die saad saai. Onderwyl hulle werk, kan die ouer of onderwyser die tuin van die hart verduidelik, met die goeie



of slegte saad wat daar gesaai word; en dat soos die tuin vir die natuurlike saad berei moet word, die hart ook vir die saad van die waarheid voorberei moet word. Wanneer die saad in die grond gegooi word, kan hulle die les van die dood van Christus leer; en wanneer die halm opkom, kan hulle die les van die opstandingswaarheid leer. Namate die plante groei, kan die ooreenkoms tussen die natuurlike en die geestelike saai werk voortgesit word.

Die jeug moet op dergelike wyse onderrig word. Hulle moet leer om die grond te bewerk. Dit sou goed wees as daar by elke skool landerye vir bewerking kon wees. Sulke landerye behoort as Gods eie klaskamer beskou te word. Die dinge van die natuur moet as 'n lesboek beskou word,

- 88 -

wat Sy kinders moet bestudeer, en waaruit hulle kennis aangaande die veredeling van die siel kan put.

Daar is altyd lesse te leer waar die grond getem en bewerk word. Niemand sou dink om op 'n stuk rou grond intrek te neem met die verwagting dat dit dadelik 'n oes sal oplewer nie. Erns, vlyt en volhardende arbeid moet aan die dag gelê word in die behandeling van die grond voordat die saad gesaai word. So is dit met die geestelike werk in die hart van die mens. Diegene wat die grond voordelig wil bewerk, moet met die woord van God in hulle harte uitgaan. Hulle sal vind dat die braakland van die hart deur die versagtende, onderwerpende invloed van die Heilige Gees gebreek word. Tensy harde werk in die grond gedoen word, sal dit geen oes oplewer nie. So is dit met die grond van die hart; die Gees van God moet daarop werk om dit te verfyn en te tem voordat dit vrugte tot verheerliking van God kan voortbring.

Die grond sal ook nie sy rykdom oplewer as daar impulsief gewerk word nie. Dit het daagliks noulettende aandag nodig. Dit moet dikwels en diep geploeg word met die oog daarop om ontslae te raak van die onkruid wat die goeie saad wat geplant is, sy voedsel ontneem. So help die ploeër en die saaiër om 'n goeie oes te verseker. Niemand hoef tussen verydelde verwagtinge op die landerye te staan nie.

Die seën van die Here sal op diegene rus wat die land so bewerk, terwyl hulle geestelike lesse uit die natuur leer. Die arbeider wat besig is om die grond te bewerk, weet nie watter skatte voor hom sal oopgaan nie. Hoewel hy die lesse wat hy van persone met ondervinding kan leer, en

van inligting wat intelligente mense hom kan meedeel nie moet verag nie, behoort hy self lesse te leer. Dit is 'n deel van sy opleiding. Verbouing van die grond sal vir die siel 'n opvoeding wees.

- 89 -

Hy wat die saad laat opkom, wat dit dag en nag versorg, wat dit krag gee om te ontwikkel, is die Skepper van ons wese, die Koning van die hemel en Hy is selfs nog meer begaan oor Sy kinders. Terwyl die menslike landbouer die saad vir die behoud van ons aardse lewens saai, sal die Goddelike Landbouer in die siel die saad saai wat vrugte vir die ewige lewe sal voortbring.



# "Soos Suurdeeg"

**Na aanleiding van Mattheus 13:33; Lukas 13:20, 21**

- 95 -

BAIE welopgevoede en invloedryke mense het na die Profeet van Galilea kom luister. Sommige van hulle het met nuuskierige belangstelling na die menigte gekyk wat hulle om Christus versamel het waar Hy by die see geleer het. Alle klasse van die samelewing is in hierdie groot gedrang verteenwoordig. Daar was die armes, die ongeletterdes, die verflenterde bedelaar, die rower met 'n skuldige trek op sy gesig, die verminkte, die verkwister, die handelaar en die rentenier, hoës en laes, rykes en armes, almal het mekaar verdring om 'n staanplek waar hulle die woorde van Christus kon hoor. Die geletterde manne wat na die vreemde versameling gekyk het, het hulle afgevra: Bestaan die koninkryk van God uit hierdie soort stof? Weer het die Heiland met 'n gelykenis geantwoord:

"Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is."

Die Jode het suurdeeg soms as simbool vir sonde gebruik. Tydens die Pasga is die volk aangesê om al die

- 96 -

suurdeeg uit hulle huise te verwyder net soos hulle sonde uit hulle harte moes wegruim. Christus het Sy dissipels gewaarsku, "Pas veral op vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is geveinsdheid." (Lukas 12:1) En die apostel Paulus praat van "die suurdeeg van ondeug en boosheid." (1 Kor. 5:8) Maar in die Heiland se gelykenis word suurdeeg gebruik om die koninkryk van die hemele voor te stel. Dit stel die lewegewende en gelykmakende krag van die genade van God voor.

Niemand is so sleg, niemand het so laag gesink dat hy buite die bereik van hierdie krag is nie. In almal wat hulle aan die Heilige Gees oorgee, word 'n nuwe lewensbeginsel ingeplant; die verlore beeld van God moet in die mens herstel word.

Maar die mens kan hom nie self verander deur die beoefening van sy wil nie. Hy besit geen krag waardeur hierdie verandering teweeggebring kan word nie. Die suurdeeg – iets wat geheel en al van buite kom – moet in

die meel gesit word voordat die verlangde verandering daarin teweeggebring kan word. So ook moet die genade van God deur die sondaar ontvang word voordat hy vir die koninkryk van heerlikheid geskik gemaak kan word. Al die

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die Here wandel. Welgeluksalig is die wat sy getuienisse bewaar, Hom van ganser harte soek; ook geen ongeregtighede doen nie, maar in sy weë wandel. U het u bevele gegee om dit trou te onderhou. Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou! Ps. 119:1-5.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

ontwikkeling en opvoeding wat die wêreld kan aanbied, sal nie daarin slaag om 'n gevalle kind van die sonde in 'n kind van die hemel te verander nie. Die vernuwende krag moet van God af kom. Die verandering kan net deur die

- 97 -

Heilige Gees gemaak word. Almal wat gered wil word, hoës of nederiges, rykes of armes, moet hulle aan die werking van hierdie krag oorgee.

Soos die suurdeeg, as dit met die meel gemeng word, van binne na buite werk, so werk die genade van God deur die vernuwing van die hart om die lewe te verander. Geen blote uiterlike verandering is voldoende om ons in ooreenstemming met God te bring nie. Daar is vele wat hulle probeer hervorm deur hierdie of daardie slegte gewoonte af te skaf en hulle hoop om op hierdie wyse Christene te word, maar hulle begin op die verkeerde plek. Ons eerste werk is met die hart.

Geloofsbelydenis is een ding, maar om die waarheid in die siel te besit, is 'n heel ander saak. Blote kennis van die waarheid is nie voldoende nie. Ons kan dit wel hê, maar

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele.*
*U trou is van geslag tot geslag; U het die aarde bevestig, en dit bly staan. Volgens u verordeninge bly hulle vandag nog staan, want alle dinge is u knegte. As u wet nie my verlustiging was nie, dan het ek omgekom in my ellende. Ek sal u bevele tot in ewigheid nie vergeet nie, want deur hulle het U my lewend gemaak. ... Aan alle volmaaktheid het ek 'n einde gesien, maar u gebod is baie wyd." Ps. 119:89-96.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~



ons gedagtegang is miskien nie verander nie. Die hart moet bekeerd en geheilig wees.

Die persoon wat probeer om die gebooie te bewaar eenvoudig omdat hy verplig voel – omdat dit van hom vereis word – sal nooit die vreugde van gehoorsaamheid geniet nie. Hy is net nie gehoorsaam nie. As die vereistes van God 'n las is omdat hulle teen die menslike neigings gaan, dan kan ons weet dat die lewe nie 'n Christelike lewe is nie. Ware gehoorsaamheid is die uitwerking van 'n inwendige beginsel. Dit spruit uit liefde vir geregtigheid, liefde vir die wet van God. Die wese van alle geregtigheid is

- 98 -

getrouheid aan ons Heiland. Dit sal maak dat ons reg doen omdat dit reg is, omdat God in geregtigheid behae het.

Die groot waarheid dat die Heilige Gees die hart tot bekering bring, word deur Christus se woorde aan Nikodemus gestel: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. ... Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." Joh. 3:3-8.

Die apostel Paulus skryf onder ingewing, "Maar God,

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Ek sal U loof in opregtheid van hart as ek u regverdige verordeninge leer. Ek sal u insettinge onderhou." Ps. 119:7, 8.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered – en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade en goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God." Efe. 2:4-8.

Die suurdeeg wat in die meel verberg word, werk onsigbaar om die hele stuk deeg te deursuur; so ook werk die suurdeeg van die waarheid geheimsinnig, stil, geleidelik om die siel te verander. Die natuurlike neigings word versag en beteuel. Nuwe gedagtes, nuwe gevoelens, nuwe motiewe

word ingeplant.

- 99 -

'n Nuwe karaktermaatstaf word voorgehou – die lewe van Christus. Die gesindheid word verander; vermoëns word in 'n nuwe rigting aangespoor. Die mens kry nie nuwe vermoëns nie, maar dié wat hy het, word geheilig. Die gewete word verskerp. Ons word met karaktertrekke beklee wat ons in staat stel om God te dien.

Daar word dikwels gevra: Waarom is dit dan dat daar so baie is wat beweer dat hulle Gods Woord glo, in wie

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?*
*Deur dit te hou na U woord. Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van U gebooie nie. Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. ... Ek wil U bevele oordink en op U paaie let. Ek sal my verlustig in U insettinge, U woord sal ek nie vergeet nie." Ps. 119:9-16.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

se lewens daar geen hervorming van woorde, gees en karakter te sien is nie? Waarom is daar so baie wat nie kan verdra dat hulle oogmerke en planne teengestaan word nie, wat 'n onheilige humeur het, en wie se woorde bars, heerssugtig en driftig is? Daar is dieselfde eieliefde, dieselfde selfverwenning, dieselfde humeur en haastige woorde as in die lewe van die wêreldling. Daar is dieselfde fyngevoelige hoogmoed, dieselfde toegewing aan natuurlike neigings, dieselfde verdorwe karakter, as by diegene wat die waarheid glad nie ken nie. Die rede hiervoor is dat hulle nie bekeerd is nie. Hulle het die suurdeeg van die waarheid nie in die hart verberg nie. Dit het geen geleentheid gehad om sy werk te doen nie. Hulle natuurlike en aangeleerde neigings tot die kwaad is nie aan die veranderende

- 100 -

krag daarvan onderwerp nie. Hulle lewens toon dat hulle die genade van Christus nie het nie en nie in Sy krag om die karakter te verander, glo nie.

"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God." Rom. 10: 17. Die Skrifte is die groot middel waardeur die karakter verander word. Christus het gebid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid." (Joh. 17:17).



~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Here, leer my die weg van U insettinge, sodat ek dit tot die einde toe kan bewaar. Gee my verstand, dat ek U wet kan bewaar, ja dit kan onderhou van ganser harte. Laat my wandel op die pad van U gebooie, want daarin het ek 'n behae. ... Vervul aan U kneg U belofte wat pas by U vrees. Wend my smaadheid af wat ek vrees, want U verordeninge is goed." Ps. 119:33-39.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

As mens die Woord van God bestudeer en dit gehoorsaam, werk dit in jou hart om elke onheilige kenmerk te oorwin. Die Heilige Gees kom om van sonde te oortuig, en die geloof wat in die hart ontstaan, werk deur die liefde vir Christus, en bring ons liggaam, siel en gees in ooreenstemming met Sy eie beeld. Dan kan God ons gebruik om Sy wil te doen. Die krag wat aan ons gegee word, werk van binne na buite en maak dat ons aan andere die waarheid verkondig wat aan ons verkondig is.

Die waarhede van die Woord van God voldoen aan die mens se groot praktiese behoefte – die bekering van die siel deur geloof. Ons moenie dink hierdie grootse beginsels is te rein en te heilig om in die daaglikse lewe ingebring te word nie. Hulle is waarhede wat na die hemel reik en wat die ewigheid omvat, tog moet hulle lewenskragtige invloed in die menslike ondervinding ingeweef

- 101 -

word. Hulle moet al die groot dinge en al die klein dingetjies van die lewe deurweek.

As dit in die hart ontvang word, sal die suurdeeg. van die waarheid die begeertes reël, die gedagtes reinig en die geaardheid lieflik maak. Dit gee lewe aan die verstandelike vermoëns en krag aan die siel. Dit gee 'n groter vermoë om te voel en lief te hê.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. Ek het gesweer, en dit gehou, om U regverdige verordeninge te onderhou. ... Ek het U getuienisse vir ewig as erfdeel ontvang, want hulle is die vreugde van my hart. Ek het my hart geneig om U insettinge te betrag, vir ewig, tot die einde toe." Ps. 119:105-112.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Vir die wêreld is die mens wat hierdie beginsel nastreef 'n raaisel. Die selfsugtige mens wat geld liefhet, lewe net om vir homself die rykdom, eer en plesier van hierdie wêreld te verkry. Hy verloor die ewige wêreld uit die oog. Maar vir die volgeling van Christus is hierdie dinge nie van die groot-

ste belang nie. Ter wille van Christus sal hy arbei en homself verloën sodat hy die groot werk kan bevorder om siele te red wat sonder Christus en sonder hoop in die wêreld is. Die wêreld kan so 'n mens nie verstaan nie, want hy hou ewige werklikhede in die oog. Die liefde van Christus met sy verlossende krag het in die hart ingekom. Hierdie liefde oormeester elke ander motief, en verhef mens bokant die bose invloed van die wêreld.

Die woord van God moet 'n heiligmakende uitwerking hê op ons samesyn met elke mensekind. Die suurdeeg van die waarheid veroorsaak nie die gees van wedywering, die liefde vir ambisie, die begeerte om eerste te wees nie. Die ware hemelgebore liefde is nie selfsugtig en veranderlik nie. Dit is nie afhanklik van menslike lof nie. Die hart van hom wat die genade van God ontvang, loop oor van

- 102 -

die liefde vir God en vir almal vir wie Christus gesterf het. Die ek worstel nie om erkenning nie. Hy het ander lief, nie omdat hulle hom liefhet en hom geval, omdat hulle sy deugde waardeer nie, maar omdat hulle Christus se losgekoopte eiendom is. As sy motiewe, woorde of handelwyse verkeerd verstaan of verkeerd vertolk word, neem hy geen aanstoot nie; hy gaan sy gewone gang. Hy is vriendelik en bedagsaam, beskeie in sy opinie van homself, maar tog vol hoop, en hy vertrou altyd op die genade en liefde van God.

Die apostel vermaan ons: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: "Wees heilig, want ek is heilig." 1Pet.1:15,16. Die genade van Christus moet die humeur en die stem beheers. Dit sal in beleefdheid en tere agting van broeder vir broeder, in vriendelike, bemoedigende woorde gesien word. Daar woon 'n engel in die huis. Die lewe adem 'n soete geur uit wat soos 'n heilige wierook tot God opstyg. Liefde word in vriendelikheid, teerheid, verdraagsaamheid en lankmoedigheid geopenbaar.

Die gelaat verander. Die Christus wat in die hart woon, straal uit die aangesigte van hulle wat Hom liefhet en Sy gebooie bewaar. Die waarheid staan daarop geskrywe. Die soete vrede van die hemel word geopenbaar. Dit spreek van sagaardigheid – iets meer as menslike liefde.

Die suurdeeg van die waarheid verander die hele mens.
Dit verfyn wat grof is, versag wat skurf is, maak die selfsugtige vrygewig. Daardeur word die onreines gereinig, in die bloed van die Lam gewas.



Deur sy lewegewende krag bring dit die hele verstand en siel en krag in ooreenstemming met die Goddelike lewe. Die mens met sy menslike natuur word 'n deelgenoot van die Godheid. In 'n voortreflike en volmaakte karakter word Christus vereer. Namate hierdie veranderinge plaasvind, hef engele ekstatiese lofliedere aan, en God en Christus verheug hulle oor siele wat na die gelykenis van God gevorm is.

# 'n Verborge Skat

## Na aanleiding van Mattheus 13:44

- 103 -

"VERDER is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand."

In die ou dae het mense 'n gewoonte gehad om hulle skatte in die grond te begrawe. Diefstal en roof het dikwels voorgekom. So dikwels daar 'n verandering van regering was, was daar die moontlikheid dat diegene wat groot besittings gehad het, swaar belas kon word. Verder was daar die gedurige gevaar dat die land deur plunderende leërs oorval kon word. Gevolglik het die rykes geprobeer om hulle rykdom te beskerm deur dit te verberg, en die aarde is as 'n veilige bergplek beskou. Maar dikwels is die bergplek vergeet, die eienaar is miskien dood, gevange geneem of verban, en so is hy van sy skat geskei, en die rykdom wat hy met soveel moeite versteek het, is oorgelaat aan die gelukkige vinder. In Christus se tyd was dit nie 'n onbekende iets om in 'n verwaarloosde land ou geld stukke en ornamente van goud en silwer te ontdek nie.

'n Man huur 'n stuk grond om dit te bewerk en terwyl die osse eendag ploeg, word die versteekte skatte ontbloot.

- 104 -

Wanneer die man hierdie skat ontdek, sien hy dat 'n fortuin binne sy bereik is. Hy steek die goud weer weg, keer na sy huis terug en verkoop alles wat hy het sodat hy die land met die skat daarin kan koop. Sy gesin en bure dink hy handel soos 'n gek. Hulle kyk na die land en sien geen waarde in die verwaarloosde grond nie. Maar die man weet wat hy doen, en wanneer die grond op sy naam oorgedra is, deursoek hy dit om die skat te vind wat hy daar verberg het.

Hierdie gelykenis illustreer die waarde van die hemelse skat en die moeite wat gedoen moet word om dit te verkry. Die man wat dit gevind het, was bereid om al sy besittings af te staan, ja, bereid om hom in onvermoeide arbeid te begewe, net om die verborge rykdom te kry. So sal hy wat die hemelse skat vind, geen werk te groot en geen opoffering te duur

ag om die skatte van die waarheid te win nie,

In die gelykenis stel die saailand met die skat die Heilige Skrifte voor. Die evangelie is die skat. Die aarde self is nie so met goudare deurvleg en met kosbaarhede gevul soos die Woord van God nie.

***HOE DIT VERBERG IS***

Daar word gesê dat die skatte van die evangelie verborge is. Diegene wat in hulle eie oë wys is, wat opgeblase is deur ydele wysbegeerte, sien die skoonheid en krag en die verborgenheid van die verlossingsplan nie raak nie. Baie het oë, maar hulle sien nie; hulle het ore, maar hulle hoor nie; hulle het verstand, maar hulle gewaar nie die verborge skat nie.

'n Mens kan dalk oor die plek loop waar 'n skat ver-borge lê. In sy groot armoede kan hy onder 'n boom sit en rus en tog nie weet wat aan die wortels van daardie

- 105 -

boom verborge lê nie. So was dit ook met die Jode. Soos 'n goue skat is waarheid aan die Hebreeuse volk toevertrou. Die Joodse bedeling met die handtekening van die hemel daarop is deur Christus self ingestel. Die groot waarhede van die verlossingsplan is met beelde en simbole omsluier. Tog het die Jode Christus, na wie al hierdie simbole verwys het, nie herken toe Hy gekom het nie. Hulle het die Woord van God in hulle hande gehad, maar die oorlewering wat van geslag tot geslag aan hulle oorgedra is, en die menslike uitleg van die Skrifte, het die waarheid soos dit in Jesus is vir hulle verberg. Die geestelike betekenis van die heilige Skrifte was verlore. Die skatkis van alle kennis was vir hulle oop, maar hulle het dit nie geweet nie.

God verberg Sy waarheid nie vir die mens nie. Deur hulle eie doen en late maak hulle dit vir hulleself duister. Christus het aan die Joodse volk oorvloedige bewyse gelewer dat Hy die Messias was, maar Sy leer het 'n besliste verandering in hulle lewens vereis. Hulle het besef dat as hulle Christus sou aanneem, hulle hulle geliefkoosde stelreëls en oorleweringe, hulle selfsugtige, goddelose gewoontes sou moet prysgee. Dit verg opoffering om die onveranderlike, ewige waarheid te ontvang. Daarom wou hulle nie die oortuigendste bewyse erken wat God kon gee om geloof in Christus te vestig nie. Hulle het voorgegee dat hulle in die Ou-Testamentiese Skrifte glo, maar geweier om die getuienis daarin aangaande



Christus se lewe en karakter aan te neem. Hulle was bang dat hulle oortuig sou word en tot bekering sou kom, en verplig sou wees om hulle vooropgestelde opinies prys te gee. Die skat van die evangelie, die Weg, die Waarheid, en die Lewe, was tussen hulle, maar hulle het die grootste gawe wat die hemel kon gee, verwerp.

"Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; "lees ons,"maar ter wille van die Fariseërs het hulle

- 106 -

dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie." Joh. 12:42. Hulle was oortuig; hulle het geglo dat Jesus die Seun van God is; maar dit het nie by hulle ambisieuse verlangens gepas om Hom te bely nie. Hulle het nie die geloof gehad wat vir hulle die hemelse skatte sou verkry het nie. Hulle het na wêreldse skatte gesoek.

Deesdae soek mense ook met alle ywer na aardse skatte.
Hulle dink net selfsugtige, ambisieuse gedagtes. Om aardse rykdom, eer en mag te kry, stel hulle die stelreëls, oorleweringe en vereistes van mense bo die vereistes van God. Vir hulle is die skatte van Sy Woord verborge.

"Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." 1 Kor. 2:14.

"Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie." 2 Kor. 4:3, 4.

***DIE WAARDE VAN DIE SKAT***

Die Heiland het gesien dat mense behep was met wins-bejag en dat hulle die ewige werklikhede uit die oog verloor het. Hy het onderneem om hierdie kwaad reg te stel. Hy het getrag om die verdwasende betowering te verbreek wat die siel lamgelê het. Hy het Sy stem verhef en uitgeroep, "Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" (Matt. 16:26) Hy hou voor die sondige mensdom die edeler wêreld wat hulle uit die oog verloor het, sodat hulle die ewige werklikhede kan aanskou. Hy neem hulle tot by die drumpel van die Oneindige, wat met die onbeskryflike heerlikheid van God gloei, en daar lê Hy die skat aan hulle bloot.

- 107 -

Die waarde van hierdie skat is bo goud en silwer. Die rykdom van die aarde se myne kan nie daarmee vergelyk word nie.

> "Die wêreldvloed sê: In my is dit nie; en die see sê: By my is dit nie.
> Fyn goud kan daarvoor nie gegee word nie,
> en geen silwer as koopprys daarvan afgeweeg word nie. Die goud van
> Ofir weeg daar nie teen op nie,
> ook nie kosbare onikssteen en saffier nie.
> Goud en glas kan daarmee nie vergelyk word nie, en vir goue voor-
> werpe ruil 'n mens dit nie.
> Korale en kristal kan nie genoem word nie,
> en die besit van wysheid is meer werd as korale."
> Job 28:14-18.

Dit is die skat wat in die Skrifte gevind word. Die Bybel is Gods groot lesboek, Sy groot opvoeder. Die grondslag van alle ware wetenskap word in die Bybel gevind. Elke vertakking van kennis kan gevind word deur die Woord van God te deursoek. En bo alle dinge bevat dit die wetenskap van alle wetenskappe, naamlik die wetenskap van verlossing. Die Bybel is die myn waaruit die onnaspeurlike rykdom van Christus gegrawe word.

Mense kry die egte hoër onderwys deur Gods Woord te bestudeer en dit te gehoorsaam. Maar as hulle Gods Woord verwerp en ander boeke lees wat hulle nie na God en na die koninkryk van die hemel lei nie, is die opvoeding wat hulle verkry, die naam nie werd nie.

Daar is pragtige waarhede in die natuur. Die aarde, die see en die lug is vol waarheid. Hulle is ons leermeesters. Die natuur verkondig lesse van hemelse wysheid en ewige waarheid. Maar die sondige mens weier om te verstaan. Sonde het sy insig belemmer, en hy kan die natuur nie self vertolk sonder om dit bokant God te stel nie. Diegene wat die Woord van God verwerp kan die regte lesse nie begryp nie. Hulle verdraai die lesse van die natuur in so 'n mate dat hulle nie meer aan die Skepper dink nie.

Daar is vele wat mensewysheid hoër ag as die wysheid van die Goddelike Leermeester, en hulle beskou Gods lesboek

- 108 -

as outyds, saai en oninteressant. Maar diegene wat deur die Heilige Gees lewend gemaak is, sien dit nie so nie. Hulle sien die kosbare skat, en sou gewilliglik alles verkoop om die grond te kon koop wat dit bevat. Pleks



van boeke wat die veronderstellings van skrywers van aansien bevat, kies hulle die Woord van Hom wat die grootste outeur en leermeester is wat die wêreld ooit geken het, wat Sy lewe vir ons gegee het, dat ons deur Hom die ewige lewe mag hê.

### *GEVOLGE VAN VERWAARLOSING VAN DIE SKAT*

Die Satan werk op mense en laat hulle dink dat daar wonderlike kennis buite God te vinde is. Deur drogredenasie het hy Adam en Eva aan Gods woord laat twyfel en dit met 'n teorie vervang wat tot ongehoorsaamheid gelei het. En sy drogrede doen nou nog wat dit destyds in Eden gedoen het. Meesters wat die menings van ongelowige skrywers aan hulle leerlinge voorhou, plant vir die jeug gedagtes in wat net 'n wantroue in God en die oortreding van Sy wet sal voortbring. Hulle weet nie wat hulle doen nie. Hulle besef nie wat die gevolge van hulle werk sal wees nie.

'n Student kan deur al die standerds en grade van ons hedendaagse skole en kolleges gaan. Hy kan al sy kragte inspan om kennis op te doen. Maar tensy hy God ken, tensy hy die wette van sy wese gehoorsaam, sal hy homself vernietig. Deur verkeerde gewoontes verloor hy die vermoë om homself te waardeer. Hy verloor selfbeheersing. Hy kan nie helder oor sake redeneer wat hom die diepste raak nie. Hy behandel sy liggaam en sy verstand roekeloos en onredelik. Deur verkeerde gewoontes maak hy van homself 'n wrak. Gelukkig kan hy nie wees nie, want sy versuim om suiwer, gesonde beginsels aan te kweek, bring hom onder die beheer van gewoontes wat sy vrede bederf. Sy

- 109 -

jare van veeleisende studie is verlore, want hy het homself vernietig. Hy het sy liggaamlike en verstandelike kragte misbruik, en die liggaamstempel lê in puin. Hy is nutteloos vir hierdie lewe en vir die lewe wat kom. Hy het gemeen hy sou 'n skat kry deur aardse kennis op te doen, maar deur sy Bybel neer te lê, het hy 'n skat opgeoffer wat alles werd was.

### *OP SOEK NA DIE SKAT*

Ons moet ons toelê op 'n studie van die Woord van God. Ons moet ons kinders die waarhede leer wat daarin te vinde is. Dit is 'n onuitputlike skat, maar mense vind hierdie skat nie, omdat hulle nie soek totdat hulle dit besit nie. Sovele is tevrede om te raai wat die waarheid is. Hulle is tevrede om oppervlakkig te werk, en neem dit as vanselfsprekend aan dat hulle

alles het wat nodig is. Hulle

- 110 -

aanvaar dat wat ander sê, die waarheid is, en is te lui vir die ernstige inspanning wat in die Woord as grawe na 'n verborge skat beskryf word. Maar die menslike uitvindsels is nie net onbetroubaar nie, hulle is gevaarlik, want hulle stel die mens in die plek van God. Hulle stel die woorde van mense in die plek van 'n "So sê die Here."

Christus is die waarheid. Sy woorde is waarheid en het 'n dieper betekenis as wat op die oppervlakte sigbaar is. Al Christus se gesegdes het groter waarde as wat hulle beskeie voorkoms verraai. Verstande wat deur die Heilige Gees aangewakker is, sal die waarde van hierdie woorde insien. Hulle sal die kosbare edelgesteentes van waarheid herken, al is hulle diep begrawe.

Menslike teorieë en gissings sal ons nooit help om Gods Woord te verstaan nie. Diegene wat meen dat hulle die wysbegeerte verstaan, dink hulle verduidelikings is nodig om die skatte van kennis oop te sluit en te verhoed dat kettery die kerk betree. Maar dit is juis hierdie verduidelikings wat valse teorieë en ketterye ingebring het. Mense het al wanhopig geprobeer om te verduidelik wat na hulle mening moeilike skrifgedeeltes is, maar alte dikwels het hulle pogings net daarin geslaag om wat hulle probeer verduidelik het, te verduister.

Die priesters en die Fariseërs het gedink hulle doen groot dinge as leraars deur hulle eie vertolking aan die Woord van God te heg, maar Christus het van hulle gesê dat hulle "die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie." (Markus 12:24) Sy klag teen hulle was: "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is." (Markus 7:7) Hoewel hulle die godspraak aan die volk moes leer, hoewel hulle veronderstel was om Sy Woord te verstaan, was hulle nie daders van die Woord nie. Die Satan het hulle oë verblind sodat hulle nie die ware betekenis daarvan sou insien nie.

Dit geld vele van ons tyd. Baie kerke is skuldig aan hierdie sonde. Daar is gevaar, groot gevaar, dat die sogenaamde wyse manne van ons tyd soos die Joodse leiers sal maak.

- 111 -

Hulle vertolk die woorde van God verkeerd, en siele raak verward en word



in duisternis gehul omdat hulle Goddelike waarhede verkeerd verstaan.

Dis onnodig om die Skrif in die dowwe lig van menslike oorlewerings en gissinge te lees. Ons kan so lief probeer om die son met 'n fakkel te verlig as om die Skrifte deur middel van die oorleweringe van die mens of deur sy versinsels te verduidelik. Gods heilige Woord het nie 'n swakke aardse fakkel nodig om sy heerlikheid kenbaar te maak nie. Dit is self lig – die geopenbaarde heerlikheid van God, en in vergelyking daarmee is elke ander lig dof.

Maar dit moet ernstig bestudeer en noulettend ondersoek word. Helder en duidelike begrippe van die waarheid sal nooit die loon van luiheid wees nie. Geen aardse seën word sonder ernstige, geduldige, volhardende arbeid verkry nie. As mense in die sakewêreld sukses behaal, moet hulle 'n wil hê om te doen en 'n geloof om resultate te verwag. En ons kan nie verwag om sonder ernstige arbeid geestelike kennis te verkry nie. Diegene wat verlang om die skatte van waarheid te vind, moet daarvoor grawe soos die myner na die verborge skatte in die aarde delf. Halfhartige, onverskillige arbeid sal niks baat nie. Dit is noodsaaklik vir oud en jonk om nie net Gods Woord te lees nie, maar om dit met heelhartige erns te bestudeer terwyl hulle om waarheid bid en daarna soek soos na 'n verborge skat. Wie dit doen, sal beloon word, want Christus sal die verstand aanwakker.

Ons saligheid hang van ons kennis van die waarhede van die Skrifte af. Dit is die wil van God dat ons dit moet besit. Deursoek, o deursoek die kosbare Bybel met hongerige harte. Deursoek Gods Woord soos die myner die aarde deursoek om goudare te vind. Moenie die soektog opsê voordat u weet wat u verhouding tot God en van Sy wil vir u is nie. Christus sê: "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." Joh. 14:13, 14.

- 112 -

Vrome en talentvolle mense kry soms insigte in ewige werklikhede, maar dikwels begryp hulle dit nie omdat die dinge wat gesien word die onsienlike heerlikheid oorskadu. Hy wat die verborge skat wil vind, moet hom op 'n hoër studie as die dinge van hierdie wêreld toelê. Hy moet sy liefde en al sy vermoëns aan die soektog wy.

Ongehoorsaamheid het die deur gesluit teen geweldig baie kennis wat

uit die Skrifte geput kon geword het. Om te verstaan, beteken om Gods gebooie te gehoorsaam. Die Skrifte moet nie aangepas word om aan die vooroordeel en jaloesie van mense te voldoen nie. Net diegene kan dit verstaan wat in nederigheid na 'n kennis van die waarheid soek sodat hulle dit kan gehoorsaam.

Vra u: "Wat moet ek doen om gered te word?" U moet u vooropgestelde opinies, u oorgeërfde en aangeleerde idees aan ondersoek onderwerp. As u die Skrifte ondersoek om u eie opinies te staaf, sal u die waarheid nooit vind nie. Soek sodat u kan uitvind wat die Here sê. As u oortuig word terwyl u soek, as u sien dat die opinies wat u koester nie met die waarheid ooreenstem nie, moenie die waarheid verkeerd vertolk om by u eie geloof te pas nie, maar neem die gegewe lig aan. Maak u verstand en hart oop sodat u wonders uit Gods Woord kan sien.

Om in Christus as die Verlosser van die wêreld te glo, verg erkentlikheid van 'n verligte verstand wat deur 'n hart beheers word wat die hemelse skat kan sien en waardeer. Sodanige geloof kan nie van bekering en karakterverandering geskei word nie. Om geloof te hê beteken om die evangelieskat te vind en aan te neem met al die verpligtinge wat dit oplê.

"As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Joh.3:3. Hy kan gis en sy verbeelding gebruik, maar sonder die geloofsoog kan hy die skat nie sien nie. Christus het Sy lewe gegee om vir

- 113 -

ons hierdie onberekenbare skat te verseker, maar sonder wedergeboorte deur die geloof in Sy bloed is daar geen kwytskelding van sondes, geen skat vir 'n sterwende siel nie.

Ons het die verligting van die Heilige Gees nodig om die waarhede van Gods Woord te onderskei. Die mooi dinge van die natuur word nie raakgesien voordat die son, wat die duisternis verdryf, hulle met sy lig bestraal nie. So word die skatte in die Woord van God nie gewaardeer voordat hulle deur die heldere strale van die Son van Geregtigheid geopenbaar word nie.

Die Heilige Gees, wat deur die weldadigheid van Gods liefde uit die hemel gestuur word, neem die dinge van God en openbaar hulle aan elke siel wat 'n onwrikbare geloof in Christus het. Deur Sy krag word die lewende waarhede waarvan die verlossing van die siel afhang, op die verstand afgedruk, en die weg van die lewe word duidelik gemaak sodat



niemand daarin hoef te struikel nie. Wanneer ons die Skrifte bestudeer, behoort ons te bid dat die lig van Gods Heilige Gees op die Woord moet skyn, sodat ons die skatte daarvan sal kan sien en waardeer.

### ***BELONING NA DIE SOEKTOG***

Niemand moet dink dat hy nie meer kennis op te doen het nie. Die dieptes van die menslike verstand is peilbaar; die werke van menslike skrywers kan bemeester word; maar die hoogste, diepste en breedste verbeeldingsvlug kan God nie verklaar nie. Daar is 'n oneindigheid bokant ons begrip. Ons het net die flikkering van Goddelike heerlikheid en die onmeetlike kennis en wysheid gewaar. Ons het as't ware net op die oppervlakte van die myn gewerk, terwyl daar ryke gouderts onder die oppervlakte is om die een te beloon wat daarvoor grawe. Die skag moet dieper en steeds dieper in die myn gesink word, en dit sal 'n heerlike skat oplewer. Deur die regte geloof sal Goddelike kennis menslike kennis word.

- 114 -

Niemand kan die Skrifte in die gees van Christus ondersoek sonder om beloon te word nie. As 'n mens gewillig is om soos 'n klein kindjie onderrig te word, sal hy, as hy hom geheel en al aan God onderwerp, die waarheid in Sy Woord vind. Was die mens gehoorsaam, sou hy die plan van Gods regering verstaan. Die hemelse wêreld sou sy skatkamers van genade en heerlikheid oopstel om ontdek te word. Mense sou heeltemal anders wees as wat hulle nou is, want deurdat hulle die myne van waarheid deursoek, sou hulle veredel word. Die verborgenheid van verlossing, die vleeswording van Christus, Sy soenoffer, sou nie net vae begrippe in ons gedagtes wees soos dit tans is nie. Ons sou hulle nie net beter verstaan nie, maar ons sou dit geheel en al hoër waardeer.

In Sy gebed tot Sy Vader het Christus die wêreld 'n les geleer wat in siel en verstand gegraveer behoort te word. "En dit is die ewige lewe," het Hy gesê, "dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." (Joh. 17:3) Dit is egte opvoeding. Dit verleen krag. Die proef-ondervindelike kennis van God en van Jesus Christus wat Hy gestuur het, verander die mens in die beeld van God. Dit maak die mens meester van homself en onderwerp elke impuls en drif van die laer natuur aan beheersing deur die hoër vermoëns van die verstand. Dit maak van hom wat dit het, 'n seun van God en 'n erfgenaam van die hemel. Dit bring hom in

gemeenskap met die verstand van God, en stel vir hom die ryke skatte van die heelal oop.

Dit is die kennis wat deur die ondersoek van Gods Woord verkry word. En hierdie skat kan deur elke siel gevind word wat gewillig is om alles te gee om dit te verkry.

"Ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die Here verstaan, en die kennis van God vind." Spr. 2:3-5.



# Die Pêrel

**Na aanleiding van Mattheüs 13:45, 46,**

\- 115 -

ONS Heiland vergelyk die seëninge van reddende liefde met 'n kosbare pêrel. Hy het Sy les geïllustreer met die gelykenis van die koopman wat mooi pêrels soek "en toe hy een kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit." Christus self is die kosbare pêrel. In Hom is al die heerlikheid van die Vader saamgevat, die volheid van die Godheid. Hy is die afskynsel van die Vader se heerlikheid en die afdruksel van Sy wese. Die heerlikheid van die eienskappe van God word in Sy karakter uitgedruk. Elke bladsy van die Heilige Skrif straal met Sy lig. Die geregtigheid van Christus het, soos 'n skoon wit pêrel, geen defek of vlek nie. Geen mensedaad kan die groot en kosbare gawe van God verbeter nie. Dit is sonder fout. In Christus is "al die skatte van wysheid en kennis verborge." (Kol. 2:3) Hy het vir ons geword "wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing." (1 Kor. 1:30) Alles wat die behoeftes en verlangens van die menslike siel in hierdie wêreld en in die wêreld wat kom, kan bevredig, word in Christus gevind. Ons Verlosser is die pêrel wat so kosbaar is dat alle ander dinge in vergelyking daarmee as niks beskou kan word.

\- 116 -

Christus "het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." (Joh. 1:11) Die lig van God het in die duisternis van die wêreld ingeskyn, en "die duisternis het dit nie oorweldig nie." (Joh. 1:5) Maar nie almal was onverskillig teenoor die hemelse gawe nie. Die koopman in die gelykenis stel 'n klas voor wat ernstig na waarheid verlang het. Onder verskillende volkere was daar ernstige en denkende mense wat in die letterkunde, in die wetenskap en in die godsdienste van die heidense wêreld na iets gesoek het wat hulle as 'n sieleskat kon ontvang. Onder die Jode was daar diegene wat na iets gesoek het wat hulle nie besit het nie. Hulle was ontevrede met 'n formele godsdiens en het na iets verlang wat geestelik en opheffend was. Christus se gekose dissipels het aan laasgenoemde klas behoort, Cornelius en die Ethiopiër aan eersgenoemde. Hulle het na lig

uit die hemel verlang en het daarvoor gebid, en toe Christus aan hulle geopenbaar is, het hulle Hom met blydskap ontvang.

In die gelykenis word die pêrel nie as 'n geskenk voorgestel nie. Die koopman het dit gekoop ten koste van alles wat hy gehad het. Vele wil weet wat dit beteken aangesien Christus in die Skrifte as 'n geskenk voorgestel word. Hy is wel 'n geskenk, maar net aan diegene wat hulle siel, liggaam en gees sonder voorwaarde aan Hom oorgee. Ons moet ons aan Christus oorgee om 'n lewe van gewillige gehoorsaamheid aan al Sy vereistes te lei. Alles wat ons is, al ons talente en bekwaamhede, is die Here s'n, om aan Sy diens gewy te word. As ons ons op hierdie wyse geheel en al aan Hom oorgee, gee Christus Hom met al die skatte van die hemel, aan ons. Ons verkry dan die kosbare pêrel.

Die saligheid is 'n vry geskenk, en tog moet dit gekoop en verkoop word. Op die mark, wat onder die bestuur van Goddelike genade staan, word die kosbare pêrel sonder geld en sonder prys gekoop. Op hierdie mark mag almal

- 117 -

die hemelse goedere koop. Die skathuis vol waarheidsjuwele staan vir almal oop. "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee," sê die Here, "en niemand kan dit sluit nie." Geen swaard bewaak die weg deur hierdie deur nie. Stemme van binne en by die deur sê: Kom. Die Heiland se stem nooi ons ernstig en liefdevol: "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word." (Openb. 3:8, 18)

Die evangelie van Christus is 'n seën wat almal kan besit. Die armste kan die saligheid net so maklik aankoop as die ryke, want die grootste aardse rykdom kan dit nie verkry nie. Dit word deur gewillige gehoorsaamheid verkry, deur ons aan Christus as Sy gekoopte eiendom te gee. Geleerdheid, hoe hoog al, kan 'n mens nie nader aan God bring nie. Die Fariseërs is met elke tydelike en geestelike voordeel begunstig, en hulle het met trotse roem gesê, Ons is "ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie;" tog was hulle "ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak." (Openb. 3:17) Christus het hulle die kosbare pêrel aangebied, maar hulle het dit versmaai en Hy het aan hulle gesê: "Die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God." (Matt. 21:31)

Ons kan die saligheid nie verdien nie, maar ons moet met soveel belangstelling en volharding daarna soek asof ons alles in die wêreld sou



prysgee om dit te verkry.

Ons moet die kosbare pêrel soek, maar nie op wêreldse markte of op wêreldse maniere nie. Die prys wat ons moet betaal, is nie goud of silwer nie, want ook dit behoort aan God. Verwerp die idee dat tydelike of geestelike voordele vir u die saligheid sal verwerf. God verlang u gewillige gehoorsaamheid. Hy vra dat u u sondes moet prysgee. "Aan hom wat oorwin," sê Christus, "sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het." (Openb. 3:21)

- 118 -

Daar is sommige wat skynbaar gedurig na die hemelse pêrel soek. Maar hulle gee hulle verkeerde gewoontes nie volkome oor nie. Hulle sterf nie vir die self sodat Christus in hulle kan leef nie. Daarom vind hulle die kosbare pêrel nie. Hulle het hulle onheilige ambisies en hulle liefde vir wêreldse aantreklikhede nie oorwin nie. Hulle neem nie die kruis op om Christus langs die weg van selfverloëning en opoffering te volg nie. Hulle is byna Christene, maar tog nie ten volle nie en is skynbaar tog so naby die koninkryk, maar hulle kan daar nie ingaan nie. Byna, maar nie heeltemal gered nie, beteken om nie byna nie, maar heeltemal verlore te wees.

Die gelykenis van die koopman wat goeie pêrels soek, het 'n dubbele betekenis: dit is nie net op mense van toepassing wat die koninkryk van die hemele soek nie, maar op Christus wat Sy verlore erfenis soek. Christus, die hemelse koopman wat goeie pêrels soek, het in die verlore mensdom die kosbare pêrel gesien. In die mens wat deur sonde besoedel en geskend is, het Hy moontlikhede vir verlossing gesien. Harte waar die stryd teen die Satan gewoed het, en wat deur die krag van die liefde gered is, is vir die Verlosser kosbaarder as diegene wat nooit gesondig het nie. God het die mensdom nie vir gemeen en waardeloos aangesien nie; Hy het hulle in Christus beskou, en gesien wat hulle deur reddende liefde kan word. Hy het al die rykdom van die heelal versamel en dit neergelê om die pêrel te koop. En, nadat Hy dit gevind het, monteer Jesus dit weer in Sy kroon. "Want hulle is kroongesteentes wat hulle skitterend verhef oor Sy land." Sag. 9:16. "En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep." Mal. 3:17.

Maar Christus as die kosbare pêrel, en ons voorreg om hierdie hemelse pêrel te besit, is die onderwerp waaroor ons die meeste behoort te dink.

Dit is die Heilige Gees wat aan die mens die kosbaarheid van die kosbare pêrel openbaar.

- 119 -

Die tyd van die Heilige Gees se krag is die tyd wanneer die hemelse gawe, in 'n besondere sin, gesoek en gevind word. In die dae van Christus het baie die evangelie gehoor, maar hulle verstand is deur valse leringe verduister,

- 120 -

en hulle het die nederige Leermeester van Galilea nie as die Een herken wat deur God gestuur is nie. Maar na Christus se hemelvaart is Sy verheffing tot die troon van Sy Middelaarskoninkryk deur die uitstorting van die Heilige Gees aangedui. Die Gees is op die Pinksterdag gegee. Christus se getuies het die krag van die verrese Heiland verkondig. Die lig van die hemel het deurgedring tot die verduisterde verstand van diegene wat deur die vyande van Christus mislei is. Hulle het Hom nou verhoog gesien "as Leidsman en Verlosser ... om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk." (Hand. 5: 31) Hulle het Hom gesien, omring deur die heerlikheid van die hemel en met oneindige skatte in Sy hande om aan almal te skenk wat hulle van hulle opstandigheid sou bekeer. Terwyl die apostels die heerlikheid van die Eniggeborene van die Vader bekend gemaak het, is drieduisend siele oortuig. Hulle het hulself gesien net soos hulle was, sondig en besoedel, en in Christus het hulle hulle Vriend en Saligmaker gesien. Christus is verhef, Christus is verheerlik, deur die krag van die Heilige Gees wat op mense gerus het. Deur die geloof het hierdie gelowiges in Hom die Een gesien wat vernedering, lyding en die dood verdra het sodat hulle nie verlore moes gaan nie, maar die ewige lewe kon hê. Die openbaring van Christus deur die Gees het hulle onder die besef van Sy krag en majesteit gebring, en hulle het hulle hande gelowig tot Hom uitgestrek en gesê, "Ek glo."

Toe is die blye boodskap van 'n verrese Heiland na die uiteindes van die bewoonde wêreld geneem. Bekeerlinge het uit alle oorde na die kerk toe aangekom. Gelowiges is weer bekeer. Sondaars het saam met Christene die kosbare pêrel gesoek. Die profesie is vervul: Die struikelende sal wees "soos Dawid," en die huis van Dawid "soos die Engel van die Here." (Sag. 12:8) Elke Christen het in sy broeder die weldadigheid en liefde van God



weerspieël gesien. Daar was net een belang. Een doelwit het al die ander verteer. Alle harte het eensgesind geklop. Die enigste ambisie van die gelowiges was om dieselfde karakter

- 121 -

as Christus aan die dag te lê en om vir die uitbreiding van Sy koninkryk te arbei. "En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel. ... En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal." Hand. 4:32, 33. "En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is." Hand. 2:47. Die Gees van Christus het aan die hele gemeente lewe gegee, want hulle het die kosbare pêrel gevind.

Hierdie tonele sal met groter krag herhaal word. Die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag was die vroeë reent, maar die laat reent sal nog oorvloediger wees. Die Gees wag dat ons Hom moet aanvra en ontvang. Christus in Sy volheid sal weer deur die krag van die Heilige Gees geopenbaar word. Mense sal die waarde van die kosbare pêrel insien, en soos die apostel Paulus sal hulle sê: "Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus ontwil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here." Filip. 3:7, 8.

# Die Visnet

**Na aanleiding van Mattheus 13:47-50**

- 122 -

"Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring; en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg. So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande."

Die uitgooi van die net is die prediking van die evangelie; Dit bring beide goeies en slegtes in die kerk in. Wanneer die sending van die evangelie voltooi is, sal die oordeel die skeidingswerk volbring. Christus het gesien hoedat die teenwoordigheid van valse broeders in die kerk die oorsaak sou wees dat die weg van die waarheid belaster sou word. Weens die inkonsekwente lewens van valse belyers sou die wêreld die evangelie beskimp. Selfs Christene sou struikel omdat hulle sien dat vele wat die Naam van Christus dra nie deur die Heilige Gees beheers word nie. Omdat hierdie sondaars in die kerk was, sou mense gevaar loop

- 123 -

om te dink dat God hulle sondes verskoon. Daarom ontsluier Christus die toekoms en beveel Hy dat almal moet besef dat dit die karakter is, en nie status nie, wat die mens se lotsbestemming bepaal.

Die gelykenis van die onkruid en dié van die net leer albei duidelik dat daar nie 'n tyd sal wees wanneer al die onregverdiges hulle tot God sal wend nie. Die koring en die onkruid groei saam tot die oes toe. Die goeie en die slegte visse word saam aan wal getrek om finaal geskei te word.

Verder leer hierdie gelykenisse dat daar geen genadetyd ná die oordeel sal wees nie. Wanneer die werk van die evangelie voltooi is, volg die skeiding tussen die regverdiges en die onregverdiges onmiddellik, en die lotsbestemming van albei klasse word dan vir ewig vasgestel.

God wil niemand vernietig nie. "So waar as Ek leef, spreek die Here Here, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar

daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe?" Eseg. 33:11. Dwarsdeur die hele genadetyd pleit die Heilige Gees met die mens om die gawe van die lewe aan te neem. Net diegene wat Sy pleitstem veronagsaam, sal vernietig word. God het verklaar dat sonde vernietig moet word omdat dit 'n kwaad is wat die heelal kan vernietig. Hulle wat aan die sonde vashou, sal daarmee saam vernietig word.



# "Nuwe en Ou Dinge"

**Na aanleiding van Mattheus 13:51, 52**

- 124 -

ONDERWYL Christus die volk geleer het, het Hy Sy dissipels opgelei vir hulle toekomstige werk. In al Sy onderrig was daar vir hulle lesse. Nadat Hy die gelykenis van die net gegee het, het Hy hulle gevra: "Het julle al hierdie dinge verstaan?" en hulle het geantwoord: "Ja, Here!" Toe leer Hy hulle met nog 'n gelykenis hulle verantwoordelikheid in verband met die waarhede wat hulle ontvang het. "Daarom," het Hy gesê, "is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring."

Die huisheer hoop die skatte wat hy kry nie op nie.
Hy bring hulle te voorskyn om hulle met andere te deel. En deur gebruik, word die skatte meer. Die huisheer het kosbare dinge beide nuut en oud. So leer Christus ons dat die waarheid wat aan die dissipels toevertrou is, aan die wêreld meegedeel moet word. En namate die kennis van die waarheid meegedeel word, sal dit meer word.

- 125 -

Almal wat die evangelieboodskap in die hart ontvang, sal verlang om dit te verkondig. Die liefde van Christus, wat uit die hemel gebore is, moet hom laat geld. Diegene wat hulle met Christus beklee het, sal van hulle ondervinding vertel en stap vir stap die leiding van die Heilige Gees bekend maak. Hoe hulle gehonger en gedors het na die kennis van God en van Jesus Christus wat Hy gestuur het; van die gevolge van hulle ondersoek van die Skrifte; hulle gebede, hulle sieleangs, en die woorde van Christus tot hulle: "Jou sondes is jou vergewe!" Dis onnatuurlik vir enigeen om hierdie dinge te verswyg, en diegene wat gevul is met die liefde van Christus, sal dit nie doen nie. In dieselfde mate as wat die Here Sy heilige waarheid aan hulle toevertrou het, sal hulle verlang om dieselfde seën aan andere te bring. En namate hulle die ryk skatte van Gods genade bekend maak, sal hulle met al meer van die genade van Christus toebedeel word. Hulle sal die hart van 'n kindjie hê met sy eenvoud en onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Hulle siele sal na heiligheid smag en al meer van die

skatte van die waarheid en genade sal aan hulle geopenbaar word sodat hulle dit aan die wêreld kan gee.

Die groot skatkamer van die waarheid is die woord van God – die geskrewe Woord, die boek van die natuur, en die boek van ondervinding van Gods handelwyse met die menslike lewe. Hier is die skatbronne waaruit die werkers van Christus moet put. In die soektog na waarheid, moet hulle op God vertrou, nie op mense, die groot manne wie se wysheid dwaasheid by God is nie. Deur Sy eie gekose kanale sal die Here die kennis aangaande Homself aan elke soeker meedeel.

As die volgelinge van Christus in Sy Woord sal glo en dit beoefen, sal daar geen natuurwetenskap wees wat hy nie in staat sal wees om te verstaan en te waardeer nie. Daar is niks wat hy nie sal kan gebruik om die waarheid aan andere mee te deel nie. Die natuurwetenskappe is bronne van kennis waaruit elke student in die skool van Christus kan

- 126 -

put. Wanneer ons die skoonheid van die natuur bepeins, wanneer ons sy lesse in die bewerking van die grond, in die groei van die bome, in al die wondere van aarde, see en lug leer, sal ons 'n nuwe begrip van die waarheid kry. Die verborgenhede in verband met Gods behandeling van die mens, die dieptes van Sy wysheid en oordeel soos in die menselewe gesien – in hulle ontdek ons 'n skathuis ryk aan skatte.

Maar in die geskrewe Woord word die kennis van God die duidelikste aan die sondige mens geopenbaar. Dit is die skatkamer van die onnaspeurlike rykdom van Christus.

Die Woord van God bevat sowel die Ou Testament as die Nuwe. Een is onvolledig sonder die ander. Christus het verklaar dat die waarhede van die Ou Testament net so waardevol is as dié van die Nuwe. Aan die begin van die wêreld was Christus net soseer die Verlosser van die mensdom as nou. Voordat Hy Sy Godheid met mensheid beklee en na ons wêreld gekom het, is die evangelieboodskap deur Adam, Set, Henog, Metusalag en Noag verkondig. Abraham het die boodskap in Kanaan verkondig en Lot in Sodom, en van geslag tot geslag het getroue boodskappers Sy koms bekend gemaak. Die rites van die Joodse stelsel is deur Christus self ingestel. Hy was die grondslag van hulle offerstelsel, die groot teenbeeld van al hulle godsdiens-oefeninge. Die offerbloed wat gestort is, het vooruit na die soenoffer van die Lam van God gewys. Alle sinnebeeldige offers is in



Hom vervul.

Christus, soos Hy aan die patriarge getoon, in die offerdiens voorgestel, in die wet uitgebeeld en deur profete geopenbaar is, is die rykdom van die Ou Testament. Christus, in Sy lewe, in Sy dood, in Sy opstanding, Christus soos deur die Heilige Gees geopenbaar, is die skat van die Nuwe Testament. Ons Heiland, die afskynsel van die heerlikheid van die Vader, is sowel die Oue as die Nuwe.

- 127 -

Van Christus se lewe en dood en bemiddeling wat profete voorspel het, sou die apostels nou gaan getuig. Christus in Sy vernedering, in Sy reinheid en heiligheid, in Sy ongeëwenaarde liefde, sou die hoofsaak van hulle boodskap wees. En om die evangelie in al sy volheid te verkondig, moet hulle die Heiland nie net voorhou soos Sy lewe en Sy leer Hom openbaar nie, maar ook soos die profete van die Ou Testament Hom voorspel en soos die offerdiens Hom simboliseer.

In Sy leer het Christus ou waarhede voorgehou waarvan Hy self die oorsprong was, waarhede wat Hy deur patriarge en profete verkondig het, maar nou het Hy nuwe lig daarop gewerp. Hoe anders was die betekenis! Sy verduideliking het 'n oorvloed van lig en geestelikheid meegebring. En Hy het belowe dat die Heilige Gees die dissipels sou verlig, dat die Woord van God altyd meer vir hulle sou ontvou. Hulle sou in staat wees om die waarheid daarvan so voor te stel dat mense daar 'n nuwe skoonheid in gewaar.

Sedert die eerste belofte van verlossing in Eden gespreek is, het mense die lewe, die karakter, en die middelaarswerk van Christus bestudeer. Nogtans het elkeen deur wie die Heilige Gees gewerk het, hierdie onderwerp in 'n nuwe lig voorgestel. Die waarhede van die verlossing kan voortdurend ontwikkel en uitgebrei word. Hoewel hulle oud is, is hulle altyd nuut. Deur hulle gaan daar vir die soeker na waarheid altyd groter heerlikheid en krag oop.

In elke eeu is daar 'n nuwe uitbreiding van die waarheid, 'n boodskap van God aan daardie geslag. Die ou waarhede is almal noodsaaklik; nuwe waarhede is nie onafhanklik van die oues nie, maar is 'n ontplooiing daarvan. Eers wanneer ons die ou waarhede verstaan, kan ons die nuwes begryp. Toe Christus aan Sy dissipels die waarheid aangaande Sy opstanding wou openbaar, het Hy "van Moses en al die profete af" begin, en "vir hulle

uitgelê

- 128 -

in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." (Lukas 24:27) Maar dit is die lig wat uit die nuwe ontplooiing van die waarheid straal wat die oue verheerlik. Hy wat die nuwe verwerp of verwaarloos, is nie werklik in besit van die oue nie. Vir hom het dit nie meer lewende krag nie, dit word 'n lewelose vorm.

Daar is mense wat voorgee dat hulle die waarhede van die Ou Testament glo en leer, maar die Nuwe verwerp. Maar deur te weier om die leer van Christus aan te neem, toon hulle dat hulle nie glo wat patriarge en profete gespreek het nie. "Maar as julle Moses geglo het," het Christus gesê, "sou julle My glo, want hy het van My geskrywe." (Joh. 5:46) Gevolglik is daar geen werklike krag in hulle onderrigting, selfs uit die Ou Testament nie.

Vele wat meen dat hulle die evangelie glo en leer, maak dieselfde fout. Hulle verwerp die Ou-Testamentiese geskrifte, waarvan Christus gesê het: "Dit is dié wat van My getuig." (Joh. 5:39) Deurdat hulle die Oue verwerp, verwerp hulle eintlik die Nuwe, want albei is dele van 'n onskeidbare geheel. Niemand kan die wet van God sonder die evangelie of die evangelie sonder die wet reg verkondig nie. Die wet is die beliggaming van die evangelie, en die evangelie is die ontplooiing van die wet. Die wet is die wortel, die evangelie is die geurige bloeisel en die vrug wat dit dra.

Die Ou Testament werp lig op die Nuwe, en die Nuwe op die Oue. Elk is 'n openbaring van die heerlikheid van God in Christus. Albei openbaar waarhede wat voortdurend aan die ernstige soeker nuwe dieptes van betekenis sal openbaar.

Waarheid in Christus en deur Christus is onmeetlik.
Hy wat die Skrifte bestudeer, kyk as't ware in 'n fontein in wat al dieper en breër word namate hy die dieptes inkyk. In hierdie lewe sal ons geen begrip kan vorm van die verborgenheid van die liefde wat beweeg het om Sy Seun te gee om vir ons sondes te boet nie. Die werk van ons Heiland op hierdie aarde is 'n onderwerp wat ons verbeeldingskrag

- 129 -

tot die uiterste toe sal inspan, en dit sal altyd so wees. 'n Mens kan sy verstand tot die uiterste toe inspan om hierdie verborgenheid te probeer



peil, maar hy sal net swak en uitgeput raak. Die ywerigste soeker sal hom voor 'n grenslose see bevind.

Die waarheid soos dit in Jesus beliggaam is, kan belewe, maar nie verduidelik word nie. Die hoogte en breedte en diepte daarvan gaan ons verstand te bowe. Ons kan ons verbeelding tot die uiterste toe inspan, en dan sien ons nog net die vae buitelyne van 'n onverklaarbare liefde wat so hoog soos die hemele is, maar hom tot die aarde toe verneder het om die beeld van God op die ganse mensdom af te druk.

Nogtans is dit vir ons moontlik om soveel van die Goddelike meegevoel te sien as wat ons kan verdra. Dit word vir die nederige, boetvaardige siel blootgelê. Namate ons begryp wat God vir ons opgeoffer het, sal ons ook Sy medelyde verstaan. Na gelang ons die Woord van God met 'n nederige hart ondersoek, sal ons die verlossing beter verstaan. Hoe langer ons dit beskou, hoe duideliker sal dit word, en hoe meer ons streef om dit te begryp, hoe hoër en dieper sal dit word.

Ons lewe moet met die lewe van Christus saamgevoeg word; ons moet gedurig van Hom leer, Hom, die lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het; nuttig, uit die fontein drink wat altyd vars is, wat immer sy oorvloedige skatte voortbring. As ons altyd aan die Here dink, Hom van harte dank en loof, sal ons godsdienstige lewe altyd opleef. Ons gebede sal soos 'n gesprek met God wees, asof ons met 'n vriend gesels. Hy sal Sy verborgenhede persoonlik aan ons bekend maak. Dikwels sal ons 'n soete, vreugdevolle bewustheid van die teenwoordigheid van Jesus beleef. Dikwels sal ons harte brandende in ons wees wanneer Hy nader kom om soos met Henog ook met ons gemeenskap te

- 130 -

hou. Wanneer die Christen dit werklik ondervind, verskyn daar in sy lewe 'n onskuld, 'n nederigheid, verdraagsaamheid en sagmoedigheid van hart, wat aan almal met wie hy omgaan, toon dat hy 'n metgesel van Jesus is en van Hom geleer het.

In hulle wat dit besit, sal die Christelike geloof as 'n lewegewende, deurdringende beginsel, 'n lewende, werkende, geestelike krag gesien word. Die varsheid en krag en vreugde van voortdurende jeugdigheid sal kennelik in hulle wees. Die hart wat die woord van God ontvang, is nie soos 'n plas wat verdamp nie, nie soos 'n gebreekte bak wat sy skat verloor nie. Dit is soos 'n bergstroom wat deur onuitputlike fonteine gevoed word,

waarvan die koel, vonkelende waters van rots tot rots spring, en die vermoeides, dorstiges en swaarbelastes verkwik.

Hierdie belewenis gee aan elke verkondiger van die waarheid die besondere eienskappe wat hom bekwaam om Christus te verteenwoordig. Die gees van Christus se leer sal sy boodskappe en gebede kragtig en uitdruklik maak. Sy getuienis vir Christus sal nie eng en leweloos wees nie. Die leraar sal nie dieselfde ou preke herhaal nie. Sy gemoed sal oop wees vir die voortdurende toeligting deur die Heilige Gees.

Christus het gesê: "Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe. ... Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. ... Dit is die gees wat lewend maak ... die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe." Joh. 6:54-63.

Wanneer ons Christus se vlees eet en Sy bloed drink, sal die element van die ewige lewe in die bediening gevind word. Daar sal nie 'n voorraad ou afgesaagde, dikwels herhaalde idees wees nie. Die saai, vervelige prekery sal tot 'n einde kom. Die ou waarhede sal aangebied word, maar hulle sal in 'n nuwe lig gesien word. Daar sal 'n nuwe begrip van die waarheid wees, 'n helderheid en 'n krag wat

- 131 -

vir almal duidelik sal wees. Hulle wat die voorreg het om so 'n bediening aan te hoor, sal as hulle ontvanklik is vir die invloed van die Heilige Gees, die opwekkende krag van 'n nuwe lewe aanvoel. Die vuur van Gods liefde sal aangesteek word. Hulle insig sal verskerp word sodat hulle die skoonheid en majesteit van die waarheid kan onderskei.

Die getroue huisheer is 'n voorbeeld van wat elkeen wat kinders en jongmense onderrig, behoort te wees. As die Woord van God sy skat is, sal hy gedurig nuwe skoonheid en nuwe waarhede te voorskyn bring. As die onderwyser biddend op God vertrou, sal die Gees van Christus op hom neerdaal, en God sal deur middel van die Heilige Gees deur hom op die gemoedere van andere werk. Die

- 132 -

Gees vul die verstand en die hart met soete hoop en moed en met Bybelse beelde, en al hierdie dinge sal onder sy leiding aan die jeug oorgedra word.

Die fonteine van hemelse vrede en vreugde, wat deur die ingegewe



woorde in die siel van die onderwyser oopgemaak word, sal 'n magtige rivier van invloed word tot heil van almal wat met hom in aanraking kom. Dan sal die Bybel nie vir die student 'n vermoeiende boek wees nie. Onder 'n wyse leermeester sal die Woord steeds begeerliker word. Dit sal soos die brood van die lewe wees, en nooit oud word nie. Die oorspronklikheid en skoonheid daarvan sal die kinders en jongmense aantrek en bekoor. Dit is soos die son wat op die aarde skyn en voortdurend lig en warmte verleen, maar nooit uitgeput raak nie.

Gods heilige, opvoedende Gees is in Sy woord. 'n Lig, 'n nuwe en kosbare lig, straal uit elke bladsy. Waarheid word daar geopenbaar, en woorde en sinne word duidelik en gepas vir die geleentheid, soos die stem van God wat tot die siel spreek.

Die Heilige Gees spreek graag tot die jeug en openbaar aan hulle skatte en skoonhede van Gods Woord. Die beloftes wat deur die groot Leermeester gespreek is, sal die sintuie gevange neem en die siel met 'n Goddelike, geestelike krag verlewendig. In die vrugbare verstand sal bekendheid met Goddelike dinge groei, en dit sal as 'n skans teen versoeking dien.

Die woorde van waarheid sal al belangriker word, en 'n breë, volle betekenis kry waarvan ons nog nooit kon droom nie. Die skoonheid en rykdom van die Woord het 'n veranderende invloed op die gesindheid en die karakter. Die hemelse liefde tref die hart as 'n besielende lig.

Mens waardeer die Bybel meer namate jy dit bestudeer. Waar die student ook al kyk, vind hy daarin 'n uitstalling van die oneindige wysheid en liefde van God.

- 133 -

Ons begryp die betekenis van die Joodse stelsel nog nie ten volle nie. Omvattende, grondige waarhede word deur sy rites en simbole uitgebeeld. Die evangelie is die sleutel wat sy verborgenhede ontsluit. 'n Kennis van die verlossingsplan help om sy waarhede verstaanbaar te maak. Dit is ons voorreg om hierdie mooi onderwerpe veel beter as nou te verstaan. Ons moet die diep dinge van God verstaan. Engele verlang om die waarhede te verstaan wat aan diegene geopenbaar woord wat met verslae harte die Woord van God ondersoek, en wat bid om meer lengte en breedte en diepte en hoogte in die kennis wat net Hy kan gee.

Na gelang die einde van hierdie wêreld se geskiedenis nader kom, moet

ons veral die profesieë betreffende die laaste dae bestudeer. Die laaste boek van die Nuwe Testament is vol waarhede wat ons moet verstaan. Die Satan het die insig van vele belemmer sodat hulle enige verskoning aangegryp het om die boek Openbaring nie te bestudeer nie. Maar Christus het deur Sy dienskneg Johannes vertel wat in die laaste dae moet gebeur, en Hy sê:

"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees; en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is." (Openb. 1:3)

"En dit is die ewige lewe," het Christus gesê, "dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." (Joh. 17:3) Waarom is dit dat ons die waarde van hierdie kennis nie besef nie? Waarom is hierdie heerlike waarhede nie soos 'n warm gloed in ons harte nie? Waarom bewe hulle nie op ons lippe nie? Waarom is ons hele wese nie daarmee deurtrek nie?

Deurdat Hy Sy Woord aan ons gegee het, het God elke waarheid aan ons gegee wat nodig is vir ons verlossing. Duisende het uit hierdie bronne van die lewe water geput, en tog is die voorraad niks minder nie. Duisende het die Here voor hulle gestel, en deur aanskoue is hulle in

- 134 -

dieselfde beeld verander. Hulle gees brand in hulle wanneer hulle van Sy karakter praat, en vertel wat Christus vir hulle beteken, en hulle vir Christus. Maar hierdie soekers het nog nie hierdie verhewe en heilige onderwerpe uitgeput nie. Nog duisende kan die verborgenhede van saligheid navors. Na gelang die lewe van Christus en die aard van Sy sending bepeins word, sal ligstrale nog duideliker uitstraal met elke poging om waarheid te ontdek. Elke nuwe soektog sal interessanter dinge openbaar as wat nog ooit ontdek is. Die onderwerp is onuitputlik. Die studie van die vleeswording van Christus, Sy soenoffer en middelaarswerk sal die gedagte van die vlytige student besig hou solank daar nog tyd is, en hy sal na die hemel met sy ontelbare jare opkyk, en uitroep: "Die verborgenheid van die godsaligheid is groot."

In die ewigheid sal ons alles leer wat ons verstand sou geopen het as ons hier al die moontlike inligting ontvang het. Die verlostes sal deur die ewigheid oor die verlossing dink en praat en sing. Hulle sal die waarhede verstaan wat Christus graag aan Sy dissipels wou openbaar, maar wat hulle weens gebrek aan geloof nie kon verstaan nie. In alle ewigheid sal nuwe



insigte in die volmaaktheid en heerlikheid van Christus ontplooi. Deur die eindelose eeue sal die getroue Huisheer uit Sy skatte nuwe en ou dinge te voorskyn bring.

# Vra om te Gee

**Na aanleiding van Lukas 11:1-13**

- 139 -

CHRISTUS het gedurig van die Vader ontvang om aan ons te kan meedeel. "Die woord wat julle hoor," het Hy gesê, "is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het." (Joh. 14:24), "net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien." (Matt. 20:28) Hy het nie vir Homself geleef en gedink en gebid nie, maar vir andere. Nadat Hy ure met God deurgebring het, het Hy oggend na oggend uitgegaan om die lig van die hemel aan mense te bring. Daagliks is Hy opnuut met die Heilige Gees gedoop. In die vroeë ure van die nuwe dag het die Here Hom uit Sy slaap gewek, en Sy siel en Sy lippe is met genade gesalf sodat Hy aan andere iets kon meedeel. Sy woorde is vars uit die hemelhowe aan Hom gegee; woorde wat Hy tydig aan diegene kon spreek wat vermoeid en bedruk was. "Die Here Here het My 'n geoefende tong gegee, dat Ek kan weet om die vermoeide te verkwik met woorde; Hy wek elke môre, Hy wek my oor om te hoor soos die leerlinge." Jes. 50:4.

- 140 -

Christus se dissipels is baie beïndruk deur Sy gebede en deur Sy gewoonte om met God gemeenskap te hou. Op 'n dag, nadat hulle 'n kort tydjie van hulle Here afwesig was, het hulle Hom in gebed verdiep aangetref. Skynbaar onbewus van hulle teenwoordigheid, het Hy steeds hardop gebid. Die harte van Sy dissipels is diep geroer. Toe Hy klaar gebid het, roep hulle uit: "Here, leer ons bid."

In antwoord hierop het Jesus die Onse Vader herhaal soos Hy dit tydens die bergpredikasie gegee het. Toe illustreer Hy die les wat Hy hulle wou leer deur middel van 'n gelykenis.

"Wie van julle," het Hy gesê, "sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode, want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie – en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie. Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en hom gee

omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het."

Hier sê Christus dat die vraer vra om weer te gee. Hy moet die brood kry, anders kan hy nie in die behoeftes van die vermoeide en ontydige reisiger voorsien nie. Hoewel sy buurman onwillig is om gesteur te word, sal hy nie ophou om te pleit nie. Sy vriend moet gehelp word en uiteindelik word sy volharding beloon. In sy behoeftes word voorsren.

Op dergelike wyse moes die dissipels van God seëninge vra. In die voeding van die menigte en in die preek oor die brood uit die hemel, het Christus aan hulle hul werk as Sy verteenwoordigers duidelik gestel. Hulle moes die brood van die lewe aan die mense gee. Hy wat hulle werk aan hul opgedra het, het geweet hoe dikwels hulle geloof getoets sou word. Dikwels sou hulle in onverwagte omstandighede beland, dan sou hulle hulle menslike ontoereikendheid besef.

- 141 -

Siele wat na die brood van die lewe honger, sou na hulle toe kom, en hulle sou voel dat hulle behoeftig en hulpeloos was. Hulle moet geestelike voedsel ontvang, anders sou hulle niks hê om te gee nie. Maar hulle moes geen siel ongevoed van hulle wegstuur nie. Christus wys hulle op die toevoerbron. Die man wie se vriend kom herberg soek het, selfs op die ontydige middernaguur, het hom nie weggestuur nie. Hy het niks gehad om aan hom voor te sit nie, maar hy het na iemand gegaan wat wel voedsel gehad het en het gepleit totdat die buurman in sy behoefte voorsien het. En sou God, wat Sy diensknegte uitgestuur het om die hongeriges te voed, nie in hulle behoeftes vir Sy eie werk voorsien nie?

Maar die selfsugtige buurman in die gelykenis stel nie die karakter van God voor nie. Die les word nie met ooreenstemming geleer nie, maar met teenstelling. 'n Selfsugtige man sal aan 'n dringende versoek voldoen om ontslae te raak van die rusverstoorder. Maar dit behaag God om te gee. Hy is die ene meegevoel en verlang om die versoeke van die wat in die geloof na Hom toe kom toe te staan. Hy gee aan ons sodat ons andere kan dien en sodoende soos Hy kan word.

Christus verklaar: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word,"

Die Heiland gaan voort: "En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee; of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee? As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"



Ten einde ons vertroue in God te versterk, leer Christus ons om Hom met 'n nuwe Naam aan te spreek, 'n Naam wat

- 142 -

in noue verband staan met die kosbaarste herinneringe van die mensehart. Hy gee ons die voorreg om die ewige God onse Vader te noem. Hierdie Naam waarmee ons tot en van Hom spreek is 'n teken van ons liefde vir en vertroue in Hom, en 'n waarborg van Sy agting vir en verhouding tot ons. As ons dit noem wanneer ons Sy guns en seën vra, is dit soos musiek in Sy ore. Om ons nie te laat dink dat dit aanmatiging is om Hom by hierdie Naam te noem nie, het Hy dit keer op keer herhaal. Hy wil hê ons moet bekend word met hierdie aanspreekvorm.

God beskou ons as Sy kinders. Hy het ons uit die roekelose wêreld verlos en het ons uitverkies om lede van die koningsgesin te word, seuns en dogters van die hemelse Koning. Hy nooi ons om op Hom te vertrou met 'n vertroue wat dieper en sterker is as dié van ' n kind vir sy aardse vader. Ouers het hulle kinders lief, maar die liefde van God is groter, breër, dieper as wat menslike liefde ooit kon wees. Dit is onmeetlik. As aardse ouers dan weet hoe om goeie gawes aan hulle kinders te gee, hoeveel te meer sal ons Vader in die hemel nie Sy Heilige Gees aan diegene gee wat Hom vra nie?

Christus se lesse aangaande gebed moet versigtig betrag word. Daar is 'n Goddelike wetenskap in gebed, en Sy illustrasie beeld vir ons beginsels uit wat almal moet verstaan. Hy toon wat die ware gees van gebed is, Hy leer ons die noodsaaklikheid van volharding wanneer ons ons versoeke voor God stel en Hy verseker ons van Sy gewilligheid om gebed te verhoor.

Ons gebede moet nie selfsugtige smekery wees, met die oog op ons eie voordeel nie. Ons moet vra sodat ons kan gee. Die beginsel van Christus se lewe moet die beginsel van ons lewens wees. "En Ek heilig Myself vir hulle," het Hy gesê, toe Hy van Sy dissipels gepraat het, "sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees." (Joh.17:19) Dieselfde toewyding, dieselfde selfopoffering, dieselfde onderwerping aan die eise van die Woord van God wat in Christus te sien was, moet ook in Sy diensknegte gesien word.

Ons sending na die wêreld is nie om onsself te dien

- 143 -

en te behaag nie; ons moet God verheerlik deur saam met Hom te werk in die redding van sondaars. Ons moet seëninge van God afvra sodat ons aan andere kan meedeel. Die vermoë om te ontvang word behou net deur te gee. Ons kan nie aanhou om hemelse skatte te ontvang tensy ons hulle aan ons medemense gee nie.

In die gelykenis is hy wat gevra het herhaaldelik afgewys, maar hy het nie van sy doel afgesien nie. So word ons gebede ook oënskynlik nie altyd onmiddellik verhoor nie; maar Christus leer dat ons nie moet ophou bid nie. Gebed is nie daar om God te verander nie; dit is om ons in ooreenstemming met God te bring. Wanneer ons aan Hom 'n versoek rig, sien Hy miskien dat dit vir ons nodig is om ons harte te deursoek en ons van sonde te bekeer. Daarom neem Hy ons deur toets en beproewing. Hy bring ons deur vernedering sodat ons kan sien wat die werking van die Heilige Gees deur ons verhinder.

Daar is voorwaardes vir die vervulling van Gods beloftes, en gebed kan nooit die plek van plig inneem nie. "As julle My liefhet," sê Christus, "bewaar my gebooie." "Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar." Joh. 14:15, 2l. Diegene wat hulle versoeke tot God bring, en op Sy beloftes steun, maar tog nie aan die voorwaardes voldoen nie, beledig Jehova. Hulle noem die Naam van Christus as hulle gesag vir die vervulling van die belofte, maar hulle doen nie daardie dinge wat van geloof in, en liefde vir, Christus spreek nie.

Vele verbeur die voorwaarde waarop hulle deur die Vader aangeneem sou word. Ons het nodig om noukeurig die trustakte te ondersoek waarmee ons God nader. As ons ongehoorsaam is, bring ons eintlik aan die Here 'n tjek om gewissel te word terwyl ons nie voldoen het aan die voorwaardes wat dit aan ons betaalbaar sou maak nie. Ons herinner God aan Sy beloftes en vra dat Hy hulle moet vervul, terwyl Hy sodoende Sy Naam oneer sou aandoen.

- 144 -

Die belofte is: "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry." Joh. 15:7. En Johannes verklaar: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword." 1 Joh. 2:3-5.



Een van Christus se laaste bevele aan Sy dissipels was: "dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het." (Joh. 13: 34) Gehoorsaam ons hierdie bevel of koester ons skerp onchristelike karaktertrekke? As ons 'n ander op enige manier bedroef of gewond het, is dit ons plig om ons oortreding te bely en versoening te soek. Dit is noodsaaklike voorbereiding voordat ons in die geloof na God kan kom om Sy seën te vra.

Daar is 'n ander saak wat te dikwels nagelaat word deur diegene wat die Here in die gebed soek. Was u eerlik met God? Deur die profeet Maleagi verklaar die Here:

"Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer? Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe." Mal. 3:7,8.

As Gewer van alle seëninge, maak God aanspraak op 'n sekere deel van alles wat ons besit. Dit is hoe Hy voorsiening maak vir die onderhoud van die evangelieprediking. En ons moet ons waardering vir Sy gawes bewys deur hierdie deel aan God terug te gee. Maar as ons weier om aan Hom te gee wat aan Hom behoort, hoe kan ons Sy seëning opeis? As ons ontroue rentmeesters is van aardse dinge, hoe kan ons verwag dat Hy die hemelse dinge aan ons moet toevertrou? Dit kan wees dat die geheim van onverhoorde gebede juis hier lê.

Maar die Here is in Sy groot genade gereed om te vergewe, en Hy sê: "Bring die hele tiende na die skathuis,

- 145 -

sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin ... of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie. ... En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die Here van die leërskare." Mal. 3:10-12.

So is dit met al die ander vereistes van God. Al Sy gawes word belowe op voorwaarde van gehoorsaamheid. God het 'n hemel vol seëninge vir diegene wat saam met Hom sal werk. Almal wat Hom gehoorsaam, kan met vertroue die vervulling van Sy beloftes opeis.

Maar ons moet 'n vaste, onwrikbare vertroue in God toon. Dikwels vertraag Hy die antwoord sodat Hy ons geloof kan beproef of die opregtheid van ons verlange kan toets. As ons volgens Sy Woord gevra het, moet ons Sy belofte glo en ons versoeke na Hom bring met 'n volharding wat nie gestuit sal word nie.

God sê nie: Vra een maal, en julle sal ontvang, nie.

Hy sê dat ons moet vra. Volhard onvermoeid in die gebed. Deur aanhoudend te versoek word die een wat vra tot 'n ernstiger houding gebring, en dit gee hom 'n sterker verlange om die dinge te ontvang waarvoor hy vra. By die graf van Lasarus het Christus aan Martha gesê, "As jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien." (Joh. 11:40)

Maar sovele het nie 'n lewende geloof nie. Dit is juis hierom dat hulle nie meer van die krag van God sien nie. Hulle swakheid is die gevolg van hulle ongeloof. Hulle het meer geloof in hulle eie werk as in die werk van God vir hulle. Hulle neem hulle sake in hulle eie hande. Hulle beraam en smee planne, maar bid selde en het weinig ware vertroue in God. Hulle dink dat hulle geloof het, maar dit is net die aandrang van die oomblik. Omdat hulle nie besef

- 146 -

dat hulle behoeftig is en dat God gewillig is om te gee nie, volhard hulle nie in hulle gebede nie.

Ons gebede moet ernstig en volhardend wees soos die versoek van die vriend wat om middernag in sy behoefte brode gevra het. Hoe ernstiger en hoe meer vasberade ons vra, hoe hegter sal ons geestelike eenheid met Christus wees. Ons sal groter seëninge ontvang omdat ons groter geloof het.

Ons aandeel is om te bid en te glo. Waak en bid. Waak en werk saam met die God wat gebede verhoor. Laat ons in gedagte hou dat ons "medewerkers van God" is. (1 Kor. 3:9) Spreek en handel in ooreenstemming met u gebede. Dit sal vir u 'n oneindige verskil maak of beproewinge gaan bewys dat u geloof opreg is, of openbaar dat u gebede maar net 'n vorm is.

Wanneer u met verwarring en moeilikhede te doen kry, moenie by



mense hulp soek nie. Vertrou op God vir alles. Die gewoonte om ander van ons moeilikhede te vertel, maak ons net swak en dit maak hulle ook nie sterk nie. Dit belas hulle met ons geestelike swakhede en hulle kan dit nie verlig nie. Dan soek ons krag by sondige, nietige mense, terwyl ons die krag van die onfeilbare, ewige God kan hê.

U hoef nie na die uiteindes van die aarde te gaan om wysheid te soek nie, want God is naby. Dit is nie die bekwaamhede wat u nou besit, of ooit sal besit, wat vir u sukses sal gee nie. Dit is wat die Here vir u kan doen. Ons moet veel minder vertroue hê in wat die mens kan doen en baie meer vertroue in wat God vir elke gelowige siel kan doen. Hy verlang dat u in geloof tot Hom moet uitreik. Hy verlang dat u groot dinge van Hom moet verwag. Hy verlang om u 'n begrip te gee van sowel tydelike as geestelike dinge. Hy kan die verstand verskerp. Hy kan takt en behendigheid verleen. Gebruik u talente in die werk, vra wysheid van God en dit sal aan u gegee word.

Vertrou op die woord van Christus. Het Hy u dan nie

- 147 -

genooi om na Hom toe te kom nie? U moet u nooit toelaat om op 'n hopelose, mismoedige wyse te praat nie. As u dit doen, sal u veel verloor. Deur na omstandighede te kyk en te kla wanneer moeilikhede en druk kom, lewer u bewys van 'n sieklike, verswakte geloof. Praat en handel asof u geloof onoorwinlik is. Die Here het baie planne. Die wêreld behoort aan Hom. Kyk hemelwaarts in die geloof. Vertrou op Hom wat lig, krag en bekwaamheid het.

Egte geloof besit 'n eie veerkrag, 'n beginselvastheid, 'n doelgerigtheid wat nie deur tyd en arbeid verswak kan word nie. "Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie." Jes. 40: 30, 31.

Daar is baie wat verlang om andere te help, maar hulle voel dat hulle geen geestelike krag of lig het wat hulle kan meedeel nie. Laat hulle hulle versoeke voor die genadetroon bring. Smeek om die Heilige Gees. God rugsteun elke belofte wat Hy gemaak het. Neem u Bybel in u hand en sê, Ek het gemaak net soos U gesê het. Ek hou U belofte voor:

"Bid, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."

Ons moenie net in die Naam van Christus bid nie, maar ook deur die ingewing van die Heilige Gees. Dit verduidelik wat bedoel word met die woorde: "Die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge." Rom. 8:26. Dit verheug die Here om sulke gebede te verhoor. Wanneer ons ernstig en vuriglik in die Naam van Christus bid, is daar juis in die vurigheid daarvan 'n belofte van God dat Hy in gereedheid staan om ons gebed te beantwoord "ver bo alles wat ons bid of dink." (Efe.3:20)

Christus het gesê: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."

- 148 -

(Markus 11:24) "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word." (Joh. 14:13) En die geliefde Johannes, onder ingewing van die Heilige Gees, spreek met groot duidelikheid en versekering: " ... dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het." 1 Joh. 5:14, 15. Dan moet u u versoek in die Naam van Jesus voor die Vader lê. God sal daardie Naam vereer.

Die reënboog rondom die troon is 'n versekering dat God getrou is, dat daar by Hom geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Ons het teen Hom gesondig en verdien nie Sy guns nie; tog het Hy self die mooiste van pleitbedes op ons lippe geplaas, naamlik: "Verwerp ons nie ter wille van u Naam; onteer die troon van u heerlikheid nie: hou tog in gedagtenis, verbreek nie u verbond met ons nie." (Jer. 14:21) Hy het beloof dat Hy sal hoor wanneer ons na Hom toe kom met belydenis van ons onwaardigheid en sonde. Die eer van Sy troon is op die spel vir die vervulling van Sy woord aan ons.

Soos Aaron, wat Christus gesimboliseer het, dra Christus die name van al Sy volksgenote in die heilige plek op Sy hart. Ons Hoëpriester onthou al die woorde waarmee Hy ons tot vertroue bemoedig het. Hy hou altyd Sy verbond in gedagte.

Almal wat by Hom aanklop, sal vind. Vir almal wat klop, sal die deur oopgemaak word. Die verskoning sal nie gehoor word: Moet My nie lastig val nie; die deur is gesluit; Ek wil dit nie oopmaak nie. Nooit sal aan iemand gesê word: Ek kan jou nie help nie. Diegene wat om middernag om brode smeek waarmee hulle honger siele kan voed, sal suksesvol wees.



In die gelykenis sal hy wat vir die vreemdeling brode vra, "soveel as hy nodig het," ontvang. En in watter mate sal God aan ons gee sodat ons aan ander kan gee? "

- 149 -

Volgens die mate van die gawe van Christus." (Efe. 4:7) Engele kyk met intense belangstelling om te sien hoe die mens sy medemens behandel. Wanneer hulle sien dat iemand teenoor dwalendes Christelike simpatie betoon, kom hulle nader aan sy sy en herinner hom aan woorde om te spreek, wat vir die siel soos die brood van die lewe sal wees. So sal God "elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus." (Filip. 4:19) Hy sal u getuienis in Sy opregtheid en werklikheid kragtig maak in die krag van die toekomstige lewe. Die woord van die Here sal in u mond soos waarheid en geregtigheid wees.

Persoonlike pogings wat ons ter wille van andere aanwend, moet voorafgegaan word deur veel gebed in die geheim; want dit vereis groot wysheid om te verstaan hoe om siele te red. Voordat u met mense praat, praat eers met Christus. Laat u by die troon van hemelse genade voorberei om mense te bedien.

Laat u hart breek met smagting na God, na die lewende God. Die lewe van Christus het bewys wat 'n mens kan doen wanneer hy die Goddelike natuur deelagtig geword het. Alles wat Christus van God ontvang het, kan ons ook hê. Vra dus en ontvang. Maak met die volhardende geloof van Jakob, met die onwrikbare deursettingsvermoë van Elia, aanspraak op alles wat God belowe het.

Laat die heerlike begrippe aangaaande God van u gedagtes besit neem. Laat u lewe met onsigbare bande met die lewe van Christus verenig word. Hy wat beveel het dat die lig uit duisternis moet skyn, is gewillig om in u hart te skyn om die lig van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus te gee. Die Heilige Gees sal die kennis van God neem en aan u toon, en dit as 'n lewende krag in die gehoorsame hart oordra. Christus sal u na die drumpel van die oneindige God lei. U kan die heerlikheid agter die voorhangsel aanskou en aan die mensdom die genoegsaamheid openbaar van Hom wat altyd leef om vir ons in te tree.

# Twee Aanbidders

**Na aanleiding van Lukas 18:9-14**

- 150 -

"MET die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag," het Christus die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar vertel. Die Fariseër gaan in die tempel aanbid, nie omdat hy besef dat hy 'n sondaar is wat vergifnis moet hê nie, maar omdat hy meen hy is regverdig en hy wil aangeprys word. Hy beskou sy aanbidding as 'n verdienstelike daad wat hom by God sal aanbeveel. Terselfdertyd kan hy die mense beïndruk met sy vroomheid. Hy hoop dit sal die guns van God en van die mense verdien. Sy aanbidding spruit uit eiebelang.

En hy is vol eielof. Hy lyk so, hy loop so, hy bid so.
Hy staan opsy asof hy aan ander wil sê: "Kom nie naby my nie, want ek is heilig vir jou." (Jes. 65:5), en hy bid "by homself." Hy is heeltemal selfvoldaan en dink dat God en mens hom met dieselfde welgevalle bejeën.

Hy sê: "0 God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos

- 151 -

hierdie tollenaar nie." Hy meet sy karakter nie aan die heilige karakter van God nie, maar aan dié van ander mense. Hy dink nie aan God nie, maar aan mense. Dis die geheim van sy selfvoldaanheid.

Voorts noem hy sy goeie dade op: "Ek vas twee keer in die week, en ek gee tiendes van alles wat ek verkry." Die Fariseër se godsdiens is nie 'n sielsgodsdiens nie. Hy soek nie na 'n Goddelike karakter, 'n hart vol liefde en genade nie. Hy is tevrede met 'n godsdiens wat net die uiterlike lewe raak. Sy geregtigheid is sy eie–die vrug van sy eie dade–en hy meet dit met 'n menslike maatstaf.

Wie op homself vertrou dat hy regverdig is, sal andere verag. Soos die Fariseër homself met andere vergelyk, vergelyk hy andere ook met homself. Hy takseer sy geregtigheid volgens hulle s'n, en hoe slegter hulle is, hoe regverdiger steek hy by hulle af. Omdat hy eiegeregtig is, beskuldig hy. Hy beskuldig "ander mense" dat hulle oortreders van Gods wet is. So lê hy die einste gees van die Satan, die aanklaer van die broeders, aan die

dag. Met so 'n gees is dit vir hom onmoontlik om met God gemeenskap te hou. Hy gaan sonder die seën van God huis toe.

Die tollenaar het saam met ander aanbidders tempel toe gegaan, maar hy het hom gou onttrek omdat hy onwaardig gevoel het om saam met hulle te aanbid. Hy het ver weg gestaan "en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het" met bitter sielesmart en selfveragting "op sy bors geslaan." Hy het besef dat hy teen God gesondig het, dat hy sondig en besoedeld was. Van die omstanders kon hy selfs geen jammerte verwag nie, want hulle het hom verag. Hy wis hy had geen deug om hom by God aan te beveel nie, en hy roep wanhopig uit: "0 God, wees my, sondaar, genadig." Hy het hom nie met ander vergelyk nie.

- 152 -

Deur sy skuldgevoel oorweldig, het hy asof alleen voor God gestaan. Hy het net vergifnis en vrede verlang, sy bede was net om die genade van God. En hy is geseën. Christus het gesê: "Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een."

Die Fariseër en die tollenaar stel twee groot klasse voor waarin die aanbidders van God verdeel word. Hulle is 'n weerspieëling van die eerste twee kinders wat in die wêreld gebore is. Kain het gedink hy is regverdig en het net 'n dankoffer aan God gebring. Hy het geen sonde bely en geen behoefte aan genade erken nie. Maar Abel het met die bloed gekom wat na die Lam van God gewys het. Hy het as sondaar gekom en erken dat hy verlore was; sy enigste heil was die onverdiende liefde van God. Die Here het sy offer genadig aangesien, maar Hy het Kain en sy offer nie aangesien nie. Die besef dat ons behoeftig is, erkenning van ons armoede en sonde, is die eerste voorwaarde vir aanneemlikheid by God. "Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele." Matt. 5:3.

Vir elk van die twee groepe wat deur die Fariseër en die tollenaar voorgestel word, is daar 'n les uit die geskiedenis van die apostel Petrus. As jong dissipel het Petrus gedink hy is sterk. Soos die Fariseër het hy gedink hy is "nie soos die ander mense" nie. Toe Christus Sy dissipels die aand voordat Hy verraai is, gewaarsku het: "Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My," het Petrus vol vertroue verklaar: "Al sou almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie." (Markus 14:27, 29) Petrus was onbewus van sy eie gevaar. Selfvertroue het hom mislei. Hy het gedink hy kan versoekings



weerstaan, maar die beproewing het binne 'n paar korte ure gekom, en hy het sy Here met vloekwoorde verloën.

Toe die hanekraai hom aan Christus se woorde herinner, het hy, verbaas en geskok oor wat hy gedoen het, na

- 154 -

sy Meester gekyk. Op dieselfde oomblik het Christus na Petrus gekyk, en onder daardie bedroefde blik vol deernis en liefde vir hom, het Petrus homself verstaan. Hy het uitgegaan en bitterlik geween. Daardie blik van Jesus het sy hart gebreek. Petrus het die keerpunt bereik en hy het bitter berou oor sy sonde gehad. Soos die tollenaar het hy berou gehad en hom bekeer, en soos die tollenaar het hy genade gevind. Christus se blik het hom van vergifnis verseker.

Nou was sy selfvertroue weg. Nooit weer het hy groot-gepraat nie. Na Sy opstanding het Christus Petrus drie keer getoets.
"Simon, seun van Jona," het Hy gesê, "het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?" Nou het Petrus hom nie bo sy broeders verhef nie. Hy het hom op Hom beroep wat sy hart kon lees. "Here," het hy gesê, "U weet alles, U weet dat ek U liefhet." (Joh. 21:15, 17)

Toe kry hy sy opdrag. 'n Breër, neteliger werk as wat hy voorheen gedoen het, is aan hom opgedra. Christus het hom beveel om die skape en die lammers te laat wei. Deur hom hiermee as rentmeester aan te stel oor die siele vir wie die Heiland gesterf het, het Christus die sterkste bewys gegee dat Hy vertroue het in Petrus se herstel. Die eens so rustelose, grootpraterige, selfversekerde dissipel het stemmig en ootmoedig geword. Voortaan het hy sy Here in self-verloëning en selfopoffering gevolg. Hy het in Christus se lyding gedeel; en wanneer Christus op Sy heerlike troon sit, sal Petrus in Sy heerlikheid deel.

Die sonde wat Petrus tot 'n val gebring en die Fariseër van gemeenskap met God afgesny het, lei deesdae tot die ondergang van duisende. Niks is vir God so aanstootlik of vir die mensesiel so gevaarlik as hoogmoed en selfvoldaanheid nie. Dit is van alle sondes die hopeloosste, die ongeneeslikste.

- 155 -

Petrus het nie skielik geval nie, dit het geleidelik gekom. Selfvertroue het hom laat glo hy is gered, en hy is stap vir stap na benede totdat hy sy

Meester kon verloën. Ons kan nooit met veiligheid op onsself vertrou of duskant die hemel voel dat ons teen versoekings veilig is nie. Diegene wat die Heiland aanneem, al is hulle bekering ook hoe opreg, moet nooit geleer word om te voel of te sê dat hulle verlos is nie. Dit is misleidend. Elkeen moet geleer word om hoop en geloof te koester; maar selfs wanneer ons ons aan Christus gee en weet dat Hy ons aanneem, is ons nog nie buite die bereik van versoekings nie. Gods Woord verklaar: "Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word." Dan. 12:10. Net hy wat die versoeking verdra, sal die kroon van die lewe ontvang. (Jak. 1:12)

Hulle wat Christus aanneem en in hulle eerste vertroue sê: Ek is verlos, loop gevaar om op hulleself te vertrou. Hulle vergeet hulle eie swakheid en hulle gedurige behoefte aan Goddelike krag. Hulle is ongereed vir die Satan se lis, en onder versoeking val baie, soos Petrus, in die diepte van die sonde. Ons word vermaan: "Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie." 1 Kor. 10:12. Ons enigste veiligheid is om die self gedurig te wantrou en op Christus te vertrou.

Dit was noodsaaklik dat Petrus die gebreke in sy eie karakter en sy behoefte aan krag en genade van Christus leer ken. Die Here kon hom nie uit beproewing red nie, maar Hy kon hom van die neerlaag gered het. As Petrus Christus se waarskuwing gewilliglik aanvaar het, sou hy nugter gewees het om te kan bid.
Hy sou met vrees en bewing gewandel het dat sy voete nie struikel nie. En hy sou van God hulp ontvang het sodat die Satan nie die oorwinning sou kon behaal het nie.

Dit was weens eiewaan dat Petrus geval het, en dit was deur berou en vernedering dat hy weer op sy voete gekom het. In sy verhaal is daar vir elke boetvaardige sondaar bemoediging. Hoewel Petrus ernstig gesondig het, was

- 156 -

hy nie verlate nie. Christus se woorde is in sy siel gegrif: "Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie." (Lukas 22:32) In die bittere angs van sy berou het hierdie gebed en die herinnering aan Christus se blik van liefde en deernis hom met hoop vervul. Na Sy opstanding het Christus aan Petrus gedink, en Hy het aan die engel 'n boodskap vir die vroue gegee: "Gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien." (Markus 16:7) Die Heiland wat sonde vergewe, het



Petrus se berou aanvaar.

En dieselfde medelyde wat uitgegaan het om Petrus te red, is vir elke siel beskikbaar wat onder versoeking geval het. Dis die besondere lis van die Satan om mense in sonde in te lei en hulle hulpeloos en bewende daar te laat, bang om vergifnis te vra. Maar waarom dan vrees, aangesien God gesê het: "Hulle moet my beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak"? (Jes.27:5) Daar is elke voorsiening vir ons swakhede, elke bemoediging om na Christus te kom.

Christus het Sy gebroke liggaam geoffer om Gods erfenis terug te koop, om aan die mens weer 'n kans te gee. "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." Heb. 7:25. Deur Sy vlekkelose lewe, Sy gehoorsaamheid, Sy kruisdood op Golgota, het Christus vir die verlore geslag ingetree. En nou tree die Bewerker van ons saligheid nie as 'n blote petisionaris vir ons in nie, maar as Oorwinnaar wat Sy oorwinning opeis. Hy is die volmaakte offer, en as ons Middelaar voer Hy nou Sy solfopgelegde taak uit deur die wierookbak met Sy eie vlekkelose deugde en die gebede, belydenisse en danksegginge van Sy volk daarin voor God te hou. Geurig met die wierook van Sy geregtigheid styg hulle as 'n soete geur na God op. Die offer is heeltemal aanneemlik, en daar is vergifnis vir elke oortreding.

- 157 -

Christus het Hom verpand om ons plaasvervanger en borg te wees en Hy verwaarloos niemand nie. Hy wat nie kon aanskou dat mense aan die ewige verderf blootgestel word sonder om Sy siel tot die dood toe vir hulle uit te stort nie, sal elke siel wat besef dat hy hom nie self kan red nie, met medelyde en deernis bejeën.

Hy sal geen bewende smekeling aanskou sonder om hom op te hef nie. Hy wat met Sy eie soendood vir die mens 'n onuitputlike voorraad sedelike krag voorsien het, sal nie nalaat om hierdie krag tot ons voordeel te gebruik nie. Ons kan ons sondes en ons verdriet na Sy voete neem, want Hy het ons lief. Elke blik en elke woord van Hom lok ons vertroue. Hy sal ons karakters volgens Sy eie wil giet en vorm.

In die hele sataniese mag is geen krag om een siel te oorwin wat hom met eenvoudige geloof op Christus werp nie. "Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie." Jes. 40:29.

- 158 -

"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." Die Here sê: "Alleenlik, ken jou ongeregtigheid, dat jy teen die Here jou God oortree het." "Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig." 1 Joh. 1:9; Jer. 3:13; Eseg. 36:25.

Maar ons moet onsself ken, 'n kennis hê wat berou sal meebring, voordat daar vir ons vergifnis en vrede kan wees. Die Fariseër het geen oortuiging van sonde geken nie. Die Heilige Gees kon nie met hom werk nie. Sy siel was met 'n eiegeregtige pantser geklee waardeur die skerp pyle van God wat deur engele noukeurig afgeskiet is, nie kon dring nie. Christus kan net hom red wat weet dat hy 'n sondaar is. Hy het gekom "om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur." (Lukas 4:18, 19) Maar "die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie." (Lukas 5: 31) Ons moet ons ware toestand ken, anders sal ons nie weet dat ons Christus se hulp nodig het nie. Ons moet die gevaar insien, anders vlug ons nie na veiligheid nie. Ons moet die pyn van ons wonde voel, anders soek ons nie genesing nie.

Die Here sê: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien." Openb. 3: 1 7, 18. Die goud wat deur vuur gelouter is, is geloof wat deur liefde werk. Dit alleen kan ons in ooreenstemming met God bring. Ons kan bedrywig wees, baie werk doen; maar sonder liefde soos die in die hart van Christus, kan ons nooit onder die hemelse gesin getel word nie.

- 159 -

Niemand kan vanself sy foute insien nie. "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" Jer. 17:9. Die lippe spreek miskien van armoede in die siel maar die hart erken dit nie. Onderwyl ons God van ons geestelike armoede vertel, kan ons hart verwaand wees oor sy eie meerwaardige nederigheid en verhewe geregtigheid. Daar is net een manier om die self waarlik te leer ken. Ons moet Christus aanskou. Dis onkunde aangaande Hom wat mense so verwaand maak oor hulle eie geregtigheid. Wanneer ons Sy reinheid en uitmuntendheid betrag, sal ons ons eie swakheid en armoede en gebreke sien soos hulle is. Ons sal besef dat ons verlore en sonder hoop is, dat ons nog in eiegeregtigheid geklee is soos elke ander sondaar. Ons sal besef dat as ons ooit gered word dit nie weens ons eie goedheid sal wees nie, maar deur die oneindige genade van God.



Die tollenaar se gebed is verhoor omdat dit 'n vertoning was van afhanklikheid wat uitstrek om die Almag aan te gryp. Vir die tollenaar was die self niks as skande nie. So moet almal wat na God soek dit sien. Deur geloof – geloof wat alle selfvertroue verwerp – moet die behoeftige smekeling die oneindige krag aangryp.

Geen uiterlike gebruik kan eenvoudige geloof en algehele selfverloëning vervang nie. Maar geen mens kan hom van die self ontledig nie. Ons kan net toestem dat Christus die werk doen. Dan sal die siel bid: "Here, neem my hart want ek kan dit nie gee nie. Dis U eiendom. Bewaar dit rein want ek kan dit nie vir U bewaar nie. Red my ondanks my swakke, onchristelike self. Giet my, vorm my, hef my op na 'n suiwere en heilige atmosfeer waar die ryke strome van U liefde deur my siel kan vloei."

Hierdie selfverloëning moet nie net aan die begin van die Christelike lewe geskied nie. Dit moet met elke voor

- 160 -

waartse stap na die hemel vernieu word. Al ons goeie werke is afhanklik van 'n krag buite onsself. Daarom moet die hart gedurig na God reik. Daar moet voortdurende, ernstige, hartverskeurende belydenis van sonde en verootmoediging van die siel voor Hom wees. Alleenlik deur die self voortdurend te verloën en op Christus te steun, kan ons veilig wandel.

Hoe nader ons aan Jesus kom en hoe duideliker ons die reinheid van Sy karakter gewaar, hoe duideliker sal ons die uiterste sondigheid van die sonde besef en hoe minder sal ons geneë wees om onsself te verhef. Diegene wat deur die hemel as heiliges erken word, is die laaste om met hulle eie goedheid te spog. Die apostel Petrus het 'n getroue dienaar van Christus geword en hy is met Goddelike lig en krag hoog vereer; hy het self gehelp om die kerk van Christus op te bou; maar Petrus het sy vreeslike vernedering nooit vergeet nie; sy sonde is vergewe, nogtans het hy

goed geweet dat net die genade van Christus kon vergoed vir die karakterswakheid wat hom tot 'n val gebring het. In homself kon hy geen rede vind om te roem nie.

Geeneen van die apostels of die profete het ooit voorgegee dat hy sondeloos is nie. Manne wat die naaste aan God geleef het, wat liewer sou sterf as om willens en wetens 'n verkeerde daad te doen, manne wat deur God met Goddelike lig en krag vereer is, het die sondigheid van hulle eie natuur bely. Hulle het nie op die vlees vertrou nie, het op geen eie geregtigheid aanspraak gemaak nie, maar het geheel en al op die geregtigheid van Christus gesteun. So sal dit met almal wees wat Christus aanskou.

Met elke voorwaartse stap in die Christelike lewe sal ons dieper berou hê. Juis aan hulle wat Sy vergifnis het, aan hulle wat Hy as Sy volk erken, sê die Here:" Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees."

- 161 -

(Eseg. 36:31) Verder sê Hy: "Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die Here is; sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here Here." (Eseg. 16:62, 63) Dan sal geen selfverheerliking oor ons lippe gaan nie. Ons sal weet dat ons net in Christus toereikend is. Ons sal soos die apostel bely: "Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie." (Rom. 7:18) "Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld." (Gal. 6:14)

Ooreenkomstig hierdie belewenis kom die bevel: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae." (Filip.2:12,13) God beveel u nie om te vrees dat Hy Sy beloftes nie sal nakom nie, dat Sy geduld sal opraak of dat Sy medelyde sal ontbreek nie. Vrees dat u wil nie aan die wil van Christus onderworpe sal wees nie, dat u erflike en aangeleerde karaktereienskappe u lewe kan oorheers. "Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. " Vrees dat die self tussen u siel en die groot Meesterwerker kan inkom. Vrees dat eiesinnigheid die verhewe doel kan verydel wat God deur u wil verrig. Vrees om op u eie krag te steun, vrees om u hand uit Christus se hand te neem en alleen die lewensweg, sonder Sy



blywende teenwoordigheid te probeer bewandel.

Ons moet alles vermy wat hoogmoed en eiewaan in die hand kan werk; daarom moet ons op ons hoede wees om nie lof of vleiery uit te deel of te ontvang nie. Dis die Satan se werk om te vlei. Dis sy werk om te vlei en te beskuldig en te veroordeel. So probeer hy die siel tot ondergang bring.

- 162 -

Diegene wat mense prys, word deur die Satan as sy werktuie gebruik. Laat die werkers vir Christus weier om lof te ontvang. Laat die self uit die oog verloor word. Net Christus moet verhoog word. Elke oog moet op Hom gerig word "wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed." (Openb. 1: 5) en elke hart moet Hom loof.

Die lewe wat die vrees van die Here koester, sal nie 'n droewige, sombere lewe wees nie. Dis die afwesigheid van Christus wat die aangesig droewig en die lewe 'n vermoeinis maak. Diegene wat vol selfagting en eieliefde is, ken geen behoefte aan 'n persoonlike, lewende verbintenis met Christus nie. Die hart wat nie op die Rots geval het nie, is trots op sy heelheid. Mense wil 'n deftige godsdiens hê. Hulle wil 'n weg bewandel wat so breed is dat hulle hulle eie eienskappe kan saamneem. Hulle eieliefde, hulle liefde vir gewildheid en roem, sluit die Heiland uit hulle harte uit, en sonder Hom is daar somberheid en droefheid. Maar Christus in die siel is 'n bron van vreugde. Vir elkeen wat Hom ontvang, is die grondtoon van die Woord van God blydskap.

"Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes." Jes. 57:15.

Dit was toe Moses in die rotsskeur geskuil het dat hy die heerlikheid van die Here aanskou het. Dit is wanneer ons in die geskeurde Rots skuil dat Christus ons met Sy eie deurboorde hand sal dek en ons sal hoor wat die Here aan Sy dienaars sê. Soos aan Moses sal die Here Hom aan ons toon as "barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe." (Exod. 34:6, 7)

Die verlossingswerk omvat gevolge wat vir 'n mens

- 163 -

moeilik is om te verstaan. "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet." 1 Kor. 2:9. Wanneer die sondaar wat deur die krag van Christus aangetrek word, nader kom en hom voor die verhewe kruis verneder, vind daar 'n nuwe skepping plaas. Daar word aan hom 'n nuwe hart gegee. Hy word 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. Heiligheid bevind dat hy niks meer kan eis nie. God self maak regverdig "wie uit die geloof in Jesus is." (Rom. 3:26) "En die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik." Rom. 8:30. Al is die skande en vernedering weens die sonde ook hoe groot, die eer en opheffing deur verlossende liefde sal selfs groter wees. Aan mense wat streef om die beeld van God gelykvormig te word, word 'n voorraad van die hemel se skatte, 'n oortreffende krag, gegee wat hulle selfs bokant die engele sal verhef wat nooit in sonde verval het nie.

"So sê die Here, die Verlosser van Israel, sy Heilige, aan die diep veragte, aan Hom wat 'n afsku is by die volk, ... Konings sal dit sien en opstaan, vorste, en hulle sal hul neerbuig ter wille van die Here wat getrou is, van die Heilige van Israel wat U uitverkies het." Jes. 49:7.

"Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word."



# "Sal God Dan Nie Reg Doen aan Sy Uitverkorenes Nie?"

**Na aanleiding van Lukas 18:1-8**

- 164 -

CHRISTUS het pas oor die tydperk net voor Sy wederkoms gepraat, en van die gevare wat Sy volgelinge sou moes beleef. Gedagtig aan daardie tyd het Hy die gelykenis vertel "met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."

"Daar was 'n regter in 'n stad," het Hy gesê, "wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty. En 'n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: "Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie, tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelik kom en my in die gesig slaan nie." Toe sê die Here: "Hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen."

Die regter wat hier uitgebeeld word, het geen ontsag

- 165 -

vir reg of medelyde met lyding gehad nie. Hy het die weduwee wat gedurig met haar saak by hom was, gereeld weggestuur. Oor en oor het sy na hom toe gekom om net maar weer met veragting behandel en van die regbank verdryf te word. Die regter het geweet dat haar saak regverdig was, en hy kon oombliklik verligting gegee het, maar hy wou nie. Hy wou sy gesag bewys en dit het hom behaag om haar tevergeefs te laat vra en pleit en soebat. Maar sy wou haar nie laat afwys of mismoedig word nie. Ondanks sy onverskilligheid en die hardheid van sy hart het sy aangehou met haar versoek totdat die regter ingestem het om haar saak te verhoor. "Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie, tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen." Om sy reputasie te red, om publisiteit oor sy partydige, eensydige oordeel te verhoed, het hy

aan die volhardende vrou reg gedoen.

"Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen." Christus skilder hier 'n skerp kontras tussen die onregverdige regter en God. Die regter het uit blote selfsug aan die weduwee se versoek toegegee, sodat hy van haar lastigheid ontslae kon raak. Hy het geen deernis of meegevoel vir haar gehad nie. Haar ellende het hom nie geraak nie. Hoe anders is Gods houding jeens diegene wat Hom soek. Die bedes van die behoeftiges en ellendiges word met oneindige meegevoel deur Hom in ag geneem.

Die vrou wat die regter om regverdigheid gesmeek het, het haar man deur die dood verloor. Arm en sonder vriende het sy geen manier gehad om haar verlore besittings terug te win nie. So ook het die mens sy verbintenis met God deur sonde verloor. Uit homself het hy geen middel tot saligheid nie. Maar deur Christus word ons digby die Vader getrek. Die uitverkorenes van God is vir Hom dierbaar. Dit is hulle wat Hy uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig, om Sy lof te verkondig, om as ligte in

- 166 -

'n donker wêreld te skyn. Die onregverdige regter het geen besondere belangstelling in die weduwee gehad wat by hom aangedring het nie, maar tog, om van haar jammerlike geroep ontslae te raak, het hy haar pleidooi aangehoor en reg aan haar gedoen teenoor haar teëparty. Maar God het Sy kinders oneindig lief. Vir Hom is die kosbaarste voorwerp op aarde Sy kerk.

"Want die Here se deel is sy volk, Jakob is sy afgemete erfdeel. Hy het hom gevind in 'n woestynland en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis; Hy het hom omring, op hom ag gegee, hom bewaak soos sy oogappel." Deut. 32:9, 10. "Want so sê die Here van die leërskare:

Hy het my gestuur agter heerlikheid aan na die nasies wat julle uitgebuit het; want wie julle aanraak, raak sy oogappel aan." Sag. 2:8.

Die weduwee se versoek, "Doen reg aan my teenoor my teëparty," stel die gebed van Gods kinders voor. Die Satan is hulle groot teenstander. Hy is die "aanklaer van ons broeders," wat hulle dag en nag voor God aankla. (Openb. 12:10) Hy werk gedurig om Gods volk verkeerd voor te stel en te



beskuldig, te verlei en te vernietig. Dit is om vrymaking van die krag van die Satan en sy werktuie dat Christus in hierdie gelykenis Sy dissipels leer om te bid.

In die profesie van Sagaria word die Satan se beskuldigingswerk asook die werk van Christus om die teenstander van Sy volk te weerstaan, uitgebeeld. Die profeet sê: "Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die Here staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae. Toe sê die Here aan die Satan: Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja, mag die Here, Wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie? En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan." Sag. 3:1-3.

Die volk van God word hier voorgestel as 'n misdadiger

- 167 -

wat voor die hof verskyn. Josua, die hoëpriester, smeek om 'n seën vir sy swaar beproefde volk. Terwyl hy voor God pleit, staan die Satan aan sy regterhand as sy teenstander. Hy kla die kinders van God aan en wil hulle saak so hopeloos moontlik voorstel. Hy vertel die Here van hulle verkeerde dade en hulle swakhede. Hy wys ophulle foute en hulle tekortkominge met die hoop dat hulle karakter in die oë van Christus van so 'n aard sal wees dat Hy geen hulp aan hulle sal verleen in hulle groot behoefte nie. Josua, as die verteenwoordiger van die volk van God, staan veroordeel, met vuil vodde geklee. Hy is bewus van die sondes van sy volk en staan neergebuig van mismoedigheid. Die Satan teister sy siel met 'n skuldgevoel wat hom byna hopeloos laat voel. Tog staan hy daar as smekeling met die Satan as teenstander.

Die Satan het reeds in die hemel sy rol van aanklaer begin. Vandat die mensdom gesondig het, is dit ook sy

- 168 -

werk op aarde en hy sal hom in 'n besondere sin daarop toelê namate ons nader aan die einde van hierdie wêreld se geskiedenis kom. Namate hy sien dat sy tyd kort is, sal hy met groter erns werk om te verlei en te vernietig. Hy is kwaad wanneer hy 'n volk op aarde sien wat, selfs in hulle swakheid en sondigheid, ontsag het vir die wet van Jehova. Hy het hom voorgeneem dat hulle God nie sal dien nie. Hy skep behae in hulle onwaardigheid, en het voorbereide planne vir elke siel, om almal te verstrik

en van God te skei. Hy probeer om God te beskuldig en te veroordeel, saam met almal wat streef om Sy planne met genade en liefde en medelyde en vergifnis in hierdie wêreld uit te voer.

Elke openbaring van Gods krag vir Sy volk wek die vyandskap van die Satan op. Elke keer as God vir hulle werk, werk die Satan en sy engele met hernieude krag om hulle ondergang te bewerkstellig. Hy is jaloers op almal wat hulle krag in Christus vind. Sy doel is om kwaad te stig, en as hy slaag, pak hy die skuld op die wat in versoeking is. Hy wys na hulle vuil klere en gebrekkige karakters. Hy wys op hulle swakheid en dwaasheid, hulle sondes van ondankbaarheid, hulle ongelykvormigheid aan Christus wat hulle Heiland oneer aangedoen het. Hy dring daarop aan dat al hierdie dinge 'n rede is wat hom die reg gee om sy wil uit te voer tot hulle vernietiging. Hy probeer hulle afskrik met die gedagte dat hulle gevalle hopeloos is, dat die vlek van hulle sonde nooit afgewas kan word nie. Hy hoop om hulle geloof te vernietig sodat hulle hulle ten volle aan sy versoekings sal oorgee, en hulle trou aan God sal opsê.

Die volk van die Here kan nie vanself 'n antwoord op die Satan se beskuldigings gee nie. Wanneer hulle na hulleself kyk, wil hulle radeloos word. Maar hulle doen 'n beroep op die Goddelike Voorspraak. Hulle pleit, verlaat hulle op die verdienste van die Heiland. God kan "regverdig ... wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is." (Rom. 3:26) Met vertroue roep die kinders van

- 169 -

die Here tot Hom om die Satan stil te maak en sy planne te verydel. "Doen reg aan my teenoor my teëparty", bid hulle; en met die groot argument van die kruis maak Christus die voorbarige beskuldiger stil.

"Toe sê die Here aan die Satan: Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja, mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" Wanneer die Satan probeer om die volk van God swart te smeer en hulle te vernietig, tree Christus tussenbeide. Hoewel hulle gesondig het, het Christus hulle sondeskuld op Sy eie siel geneem. Hy het die mensdom soos 'n brandhout uit die vuur geruk. Deur Sy menslike natuur is Hy aan die mens gebind, terwyl Hy deur Sy Goddelike natuur een is met die ewige God. Hulp word nou binne die bereik van sterwende siele gebring. Die teenstander word bestraf.

"En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan.



Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. Daarop sê ek:
Laat hulle 'n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek." En toe, met die gesag van die Here van die leërskare, het die engel 'n plegtige belofte aan Josua, die verteenwoordiger van Gods volk gemaak: "As jy in my weë wandel en as jy my verordening onderhou, dan sal jy my huis bestuur sowel as my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan" – ja, onder die engele wat die troon van God omring. (Sag. 3:3-7)

Ondanks die tekortkominge van Gods volk verwerp Christus nie die voorwerpe van Sy sorg nie. Hy het die krag om hulle gewaad te verander. Hy verwyder hulle vuil

- 170 -

klere; Hy klee die boetvaardige gelowiges met Sy eie kleed van geregtigheid, en skrywe: "vergewe," agter hulle name in die hemelse verslagboek. Hy erken voor die hemelse heelal dat hulle Syne is. Die Satan, die teenstander, word as die beskuldiger en verleier aan die kaak gestel. God sal aan Sy eie uitverkorenes reg laat geskied.

Die gebed, "Doen reg aan my teenoor my teëparty", is van toepassing nie net op die Satan nie, maar op die magte wat hy aanhits om die volk van God verkeerd voor te stel, te versoek en te verwoes. Diegene wat besluit het om die gebooie van God te bewaar, sal uit eie ondervinding weet dat hulle teenstanders het wat deur 'n mag van benede beheers word. Sulke teenstanders het Christus elke tree agtervolg–hoe aanhoudend en met watter vasberadenheid sal geen mens ooit weet nie. Christus se dissipels word net soos hulle Meester deur voortdurende versoeking agtervolg.

Die Skrifte beskrywe die toestand van die wêreld kort voor Christus se wederkoms. Die apostel Jakobus beskryf die hebsug en onderdrukking wat daar sal heers. Hy sê: "Kom nou, julle rykes. ... Julle het skatte vergader in die laaste dae. Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare. Julle het op die aarde 'n weelderige en losbandige lewe gelei; julle het jul harte vet gevoer soos op 'n slagdag. Veroordeel, vermoor het julle die regverdige; hy versit hom nie teen julle nie." Jak. 5:1-6. Dit is die prentjie van wat nou gebeur.

Deur allerlei onderdrukking en afpersing hoop mense kolossale rykdom op terwyl die geroep van die uitgehongerde mensdom voor God opkom.

"So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is; kan nie binnekom nie. Ja, die waarheid word

- 171 -

vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder." Jes. 59:14, 15. Dit is in die lewe van Christus op aarde vervul. Hy was getrou aan die gebooie van God en het die menslike oorleweringe en vereistes wat bo die gebooie verhef is, verwerp. Hieroor is Hy gehaat en vervolg. Hierdie geskiedenis word herhaal. Die wette en oorlewerings van mense word bo die wet van God verhef, en diegene wat getrou is aan Gods gebooie word beskuldig en vervolg. Weens Sy getrouheid aan God, is Christus van Sabbatskending en laster beskuldig. Daar is gesê dat Hy van 'n duiwel besete was – dat Hy self Beëlsebul is. Op dergelyke wyse word Sy volgelinge beskuldig en verkeerd voorgestel. So wil die Satan hulle laat sondig om oneer op God te bring.

Die karakter van die regter in die gelykenis, wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie, is deur Christus voorgehou om aan te toon watter soort oordeel in daardie tyd gevel is; wat ook spoedig by Sy eie verhoor sou blyk. Hy wil hê dat Sy volk in alle tye moet insien hoe min mens aardse regeerders en regters in die dag van beproewing kan vertrou. Dikwels moet die uitverkorenes van God voor amptenare staan wat nie volgens die Woord van God handel nie, maar wat hulle eie ongewyde en ongedissiplineerde drifte volg.

In die gelykenis van die onregverdige regter het Christus aangetoon wat ons moet doen. "Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie?" Christus, ons voorbeeld, het niks gedoen om Homself te verdedig of te bevry nie. Hy het Sy saak aan God toevertrou. So moet Sy volgelinge ook nie beskuldig of veroordeel, of hulle toevlug tot geweld neem om hulle te bevry nie.

Wanneer skynbaar onverklaarbare beproewings kom, moet ons ons nie daaroor verknies nie. Hoe onregverdig ons ook al behandel word, moenie toelaat dat drifte opwel nie.

- 172 -



Deur wraaksug te koester, benadeel ons net onsself. Ons vernietig ons eie vertroue in God, en bedroef die Heilige Gees. Daar is aan ons sy 'n getuie, 'n hemelse boodskapper wat 'n banier teen die vyand sal oprig. Hy sal ons met die helder strale van die Son van Geregtigheid omsluit. Verder as dit kan die Satan nie indring nie. Hy kan nie by hierdie skild van heilige lig verbykom nie. Terwyl ongeregtigheid in die wêreld toeneem, is daar nie een van ons wat hom durf vlei dat hy geen moeilikhede sal beleef nie. Maar dit is juis hierdie moeilikhede wat ons tot in die teenwoordigheid van die Allerhoogste bring. Ons kan Een raadpleeg wat oneindige wysheid besit.

Die Here sê: "Roep My aan in die dag van benoudheid." (Ps. 50:15) Hy nooi ons om Hom van ons moeilikhede en behoeftes te vertel om by Hom Goddelike hulp te soek. Hy sê ons moet in die gebed volhard. Sodra moeilikhede kom, moet ons ons opregte en ernstige gebede tot Hom rig. Deur in die gebed te volhard, bewys ons ons sterk vertroue in God. Omdat ons bewus is van ons behoefte, bid ons ernstig en ons smekinge roer die hemelse Vader.

Diegene wat vir hulle geloof beskuldig en vervolg word, kom dikwels in die versoeking om te dink dat God hulle verlaat het. Mense sien hulle vir die minderheid aan. Oënskynlik seëvier hulle vyande oor hulle. Maar hulle moet nie hulle gewetens verkrag nie. Hy wat namens hulle gely het en wat hulle smarte en beproewings gedra het, het hulle nie verlaat nie.

Die kinders van God word nie weerloos alleen gelaat nie. Gebed beweeg die arm van die Almagtige. Gebed het "koninkryke oorweldig ... geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus" – ons sal weet wat dit beteken wanneer ons hoor van martelare wat vir hulle geloof gesterf het – dryf "leërs van vreemdes op die vlug." (Heb. 11:33, 34)

- 173 -

As ons ons lewens aan Sy diens wy, kan ons nooit in omstandighede beland waarvoor God geen voorsiening gemaak het nie. Wat ons omstandighede ook al mag wees, ons het 'n Gids wat die weg aanwys; wat ons moeilikhede ook al is, ons het 'n onfeilbare Raadsman; al ken ons watter droefheid of leed of eensaamheid, ons het 'n Vriend wat met ons saamvoel. As ons in ons onkunde verkeerde stappe neem, verlaat Christus ons nie. Sy stem, helder en duidelik, sê, "Ek is die weg en die waarheid en die

lewe." (Joh. 14:6) "Want hy sal die behoeftige red wat daar roep om hulp, en die ellendige en wie geen helper het nie." Ps. 72:12.

Die Here verklaar dat Hy vereer sal word deur diegene wat tot Hom nader, wat getrou Sy diens doen. "U sal 'n

- 174 -

standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U". Jes. 26:3. Die arm van die Almagtige is uitgestrek om ons verder en steeds verder te lei. Gaan voorwaarts, sê die Here, Ek sal aan jou hulp stuur. Dit is tot verheerliking van My Naam dat jy vra, en jy sal ontvang. Ek sal geëer word voor diegene wat op jou neerlaag wag. Hulle sal sien hoe heerlik My woord triomfeer. "En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo." Matt. 21:22.

Laat almal wat geteister of onregverdig behandel word tot die Here roep. Keer u af van diegene wie se harte soos staal is en rig u versoeke tot u Skepper. Hy wys niemand weg wat in nederigheid van hart voor Hom kom nie. Nie een opregte gebed is tevergeefs nie. Te midde van die lofliedere van die hemelse koor hoor God die geroep van die swakste mensekind. Ons stort ons hartsverlange in ons binnekamers uit, ons adem 'n gebed as ons langs die weg wandel, en ons woorde bereik die troon van die Koning van die heelal. Hulle kan vir mense ore onhoorbaar wees, maar hulle kan nie in die stilte wegsterf nie, nog minder kan hulle te midde van die drukte van die dagtaak verlore raak. Niks kan die sielsverlange smoor nie. Dit styg bokant die lawaai op straat, bo die verwarring van die menigte, op na die hemelhowe. Dit is God met wie ons praat, en ons gebed word verhoor.

U wat die onwaardigste voel, moenie vrees om u saak aan God toe te vertrou nie. Toe Hy Homself in Christus vir die sonde van die wêreld gegee het, het Hy die saak van elke siel onderneem. "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" Rom. 8:32. Sal Hy nie die genadewoord wat vir ons bemoediging en krag aan ons gegee is, tot vervulling bring nie?

Daar is niks wat Christus meer verlang as om Sy erfenis van die heerskappy van die Satan te red nie. Maar voordat ons van die Satan se uitwendige mag verlos kan word, moet

- 175 -



ons van sy innerlike magte verlos word. Die Here laat beproewings toe sodat ons van aardsgesindheid, van selfsug, van harde, onchristelike karaktertrekke gereinig kan word. Hy laat toe dat die diep waters van verdrukking oor ons siele stroom sodat ons Hom kan ken en Jesus Christus wat Hy gestuur het, sodat ons diep in ons harte kan verlang om van besoedeling gereinig te word, en reiner, heiliger, gelukkiger uit die beproewing kan kom. Dikwels gaan ons met donker, selfsugtige siele in die vuuroond van beproewing in, maar as die vuurproef geduldig verduur word, sal ons die karakter van God weerspieël wanneer ons daar uitkom. Wanneer Sy doel met die beproewing verwesenlik is, sal Hy "jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag." (Ps. 37:6)

Daar is geen gevaar dat God die gebede van Sy volk sal verwaarloos nie. Die gevaar is dat hulle onder versoeking en beproewing moedeloos sal word en nie in gebed sal volhard nie.

Die Heiland het Goddelike medelye aan die Siro-Feniciese vrou bewys. Sy hart is aangeraak toe Hy haar droefheid sien. Hy het daarna verlang om haar onmiddellik die versekering te gee dat haar gebed verhoor is, maar Hy wou Sy dissipels ook 'n les leer, en dit het eers gelyk asof Hy die geroep van haar gepynigde hart verontagsaam. Toe dit duidelik word dat sy glo, het Hy haar geprys en weggestuur met die gawe waarna sy gesoek het. Die dissipels het die les nooit vergeet nie, en dit is opgeteken om van die gevolge van volhardende gebed te getuig.

Christus het self daardie onverskrokke volharding in die moederhart ingeplant. Dit was Christus wat aan die weduwee wat voor die regter gestaan en pleit het moed en deursettingsvermoë gegee het. Dit was Christus wat Jakob eeue tevore in die geheimsinnige stryd by die Jabbok met dieselfde volhardende geloof besiel het. En Hy het nie nagelaat om die vertroue wat Hy self ingeboesem het, te beloon nie.

- 176 -

Hy wat in die hemelse heiligdom woon, oordeel regverdig. Hy het meer behae in Sy volk wat in 'n sondige wêreld met versoeking worstel, as in die engeleleër wat Sy troon omring.

Die hemelse heelal toon die grootste belangstelling in hierdie stippeltjie van 'n aarde; want Christus het 'n onberekenbare prys betaal vir die siele van sy inwoners. Die Verlosser van die wêreld handhaaf die verbindingslyne tussen die hemel en die aarde, want die verlostes van die Here is hier.

Hemelse wesens besoek die aarde nog steeds soos in die dae toe hulle met Abraham en Moses gewandel en gepraat het. Te midde van die besige doenigheid van ons groot stede, te midde van die menigtes wat saamdrom op die paaie en in ons markte waar mense hulle van die oggend tot die aand gedra asof besigheid en sport en vermaaklikheid alles is wat in die lewe tel, waar so min die onsigbare werklikhede bedink – selfs hier het die hemel nog sy wagters en sy heiliges. Daar is onsigbare magte wat elke woord en daad van die mens waarneem. In elke byeenkoms vir sake of vermaaklikheid, in elke samekoms vir aanbidding, is daar meer luisteraars as wat met die natuurlike oog gesien kan word. Soms trek die hemelse boodskappers die gordyn wat die onsigbare wêreld versluier opsy, sodat ons gedagtes weggetrek kan word van die gejaag en drukte van die lewe om na te dink oor die feit dat daar onsigbare getuies is wat alles weet wat ons doen of sê.

Ons het 'n beter begrip nodig van die sending van besoekende engele as wat ons nou het. Ons moet onthou dat hemelse wesens in al ons werksaamhede met ons saamwerk. Onsigbare leërmagte van lig en krag vergesel die sagmoediges en nederiges wat die beloftes van God glo en daarop aanspraak maak. Gerubs en Serafs en kragtige engele – tienduisend maal tienduisend en duisende van duisende – staan aan Sy regterhand, "almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe." (Heb. 1:14)

- 177 -

Hierdie engelboodskappers hou 'n noukeurige verslag van die woorde en dade van die mensekinders. Elke daad van wreedheid en onreg teenoor Gods volk, alles wat hulle deur die mag van bewerkers van ongeregtigheid moet ly, word in die hemel opgeteken.

"Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen."

"Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie." Heb. 10:35-37.

"Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby." Jak. 5:7, 8.



Die lankmoedigheid van God is wonderlik. Die reg wag lank terwyl genade met die sondaar pleit. Maar "geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon." (Ps. 97:2) "Die Here is lankmoedig, maar groot van krag; en nooit laat die Here ongestraf bly nie. Sy weg is in warrelwind en in storm, en wolke is die stof van sy voete." Nahum1:3.

Die wêreld het vermetel geword in die oortreding van Gods wet. Weens Sy langdurige verdraagsaamheid het die mensdom Sy gesag vertrap. Hulle het mekaar in verdrukking en in wreedheid teenoor Sy erfenis gesterk, en gesê, "Hoe sou God dit weet, en sou daar kennis by die Allerhoogste wees? (Ps. 73: 11) Maar daar is perke wat hulle nie kan oorskry nie. Die tyd is naby wanneer hulle die vooraf

- 178 -

bepaalde perke sal bereik het. Selfs nou reeds het hulle byna die grenslyne van die lankmoedigheid van God, die perke van Sy genade, van Sy ontferming oorskry. Die Here sal ingryp om Sy eie eer te handhaaf, om Sy volk te red, en om die opkomende gety van ongeregtigheid te keer.

In die tyd van Noag het die mensdom die wet van God geminag totdat byna elke herinnering aan die Skepper van die aarde verdwyn het. Hulle ongeregtigheid het sulke hoogtes bereik dat die Here 'n watervloed op die aarde gebring en die bewoners daarvan uitgewis het.

Van eeu tot eeu het die Here die manier waarop Hy te werk gaan, bekend gemaak. In 'n krisis het Hy Hom geopenbaar en ingegryp om die voltrekking van die Satan se planne te verhinder. Met nasies, met gesinne, met enkelinge het Hy dikwels toegelaat dat sake 'n krisis bereik sodat mense van Sy tussenkoms kennis kon neem. Dan het Hy dit duidelik laat blyk dat daar 'n God in Israel is wat Sy wet sal handhaaf en Sy volk sal verdedig.

In hierdie tyd van heersende ongeregtigheid kan ons weet dat die laaste groot krisis ophande is. Sodra Gods wet feitlik orals getrotseer word, wanneer Sy volk deur hulle medemense verdruk en geteister word, sal die Here intree.

Die tyd is naby wanneer Hy sal sê: "Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan. Want kyk, die Here sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle

te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie." Jes. 26:20, 21. Mense wat voorgee om Christene te wees, kan die armes nou bedrieg en onderdruk; hulle kan weduwees en wese beroof; hulle kan hulle Sataniese haat koester omdat hulle die gewetens van Gods volk nie kan beheers nie, maar vir al hierdie dinge sal God hulle in die oordeel bring. "Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie." Jak.2:13. Dit sal nie lank wees voordat hulle voor die Regter van die hele aarde sal staan om rekenskap

- 179 -

te gee van die leed wat hulle die liggame en siele van Sy erfdeel aangedoen het nie. Hulle kan nou nog valse beskuldigings maak, hulle kan diegene bespot wat God aangestel het om Sy werk te doen, hulle kan Sy gelowiges aan die gevangenis, die kettinggangers, ballingskap of die dood oorgee, maar vir elke smart, vir elke traan sal hulle verantwoording moet doen. God sal hulle dubbel vergeld vir hulle sondes. Aangaande Babilon, die simbool van die afvallige kerk, sê Hy aan die bedienaars van die oordeel:

"Haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het." (Openb. 18:5, 6.)

Uit Indië, uit Afrika, uit China, uit die eilande van die see, van die vertrapte miljoene van die sogenaamd Christelike lande styg die geroep van menslike lyding op tot God. Daardie geroep sal nie lank onbeantwoord bly nie. God sal die aarde van sy sedelike korrupsie reinig, nie deur 'n watervloed soos in Noag se dag nie, maar deur 'n vlammesee wat geen mens sal kan blus nie.

"Dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." Dan. 12:l.

Uit solderkamers, uit krotte, uit kerkers, van skavotte, uit berge en woestyne, uit die spelonke van die aarde en dieptes van die see, sal Christus Sy kinders bymekaarmaak. Op die aarde was hulle verlate, geteister en gefolter. Miljoene het belaai met skande na hulle grafte gegaan omdat hulle geweier het om voor die misleidings van die Satan te swig. Menslike howe het bevind dat die kinders van God die laagste misdadigers was.



Maar die dag is naby en "God staan gereed om te oordeel." (Ps. 50:6) Dan sal die aardse besluite nietig verklaar word. "Hy sal die smaad van sy

- 180 -

volk van die hele aarde af wegneem." Jes. 25:8. Witklere sal aan elkeen van hulle gegee word. (Openb. 6:11) "En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die Here." Jes. 62:12.

Wat ook al die kruis wat hulle moes dra, wat ook al die verlies wat hulle moes ly, wat ook al die vervolging wat hulle moes verduur, tot selfs die verlies van hulle tydelike lewe, word die kinders van God ruim vergoed. "Hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees." Openb. 22:4.

# "Hierdie Man Ontvang Sondaars"

**Na aanleiding van Lukas 15:1-10**

- 185 -

DIE rabbi's het laat blyk dat hulle ontevrede was omdat die "tollenaars en sondaars" om Christus saamgedrom het. "Hierdie man ontvang sondaars" het hulle gesê, "en eet saam met hulle."

Deur hierdie beskuldiging het hulle geskimp dat Christus graag met die sondaars en slegte mense omgegaan het, en dat Hy onbewus was van hulle sondigheid. Die rabbi's was teleurgesteld in Jesus. Waarom het iemand wat sy karakter so verhewe voorgedoen het, nie met hulle omgegaan en hulle metodes van onderrig toegepas nie? Waarom het Hy so beskeie en onder alle klasse gewerk? As Hy 'n ware profeet was, het hulle gesê, sou Hy met hulle saamstem en tollenaars en sondaars verontagsaam soos hulle verdien. Hierdie beskermhere van die samelewing was kwaad omdat Hy met wie hulle gedurig in stryd was, wie se rein lewe nogtans hulle ontsag afgedwing en hulle veroordeel het, met sulke duidelike simpatie met die uitvaagsels van die samelewing omgaan. Hulle het nie Sy metodes goedgekeur nie. Hulle het gemeen hulle is geleerd, verfynd en by uitstek godsdienstig, maar Christus se voorbeeld het hulle selfsug ontbloot.

- 186 -

Hulle was ook vertoornd omdat diegene wat veragting vir die rabbi's getoon het, wat nooit in die sinagoges gesien is nie, rondom Jesus saamgedrom en met gespanne aandag na Sy woorde geluister het. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het in daardie reine teenwoordigheid veroordeeld gevoel; hoe was dit dan dat tollenaars en sondaars tot Jesus aangetrokke was?

Hulle het nie geweet dat die verduideliking juis in hulle eie minagtende woorde, "Hierdie man ontvang sondaars," te vinde was nie. Die siele wat na Jesus gekom het, het in Sy teenwoordigheid gevoel dat daar selfs vir hulle ontvlugting uit die sondemoeras was. Die Fariseërs het hulle net verag en

veroordeel, maar Christus het hulle begroet as kinders van God wat wel vervreemd was van die Vaderhuis, maar nie deur die Vaderhart vergete nie. En dit was juis weens hulle ellende en sonde dat Hy vir hulle soveel meer meegevoel gehad het. Hoe verder hulle van Hom weggedwaal het, hoe ernstiger was Sy verlange en groter Sy opoffering om hulle te red.

Die leermeesters van Israel kon al hierdie dinge uit die heilige boeke geleer het, wat hulle met soveel trots bewaar en uitgelê het. Dawid het mos geskryf – dieselfde Dawid, wat in dodelike sonde geval het – "Ek het gedwaal soos 'n verlore skaap; soek u kneg." (Ps. 119:176) Ook Miga het Gods liefde vir die sondaar geopenbaar toe hy gesê het:

"Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid." Miga 7:18.

### *DIE VERLORE SKAAP*

Hierdie keer het Christus Sy toehoorders nie aan die Skrifwoord herinner nie. Hy het hom op die getuienis van hulle eie ondervinding beroep. Die wyd uitgestrekte tafellande aan die oostekant van die Jordaan het oorvloedige weiding vir vee aangebied, en deur die klowe en oor die be-

- 187 -

boste heuwels het menige verlore skaap gedwaal om weer deur 'n sorgsame herder gesoek en teruggebring te word. In die geselskap rondom Jesus was herders en ook persone wat geld in troppe vee belê het, en almal kon Sy voorstelling waardeer: "Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die nege-en-negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie?"

Hierdie siele wat julle verag, het Jesus gesê, is die eiendom van God. Deur skepping en verlossing is hulle Syne, en hulle is waardevol in Sy oë. Net soos die herder sy skape liefhet en nie kan rus as daar selfs een weg is nie, so het God elke verstote siel oneindig meer lief. Mense ontken miskien dat Sy liefde 'n aanspraak op hulle het, hulle dwaal miskien van Hom weg en kies dalk 'n ander meester; tog behoort hulle aan God, en Hy verlang om Sy eie terug te win. Hy sê: "Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg: en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van



wolke en donkerheid." (Eseg. 34:12)

In die gelykenis gaan die herder uit om na een skaap te soek–die minste wat getel kan word. So sou Christus, al was daar net een verlore siel, vir daardie een gesterf het.

Die skaap wat van die kudde weggedwaal het, is die hulpeloosste van alle skepsele. Die herder moet daarna soek, want dit kan nie self terugkom nie. So ook met die siel wat van God weggedwaal het, hy is so hulpeloos soos 'n verdwaalde skaap, en as Goddelike liefde hom nie kom red het nie, sou hy nooit na God terugkeer nie.

Die herder wat ontdek dat een van sy skape makeer, kyk nie onverskillig na sy trop wat veilig in die kraal is, en sê, "Ek het negen-en-negentig, en dit sal vir my te veel moeite kos om na die verdwaalde een te gaan soek, laat

- 188 -

hom terugkom en Ek sal die deur van die skaapkraal oopmaak en hom inlaat" nie. Nee; skaars het die skaap verdwaal of die herder is bedroef en bekommerd. Hy tel sy kudde en tel hulle weer. As hy seker is dat een van die skape makeer, gaan hy nie slaap nie. Hy los die nege-en-negentig in die kraal en gaan die verdwaalde skaap soek. Hoe donkerder en stormagtiger die nag en hoe gevaarliker die weg, hoe groter die herder se angs en hoe ernstiger soek hy. Hy doen alles in Sy vermoë om daardie een verlore skaap te vind.

Met watter verligting hoor hy in die verte die eerste effense geblêr. Hy klim teen die hoogste steiltes agter die geluid aan en waag sy lewe tot aan die rand van die afgrond. So soek hy verder terwyl die geblêr al sagter word en hom laat weet dat die skaap byna dood is. Uiteindelik word sy moeite beloon en die verlorene word gevind. Dan raas hy nie met hom omdat hy hom soveel moeite veroorsaak het nie. Hy jaag hom nie met 'n sweep aan nie. Hy probeer hom selfs nie huis toe lei nie. In sy vreugde neem hy die bewende dier op sy skouers. As hy gekneus en gewond is, neem hy hom in sy arms en druk hom aan sy bors sodat die warmte van sy eie hart aan hom lewe kan gee. Met dankbaarheid dat sy soektog nie verniet was nie, dra hy hom na die kudde terug.

Dank God, Hy het geen droewige toneel voor ons verbeelding geskilder van 'n bedroefde herder wat sonder die skaap terugkeer nie. Die gelykenis spreek nie van mislukking nie, maar van sukses en die vreugde van herwinning. Hier is die Goddelike waarborg dat selfs nie een van die verlore

skape van Gods kudde oorgesien word nie. Nie een word sonder hulp gelaat nie. Christus sal elkeen wat hom oorgee om vrygekoop te word, uit die put van verdorwenheid en uit die dorings van sonde red.

Wanhopige siel, hou moed, selfs al het u verkeerd gehandel. Moenie dink dat God *miskien* u sondes sal vergewe

- 189 -

en u sal toelaat om in Sy teenwoordigheid te kom nie. God het die eerste toenadering gesoek. Terwyl u in opstand was teen Hom, het Hy u gaan soek. Met die tere hart van die herder het Hy die nege-en-negentig agtergelaat en in die woestyn na die verdwaalde gaan soek. Om die siel wat gekneus en gewond is, wat gereed is om te sterf, slaan Hy Sy arms van liefde, en met vreugde dra Hy hom na die veilige kraal.

Die Jode het geleer dat die sondaar hom moet bekeer voordat Gods liefde tot hom uitgereik kan word. In hulle oog is bekering die werk waardeur die mens die guns van God moes verdien. En dit was hierdie gedagte wat die Fariseërs in verbasing en woede laat uitroep het: "Hierdie man ontvang sondaars." Hulle het gemeen Hy moes niemand toelaat om Hom te nader behalwe diegene wat tot bekering gekom het nie. Maar in die gelykenis van die verlore skaap het Christus geleer dat redding nie kom deurdat ons God soek nie, maar deurdat God ons soek. "Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk." Rom. 3:11, 12. Ons kom nie tot bekering sodat God ons moet liefhê nie, maar Hy openbaar Sy liefde aan ons sodat ons tot bekering kan kom.

Wanneer die verdwaalde skaap uiteindelik huis toe gebring word, sing die herder sy welluidende dank- en vreugdelied. Hy roep sy vriende en bure en sê aan hulle: "Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was." So ook wanneer die groot Herder van die skape 'n verdwaalde skaap vind, hef die hemel en die aarde saam 'n dank- en vreugdelied aan.

"Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie." Julle Fariseërs, het Christus gesê, dink dat julle die gunstelinge van die hemel is. Julle dink dat julle veilig in julle eie geregtigheid rus. Julle moet dan weet dat as julle



- 190 -

geen bekering nodig het nie, My sending nie op julle betrekking het nie. Hierdie arme siele wat hulle armoede en sondigheid voel – dit is juis hulle wat Ek kom red het. Die engele van die hemel stel belang in hierdie verlorenes wat julle verag. Julle kla en trek julle neus op wanneer een van hierdie siele hom by My aansluit; maar weet dit dat engele hulle verheug en 'n triomflied klink in die hemelhowe daarbo.

Die rabbi's het 'n gesegde gehad dat daar vreugde in die hemel is as iemand wat teen God gesondig het, vernietig word: maar Jesus het geleer dat die werk van vernietiging vir God 'n vreemde werk is. Die ganse hemel verheug hom wel in die herstel van Gods eie beeld in die siele wat Hy geskape het.

Wanneer iemand wat ver in die sonde verdwaal het, probeer om na God terug te keer, sal hy kritiek en wantroue ondervind. Sommige sal twyfel of sy bekering opreg is, of hulle sal fluister: "Hy het geen vastigheid nie; ek glo nie dat hy sal kan volhou nie." Hierdie mense doen nie die werk van God nie, maar die werk van die Satan, wat die aanklaer van die broeders is. Deur hulle kritiek wil die Bose daardie siel mismoedig maak en steeds verder wegdryf van hoop en van God. Laat die boetvaardige sondaar nadink oor die vreugde in die hemel oor die terugkeer van die een wat verlore was. Laat hom rus vind in die liefde van God en geensins mismoedig voel oor die veragting en agterdog van die Fariseërs nie.

Die Rabbi's het verstaan dat Christus se gelykenis op die tollenaars en sondaars van toepassing was, maar dit het ook 'n breër betekenis gehad. Deur die verlore skaap stel Christus nie net die individuele sondaar voor nie, maar die een wêreld wat afvallig geword het en deur sonde verwoes is. Hierdie wêreld is net 'n atoom in die groot heelal waaroor God regeer, nogtans is hierdie gevalle wêreldjie die een verlore skaap-kosbaarder in Sy oë as die nege-en-negentig wat nie van die kudde weggedwaal het nie. Christus, die geliefde Bevelvoerder van die hemelse howe

- 191 -

het Homself verneder; Hy het afstand gedoen van die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het om die een verlore wêreld te red. Hiervoor het Hy die sondelose wêrelde daar bo verlaat – daardie nege-en-negentig wat Hom liefgehad het – en na hierdie aarde gekom om "ter wille van ons oortredinge deurboor" en "ter wille van ons ongeregtighede ... verbrysel" te

word (Jes. 53:5) God het Homself in Sy Seun gegee sodat Hy die vreugde kan smaak om die verlore skaap terug te kry.

"Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word." 1 Joh. 3:l. En Christus sê: "Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur." (Joh. 17:18) – om aan te vul "die oorblyfsels van die verdrukkinge van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is." (Kol. 1:24) Elke siel wat Christus gered het, is geroep om in Sy Naam te werk vir die wat verlore is. Hierdie werk was in Israel verwaarloos. Word dit nie vandag deur diegene verwaarloos wat bely dat hulle Christus se volgelinge is nie?

Hoeveel van die verdwaaldes het u, geagte leser, gaan soek en na die kudde teruggebring? Wanneer u, u van diegene afwend wat onbelowend en onaantreklik skyn te wees, besef u dat u besig is om siele te verwaarloos na wie Christus soek? Juis op daardie oomblik wanneer u hulle verwerp, kan hulle in die grootste behoefte vir u meegevoel verkeer. In elke godsdienstige byeenkoms is daar siele wat na rus en vrede verlang. Dit kan voorkom of hulle onverskillig leef, maar hulle is nie onbewus van die invloed van die Heilige Gees nie. Baie van hulle kan vir Christus gewen word.

As die verlore skaap nie na die kudde teruggebring word nie, dwaal hy totdat hy sterf. En baie siele word verwoes omdat daar nie 'n uitgestrekte hand was om te red nie. Hierdie sondiges kom miskien hard en onverskillig voor, maar as hulle dieselfde voordele gehad het wat andere gehad het, sou hulle miskien 'n veel groter eerbaarheid en meer talente vir diensbaarheid aan die dag gelê het.

- 192 -

Engele bejammer hierdie verdwaaldes. Engele ween terwyl menslike oë droog is en harte sonder meegevoel gesluit is. O, die gebrek aan diepe, sielroerende meegevoel vir die versoektes en dwalendes! Was daar net meer van Christus se gees en minder, veel minder, van die self.

Die Fariseërs het verstaan dat Christus se gelykenis vir hulle 'n teregwysing was. Pleks dat Hy hulle kritiek oor Sy werk aanvaar het, het Hy hulle vir hulle verwaarlosing van die tollenaars en sondaars tereggewys. Hy het dit nie openlik gedoen nie om te verhoed dat dit hulle harte teen Hom sou sluit, maar Sy illustrasie het hulle op die eintlike werk gewys wat God van hulle verlang het en wat hulle versuim het om te doen. As hulle ware herders was, sou hierdie leiers van Israel die werk van 'n herder gedoen het. Hulle sou die genade en liefde van Christus geopenbaar het en sou saam met Hom Sy sending verrig het. Hulle weiering om dit te doen het bewys dat hulle beweerde vroomheid vals was. Daar was wel baie wat Christus se teregwysinge verwerp het, nogtans het Sy woorde sommige oortuig. Na Christus se hemelvaart het die Heilige Gees op hierdie persone gekom, en hulle het hulle met die dissipels verenig in die werk wat in die gelykenis van die verlore skaap uiteengesit word.



### *DIE VERLORE SILWERSTUK*

Nadat Christus die gelykenis van die verlore skaap gespreek het, het Hy 'n ander vertel, en gesê: "Of watter vrou wat tien pennings het, as sy een penning verloor, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie?"

In die Ooste het die huise van die armes gewoonlik uit net een vertrek bestaan; dikwels vensterloos en donker. Die vertrek is selde uitgevee en 'n muntstuk wat op die vloer val, sou gou onder stof en rommel bedek word. Om dit te vind, selfs bedags, moes 'n kers opgesteek en die huis deeglik uitgevee word.

- 193 -

Die vrou se bruidskat het gewoonlik uit geldstukke bestaan wat sy versigtig as haar kosbaarste besitting bewaar het, en wat onder haar dogters verdeel sou word. Om een van hierdie stukke te verloor, sou as 'n ernstige ramp beskou word, en om dit weer te vind as 'n rede tot groot blydskap waarin die buurvroue sou deel.

"En as sy dit kry," het Christus gesê, "roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het. So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

Hierdie gelykenis, soos die vorige een, stel die verlies van iets voor wat, as dit sorgvuldig gesoek word, weer met groot vreugde gevind sal word. Maar die twee gelykenisse stel verskillende klasse voor. Die verlore skaap weet dat hy verlore is. Hy het die herder en die kudde verlaat en kan hom nie self red nie. Dit stel diegene voor wat besef dat hulle van God geskei is, en in 'n wolk van onsekerheid, en in vernedering en groot versoeking verkeer. Die verlore muntstuk stel diegene voor wat verlore is in oortredinge

en sonde, maar wat geensins bewus is van hulle toestand nie. Hulle is van God vervreemd, maar hulle weet dit nie. Hulle siele is in gevaar, maar hulle is

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*" 'n Kudde verlore skape was my volk; hulle herders het hulle laat dwaal, hulle weggevoer na die berge toe; hulle het gegaan van berg na heuwel, hulle het hul lêplek vergeet." Jer. 50:6. "Ek het gedwaal soos 'n verlore skaap; soek u kneg, want u gebooie vergeet ek nie." Ps. 119:176.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

- 194 -

onbewus daarvan en ongeërg. In hierdie gelykenis leer Christus dat selfs diegene wat onverskillig staan teenoor die aansprake van God, die voorwerpe van Sy bejammerende liefde is. Hulle word gesoek sodat hulle na God teruggebring kan word.

Die skaap het vêr van die kudde weggedwaal. Hy het in die woestyn of op die berge verdwaal. Die silwerstuk was in die huis verlore. Dit was naby, maar dit kon net na 'n sorgvuldige soektog teruggevind word.

Hierdie gelykenis is 'n les vir gesinne. In die huisgesin heers daar dikwels groot onverskilligheid wat sy siele betref. Onder hulle kan een wees wat van God vervreemd is, maar hoe min bekommer hulle hulle oor die feit dat een van Gods toevertroude gawes in die gesinsverhouding verlore kan gaan.

Die muntstuk bly 'n silwerstuk al lê dit tussen die stof en die rommel. Die besitter soek dit omdat dit waardevol is. So beskou God elke siel, al is hy hoe in sonde versonke, as kosbaar. Net soos die muntstuk die beeld en opskrif van die regerende mag dra, so het die mens by sy skepping die beeld en opskrif van God gedra, en hoewel dit nou deur die invloed van sonde geskend en verdof is, bly die tekens van hierdie opskrif nog op elke siel. God verlang om daardie siel te herwin en opnuut Sy eie beeld in geregtigheid en heiligheid daarop af te druk.

Die vrou in die gelykenis soek naarstiglik na haar verlore muntstuk. Sy steek 'n kers op en vee die huis uit. Sy verwyder alles wat haar soektog kan verhinder. Alhoewel daar net een stuk soek geraak het, sal sy nie ophou om te soek voordat sy daardie geldstuk gevind het nie. So moet daar ook as een lid van die gesin vir God verlore is, van elke middel gebruik gemaak word om hom terug te win. Laat die ander lede van die gesin hulleself



deeglik ondersoek. laat die lewensgewoontes nagegaan word. Kyk of daar nie een of ander fout is, enige verkeerde manier waarop die gesin gehanteer word, waardeur die siel in onboetvaardigheid gehard word nie.

- 195 -

As daar een kind in die gesin is wat onbewus is van sy sondige toestand, moet die ouers nie rus nie. laat die kers opgesteek word. Ondersoek die Woord van God, en laat alles in die huis met sy lig ondersoek word om uit te vind waarom die kind verlore is. laat die ouers hulle eie harte ondersoek, hulle gewoontes en doen en late. Kinders is die erfenis van die Here en ons moet aan Hom verantwoording doen vir die manier waarop ons Sy eiendom hanteer.

Daar is vaders en moeders wat graag in 'n buitelandse sendingveld wil werk; daar is vele wat aktief aan Christelike werk buite die huis deelneem, terwyl hulle eie kinders vreemdelinge is vir die Heiland en Sy liefde. Die ouers vertrou die werk om hulle kinders vir Christus te wen, aan die predikant of aan die Sabbatskoolonderwyser toe, maar sodoende versuim hulle hul eie Godgegewe verantwoordelikheid. Die hoogste diens wat ouers vir God kan doen, is om hulle eie kinders op te voed en te leer om Christene te wees.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê:*
*Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie:" lukas 18:16, 17.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Dit is werk wat geduldige arbeid vereis, 'n lewenslange sorgvuldige en volgehoue poging. As ons hierdie verantwoordelikheid verwaarloos, bewys ons dat ons ontroue rentmeesters is. Geen verskoning vir so 'n versuim is vir God aanneemlik nie.

Maar diegene wat skuldig was aan verwaarlosing moet nie wanhopig word nie. Die vrou wie se muntstuk soek geraak het, het gesoek totdat sy dit gevind het. Laat ouers net so deur liefde, geloof en gebed vir hulle huisgesinne werk totdat hulle met vreugde na God kan kom en kan sê:

- 196 -

"Hier is ek en die kinders wat die Here my gegee het." (Jes. 8:18) Dit is ware

tuissendingwerk en dit help diegene wat dit doen net soveel as diegene vir wie dit gedoen word. Deur ons getroue belangstelling in die huiskring, berei ons ons voor om vir die lede van die Here se gesin te werk, met wie ons, as ons getrou is, deur die eeue van die ewigheid sal saamwoon. In ons broeders en susters in Christus moet ons dieselfde belangstelling toon as die lede van 'n gesin vir mekaar.

En dit is Gods plan dat hierdie werk ons geskik sal maak om vir nog andere te werk. Namate ons simpatie en liefde toeneem, sal ons orals werk vind om te doen. Gods groot huisgesin behels die hele wêreld en nie een lid daarvan mag verontagsaam en verwaarloos word nie.

Waar ons ook al is, daar wag die verlore silwerstuk om gesoek te word. Soek ons daarna? Dag na dag ontmoet ons diegene wat niks in godsdienstige sake belang stel nie. Ons praat met hulle, ons besoek hulle. Stel ons belang in hulle geestelike welsyn? Hou ons Christus aan hulle voor as die Heiland wat sonde vergewe? Met ons eie harte warm met die liefde van Christus, vertel ons hulle van daardie liefde? As ons dit nie doen nie, hoe sal ons hierdie siele wat vir ewig verlore is in die oë kan kyk wanneer ons saam met hulle voor die troon van God te staan kom?

Die waarde van 'n siel, wie kan dit bereken? As u dit wil weet, gaan na Getsemane en waak daar saam met Christus deur daardie ure van angs, toe Hy as't ware groot druppels bloed gesweet het. Aanskou die Heiland aan die kruis opgehef. Luister na daardie wanhopige uitroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?." (Markus 15:34) Kyk na die gewonde hoof, die deurboorde sy, die gekweste voete. Onthou dat Christus alles gewaag het. Vir ons saligheid is die hemel self in gevaar gestel. Aan die voet van die kruis kan u die waarde van 'n siel bereken as u onthou dat Christus vir één sondaar Sy lewe sou neergelê het.

- 197 -

As u met Christus in gemeenskap is, sal u dieselfde waarde as Hy aan elke mens heg. U sal vir andere dieselfde innige liefde voel wat Christus vir u gevoel het. Dan sal u in staat wees om diegene vir wie Hy gesterf het, te wen, nie te dryf nie, aan te trek, nie af te stoot nie. Geeneen sou ooit na God teruggebring gewees het as Christus nie 'n persoonlike poging vir hulle aangewend het nie; en dit is deur hierdie persoonlike werk dat ons siele kan red. As u diegene sien wat neerdaal na die dood, sal u nie in stille onverskilligheid en gemaksug rus nie. Hoe groter hulle sonde, en



hoe dieper hulle ellende, hoe ernstiger en teerder sal u pogings wees om hulle te herwin. U sal die behoefte gewaar van diegene wat ly, wat teen God gesondig het en gebuk gaan onder die las van sonde. U hart sal saam met hulle voel en u sal 'n helpende hand na hulle uitreik. In u arms van geloof en liefde sal u hulle na Christus bring. U sal oor hulle waak en hulle bemoedig, en u meegevoel en vertroue sal dit vir hulle moeilik maak om onstandvastig te word.

Die engele van die hemel staan gereed om u met hierdie werk te help. Al die hulpmiddels van die hemel is tot die beskikking van diegene wat trag om die verlorenes te soek. Engele sal u help om die onverskilligste en gehardste persone te bereik. En as een na God teruggebring word, is die ganse hemel verheug; serafs en gerubs bespeel hulle goue harpe en sing lofliedere tot eer van God en die Lam vir Hulle genade en liefde teenoor die mensekinders.

# "Verlore en Is Gevind"

**Na aanleiding van Lukas 15:11-32**

- 198 -

DIE gelykenisse van die verlore skaap, die verlore muntstuk en die verlore seun, verduidelik aan ons Gods medelydende liefde vir diegene wat van Hom weggedwaal het. Hoewel hulle God verwerp het, laat Hy hulle nie net so in hulle ellende bly nie. Hy is vol goedheid en tere meegevoel teenoor almal wat aan die versoekings van die slinkse vyand blootgestel is.

Die gelykenis van die verlore seun vertel hoe die Here met diegene handel wat eenmaal die Vader se liefde geken het, maar toegelaat het dat die versoeker hulle na willekeur gevange neem.

" 'n Man het twee seuns gehad. En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel. En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n vêr land."

Hierdie jongste seun het moeg geword vir die beperkinge in sy vader se huis. Hy het gedink dat sy vryheid ingeperk was. Sy vader se liefde en sorg vir hom het hy verkeerd voorgestel, en hy het besluit om sy eie kop te volg.

- 199 -

Die jongman erken geen verpligting teenoor sy vader nie en spreek ook geen dankbaarheid uit nie, en tog maak hy aanspraak op sy voorreg as kind om deel te hê aan sy vader se besittings. Die erfenis wat hom met sy vader se dood te beurt sou val, wil hy nou hê. Hy dink net aan die genietinge van die oomblik en gee nie vir die toekoms om nie.

Nadat hy die vaderlike erfdeel ontvang het, gaan hy na 'n ver land, weg van sy vader se huis. Met volop geld, en die vryheid om te maak soos hy wil, vlei hy hom dat hy die verlange van sy hart verkry het. Daar is niemand om te sê: "Moenie so maak nie, want dit sal skadelik vir jou wees"; of: "Doen dit, want dit is reg, nie. Slegte maats help hom om dieper in sonde in te sak, en hy verkwis sy eiendom "deur losbandig te lewe."

Die Bybel praat van mense wat "voorgee dat hulle wys is," maar "hulle [het] dwaas geword." (Rom.1:22); en dit is die verhaal van die jongman in die gelykenis. Hy verkwis die rykdom wat hy selfsugtig van sy vader geëis

het op hoere. Die skat van sy jongelingsjare word verkwis.

- 200 -

Die kosbare jare van sy lewe, die krag van sy intellek, die heldere droomverwagtinge van sy jeug, die geestelike strewe-alles word in die gloed van wellus verteer.

Daar kom groot hongersnood; hy begin gebrek ly en voeg hom by een van die burgers van daardie land, wat hom die veld instuur om varke op te pas. Vir 'n Jood was dit die laagste en vernederendste soort werk. Die jongeling wat in sy vryheid geroem het, bevind hom nou 'n slaaf. Hy is nou in die ergste soort gebondenheid – in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou." (Spr. 5:22) Die glans en die klatergoud wat hom gelok het, het verdwyn, en hy voel die las van sy ketting. Terwyl hy in daardie verlate, verhongerde land op die grond sit, met geen ander geselskap as die varke nie, verlang hy om sy maag met die peule te vul waarmee die diere gevoed word. Van die plesiersoekende maats wat in die dae van sy oorvloed om hom gedraai het, en wat op sy koste geëet en gedrink het, is daar nie een oor om aan hom vriendskap te bewys nie. Waar is sy wilde plesier nou? Terwyl hy sy gewete gedemp en sy gevoelens verdoof het, het hy gedink dat hy gelukkig was, maar nou, met sy geld verkwis, met sy honger onversadig, met sy trots verneder, met sy morele natuur verstomp, met sy wil verswak en onbetroubaar, met sy fyner gevoelens skynbaar dood, is hy die ellendigste onder die sterflinge.

Wat 'n prentjie van die toestand van die sondaar! Alhoewel hy met die seëninge van Gods liefde omring is, begeer die sondaar wat selfbevrediging en sondige plesier soek, niks meer as om van Hom ontslae te wees nie. Net soos die ondankbare seun, eis hy die goeie dinge van God asof hy daarop geregtig is. Hy beskou hulle as vanselfsprekend, en bewys geen dankbaarheid nie; hy lewer geen liefdesdiens nie. Net soos Kain weggegaan het van die teenwoordigheid van God af om 'n tuiste te soek, soos die verlore seun na 'n"vêr land" gedwaal het, so soek sondaars geluk sonder om God in erkentenis te hou. (Rom. 1:28)

Hoe dinge ook al op die oog af mag lyk, is elke lewe verkwis wat op homself ingekeer is. Hy wat probeer om

- 201 -

sonder God te leef, bring sy eiendom deur. Hy verkwansel die kosbare jare, die vermoëns van verstand en hart en siel, en werk om homself vir die ewigheid bankrot te maak. Die man wat hom van God skei sodat hy homself kan dien, is die slaaf van mammon. Die verstand wat God vir die geselskap van engele geskape het, is verlaag tot diensbaarheid aan alles wat aards en dierlik is. Dit is die eindresultaat waartoe selfsug lei.



As u so 'n lewe gekies het, weet u dat u geld afweeg vir iets wat geen brood is nie, en arbeid vir wat nie kan versadig nie. Daar kom tot u oomblikke wanneer u u verlaagde toestand insien. Alleen in die ver land is u bewus van u ellende, en wanhopig roep u uit: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?." (Rom. 7:24) Dit is die verklaring van 'n universele waarheid wat in die volgende woorde van die profeet bevat word: "Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die Here afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land." Jer. 17:5,6. God "laat sy son opgaan oor slegtes en goeies,

- 202 -

en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges." (Matt. 5:45); maar die mens is in staat om hom van sonskyn en stortreën te verberg. Terwyl die Son van Geregtigheid dus skyn, en die stortreëns van genade vir almal oorvloediglik val, kan ons "dor plekke van die woestyn bewoon deur ons van God te skei."

Die liefde van God verlang nog na die een wat verkies het om hom van Hom te skei, en Hy stel invloede in werking om hom na die Vaderhuis terug te bring. In sy ellende het die verlore seun "tot homself gekom." Die Satan se verleidende mag oor hom is verbreek. Hy het ingesien dat sy lyding die gevolg was van sy eie dwaasheid, en gesê: "Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger! Ek sal opstaan en na my vader gaan." Al was hy ellendig, die verlore seun het hoop gevind in die sekerheid van sy vader se liefde. Dit was daardie liefde wat hom huiswaarts getrek het. So ook is dit die sekerheid van Gods liefde wat die sondaar dring om na God terug te keer. Jy besef nie "dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei." (Rom.2:4) nie. 'n Goue ketting, die genade en meegevoel van Goddelike liefde, word om elke bedreigde siel gebind. Die Here verklaar: "Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid." (Jer. 31:3)

Die seun neem hom voor om sy skuld te bely. Hy sal na sy vader gaan en sê: "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie." Maar hy voeg by, en toon hierdeur aan hoe beperk sy begrip van sy vader se liefde is: "Maak my soos een van u huurlinge."

Die jongman gaan van die troppe varke en die peule weg en rig hom huiswaarts. Bewend van swakheid en byna flou van die honger beur hy gretig aan huis toe. Hy het niks om sy vodde mee te dek nie, maar sy ellende het sy

- 203 -

trots oorwin, en hy haas hom om te smeek dat hy 'n huurling mag wees waar hy eenmaal as kind gewoon het.

Min het die vrolike, onbedagsame jongeling gedink toe hy uit sy vader se hek uitgegaan het, hoeveel pyn en verlange daar in die hart van daardie vader was. Terwyl hy saam met sy wilde maats gedans en feesgevier het, het hy min gedink aan die skadu wat op sy ouerhuis geval het. En waar hy nou met vermoeide en pynlike voetstappe die pad huiswaarts volg, weet hy nie dat daar iemand is wat op sy terugkoms wag nie. Maar toe "hy nog ver was" onderskei die vader sy gestalte. Liefde sien gou raak. Selfs nie die ontaarding van die jare van sonde kan die seun vir die vader se oë bedek nie. Hy het "innig jammer vir hom gevoel en gehardloop" en hom lank, styf en tederlik omhels.

Die vader sal nie toelaat dat veragtende oë met sy seun se ellende en vodde spot nie. Hy haal die breë, pragtige mantel van sy eie skouers af en hang dit om die seun se

- 204 -

uitgeteerde liggaam, en die jongeling snik sy berou uit met die woorde; "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie." Die vader hou hom styf teen sy sy en bring hom huis toe. Hy kry geen geleentheid om te vra om soos 'n huurling te wees nie. Hy is 'n seun, wat met die beste vereer sal word wat die huis kan aanbied, en wat die bediendes sal respekteer en bedien.

Die vader sê toe aan sy diensknegte: "Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees. Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word."



In sy rustelose jongelingsjare het die verlorene sy vader as streng en kwaai beskou. Hoe anders is sy begrip van hom nou! So beskou diegene wat deur die Satan verlei word God as hard en streng. Hulle beskou Hom as Een wat gereed is om af te keur en te veroordeel, as Een wat onwillig is om die sondaar te ontvang solank as wat daar 'n wettige verskoning is om hom nie te help nie. Hulle beskou Sy wet as 'n beperking op die geluk van die mens, 'n neerdrukkende juk waarvan hulle bly is om los te, kom. Maar hy wie se oë deur die liefde van Christus geopen is, sal in God een sien wat vol medelyde is. Hy lyk nie na 'n tiranniese, ontoegeeflike wese nie, maar na 'n vader wat verlang om sy berouvolle seun te omhels. Die sondaar sal soos die psalmdigter uitroep: "Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees." (Ps. 103:13)

In die gelykenis is daar geen verwyte, geen verwysing na die verlore seun se sondige gedrag nie. Die seun voel dat die verlede vergewe en vergeet is – vir ewig uitgewis. En op dieselfde wyse sê God aan die sondaar: "Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk." (Jes. 44:22) "Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe

- 205 -

en aan hulle sonde nie meer dink nie." (Jer. 31:34) "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik ..." (Jes. 55:7) "In dié dae en in dié tyd, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie." (Jer. 50:20)

Wat 'n versekering het ons hier van God se gewilligheid om die boetvaardige sondaar aan te neem! Het u, geagte leser, u eie weg gekies? Het u ver van God weggedwaal? Het u verlang om met die vrugte van oortreding fees te vier, en toe ontdek dat hulle op u lippe as word?

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik."*
*Jes. 55:6, 7.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

En nou, dat u eiendom verkwis, u lewensplanne verydel, en u hoop tot niet is, sit u daar eensaam en alleen? Nou kom daardie stem wat lank reeds tot u gespreek het, maar waarna u nie wou luister nie, duidelik en helder tot u: "Staan op en gaan heen! Want nie hiér is die rusplek nie, weens die onreinheid wat verwoesting aanrig, ja, 'n onherstelbare verwoesting." (Miga 2:10) Gaan terug na u Vader se huis. Hy nooi u met die woorde, "Keer terug na My, want Ek het jou verlos." (Jes. 44:22)

Moenie na die vyand se voorstel luister om van Christus af weg te bly totdat u uself beter gemaak het nie – totdat u goed genoeg is om na God te kom nie. As u tot dan wag, sal u nooit kom nie. Wanneer die Satan na u besoedelde

- 206 -

kleed wys, herhaal net die belofte van Jesus: "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Joh. 6:37) Vertel die vyand dat die bloed van Jesus Christus van alle sondes reinig. Bid soos Dawid: "Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu." (Ps. 51:9)

Staan op en gaan na u Vader. Hy sal u reeds van ver af tegemoet gaan. As u selfs een boetvaardige tree na Sy kant toe neem, sal Hy u haastig met die arms van Sy eindelose liefde omvou. Sy oor is oop vir die geroep van die berouvolle siel. Hy weet wanneer die hart die heel eerste keer na Hom soek. Geen gebed, hoe stamelend ook al, geen traan, hoe verborge ook al, geen opregte verlange na God, hoe effens ook al, of die Gees van God gaan dit tegemoet. Selfs voordat die gebed geuiter of die hunkering van die hart bekend gemaak word, gaan daar van Christus genade uit om die genade tegemoet te gaan wat reeds in die menslike hart werksaam is.

U hemelse Vader sal die kleed wat met sonde besoedel is van u wegneem. In die pragtige paraboliese profesie van Sagaria, stel die hoëpriester Josua, wat in vuil klere gekleed voor die engel van die Here gestaan het, die sondaar voor. En die Here spreek die woorde: "Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek." (Sag. 3:4,5)

So sal God u ook "beklee met die klere van heil," en u bedek met "die mantel van geregtigheid." (Jes. 61:10) "As julle daar lê tussen die veekrale," sal julle wees soos "die vlerke van die duif oordek met silwer en sy vleuels met



liggroen goud." (Ps. 68:14)

Hy sal u in die wynhuis inbring en sy vaandel oor u

- 207 -

sal liefde wees (Hoogl. 2:4) "As jy in my weë wandel," verklaar Hy, sal Ek jou "vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan." (Sag. 3:7)

"Soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees." Jes. 62:5. "Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel." Sef. 3:17. En hemel en aarde sal saam die lied van die Vader se blydskap sing, met die woorde: "Want hierdie seun van My was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind."

Tot dusver was daar in die gelykenis nog geen wanklank om die harmonie van die vreugdestoneel te bederf nie, maar nou bring Christus 'n ander element in. Toe die verlorene tuis kom, was die oudste seun "in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange. En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken. Die sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie." Hierdie oudste broer het hom nie soos sy vader bekommer oor en gewag vir die een wat verlore was nie. Daarom deel hy nie in sy vader se blydskap oor die terugkoms van die swerweling nie. Die vreugdesklanke wek geen blydskap in sy hart nie. Hy vra 'n dienskneg uit oor die rede vir die feestelikheid, en die antwoord maak hom jaloers. Hy sal nie ingaan om sy broer te verwelkom nie. Hy beskou die guns wat aan die verlorene bewys word, as 'n belediging vir homself.

Wanneer die vader uitkom om hom te vermaan, openbaar hy sy hoogmoed en boosaardigheid. Hy kla dat sy lewe in sy vader se huis net 'n eentonige roetine van onbeloonde diens is, en vergelyk dit ongunstig met die genoeë waarmee die wegloper se terugkoms begroet word. Hy laat dit duidelik blyk dat hy eerder 'n bediende was as 'n seun. Hy

- 208 -

moes in die teenwoordigheid van sy vader blywende vreugde gevind het, maar sy gedagtes was op die wins wat sy versigtige lewe hom sou gee. Sy woorde toon dat dit die rede is waarom hy die sonde afgesweer het. As hierdie broer nou 'n deel van die gawes van die vader moet kry, reken die oudste seun dat hy veronreg is. Hy gun sy broer nie die guns wat aan hom

bewys is nie. Hy toon duidelik dat as hy die vader was, hy die deurbringer nie sou ontvang het nie. Hy erken hom nie eers as 'n broer nie, maar praat ongevoelig van hom as "hierdie seun van u."

Tog behandel die vader hom met tederheid. "Kind," sê hy, "jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue." Het jy dan nie deur al die jare dat jou broer 'n verstoteling was, die voorreg van my kameraadskap gehad nie?

Alles wat sy kinders gelukkig kon maak, is ruim aan

- 209 -

hulle gegee. Die seun hoef hom nie oor geskenk of beloning te bekommer nie. "Al wat myne is, is joue." Jy hoef net my liefde te glo en die geskenk te neem wat so ruim gegee word.

Een seun het hom tydelik van die gesin geskei omdat hy die vader se liefde nie kon raaksien nie. Maar nou het hy teruggekeer en die golf van blydskap wis elke verontrustende gedagte uit. "Want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind."

Is die oudste broer tot die plek gebring waar hy sy eie gemene, ondankbare gees kon raaksien? Het hy ooit besef dat alhoewel sy broer sonde gedoen het, hy nog altyd sy broer was? Het die oudste broer berou gekry oor sy jaloesie en hardvogtigheid? Hieroor het Christus geswyg; want die gelykenis het hom nog afgespeel, en dit het by die toehoorders berus om te beslis wat die uiteinde sou wees.

Die oudste seun het die onboetvaardige Jode van Christus se tyd voorgestel, en ook die Fariseërs van alle tye, wat met veragting op diegene neersien wat hulle as tollenaars en sondaars beskou. Omdat hulle nie self die uiterste sondes gepleeg het nie, word hulle met eiegeregtigheid gevul. Christus het hierdie vitters op hulle eie vlak ontmoet. Soos die oudste seun in die gelykenis het hulle besondere voorregte van God geniet. Hulle het beweer dat hulle seuns in die huis van God was, maar hulle het die gesindheid van die huurling gehad. Hulle het gewerk, nie uit liefde nie, maar met die verwagting dat hulle beloon sou word. In hulle oë was God 'n veeleisende slawedrywer. Hulle het gesien hoe Christus tollenaars en sondaars nooi om die gawe van Sy genade kosteloos te ontvang – die gawe wat die rabbi's gehoop het om deur middel van arbeid en boetedoening te verkry – en hulle het aanstoot geneem. Die terugkeer van die verkwister, wat die vaderhart met blydskap gevul het, het hulle net jaloers gemaak.



In die gelykenis was die vader se vermaning van die oudste seun die Hemel se tedere beroep op die Fariseërs.

- 210 -

"Al wat myne is, is joune"–nie as loon nie, maar as 'n geskenk. Soos in die geval van die deurbringer, kan u dit net as 'n onverdiende skenking van die Vader se liefde ontvang.

Eiegeregtigheid maak nie net dat mense God verkeerd voorstel nie, dit maak hulle hardvogtig en krities teenoor hulle broeders. In sy selfsug en jaloesie, was die oudste seun gereed om sy broer dop te hou, om elke beweging te kritiseer en om hom oor die nietigste tekortkoming aan te kla. Hy sou elke fout raaksien en elke verkeerde daad uitbuit. So sou hy trag om sy eie onvergewensgesindheid te regverdig. Baie maak deesdae so. Terwyl die siel eers teen 'n vloedgolf van versoeking begin spartel, staan hulle daar met hardnekkige, eiesinnige klagtes en beskuldigings. Hulle gee miskien voor dat hulle kinders van God is, maar hulle beoefen die gesindheid van die Satan. Deur hulle houding teenoor hulle broeders, plaas hierdie beskuldigers hulle waar God hulle nie die lig van Sy aangesig kan skenk nie.

Vele vra voortdurend: "Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die Here 'n welbehae hê in duisende ramme en tienduisende strome van olie?" Maar "Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?." (Miga 6:6-8)

Dit is die diens wat God verkies het – "dat julle los maak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek ... en jou vir jou eie vlees nie verberg nie." (Jes.58:6,7) Wanneer u besef dat u sondaars is wat net deur die liefde van u hemelse Vader gered word, sal u tere meegevoel hê vir andere wat onder sonde ly. U sal ellende en boetvaardigheid nie meer met jaloesie

- 211 -

en berisping tegemoet gaan nie. Wanneer die ys van selfsug uit u hart weggesmelt is, sal u met God saamvoel en saam met Hom bly wees oor die redding van die verlorenes.

U gee wel voor dat u 'n kind van God is, maar as dit waar is, onthou dat dit "u broer" is wat "dood" was, en weer lewendig geword het, en verlore was en gevind is. Hy is aan u gebind met die hegste bande; want God erken hom as 'n seun. Ontken u verwantskap met hom, en u bewys dat u net 'n huurling in die huisgesin is, nie 'n kind in die gesin van God nie.

Alhoewel u nie deel wil hê in die verwelkoming van die verlore nie, sal daar nog steeds blydskap wees. Die herstelde een sal nog sy plek aan die Vader se sy en in die Vader se werk hê. Hy vir wie baie vergewe is, het baie lief. Maar u sal in die duisternis daar buite wees. Want "hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde." (1 Joh. 4:8)



# "Laat Hom Nog Hierdie Jaar Staan"

**Na aanleiding van Lukas 13: 1-9**

- 212 -

In Sy leer het Christus die oordeelswaarskuwing met die uitnodiging van genade verbind. "Die Seun van die mens het nie gekom," het Hy gesê, "om die mense se lewe te verderf nie, maar te red." (Lukas 9:56) "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word." (Joh. 3: 17) Die verhouding tussen Sy genadige sending en die regverdigheid en oordeel van God word in die gelykenis van die onvrugbare vyeboom opgehelder.

Christus het die mense gewaarsku aangaande die komende koninkryk van God en Hy het hulle streng tereggewys oor hulle onkunde en onverskilligheid. Die tekens aan die lug wat die weer voorspel, kon hulle gou vertolk, maar die tekens van die tye, wat so duidelik op Sy sending gewys het, het hulle nie verstaan nie.

Maar mense was toe net so bereid as nou om te dink dat hulle die gunstelinge van die hemel is, en dat die teregwysing vir iemand anders bedoel is. Die toehoorders het Jesus van 'n gebeurtenis vertel wat kort tevore groot beroering veroorsaak het. Sekere maatreëls wat Pontius Pilatus, die goewerneur van Judea, toegepas het, was vir die mense aanstootlik.

- 213 -

Daar was 'n volksopstand in Jerusalem, en Pilatus het geprobeer om dit met geweld te onderdruk. Een keer het sy soldate selfs in die tempel ingegaan en 'n paar Galilese pelgrims gedood terwyl hulle besig was om hulle offerdiere te slag. Die Jode het geglo dat 'n ramp vergelding is vir die sonde van die persoon wat getref is, en die wat daarvan vertel het, het daar heimlik leedvermaak in gevind. Die feit dat hulle ontsnap het, was in hulle oë 'n bewys dat hulle beter was as die Galileërs en dat God hulle daarom begunstig het. Hulle het verwag dat Jesus daardie mense sou veroordeel wat die straf na hulle mening sonder twyfel terdeë verdien het.

Die dissipels het dit nie gewaag om hulle mening te lug voordat hulle

hulle Meester se uitspraak gehoor het nie. Hy het hulle duidelik geleer om 'n ander se karakter nie te haastig te oordeel of vergelding volgens hulle beperkte kennis uit te deel nie. Tog het hulle verwag dat Christus sou sê hierdie manne was groter sondaars as die ander. Groot was hulle verbasing toe Hy antwoord.

Die Heiland het die menigte aangespreek en gesê:
"Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die Galileërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom." Hierdie skokkende rampe was bedoel om hulle wakker te maak sodat hulle hulle harte sou verootmoedig en hulle hulle van hulle sondes sou bekeer. 'n Storm van wraaksug het gebroei en dit sou spoedig oor almal losbars wat nie in Christus 'n toevlug gevind het nie.

Terwyl Jesus met die dissipels en die menigte gepraat het, het Hy met 'n profetiese oog vooruit gekyk en gesien hoe Jerusalem beleër word. Hy het gehoor hoe vreemdelinge teen die uitverkore stad optrek en gesien hoe derduisende in die beleg sterf. Soos daardie Galileërs, is baie Jode in die tempelhowe gedood terwyl hulle juis geoffer het.

- 214 -

Die rampe wat die enkelinge getref het, was waarskuwings van God aan 'n volk wat ewe skuldig was. "As julle jul nie bekeer nie," het Jesus gesê, "sal julle almal net so omkom." Die genadetyd is nog vir 'n kort rukkie vir hulle oopgehou. Daar was nog tyd vir hulle om die dinge te weet wat tot hulle vrede dien.

" 'n Man," het Hy vervolg, "het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie. Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar?"

Christus se toehoorders kon die toepassing nie verkeerd verstaan nie. Dawid het van Israel gesing as 'n wingerdstok wat uit Egipte gebring is. Jesaja het geskryf: "Want die wingerd van die Here van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging." Jes. 5:7. Die geslag tot wie die Heiland gekom het, is deur die vyeboom in die Here se wingerd voorgestel – binne die kring van Sy spesiale sorg en seën.

Gods doel met Sy volk en die heerlike moontlikhede voor hulle was



met die volgende lieflike woorde gestel: "Sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here, tot sy verheerliking." (Jes. 61:3) Die sterwende Jakob het onder ingewing van die Gees van sy gunstelingseun gesê: "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur." En hy het verder gesê: "Die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê." (Gen. 49:22, 25) So het God Israel as 'n pragtige wingerdstok by die lewensbronne geplant. Hy het Sy wingerd op 'n "vrugbare heuwel" aangebring. "Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke." Jes. 5:1,2.

- 215 -

"En Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring." Jes. 5:2 Die mense van Christus se tyd het meer met vroomheid te koop geloop as die Jode van vroeër eeue, maar hulle het selfs minder van die soete bevallighede van die Gees van God gehad. Die kosbare karaktervrugte wat die lewe van Josef so geurig en aantreklik gemaak het, was nie onder die Joodse nasie te bespeur nie.

God het deur Sy Seun vrugte gesoek, maar niks gevind nie. Israel het die grond onvrugbaar gemaak. Selfs sy bestaan was 'n vloek, want dit het in die wingerd ruimte gebruik waar 'n vrugbare boom kon gestaan het. Hy het die wêreld van seëninge beroof wat God van plan was om te gee. Die Israeliete het God voor die nasies verkeerd voorgestel. Hulle was nie net nutteloos nie, maar beslis 'n hindernis. Hulle godsdiens was in 'n groot mate misleidend, en het verwoesting pleks van redding meegebring.

In die gelykenis twyfel die tuinier nie daaraan dat die boom, as dit onvrugbaar bly, uitgeroei moet word nie, maar

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring?" Jes. 5:3, 4.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

hy weet die eienaar is begaan oor die onvrugbare boom, en hy is ook besorg. Niks kon hom gelukkiger maak as om te weet dat dit groei en vrugte dra nie. Hy reageer op die verlange van die eienaar en sê: "Laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan

vrugte dra, goed."

Die tuinier weier nie om so 'n onbelowende boom te help nie. Hy staan gereed om dit nog beter te versorg.

- 216 -

Hy sal sy omgewing uiters gunstig maak en al die nodige aandag daaraan gee.

Die eienaar en die tuinier van die wingerd stel ewe veel belang in die die vyeboom. So het die Vader en die Seun hulle volk ewe liefgehad. Christus het aan Sy toehoorders gesê dat hulle meer geleenthede sou kry. Alle middele waaraan die liefde van God kon dink sou in werking gestel word sodat hulle bome van geregtigheid kon word wat vrugte tot seën vir die wêreld voortbring.

In die gelykenis het Jesus nie van die gevolge van die tuinier se werk vertel nie. In hierdie stadium is Sy verhaal beëindig. Die slot het by die geslag berus wat Sy woorde gehoor het. Aan hulle is die plegtige waarskuwing gegee:

"So nie, dan kan u hom anderjaar uitkap." Dit het van hulle afgehang of die onherroeplike woorde uitgespreek moes word. Die dag van wraak was naby. Deur die rampe wat reeds oor Israel gekom het, het die eienaar van die wingerd hulle genadiglik gewaarsku aangaande die vernietiging van die onvrugbare boom.

Die waarskuwing klink deur die eeue ook vir hierdie geslag. Is u, o onverskillige hart, 'n onvrugbare boom in die Here se wingerd? Sal die vonnis eerlank oor u uitgespreek word? Hoe lank ontvang u reeds Sy goeie gawes? Hoe lank wag Hy en sien Hy uit na wederkerende liefde?

Watter voorregte geniet u wat in Sy wingerd geplant is onder die wakende sorg van die tuinier! Hoe dikwels het die tere evangelieboodskap u hart ontroer! U het die Naam van Christus aanvaar; uiterlik is u 'n lid van die kerk wat Sy liggaam is, en tog is u nie bewus van 'n lewende verbinding met die groot hart van liefde nie. Die stroom van Sy lewe vloei nie deur u nie. Die soete innemendheid van Sy karakter, "die vrug van die Gees," word nie in u lewe gesien nie.

- 217 -

Die onvrugbare boom kry die reent en die sonskyn en die tuinier se sorg. Hy haal voedsel uit die grond. Maar sy onvrugbare takke verdonker



net die grond, sodat plante wat vrugte dra, nie in sy skaduwee kan aard nie. So bring die oorvloed van Gods gawes wat u ontvang geen seëninge tot die wêreld nie. U beroof andere van voorregte wat hulle kon hê as u nie daar was nie.

U besef, al is dit net vaagweg, dat u die grond onvrugbaar maak. Tog het God u in Sy groot genade nie afgekap nie. Hy sien u nie hardvogtig aan nie. Hy keer Hom nie in onverskilligheid weg nie, en laat u nie aan vernietiging oor nie. Hy kyk u aan en roep, soos Hy eeue

- 218 -

gelede oor Israel uitgeroep het: "Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? ... Ek sal my toorngloed nie laat geld nie, Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie; want Ek is God en nie 'n mens nie." (Hos.11:8,9) Die jammerhartige Heiland sê aangaande u: "Laat hom nog hierdie jaar staan totdat Ek om hom gespit en mis gegooi het."

Met watter onvermoeide liefde het Christus Israel nie gedurende die tydperk van verlengde genade bedien nie. Aan die kruis het Hy gebid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Lukas 23:34) Na Sy hemelvaart is die evangelie eers in Jerusalem verkondig. Daar is die Heilige Gees uitgestort. Daar het die eerste evangeliekerk die krag van die verrese Heiland geopenbaar. Daar het Stefanus – sy gesig soos die gesig van 'n engel." (Hand. 6:15) – sy getuienis gelewer en sy lewe neergelê. Alles wat die hemel self kan gee, is gegee. "Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie?" Jes.5:4. Sy sorg en arbeid vir u word dus nie verminder nie, maar vermeerder. Tog sê Hy: "Ek, die Here, bewaak dit: elke oomblik sal Ek hom bevogtig; Ek sal hom nag en dag bewaak, sodat niks hom kan tref nie." (Jes. 27:3)

"As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan ... anderjaar". Die hart wat nie op die Goddelike werksaamhede reageer nie, word verhard totdat dit nie langer vir die invloed van die Heilige Gees vatbaar is nie. Dan eers word die woord gespreek: "Kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar?"

Vandag nooi Hy u: "Bekeer jou, Israel, tot die Here jou God. Ek sal hulle afkerigheid genees, hulle vrywillig liefhê. Ek sal vir Israel wees soos die dou, hy sal bloei soos 'n lelie en sy wortels uitslaan soos die Libanon. ... Die wat onder sy skaduwee sit, sal weer koring laat groei; en hulle self sal bloei soos die wingerdstok. Uit My word jou vrug gevind." (Hos. 14:2-9)

# "Gaan uit op die Paaie en na die Lanings"

**Na aanleiding van Lukas 14:1, 12-24**

- 219 -

DIE Heiland was 'n gas by die fees van 'n Fariseër. Hy het uitnodigings van sowel die rykes as die armes aangeneem, en oudergewoonte het Hy die toneel voor Hom met Sy lesse van waarheid verbind. Die Jode se heilige feeste het met geleenthede van volks- en godsdienstige vreugde saamgeval. Dit was vir hulle 'n sinnebeeld van die seëninge van die ewige lewe. Hulle het graag gesels oor die groot fees wanneer hulle saam met Abraham, Isak en Jakob sou aansit, en die heidene buite met verlangende oë sou staan en aankyk. Die waarskuwing en les wat Christus wou gee, het Hy nou met die gelykenis van 'n groot maaltyd verduidelik. Die Jode wou die seëninge van God vir beide die hede en die hiernamaals vir hulleself afhok. Hulle het die heidene Gods genade ontsê. Deur middel van die gelykenis het Christus aangedui dat hulle self op daardie tydstip juis besig was om die genadige uitnodiging na Gods koninkryk, van die hand te wys. Hy het getoon dat

- 220 -

die uitnodiging wat hulle van die hand gewys het na diegene gestuur sou word wat hulle verag het, diegene van wie hulle hulle klere weggehou het asof hulle melaats was en vermy moes word.

Die Fariseër het gaste vir die maaltyd gekies wat sy eie selfsugtige belange sou dien. Christus het aan hom gesê:

"Wanneer jy 'n môre- of middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie, sodat hulle jou miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie. Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges."

Christus het hier die les herhaal wat Hy deur Moses aan Israel geleer het. By hulle heilige feeste het die Here beveel dat "die vreemdeling en

die wees en die weduwee wat in jou poorte is, [moet kom] en hulle moet eet en versadig word." (Deut.14:29) Hierdie byeenkomste moes as aanskouingslesse vir Israel dien. Nadat hulle die lesse van die vreugde van ware gasvryheid so geleer het, moes die mense deur die jaar vir die bedroefdes en die armes sorg.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*" O Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig." Jes. 55:1, 2.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

- 221 -

Hierdie feeste het ook 'n breër betekenis gehad. Die geestelike seëninge wat aan Israel gegee is, was nie net vir hulle nie. God het die brood van die lewe aan hulle gegee sodat hulle dit vir die wêreld kon breek.

Hulle het hierdie werk nie uitgevoer nie. Christus se woorde het hulle selfsug bestraf. Vir die Fariseërs was Sy woorde onsmaaklik. Om die gesprek in 'n ander rigting te probeer stuur, het een van hulle, met 'n skynheilige houding, uitgeroep: "Salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God." Hierdie man het met groot versekering gepraat asof hy self seker was van 'n plek in die koninkryk. Hy het dieselfde houding gehad as diegene wat hulle verheug omdat hulle deur Christus gered is, maar nie aan die voorwaardes voldoen waarop die saligheid belowe word nie. Sy gees was soos die van Bileam wat gebid het: "Laat my sterwe die dood van die opregtes, en laat my einde soos syne wees." (Num. 23:10) Die Fariseër het nie aan sy geskiktheid vir die hemel gedink nie, maar aan wat hy graag in die hemel wou geniet. Sy opmerking was bedoel om die gedagtes van die gaste weg te lok van die onder-werp, naamlik hulle praktiese plig. Hy wou hulle gedagtes van die teenswoordige lewe wegneem na die verre toekoms-tige tyd van die opstanding van die regverdiges.

Christus lees die hart van die veinser, en met Sy oë op hom, verduidelik Hy aan die geselskap die aard en waarde van hulle teenswoordige voorregte. Hy laat hulle verstaan dat hulle juis in hulle tyd 'n rol moet speel om 'n deel te hê in die seëninge van die toekoms.

" 'n Sekere man," het Hy gesê, "het 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi." Toe die tyd vir die maaltyd aanbreek, het die gasheer sy



dienskneg na die genooide gaste gestuur met 'n tweede boodskap, "Kom, want alles is nou gereed." Maar daar was 'n eienaardige gebrek aan belangstelling. "Hulle het hul almal eenparig begin verontskuldig. Die eerste het vir hom gesê: Ek het 'n stuk grond gekoop en ek moet noodsaaklik uitgaan om daarna

- 222 -

te kyk. Ek vra u, verskoon my tog. En 'n ander een het gesê: Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u verskoon my tog. En 'n ander een het gesê: Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie."

Nie een van die verskonings was werklik noodsaaklik nie. Die man wat "noodsaaklik [moes] uitgaan om ... te kyk" na sy stuk grond, het dit reeds gekoop gehad. Sy haastigheid om daarna te kyk was weens die feit dat hy behep was met sy koop. Ook die osse was gekoop. Hy wou hulle net gaan probeer, omdat hulle sy aandag in beslag geneem het. Ook die derde verskoning was ewe ongegrond. Die feit dat die genooide gas 'n vrou getrou het, was geen rede vir hom om nie die fees by te woon nie. Hulle sou sy vrou ook verwelkom het. Maar hy het self planne vir plesier gehad en dié was blykbaar meer na sy smaak as die maaltyd waarheen hy belowe het om te gaan. Hy het hom gewoond gemaak om ander geselskap as die van sy gasheer meer te geniet. Hy het nie om verskoning gevra nie, en het nie eens geprobeer om hoflik te weier nie. Daardie "ek kan nie" was om die waarheid te bedek – "Ek het nie lus om te kom nie."

Al die verskonings het getuig dat die gedagtes met ander dinge besig was. Hierdie genooide gaste se ander belange het allesoorheersend geword. Hulle het die uitnodiging wat hulle beloof het om aan te neem, van die hand gewys, en die gasvrye vriend deur hulle onverskillige houding beledig.

Deur middel van die groot maaltyd, stel Christus die seëninge voor wat deur die evangelie kom. Die spys is niks anders as Christus self nie. Hy is die brood wat uit die hemel neerdaal; en uit Hom vloei die strome van verlossing. Die Here se boodskappers het die koms van die Heiland aan die Jode verkondig. Hulle het Christus aangewys as "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." (Joh. 1:29) Met die maaltyd wat Hy voorsien

- 223 -

het, het God vir hulle die grootste gawe aangebied wat die hemel kon skenk – 'n onskatbare gawe. Die liefde van God het die duur feesmaal gegee en onuitputlike hulpbronne voorsien. "As iemand van hierdie brood eet," het Christus gesê, "sal hy lewe tot in ewigheid." (Joh. 6: 51)

Maar om die uitnodiging na die evangeliefees aan te neem, moet hulle hulle wêreldse belange aan die een doel onderwerp, naamlik om Christus en Sy geregtigheid aan te neem. God het alles ter wille van die mens ingeboet, en Hy vra hom dat hy Sy diens bo elke aardse en selfsugtige oorweging moet stel. Hy kan 'n verdeelde hart nie aanneem nie. Die hart wat behep is met liefde vir aardse dinge kan nie aan God oorgegee word nie.

Die les geld vir alle tye. Ons moet die Lam van God volg waar Hy ook al gaan. Ons moet Sy leiding kies, Sy geselskap bo die geselskap van aardse vriende waardeer. Christus sê: "Wie vader of moeder bo My liefhet, is

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het." Joh. 6:48-51.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie." Matt. 10:37.

In Christus se tyd het baie gesinne aan die tafel die woorde opgesê: "Salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God." Maar Christus het aangetoon hoe moeilik dit was om gaste te vind vir die tafel wat teen onskatbare koste voorsien is. Diegene wat na Sy woorde geluister het, het geweet dat hulle die uitnodiging van genade geminag het.

- 224 -

Vir hulle was aardse besittings, rykdom en plesier, allesoorheersend. Hulle het almal eenparig verskoning gemaak.

So is dit nou ook. Die dringende verskonings om die uitnodiging na die feesmaal van die hand te wys, behels al die verskonings wat aangebied word om die evangelie uitnodiging te weier. Mense sê dat hulle nie hulle aardse vooruitsigte in gevaar durf stel deur die vereistes van die evangelie na te kom nie. Hulle ag hulle tydelike belange as van meer waarde as die dinge van die ewigheid. Die einste seëninge wat hulle van God ontvang het, word 'n versperring wat hulle siele van hulle Skepper en Verlosser skei. Hulle wil nie in hulle aardse ondernemings gesteur word nie, en hulle



sê aan die genadeboodskapper: "Gaan vir hierdie keer heen, en as ek 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep." (Hand. 24:25) Ander wys weer op die moeilikhede wat hulle op sosiale gebied sou ondervind as hulle die roepstem van God sou gehoorsaam. Hulle sê dat hulle dit nie kan bekostig om anders te wees as hulle familie en kennisse nie. So laat hulle blyk dat hulle die persoonlikhede is wat in die gelykenis beskryf word. Die gasheer van die feesmaal aanvaar dat hulle flou verskonings 'n minagting is van sy uitnodiging.

Die man wat gesê het: "Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie," stel 'n groot groep mense voor. Daar is baie wat toelaat dat hulle vrouens of hulle mans hulle verhinder om die roepstem van God te gehoorsaam. Die man sê: "Ek kan my pligsoortuigings nie gehoorsaam terwyl my vrou my teenstaan nie. Haar invloed sou dit vir my besonder moeilik maak om dit te doen." Die vrou hoor die oproep van genade: "Kom, want alles is nou gereed," en sy sê, ",Ek vra u, verskoon my tog.' My man wys die uitnodiging van genade van die hand. Hy sê dat sy sake in die weg staan. Ek moet met my man saamgaan, en daarom kan ek nie kom nie." Die kinders se harte word beïndruk. Hulle verlang om te kom. Maar hulle het hulle vader en moeder lief, en omdat hulle die evangelie oproep nie gehoorsaam nie, dink die kinders dat dit nie van hulle verwag kan word om te kom nie. Ook hulle sê, "Verskoon my tog."

- 225 -

Hulle weier almal die Heiland se oproep, want hulle vrees verdeeldheid in die familiekring. Hulle meen dat hulle die vrede en voorspoed van die huiskring verseker

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"En hulle sê vir Hom: ... Om vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet. En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. ... Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie." Joh. 6:30-35.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

deur te weier om God te gehoorsaam, maar dit is 'n misleiding. Diegene wat selfsug saai, sal selfsug maai. Deur die liefde van Christus te verwerp, verwerp hulle die enigste ding wat reinheid en vastigheid aan menslike

liefde kan verleen. Hulle sal nie net die hemel kwyt wees nie, maar hulle sal ook nie waarlik die dinge geniet waarvoor hulle die hemel prysgegee het nie.

In die gelykenis het die gasheer van die feesmaal gehoor hoe sy uitnodiging bejeën is, en het "kwaad geword en vir sy dienskneg gesê: Gaan gou uit in die strate en die gangetjies van die stad en bring die armes en verminktes en kreupeles en blindes hier in."

Die gasheer het diegene verwerp wat sy gasvryheid verag het en 'n klas uitgenooi wat behoeftig was, wat nie huise en grond besit het nie. Hy het diegene genooi wat

- 226 -

arm en honger was, en wat die oorvloed sou waardeer wat hulle aangebied word. "Die tollenaars en die hoere" het Christus gesê, "gaan julle voor in die koninkryk van God." (Matt. 21:31) Hoe ellendig ook al die menslike wesens wat deur mense verag en verwerp word, hulle is nie te gesonke, te ellendig vir die aandag en liefde van God nie. Christus verlang dat belaste, vermoeide en verdrukte mense na Hom toe moet kom. Hy verlang om aan hulle die lig en vreugde en vrede te gee wat nêrens anders te vind is nie. Die grootste sondaars is die voorwerpe van Sy diepe, ernstige bejammering en liefde. Hy stuur Sy Heilige Gees om tederlik na hulle te verlang en hulle na Hom toe aan te trek.

Die dienskneg wat die armes en blindes ingebring het, het as volg aan sy heer verslag gedoen: "Meneer, wat u beveel het, is gedoen, en daar is nog plek. Toe sê die heer vir die dienskneg: Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word." Hier het Christus op die werk van die evangelie buite die grense van die Jodedom, in die paaie en gangetjies van die wêreld, gewys.

Gehoorsaam aan hierdie bevel, het Paulus en Barnabas aan die Jode verklaar: "Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het u 'n lig van die nasies gemaak, sodat u tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde. En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe." Hand. 13:46-48.



Die evangelieboodskap wat Christus se dissipels verkondig het, was die aankondiging van Sy eerste koms na die wêreld. Dit het die blye boodskap van saligheid deur die geloof in Hom na die mens gebring. Dit het vooruitgewys na Sy tweede koms in heerlikheid om Sy volk te verlos,

- 227 -

en dit het aan die mens die hoop voorgehou om deur geloof en gehoorsaamheid met die heiliges te deel in die erfenis van die lig. Hierdie boodskap word tans aan die mensdom verkondig, en saam daarmee die aankondiging dat Christus se wederkoms ophande is. Die tekens van Sy koms wat Hy self gegee het, is vervul, en deur die leer van Gods Woord kan ons weet dat die Here voor die deur staan.

In die Openbaring voorspel Johannes die verkondiging van die evangelieboodskap net voor Christus se wederkoms. Hy sien 'n engel "in die middel van die lug...vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom."

In die profesie word hierdie waarskuwing aangaande die oordeel, met sy aansluitende boodskappe, gevolg deur die koms van die Seun van die mens in die wolke van die hemel. Die bekendmaking van die oordeel is 'n aankondiging dat Christus se wederkoms ophande is. En hierdie bekendmaking word die ewige evangelie genoem. So word aangedui dat die prediking aangaande Christus se wederkoms,

- 228 -

die aankondiging dat dit naby is, 'n onmisbare deel is van die evangelieboodskap.

Die Bybel verklaar dat die mense in die laaste dae behep sal wees met wêreldse bedrywighede, plesier en geldmaak. Hulle sal blind wees vir ewige werklikhede. Christus sê: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is, en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uitge-gaan; duisend maal duisende het Hom gedien ... die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen." Daniël 7:9, 10.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Matt. 24:37-39)

So is dit ook vandag. Mense jaag wins en eie genot na asof daar geen God, geen hemel en geen hiernamaals is nie. In Noag se dag is mense aangaande die sondvloed gewaarsku om hulle te midde van hulle boosheid te laat skrik en tot bekering te roep. So is die boodskap van Christus se spoedige koms ook bedoel om mense uit hulle beheptheid met aardse dinge te wek. Dit is bedoel om hulle bewus te maak van ewige werklikhede, sodat hulle die uitnodiging na die tafel van die Here kan aanneem.

Die evangelie uitnodiging moet aan die hele wêreld gegee word – "aan alle nasies en stamme en tale en volke." (Openb. 14:6) Die laaste boodskap van waarskuwing en genade moet die hele aarde met sy heerlikheid verlig. Dit moet alle klasse mense, ryk en arm, hoog en laag, bereik. "Gaan uit op die paaie en na die lanings," sê Christus, "en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word."

Die wêreld vergaan vanweë gebrek aan die evangelie.
Daar is 'n hongersnood wat die woord van God betref. Daar is maar min wat die woord sonder die oorlewering van mense preek. Alhoewel mense die Bybel in hulle hande het, ontvang hulle nie die seën wat God vir hulle daarin geplaas het nie. Die Here roep sy diensknegte om Sy boodskap na die volk te bring. Die woord van die ewige

- 229 -

lewe moet aan diegene gegee word wat in hulle sondes sterf. Met die bevel om na die paaie en lanings te gaan, verduidelik Christus die werk van almal wat Hy roep om in Sy Naam te dien. Die hele wêreld is die veld van Christus se dienaars. Die hele mensdom is hulle gemeente. Die Here verlang dat Sy genade woord tot elke siel tuisgebring moet word.

Dit moet in 'n groot mate deur persoonlike werk volbring word. Dit was Christus se metode. Sy werk het hoofsaaklik uit persoonlike onderhoude bestaan. Hy het die eensiel-gehoor getrou in ag geneem. Deur daardie een siel is die boodskap dikwels na duisende versprei.



Ons moenie wag vir siele om na ons toe te kom nie. Ons moet hulle gaan soek waar hulle is. Nadat die woord van die kansel af gepreek is, het die werk maar net begin. Daar is menigtes wat nooit deur die evangelie bereik sal word tensy dit na hulle geneem word nie.

Die uitnodiging na die feesmaal is eerste aan die Joodse volk gegee, die volk wat geroep is om leermeesters en leiers onder die mensdom te wees, die volk wat in besit was van die profetiese boeke wat die koms van Christus voorspel het, en aan wie die simboliese diens toevertrou is wat Sy sending voorafgeskadu het. As priesters en volk die opdrag gehoorsaam het, sou hulle met Christus se boodskappers saamgewerk het om die evangelie uitnodiging aan die wêreld te bring. Die waarheid is aan hulle gestuur sodat hulle dit kon verkondig. Toe hulle die beroep geweier het, is dit aan die armes, die verminktes, die kreupeles en die blindes gestuur. Tollenaars en sondaars het die uitnodiging ontvang. Wanneer die evangelie oproep na die heidene gestuur word, moet dieselfde plan gevolg word. Die boodskap moet eers "op die paaie" verkondig word – aan mense wat 'n aktiewe aandeel het in die werk van die wêreld, aan die onderwysers en leiers van die volk.

- 230 -

Laat die Here se boodskappers dit in gedagte hou. Die herders van die kudde, die leermeesters wat deur God aangestel is, moet dit as 'n woord beskou wat gehoorsaam moet word. Diegene wat aan die hoër klasse van die samelewing behoort, moet met tere liefde en broederlike agting gesoek word. Mense in die sakewêreld, die wat hoë, verantwoordelike poste beklee, vindingryke mense met wetenskaplike insig, manne van aanleg en evangeliedienaars wat nie bekend is met die spesiale waarhede vir hierdie tyd nie – hierdie mense moet eerste die oproep hoor. Aan hulle moet die uitnodiging gegee word.

Vir die rykes moet 'n besondere werk gedoen word. Hulle moet wakker geskud word om hulle verantwoordelikheid te besef teenoor die gawes wat deur die hemel aan hulle toevertrou is. Hulle moet herinner word dat hulle rekenskap moet gee aan Hom wat die lewende en die dode sal oordeel. Die ryk man het u bearbeiding in die liefde en vrees van God nodig. Te dikwels vertrou hy op sy rykdom en is hy nie bewus van die gevaar waarin hy verkeer nie. Sy geestesoog moet op die dinge van blywende waarde gerig word. Hy moet die gesag van ware goedheid erken, wat sê:

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig." (Matt. 11:28-30)

Diegene wat weens hulle geleerdheid, rykdom of roeping in die wêreld hoog aangeskrewe staan, word selde persoonlik genader oor die belange van die siel. Baie Christelike werkers aarsel om hierdie klasse te nader. Maar dit behoort nie so te wees nie. As iemand verdrink, sal ons nie net staan en toekyk omdat hy 'n prokureur of handelaar of regter is nie. As ons mense sien wat van 'n krans gaan afstort, sal ons nie aarsel om hulle te probeer terughou nie, ongeag hulle stand of beroep. Ook moet ons nie aarsel om mense te waarsku aangaande die gevaar waarin die siel verkeer nie.

- 231 -

Niemand moet afgeskeep word weens sy skynbare gehegtheid aan aardse dinge nie. Vele van die hoëlui is hartseer, en sat van ydelheid. Hulle verlang na vrede wat hulle nie het nie. In die hoogste range van die samelewing is daar mense wat honger en dors na verlossing. Vele sou hulp ontvang as die Here se werkers hulle persoonlik op vriendelike wyse sou nader, met 'n hart wat sag gemaak is deur die liefde van Christus.

Die welslae van die evangelie boodskap hang nie van geleerde toesprake, oortuigende getuienisse of diepgaande argumente af nie. Dit hang van die eenvoud van die boodskap af en van die toepassing daarvan op die siele wat honger is vir die brood van die lewe. "Wat moet ek doen om gered te word?" Dit is die behoefte van die siel.

- 232 -

Duisende kan op die eenvoudigste en nederigste wyse bereik word. Die geleerdste, diegene wat beskou word as die wêreld se begaafdste manne en vroue, word dikwels verkwik deur die eenvoudige woorde van een wat God liefhet, en wat net so spontaan van daardie liefde kan praat as wat die wêreldling van die dinge praat waarin hy die meeste belang stel.

Dikwels het die woorde wat goed voorberei en bestudeer is, maar weinige invloed. Maar die ware, eerlike uitlating van 'n seun of dogter van God, wat natuurlik en eenvoudig gespreek is, het krag om harte deure te ontgrendel wat lank reeds vir Christus en Sy liefde toe is.

Laat die werker vir Christus onthou dat hy nie in sy eie krag moet arbei nie. Laat hom met geloof in God se reddende krag aan Sy troon vashou. Laat hom in die gebed met God worstel, en laat hom dan met al die bekwaamhede te werk gaan wat God hom gegee het. Die Heilige Gees word voorsien om sy krag te wees. Dienende engele sal aan sy sy wees om op harte 'n indruk te maak.



Het die leiers en leermeesters te Jerusalem die waarheid ontvang wat Christus gebring het, sou hulle stad 'n geweldige sendingsentrum gewees het. Die afvallige Israel sou bekering ondervind het. Daar sou 'n ontsaglike leërmag vir die Here op die been gekom het. En hoe spoedig sou hulle nie die evangelie aan die hele wêreld kon verkondig het nie. So is dit vandag. As mense met invloed en 'n groot werksvermoë vir Christus gewen kan word, sou hulle 'n geweldige werk kan verrig in die opheffing van die geval-lenes, in insameling van die verworpenes, en in die verspreiding, wyd en syd, van die verlossingsboodskap. Spoedig sou die uitnodiging gegee en die gaste vir die tafel van die Here byeengebring kon word.

Maar ons moet nie net aan belangrike en begaafde mense dink en die arm klasse verwaarloos nie. Christus beveel Sy boodskappers om ook na bewoners van die paaie en lanings, na die armes en nederiges van die aarde te gaan. In binnepleine en stege van die groot stede, op die

- 233 -

eensame plaas paadjies is daar gesinne en persone – miskien vreemdelinge in 'n vreemde land – wat sonder kerkverband is, en wat, in hulle eensaamheid, begin voel dat God hulle vergeet het. Hulle verstaan nie wat hulle moet doen om gered te word nie. Vele is in sonde versink. Baie verkeer in nood. Hulle gaan gebuk onder lyding, behoefte, ongeloof en wanhoop. Elke denkbare siekte teister hulle, in beide liggaam en siel. Hulle verlang in hulle moeilikhede na vertroosting en die Satan versoek hulle om dit in wellus en plesier te vind, wat tot verwoesting en die dood lei. Hy bied vir hulle die appels van Sodom aan, wat op hulle lippe in as sal verander. Hulle weeg hulle geld af vir wat nie brood is nie, en hulle arbeid vir wat nie versadig nie.

In hierdie lydendes moet ons diegene sien wat Christus kom red het. Sy uitnodiging aan hulle is, "o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys. ... Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel

sal lewe." (Jes. 55:1-3)

God het 'n spesiale bevel gegee dat ons ag moet slaan op die vreemdeling, die verstoteling en die arme siele wat sedelike krag ontbreek. Vele wat skynbaar heeltemal onverskillig staan teenoor godsdienstige sake, verlang in hulle harte na rus en vrede. Al het hulle tot die uiterste dieptes van die sonde gesink, is daar 'n moontlikheid om hulle te red.

Christus se diensknegte moet Sy voorbeeld volg. In Sy omswerwinge van plek tot plek het Hy die lydendes vertroos en die siekes genees. Dan het Hy die groot waarhede aangaande Sy koninkryk aan hulle voorgelê. Dit is die werk van Sy volgelinge. Namate u liggaamlike lyding verlig, sal u maniere ontdek om in die behoeftes van die siel te voorsien. U kan na die gekruisigde Heiland wys en van die

- 234 -

liefde van die groot Geneesheer vertel wat alleen mag het om te genees.

Vertel aan die arme wanhopiges wat verdwaal het dat hulle nie wanhopig hoef te wees nie. Al het hulle foute begaan en al het hulle nie 'n goeie karakter opgebou nie, verheug God Hom daarin om hulle te herstel, ja, die vreugde van Sy verlossing. Hy skep daarin behae om skynbaar hopelose stof te neem, diegene deur wie die Satan gewerk het, en om van hulle die voorwerpe van Sy genade te maak. Dit is Sy vreugde om hulle van die toorn te verlos wat op die ongehoorsames sal val. Vertel hulle dat daar vir elke siel genesing en reiniging is. Daar is vir hulle 'n plek aan die Here se tafel. Hy wag om hulle te verwelkom.

Diegene wat na die paaie en lanings gaan, sal andere vind wat heeltemal anders van aard is, wat hulle bediening nodig het. Daar is diegene wat al die lig naleef wat hulle het, en hulle dien God na die beste van hulle vermoë. Maar hulle besef dat daar 'n groot werk is wat vir hulleself en vir hulle bure gedoen moet word. Hulle verlang na meer kennis van God, maar hulle het skaars begin om 'n deurskemering van meer lig te sien. Hulle bid met trane dat God hulle die seëning sal stuur wat hulle van ver af kan waarneem. Baie van hierdie siele word te midde van die boosheid van die groot stede gevind. Baie van hulle verkeer in baie behoeftige omstandighede, en daarom word hulle nie deur die wêreld opgemerk nie. Daar is vele van wie predikante en kerke niks weet nie. Maar in nederige, ellendige plekke getuig hulle vir die Here. Hulle het miskien weinig lig gehad en min geleenthede vir 'n Christelike opleiding, maar te midde van



naaktheid, honger en koue, probeer hulle om andere van diens te wees. Laat die rentmeesters van die oorvloedige genade van God hierdie siele gaan soek, by hulle huise aandoen, en hulle deur die krag van die Heilige Gees in hulle behoeftes dien. Bestudeer die Bybel saam met hulle en bid saam met hulle met daardie eenvoud waarmee die Heilige Gees mens besiel. Christus sal aan Sy diensknegte 'n boodskap gee wat soos die hemelse brood vir die siel sal wees. Die kosbare seën sal van hart tot hart, van gesin tot gesin oorgedra word.

- 235 -

Die bevel van die gelykenis: "Dwing hulle om in te kom," word dikwels verkeerd uitgelê. Sommige dink dat dit leer dat ons mense moet dwing om die evangelie te ontvang. Maar dit dui eerder op die dringendheid van die uitnodiging en op hoe effektief die beweegredes wat voorgehou word, moet wees. Die evangelie maak nooit gebruik van dwang om mense na Christus te bring nie. Sy boodskap is: " 0, Almal wat dors het, kom na die waters." (Jes. 55:1) "Die Gees en die bruid sê: Kom! ... En laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." (Openb. 22:17) Die krag van Gods liefde en genade dring ons om te kom.

Die Heiland sê, "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.
As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." (Openb. 3:20) Hy word nie deur hoon teruggedryf of deur dreigemente afgekeer nie, maar soek voortdurend na die verlorenes, met die woorde: "Hoe kan ek jou oorgee ... jou prysgee?." (Hosea 11:8) Hoewel Sy liefde teruggedryf word deur die hardnekkige hart, keer Hy weer terug om met groter krag te pleit, "Kyk, ek staan by die deur en Ek klop." Die trekkrag van Sy liefde dwing siele om in te kom. En aan Christus sê hulle: "U neerbuigende goedheid het my groot gemaak." (Ps. 18:36)

Christus sal Sy boodskappers met dieselfde hunkerende liefde bedeel wat Hy self in die soektog na die verlorenes het. Ons moet nie net sê: "Kom" nie. Daar is diegene wat die roepstem hoor, maar hulle ore is te dof om die betekenis daarvan in te neem. Hulle oë is te blind om te sien dat daar iets goeds is wat op hulle wag. Vele besef hulle vervalle toestand. Hulle sê: Ek is nie werd om gehelp te word nie; los my. Maar die werkers moet nie ophou nie. Hou met tedere, bejammerende liefde aan die mismoediges en hulpeloses vas. Gee u moed, u hoop, u krag aan hulle. Dwing hulle deur

vriendelikheid om te kom: "En aan



sommige wat twyfel, moet julle barmhartigheid bewys; maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk." Judas 22, 23.

As die diensknegte van God in geloof met Hom sal wandel, sal Hy aan hulle boodskap krag gee. Hulle sal in staat wees om Sy liefde en die gevaar van veragting van die genade van God op so 'n wyse voor te stel dat mense genoodsaak sal voel om die evangelie aan te neem. Christus sal wonderwerke verrig as mense maar net hulle Godgegewe aandeel sal doen. Daar kan in hedendaagse mense net so 'n groot verandering plaasvind as in vorige geslagte. John Bunyan is uit lastering en brassery gered en John Newton uit die slawehandel, om 'n gekruisigde Heiland bekend te maak. 'n Bunyan en 'n Newton kan vandag nog onder die mensdom gered word. Deur mense wat met God saamwerk, kan menige arme verworpeling herwin word, wat op sy beurt sal streef om die beeld van God in ander mense te herstel. Daar is diegene wat maar skrale geleenthede gehad het, wat in die dwaalweë gewandel het omdat hulle geen beter weg geken het nie, na wie ligstrale sal kom. Soos, die woord van Christus na Saggeüs gekom het, naamlik "Ek moet vandag in jou huis bly." (Lukas 19: 5), net so sal die woord tot hulle kom, en daar sal ontdek word dat diegene wat skynbaar geharde sondaars was, net sulke teer harte het soos 'n kind, omdat Christus Hom verwerdig het om op hulle ag te slaan. Vele sal uit die grootste dwaling en sonde kom en die plek van andere inneem wat geleenthede en voorregte gehad het, maar dit nie gewaardeer het nie. Hulle sal gereken word as die uitverkorenes van God, gekose en kosbaar; en wanneer Christus in Sy koninkryk kom, sal hulle langs Sy troon staan.

Maar "pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie." (Heb. 12:25) Jesus het gesê dat "nie een van daardie manne wat genooi is," Sy "maaltyd sal smaak nie." Hulle het die uitnodiging verwerp en nie een van hulle sou weer uitgenooi word nie. Omdat hulle Christus verwerp het, was die Jode besig om hulle harte te verhard en hulleself aan die mag van die Satan oor te gee sodat dit vir hulle



onmoontlik sou wees om Sy genade aan te neem. So is dit nou. As die liefde van God nie gewaardeer word nie en nie 'n blywende beginsel word



om die siel week te maak en onderworpe te hou nie, is ons geheel en al verlore. Die Here kan geen groter openbaring van Sy liefde gee as wat Hy reeds gegee het nie. As die liefde van Christus nie die hart onderwerp nie, is daar geen ander wyse waardeur ons bereik kan word nie.

Elke keer as u weier om na die genade boodskap te luister, versterk u u ongeloof. Elke keer as u weier om die deur vir Christus oop te maak, word u al hoe onwilliger om na die stem te luister van Hom wat spreek. U verminder u kanse om ag te slaan op die laaste oproep van genade. Laat dit nie van u geskrywe wees soos van Israel van ouds nie: "Efraim is gekoppel aan die afgode; laat hom staan!." (Hosea 4:17) Moenie toelaat dat Christus oor u ween soos oor Jerusalem nie: "Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie. Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat." (Lukas 13: 34, 35)

Ons leef in 'n tyd wanneer die laaste genade boodskap, die laaste uitnodiging aan die mensekinders, verkondig word. Die bevel: "Gaan uit op die paaie en na die lanings," word vir die laaste keer gehoorsaam. Aan elke siel sal Christus se uitnodiging gegee word. Die boodskappers sê: "Kom, want alles is nou gereed." Hemelse engele is nog altyd besig om met mense saam te werk. Die Heilige Gees bied elke rede om u te oorreed om te kom. Christus soek na 'n teken dat u die grendels losmaak en die deur van u hart oopmaak sodat Hy kan ingaan. Engele wag om die tyding na die hemel te bring dat nog 'n verlore sondaar gevind is. Die leërskare van die hemel wag, gereed om hulle harpe te bespeel en 'n vreugdelied aan te hef oor nog 'n siel wat die uitnodiging na die evangelie feesmaal aangeneem het.

# Die Maat van Vergifnis

**Na aanleiding van Matt. 18:21-35**

- 243 -

PETRUS het na Christus gekom met die vraag, "Hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?" Die rabbi's het vergifnis tot drie oortredings beperk. Petrus het gedink dat hy die leer van Christus uitvoer deur dit tot sewe te verleng, die getal wat volmaaktheid aangedui het. Maar Christus het geleer dat ons nooit moet moeg word om te vergewe nie. "Nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe."

Toe het Hy die ware grondslag vir vergifnis verstrek en ook gewaarsku teen die gevaar van onvergewensgesindheid. In 'n gelykenis het Hy vertel van 'n koning se behandeling van die amptenare wat sy staatsake behartig het. Sommige van hierdie amptenare het groot somme staatsgeld ontvang. Toe die koning hulle administrasie van hierdie trustgelde ondersoek het, is een man voor hom gebring wat die ontsaglike bedrag van tienduisend talente aan sy heer

- 244 -

geskuld het. Hy het niks gehad waarmee hy kon betaal nie, en volgens gebruik, het die koning beveel dat hy verkoop moes word saam met alles wat syne was sodat die skuld gedelg kon word. Maar die vreesbevange man het aan sy voete neergeval en gesmeek: "Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal." En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.

Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: "Betaal my wat jy my skuld." Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: "Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal." En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het. En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het. Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: "Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld,

omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?" En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was."

Hierdie gelykenis verstrek besonderhede wat nodig is vir die voltooiing van die prent, maar wat in sy geestelike betekenis met niks anders presies ooreenstem nie. Die aandag moet nie daardeur weggelei word nie. Sekere groot waarhede word geïllustreer en hieraan moet ons ons aandag skenk.

Die vergifnis wat hierdie koning skenk, stel Goddelike vergifnis van alle sonde voor. Christus word voorgestel deur die koning wat innig jammer gevoel en die skuld van sy dienskneg afgeskryf het. Die mens was onder die veroordeling omdat hy die wet oortree het. Hy kon hom nie self red nie en om hierdie rede het Christus na die wêreld gekom, Sy Godheid met mensheid beklee en Sy lewe gegee, die regverdige vir die onregverdige. Hy het Homself

- 245 -

ter wille van ons sonde gegee, en aan elke siel bied Hy die bloedgekoopte vergifnis vryelik aan. "By die Here is die goedertierenheid, en by Hom is daar veel verlossing." Ps. 130:7.

Hier is die grondslag vir ontferming oor ons medesondaars. "As God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê." 1 Joh. 4:11. "Julle het dit verniet ontvang," sê Christus, "verniet moet julle dit gee." (Matt. 10:8)

In die gelykenis, toe die skuldenaar om uitstel gepleit het en beloof het: "Wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal," is die vonnis herroep. Die skuld as geheel is uitgewis. En hy is spoedig 'n geleentheid gegun om die voorbeeld te volg van sy heer wat hom vergewe het. Op sy pad uit het hy 'n mededienskneg teëgekom wat hom 'n klein bedraggie geskuld het. Hom is tienduisend talente kwytgeskeld; die skuldenaar het hom 'n honderd pennings geskuld. Maar hy wat met soveel genade behandel is, het sy medearbeider op 'n heel ander manier behandel. Sy skuldenaar het gepleit net soos hy voor die koning gepleit het, maar sonder dieselfde gevolge. Hy wat so pas vergifnis ontvang het, was nie teergevoelig en jammerhartig nie. Die genade wat aan hom betoon is, het hy self nie beoefen in sy handelwyse met sy mededienskneg nie. Hy het die versoek om geduldig te wees, veronagsaam. Die klein bedraggie wat aan hom verskuldig was, was al waaraan die ondankbare dienskneg wou dink. Hy het alles geëis wat hom na sy mening toegekom het, en het dieselfde vonnis voltrek as dié wat so genadiglik in sy geval herroep is.



Hoeveel is daar nie deesdae wat dieselfde gees openbaar nie. Toe die skuldenaar by sy heer om genade gepleit het, het hy nie 'n ware begrip van die omvang van sy skuld gehad nie. Hy het sy hulpeloosheid nie besef nie. Hy het gehoop om homself te verlos. "Wees lankmoedig met my," het hy gesê, "en ek sal u alles betaal." So is daar baie wat hoop om Gods guns deur hulle eie werke te verdien. Hulle

- 246 -

besef nie hulle hulpeloosheid nie. Hulle aanvaar nie die genade van God as 'n vrye gawe nie, maar probeer om hulle in hulle eiegeregtigheid te regverdig. Hulle eie harte is nie gebroke en verootmoedig oor die sonde nie, en hulle is veeleisend en onvergewensgesind teenoor andere. Hulle

- 247 -

eie sondes teen God vergeleke met hulle broeder se sondes teen hulle is soos tienduisend talente teen 'n honderd penningsbyna 'n miljoen teen een, tog durf hulle onvergewensgesind wees.

In die gelykenis laat die heer die onbarmhartige skul-denaar roep, "en sê vir hom: "Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?" En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was." "So sal ook my hemelse Vader," het Jesus gesê, "aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie." Hy wat weier om te vergewe, verbeur daardeur sy eie hoop op vergifnis.

Maar die les wat hierdie gelykenis leer, moet nie verkeerd toegepas word nie. Dat God ons vergewe, verminder geensins ons plig om Hom te gehoorsaam nie. So ook verminder vergewensgesindheid teenoor ons medemense geen sins ons regmatige verpligting nie. In die gebed wat Jesus Sy dissipels geleer het, het Hy gesê: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." (Matt. 6:12) Hiermee het Hy nie bedoel dat om vergewe te word, ons nie regmatige skuld van ons skuldenaars mag eis nie. As hulle nie kan betaal nie, al is dit weens swak bestuur, moet hulle nie in die gevangenis gewerp, onderdruk of selfs sleg behandel word nie,

maar die gelykenis leer ons nie om luiheid aan te moedig nie. Die woord van God verklaar dat as iemand nie wil werk nie, hy ook nie moet eet nie (2 Thess. 3:10) Die Here verwag nie dat die hardwerkende man ander in hulle luiheid moet sterk nie. By vele tref ons tydverkwisting aan, 'n gebrek aan inspanning, wat armoede en behoefte meebring. As hierdie foute nie deur die betrokke persone self reggesien word nie, is alles wat vir hulle gedoen word, soos om skatte in 'n sak met gate te gooi. Tog is daar onvermydelike armoede en ons moet teerheid en meegevoel openbaar teenoor die-

- 248-

gene wat nie bevoorreg is nie. Ons moet andere behandel net soos ons, in dergelike omstandighede, sou behandel wil word.

Deur die apostel Paulus vermaan die Heilige Gees ons: "As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was." Filip. 2:1-5.

Maar sonde moenie ligtelik beskou word nie. Die Here het ons beveel dat ons nie die verkeerde in ons broeder moet toelaat nie. Hy sê: "En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom." (Lukas 17:3) Sonde moet by sy regte naam genoem word en dit moet duidelik voor die oortreder blootgelê word.

In sy opdrag aan Timotheus het Paulus deur die Heilige Gees geskrywe: "Hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering."2 Tim. 4:2. En aan Titus skrywe hy: "Want daar is baie wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is. ... Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond in die geloof kan wees." Titus 1:10-13.

"En as jou broeder teen jou sondig," het Christus gesê, "gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar."



(Matt. 18: 15-17)

Onse Here leer dat onmin tussen Christene binne die gemeente geskik moet word. Hulle behoort nie blootgestel

- 249 -

te word voor diegene wat God nie vrees nie. As 'n Christen deur sy broeder veronreg word, laat hy hom nie op ongelowiges in 'n hof beroep nie. Laat hom doen wat Christus geleer het. Pleks dat hy hom wreek, laat hom probeer om sy broeder te red. God sal die belange van diegene beskerm wat Hom liefhet en vrees en ons kan ons saak gerus aan Hom toevertrou wat regverdig oordeel.

Alte dikwels as verkeerde dade oor en oor gedoen word, en die oortreder sy skuld bely, word die veronregte persoon moeg, en hy dink hy het al heeltemal genoeg vergewe. Maar die Heiland het ons duidelik vertel hoe ons die een wat ongelyk het, moet behandel: "As jou broeder teen jou sondig; bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom." (Lukas 17: 3) Moenie afsydig staan teenoor hom asof hy u vertroue nie werd is nie. Let "op jouself ... dat jy ook nie versoek word nie." (Gal. 6:1).

As u broeders sondig, moet u hulle vergewe. As hulle na u toe kom met belydenis, behoort u nie te sê: "Ek

- 250 -

dink nie dat hulle nederig genoeg is nie. Ek dink nie hulle voel hulle belydenis nie." Watter reg het u om hulle te oordeel, asof u die hart kan lees? Die Woord van God sê, "As hy berou kry, vergewe hom. En as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en sewe maal op 'n dag na jou terugkom en sê: "Ek het berou – moet jy hom vergewe." Lukas 17:3,4. En nie net sewe maal nie, maar sewentig maal sewe – net so dikwels as wat God u vergewe.

Ons is self alles verskuldig aan Gods vrye genade. Genade in die verbond het ons aanneming verorden. Genade in die Heiland het ons verlos-sing, ons wedergeboorte en ons verheffing tot medeerfgename van Christus bewerkstellig. Laat hierdie genade aan andere geopenbaar word.

Gee aan die een wat sondig geen geleentheid om mismoedig te word nie, U moet nie toelaat dat 'n Farisese hardheid indring en u broeder seermaak nie. Laat geen bittere spotlag in u gedagtes of u hart opwel nie; U moet nie toelaat dat daar 'n sweempie van veragting in u stem gehoor word nie. As u 'n woord van u eie spreek, as u, u onverskillig hou of agter-

dog of wantroue aan die dag lê, kan dit die ondergang van 'n siel beteken. Hy het 'n broeder nodig, een met die medelyde van die Ouer Broer om sy mensehart aan te raak. Laat hom die sterk druk van 'n simpatieke hand voel, en die fluistering hoor: "Laat ons bid." God sal aan u albei 'n ryke ondervinding skenk. Gebed verenig ons met mekaar en met God. Gebed bring Jesus na ons sy, en gee aan die wankelmoedige, verwarde siel nuwe krag om die wêreld, die vlees en die duiwel te oorwin. Gebed weer die aanvalle van die Satan af.

Wanneer mens menslike onvolmaaktheid veronagsaam en Jesus aanskou, kom daar 'n Goddelike verandering in die karakter. Die Gees van Christus wat op die hart werk, pas dit by Sy beeld aan. Streef dan om Jesus omhoog te hou. Vestig die geestesoog op "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." (Joh. 1:29) En terwyl u hierdie werk doen, onthou dat "die een wat 'n sondaar

- 251 -

van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek." (Jak. 5: 20) .

"Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie." Matt. 6:15. Niks kan onvergewensgesindheid regverdig nie. Hy wat ongenadig is teenoor andere, toon dat hy self geen deel het aan Gods vergewende genade nie. Met die vergifnis wat God skenk, word die hart van die oortreder nader getrek aan die groot hart van Oneindige Liefde. Die stroom Goddelike meegevoel vloei in die siel van die sondaar in, en van hom af na die siele van andere. Die tederheid en genade wat Christus in Sy eie kosbare lewe bewys het, sal in diegene wat in Sy genade gedeel het, gesien word. "Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie." Rom. 8:9. Hy is van God vervreemd, net geskik om vir ewig van Hom geskei te wees.

Hy het miskien wel eenmaal vergifnis ontvang, maar sy onbarmhartigheid toon aan dat hy Gods vergewende liefde nou van die hand wys. Hy het hom van God geskei en is in dieselfde toestand as voordat vergifnis aan hom geskenk is. Hy het sy bekering verloën, en sy sondes rus op hom asof hy hom nooit bekeer het nie.

Maar die groot les in die gelykenis is die onderskeid tussen Gods barmhartigheid en die hardheid van die mensehart; die feit dat Gods vergewende genade die maatstaf moet wees van ons eie. "Moes jy nie jou



mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?"

Ons word nie vergewe omdat ons vergewe nie, maar soos ons vergewe. Die grondslag van alle vergifnis is die onverdiende liefde van God, maar deur ons houding teenoor andere toon ons of ons daardie liefde ons eie gemaak het. Daarom sê Christus: "Met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." (Matt. 7:2)

# Wins Wat Verlies Is

**Na aanleiding van Lukas 12:13-21**

- 252 -

CHRISTUS was besig om te leer, en, soos gewoonlik, was daar ander behalwe Sy dissipels wat na Hom geluister het. Hy het met Sy dissipels gepraat oor gebeurtenisse waarin hulle binnekort 'n rol sou speel. Hulle moes die waarhede wat Hy aan hulle opgedra het, orals verkondig en hulle sou met die regeerders van hierdie wêreld bots. Om Sy ontwil sou hulle voor howe gedaag word, en voor landdroste en konings verskyn. Hy het hulle verseker van wysheid wat niemand kon weerspreek nie. Sy eie woorde, wat die harte van die menigtes geraak en Sy slinkse teenstanders in verwarring gebring het, het getuig van die mag van daardie inwonende Gees wat Hy aan Sy volgelinge belowe het.

Maar daar was vele wat die genade van die hemel wou hê, net om hulle eie selfsugtige doel te dien. Hulle het besef dat Christus 'n wonderlike vermoë het om die waarheid duidelik voor te stel. Hulle het gehoor dat Hy Sy volgelinge beloof dat hulle wysheid sou hê om voor regeerders en landdroste te spreek. Sou Hy Sy krag dan nie vir aardse gewin aan hulle verleen nie?

- 253 -

En een van die skare sê vir Hom: "Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel." Deur Moses het God inligting gegee aangaande die oordrag van eiendom. Die oudste seun het 'n dubbele deel van die vader se boedel ontvang (Deut. 21:17), terwyl die jonger broers gelykop moes deel. Hierdie man dink dat sy broer hom bedrieg het met sy erfenis. Sy eie pogings om te kry wat hy as sy regmatige deel beskou het, het misluk, maar as Christus sal ingryp sal hy sekerlik sy doel bereik. Hy het Christus se roerende oproepe en Sy plegtige aanklagte teen die skrifgeleerdes en Fariseërs gehoor. As woorde met soveel gesag tot hierdie broer gerig kon word, sou hy dit nie durf om aan die veronregte man sy deel te weier nie.

Te midde van die plegtige onderrig wat Christus gegee het, het hierdie man sy selfsugtige neiging geopenbaar. Hy kon daardie bekwaam-

heid van die Here waardeer wat sy eie tydelike sake kon bevorder, maar sy hart en sy gedagtes was nog nie vatbaar vir geestelike waarhede nie. Hy was behep met die verkryging van sy erfenis. Jesus, die Koning van heerlikheid, wat ryk was, maar wat om ons ontwil arm geword het, het die skatte van Goddelike liefde aan hom voorgelê. Die Heilige Gees het gepleit dat hy 'n erfgenaam moes word van die "onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis." (1 Pet. 1:4) Hy het bewyse gesien van die krag van Christus. Nou was dit sy kans om met die groot Leermeester te praat en die grootste verlange van sy hart bekend te maak. Maar soos die man met die vuilishark in Bunyan se allegorie was sy oë op die aarde gerig. Hy het nie die kroon bokant sy hoof gesien nie. Soos Simon Magus het hy die gawe van God as 'n weg tot aardse wins gewaardeer.

Die Heiland se sending op aarde het na sy einde gesnel. Daar was net 'n paar maande oor vir Hom om Sy

- 254 -

sending te voltooi, naamlik om die koninkryk van Sy genade op te rig. Maar menslike gierigheid wou Hom wegkeer van Sy werk om Hom te bemoei met 'n geskil oor 'n stuk grond. Maar Christus het Hom nie van Sy sending laat afkeer nie. Sy antwoord was, "Mens, wie het My as regter of deler oor julle aangestel?"

Jesus kon hierdie man presies vertel het wat reg was. Hy het geweet wat in die saak reg was, maar die broers het getwis omdat albei inhalig was. Christus het feitlik gesê: "Dit is nie My taak om geskille van hierdie aard op te los nie." Hy het met 'n ander doel gekom, naamlik om die evangelie te verkondig en mense sodoende bewus te maak van ewige werklikhede.

In Christus se hantering van hierdie geval skuil 'n les vir almal wat in Sy Naam dien. Toe Hy die twaalftal uitgestuur het, het Hy gesê: "En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee." (Matt. 10:7, 8.) Dit was nie hulle werk om die tydelike sake van die mense te skik nie. Hulle werk was om mense te oorreed om hulle met God te versoen. Hulle krag om mense te seën was tot hierdie werk beperk. Die enigste middel teen die mens se sondes is Christus. Net die evangelie van Sy genade kan die kwaad genees wat soos 'n vloek op die samelewing rus. Die onreg van die rykes teenoor die armes, die armes se haat vir die rykes, ontstaan albei in selfsug, en dit



kan net deur onderwerping aan Christus uitgeroei word. Net Hy kan in die plek van die selfsugtige sondige hart, 'n nuwe hart van liefde gee. Laat die diensknegte van Christus die evangelie met die Gees verkondig wat uit die hemel gestuur is, en laat hulle soos Hy tot voordeel van die mens werk. Die gevolge sal wees dat die mensdom geseën en opgehef sal word ver bo wat blote menslike krag in staat is om te verrig.

Met die woorde, "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie," het die Here die kern van die

- 255 -

saak aangeroer wat hierdie vraer gehinder het, en ook van alle ander soortgelyke geskille.

Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: "'n Ryk man se grond het goed gedra." En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy

- 256 -

het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."

Deur die gelykenis van die ryk dwaas, het Christus die dwaasheid aangetoon van diegene wat net vir die wêreld leef. Hierdie man het alles van God ontvang. Die son is toegelaat om op sy landerye te skyn, want sy strale val op die regverdige en op die onregverdige. Die reent van die hemel val op die slegte en op die goeie. Die Here het die plante welig laat groei en die landerye oorvloedig laat voortbring. Die ryk man was bekommerd oor wat hy met al sy produkte sou doen. Sy skure was tot oorlopens toe vol, en hy het geen bêreplek vir die oorskot van sy oes gehad nie. Hy het nie aan God gedink van wie al sy seëninge gekom het nie. Hy het nie besef dat God van hom 'n rentmeester van Sy besittings gemaak het sodat hy aan die behoeftiges hulp kon verleen nie. Hy het 'n pragtige geleentheid gehad om God se aalmoesenier te wees, maar hy het net aan sy eie gerief gedink.

Die omstandighede van die arme, die wees, die weduwee, die lydende, die geteisterde is onder die aandag van die ryk man gebring. Daar was baie plekke waar hy sy besittings kon insamel. Hy kon maklik 'n deel van sy oorvloed afgestaan het en baie huisgesinne sou nie meer behoeftig gewees het nie, vele wat honger was, sou gevoed gewees het, baie naaktes geklee, baie harte verbly, baie gebede om brood en klere verhoor, en 'n loflied sou hemelwaarts gestyg het. Die Here het die gebede van die behoeftiges gehoor en van Sy goedheid vir die ellendige berei (Ps. 68: 11) In die seëninge wat op die ryk man uitgestort is, is daar oorvloedige voorsiening vir die behoeftes van baie mense gemaak. Maar hy het sy hart gesluit vir die geroep van die behoeftiges, en het aan sy diensknegte gesê,

- 257 -

"Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik."

Hierdie man het niks hoër gemik as die diere wat omkom nie. Hy het geleef asof daar geen God, geen hemel,

- 258 -

geen toekomstige lewe was nie; asof alles wat hy besit het sy eie was, en asof hy niks aan God of mens verskuldig was nie. Die psalmdigter het hierdie ryk man beskrywe toe hy geskryf het, "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie." Ps. 14:1.

Hierdie man het vir homself gelewe en voorsiening gemaak. Hy sien dat daar oorvloedige voorsiening vir die toekoms is; daar bly nou niks meer oor as om die vrugte van sy arbeid te versamel en te geniet nie. Hy meen hy is bo andere begunstig en neem vir homself die eer vir sy verstandige bestuur. Hy word deur sy stadsgenote as 'n man van nugtere oordeel en as 'n voorspoedige burger geëer. En hulle prys jou, "omdat jy aan jouself goed doen." (Ps. 49:19)

Maar "die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God." (1 Kor. 3:19) Terwyl die ryk man uitsien na jare van genot, maak die Here ander planne. Die boodskap kom tot hierdie onbetroubare rentmeester: "Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis." Hier is 'n vereiste waaraan geld nie kan voldoen nie. Die geld wat hy opgehoop het, kan geen uitstel koop nie. In een oomblik word alles waarvoor hy sy hele lewe lank gearbei het



vir hom nutteloos. "En wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees?" Sy uitgestrekte landerye en goed gevulde skure glip onder sy beheer uit. "Hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie." Ps. 39:7.

Die enigste ding wat nou vir hom van waarde sou wees, het hy nie verkry nie. Omdat hy vir homself gelewe het, het hy daardie Goddelike liefde verwerp wat in genadebetoon aan sy medemens sou uitgevloei het. So het hy die lewe verwerp. Want God is liefde en liefde is lewe. Hierdie man het die aardse eerder as die geestelike verkies en met die aardse moet hy sterwe. "Die mens wat in aansien is en geen verstand het nie, is soos die diere wat vergaan." Ps. 49:21.

"So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader

- 259 -

en nie ryk is in God nie." Wat hier geskilder word, geld vir alle tye. U kan eiewins nastreef, u kan skatte vergader, u kan geboue oprig wat groot en hoog staan, soos die bouers van Babilon van ouds gemaak het, maar u kan nie 'n muur hoog genoeg, of 'n hek sterk genoeg bou wat die boodskappers van die dood sal uitsluit nie. Belsasar die koning het in sy paleis 'n fees gehou "en die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys." Maar die hand van Een wat onsigbaar was, het die woorde van veroordeling op die muur geskryf en die voetstappe van vyandige leërmagte is buite die poort van die paleis gehoor. "In dieselfde nag is Belsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood," en 'n uitlandse heerser het op die troon gesit. (Dan. 5:30)

Om vir die self te lewe, beteken vernietiging. Hebsug, die begeerte vir voordeel net ter wille van die self, sny die siel van die lewe af. Dit is die gees van die Satan om te kry, om vir die self te versamel. Dit is die gees van Christus om te gee, om die self ter wille van andere op te offer. "En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie." 1 Joh. 5:11, 12.

Daarom sê Hy: "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie."

# " 'n Groot Kloof Gevestig"

**Na aanleiding van Lukas 16:19-31**

- 260 -

IN DIE gelykenis van die ryk man en Lasarus het Christus getoon dat die mens sy ewige lotsbestemming in hierdie lewe beslis. Gedurende die proeftyd word die genade van God vir elke siel aangebied. Maar as mense hulle geleenthede verkwis deur hulleself te behaag, sny hulle hulself van die ewige lewe af. Geen latere proeftyd sal aan hulle gegun word nie. Deur hulle eie keuse het hulle 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle en hulle God gevestig.

Die gelykenis vergelyk die rykes wat nie op God vertrou nie met die armes wat wel op God vertrou. Christus leer dat die tyd sal kom wanneer die bordjies verhang sal wees. Diegene wat arm is aan hierdie wêreld se goed, maar tog op God vertrou en lyding geduldig verduur, sal eendag bokant diegene verhoog word wat nou die hoogste poste beklee wat die wêreld kan aanbied, maar hulle lewens nie aan God oorgegee het nie.

"Daar was 'n ryk man," het Christus gesê, "en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus

- 261 -

wat vol swere voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val."

Die ryk man was nie van die klas wat deur die onregverdige regter voorgestel word, wat openlik gesê het dat hy God nog mens ontsien nie. Hy het geroem dat hy 'n seun van Abraham was. Hy het die bedelaar geen geweld aangedoen nie, hom nie weggestuur nie. As die arme, veragtelike skepsel vertroosting kon vind deur hom te aanskou wanneer hy deur sy poorte ingaan, was die ryk man gewillig dat hy daar bly. Maar hy was selfsugtig en onverskillig teenoor die behoeftes van sy lydende broeder.

Daar was destyds geen hospitale waar die siekes verpleeg kon word nie. Die lydendes en behoeftiges is onder die aandag van diegene gebring aan wie die Here rykdom toevertrou het, sodat hulle hulp en simpatie kon ontvang. So was dit dan ook met die bedelaar en die ryk man. Lasarus het

groot behoefte aan hulp gehad, want hy was sonder vriende, tuiste, geld of voedsel. Tog is hy toegelaat om dag na dag in hierdie toestand te bly hoewel die ryk edelman alles in oorvloed gehad het. Die een wat in staat was om die lyding van sy medemens oorvloediglik te verlig, het vir homself geleef, soos sovele vandag nog doen.

Daar is deesdae in ons onmiddellike omgewing baie wat honger, nakend en sonder tuiste is. Om na te laat om van ons middele aan hierdie behoeftige, lydendes te gee, plaas op ons 'n skuldelas wat ons eendag sal vrees om in die gesig te staar. Alle gierigheid word as afgodery veroordeel. Alle selfverwenning is afstootlik in Gods oë.

God het van die ryk man 'n rentmeester oor Sy middele gemaak en dit was sy plig om juis vir sulke gevalle soos die van die bedelaar te sorg. Die bevel is gegee: "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." (Deut. 6:5); en "jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (Lev. 19:18) Die ryk man was

- 262 -

'n Jood en hy was bekend met die bevel van God. Maar hy het vergeet dat hy rekenskap moes gee van sy gebruik van sy toevertroude middele en bekwaamhede. Die Here se seëninge het in oorvloed op hom gerus, maar hy het hulle selfsugtig gebruik, om homself, en nie sy Skepper nie, te verheerlik. Sy verpligtinge om sy gawes vir die opheffing van die mensdom te gebruik, was in verhouding tot sy oorvloed. Dit was die Here se bevel, maar die ryk man het nooit aan sy verpligting teenoor die Here gedink nie. Hy het geld uitgeleen en rente ingevorder vir wat hy uitgeleen het, maar hy het geen rente teruggegee vir wat God aan Hom geleen het nie. Hy het kennis en talente gehad, maar dit nie verbeter nie. Hy het vergeet dat hy aan God rekenskap moet gee en het al sy kragte aan plesier bestee. Alles waardeur hy omring was, sy vermaaklikhede, die lof en vleitaal van sy vriende, het alles sy selfsugtige genot bevorder. Hy was so verdiep in die geselskap van sy vriende dat hy sy verantwoordelikheid om met God saam te werk in Sy welwillendheidsdiens vergeet het. Hy het die geleentheid gehad om die Woord van God te verstaan en sy leer uit te leef, maar die plesiersoekende geselskap wat hy gekies het, het sy tyd so in beslag geneem dat hy die God van die ewigheid vergeet het.

'n Tyd het gekom toe die toestand van die twee manne verander het. Die arm man het dag na dag gely, maar hy het geduldig en stilswyend



volhard. Hy het naderhand gesterf en is begrawe. Daar was niemand om oor hom te rou nie, maar deur sy geduld en lyding het hy vir Christus getuig. Hy het die toets van sy geloof deurstaan, en na sy dood, het Christus vertel, het engele hom na Abraham se boesem gedra.

Lasarus stel die lydende armes voor wat in Christus glo. Wanneer die basuin klink en almal wat in die grafte is, die stem van Christus hoor en uitkom, sal hulle hul beloning ontvang, want hulle geloof in God was nie net 'n teorie nie maar 'n werklikheid.

- 263 -

"En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam."

In hierdie gelykenis het Christus die volk op hulle eie vlak behandel. Vele wat na Christus geluister het, het in die leer van 'n bewuste voortbestaan tussen die dood en die opstanding geglo. Die Heiland het van hulle idees geweet en Hy het Sy gelykenis op so 'n wyse gestel dat belangrike waarhede deur hierdie vooropgestelde menings ingebring kon word. Hy het vir Sy toehoorders 'n spieël voorgehou waarin hulle hulle ware verhouding tot God kon sien. Hy het die heersende sienswyse gebruik om die gedagte oor te dra wat Hy voor almal wou benadruk, naamlik dat geen mens se waarde volgens sy besittings bereken kan word nie, want alles wat hy besit, is net deur die Here aan hom geleen. Misbruik van hierdie gawes sal hom onderkant die armste en mees geteisterde man stel wat God liefhet en op Hom vertrou.

Christus wil hê dat Sy toehoorders moet verstaan dat dit onmoontlik is om die redding van hulle siele na die dood te verkry. "Kind," sou Abraham geantwoord het, "onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat daar is, nie na ons kan oorkom nie." So maak Christus dit duidelik dat daar geen tweede proeftyd is nie. Hierdie lewe is die enigste tyd wat aan die mens vergun word om hom vir die ewigheid voor te berei.

Die ryk man het nie afstand gedoen van die idee dat hy 'n kind van

Abraham was nie, en in die verhaal roep

- 264 -

hy in sy benoudheid na hom om hulp. “Vader Abraham,” het hy gebid, “wees my barmhartig.” Hy het nie tot God gebid nie, maar tot Abraham. Sodoende het hy laat blyk dat hy Abraham bo God gestel het, en dat hy op sy verwantskap met Abraham vir redding gesteun het. Die moordenaar aan die kruis het tot Christus gebid. “Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom,” het hy gesê (Lukas 23:42) En dadelik kom die antwoord: "Voorwaar, Ek sê vir jou vandag (terwyl Ek hier in vernedering en smart hang), jy sal saam met My in die Paradys wees." Maar die ryk man het tot Abraham gebid en sy versoek is nie toegestaan nie. Net Christus moet verhoog word as “Leidsman en Verlosser ... om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.” (Hand. 5:31) “Daar is ook geen ander naam ... waardeur ons gered moet word nie.” Hand. 4:12.

Die ryk man het sy lewe in eiegenot deurgebring en te laat besef dat hy geen voorsiening vir die ewigheid gemaak het nie. Hy besef sy dwaasheid, en hy dink aan sy broers wat soos hy sou volhou en sou leef om hulleself te behaag. Toe rig hy hierdie versoek: “Ek bid u dan, vader, om hom [Lasarus] na my vader se huis te stuur want ek het vyf broers – om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.” “Toe sê Abraham vir hom: "Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister." Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer." Maar hy sê vir hom: "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.”

Toe die ryk man pleit dat sy broers meer bewyse moet kry, is dit duidelik aan hom gestel dat al sou hierdie bewys gelewer word, dit hulle nie sou beweeg nie. Sy versoek was ‘n verwyt teen God. Dit was asof die ryk man gesê het: "As U my deegliker gewaarsku het, sou ek nie nou hier gewees het nie." Abraham sou dan geantwoord het: "Jou

- 265 -

broers is voldoende gewaarsku. Lig is aan hulle gegee, maar hulle wou nie sien nie. Waarheid is aan hulle voorgehou, maar hulle wou nie hoor nie."

“As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.” Hierdie woorde is be-



waarheid in die geskiedenis van die Joodse volk. Christus se laaste en kronende wonderwerk was die opwekking van Lasarus van Betanië, nadat hy vier dae lank dood was. Hierdie wonderlike bewys van die Heiland se godheid is aan die Jode gegee, maar hulle het dit verwerp. Lasarus het uit die dode opgestaan en voor hulle getuig, maar hulle het hulle harte teen alle getuienis verhard en het selfs geprobeer om sy lewe te neem. (Joh. 12:9-11)

Die wet en die profete is Gods aangewese middele vir die redding van die mens. Christus het gesê, Laat hulle aan hierdie bewyse gehoor gee. As hulle nie na die stem van God in Sy Woord luister nie, sal hulle nie na die mededeling van ‘n getuie uit die dode luister nie.

Diegene wat gehoor gee aan Moses en die Profete sal geen groter lig verlang as wat God reeds gegee het nie, maar as die mens die lig veronagsaam en nie die geleenthede waardeer wat aan hulle gegee is nie, sal hulle nie luister as iemand uit die dode met ‘n boodskap na hulle toe kom nie. Hulle sal selfs nie eens deur hierdie bewys oortuig raak nie, want diegene wat die wet en profete verwerp, verhard hulle harte in só ‘n mate dat hulle alle lig sal verwerp.

Die gesprek tussen Abraham en die voormalige ryk man is figuurlik. Die les daaruit te leer, is dat aan elke mens voldoende lig gegee is vir die uitvoering van die pligte wat van hom verwag word. Die verantwoordelikhede van die mens is gelyk aan sy geleenthede en voorregte. God gee aan elkeen voldoende lig en genade om die werk te doen wat Hy hom gegee het om te doen. As ‘n mens nalaat om te doen wat ‘n bietjie lig as sy plig aanwys, sou groter lig net bewys dat hy nie getrou is om gebruik te maak van die seëning wat hy reeds het nie. “Hy wat getrou

- 266 -

is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.” Lukas 16:10. Diegene wat weier om deur Moses en die profete verlig te word en vra dat ‘n wonderwerk gedoen moet word, sal nie oortuig wees nie, al word hulle versoek toegestaan.

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus toon aan hoe die twee klasse wat deur hierdie manne voorgestel word in die onsigbare wêreld beskou word. Dit is geen sonde om ryk te wees as rykdom nie deur onreg verwerf word nie. ‘n Ryk man word nie veroordeel omdat hy rykdom besit nie,

maar hy word veroordeel as die rykdom wat aan hom toevertrou is, selfsugtig bestee word. Dit sou veel beter wees as hy sy geld langs die troon van God sou opgaar deur daarmee goed te doen. Die dood kan geen mens arm maak wat hom daarop toelê om op hierdie manier die ewige rykdom te verkry nie. Maar die man wat sy skatte vir homself opgaar, kan niks daarvan hemel toe neem nie. Hy het bewys dat hy 'n onbetroubare rentmeester is. Gedurende sy lewe het hy sy goeie dinge gehad, maar hy het sy verpligtinge teenoor God vergeet. Hy het nagelaat om die hemelse skat te verwerf.

Die ryk man wat so baie voorregte gehad het, word aan ons voorgehou as een wat met sy talente moes gewoeker het sodat sy werke tot in die groot hiernamaals sou strek en vir hom geestelik tot voordeel kon gewees het. Die doel van die verlossing is nie net om sonde uit te wis nie, maar om aan die mens daardie geestelike gawes terug te gee wat weens die verdwergende krag van die sonde verlore is. Geld kan nie in die toekomstige lewe ingedra word nie. Daar is dit nie nodig nie. Maar die goeie dade wat gedoen word deur siele vir Christus te wen, word wel na die hemelhowe oorgedra. Maar diegene wat die gawes van die Here op selfsugtige wyse vir hulleself gebruik en hulle behoeftige medemense nie help nie en niks doen om Gods werk in die wêreld te bevorder nie, doen hulle Skepper oneer aan. Daar word in die boeke van die hemel teenoor hulle name opgeteken dat hulle God beroof het.

- 267 -

Die ryk man het alles gehad wat geld kon koop, maar hy het nie die rykdom besit wat sy rekening by God sou vereffen het nie. Hy het gelewe asof alles wat hy besit het sy eie was. Hy het die roepstem van God en die behoeftes van die lydende armes veronagsaam. Maar uiteindelik kom daar 'n roepstem wat nie veronagsaam kan word nie. n Mag wat hy nie kan bestry of weerstaan nie, beveel hom om die plek te verlaat waarvan hy nie meer die rentmeester is nie. Die man wat voorheen ryk was, word tot hopelose armoede verneder. Die kleed van Christus se geregtigheid, wat in die hemel geweef is, kan hom nooit dek nie. Hy wat voorheen die weelderigste purper, die fynste linne gedra het, is tot naaktheid verneder. Sy proeftyd is verby. Hy het niks in die wêreld ingebring nie en hy kan niks daaruit neem nie.

Christus het die sluier gelig en hierdie prentjie aan die priesters, re-



geerders, skrifgeleerdes en Fariseërs getoon. Kyk daarna, u wat ryk is aan hierdie wêreld se besittings en nie ryk is tot God nie. Sal u nie nadink oor hierdie toneel nie? Wat mense hoog ag, is in die oë van God veragtelik. Christus vra: "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" (Markus 8: 36, 37)

***DIE TOEPASSING OP DIE JOODSE VOLK***

Toe Christus die gelykenis van die ryk man en Lasarus vertel het, was daar baie onder die Joodse volk in die bejammerenswaardige toestand van die ryk man, wat die Here se besittings vir hulle eie selfsugtige bevrediging gebruik en hulle voorberei het om die uitspraak te hoor: "U is op die weegskaal geweeg en te lig bevind." (Dan. 5: 27) Die ryk man het elke tydelike en geestelike seëning geniet, maar hy het geweier om met God saam te werk in die gebruik van hierdie seëninge. So was dit ook met die Joodse volk. Die Here het aan die Jode die heilige waarheid toevertrou. Hy het hulle aangestel as rentmeesters van Sy genade.

- 268 -

Hy het hulle elke geestelike en tydelike voordeel gegee en Hy het hulle geroep om hierdie seëninge uit te deel. Hulle is veral onderrig aangaande hulle behandeling van hulle broeders wat in verval geraak het, aangaande die vreemdeling in hulle poorte en aangaande die armes onder hulle. Hulle moes nie alles vir hulle eie voordeel inpalm nie, maar moes aan diegene dink wat behoeftig was, en met hulle deel. En God het belowe om hulle te seën volgens hulle dade van liefde en genade. Maar soos die ryk man, het hulle geen hand verroer om die tydelike en geestelike behoeftes van die lydende mensdom te verlig nie. Hulle was trots en het gedink hulle is die uitverkore en begunstigde volk van God; tog het hulle God nie gedien of Hom aanbid nie. Hulle het op die feit staatgemaak dat hulle kinders van Abraham was. "Ons is die geslag van Abraham," het hulle trots gesê (Joh. 8:33) Toe die krisis kom, was dit duidelik dat hulle hulle van God geskei het en dat hulle hulle vertroue in Abraham geplaas het asof hy God was.

Christus het verlang om lig in die verduisterde gemoedere van die Joodse volk te laat skyn. Hy het aan hulle gesê: "As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen; maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid

vertel het, wat Ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie" (Joh. 8:39, 40)

Christus het geen deug in afkoms erken nie. Hy het geleer dat geestelike verbintenis natuurlike verbintenis vervang. Die Jode het beweer dat hulle van Abraham afgestam het, maar deurdat hulle nie Abraham se werke gedoen het nie, het hulle bewys dat hulle nie sy ware kinders was nie. Net diegene wat bewys lewer dat hulle geestelik met Abraham ooreenstem deur die stem van God te gehoorsaam, word as ware afstammelinge gereken. Alhoewel die bedelaar aan die klas behoort het wat mense as minderwaardig beskou het, het Christus in hom een gesien met wie Abraham die intiemste vriendskapsbande sou aanknoop.

- 269 -

Hoewel hy van al die weelde van die lewe omring was, was die ryk man so onkundig dat hy Abraham gestel het waar God moes wees. As hy sy verhewe voorregte gewaardeer het, en toegelaat het dat Gods Gees sy denke en sy hart vorm, sou dit met hom heeltemal anders gegaan het. So ook die nasie wat hy verteenwoordig het. As hulle die roepstem van God gehoorsaam het, sou hulle toekoms heeltemal anders gewees het. Hulle sou ware geestelike insig geopenbaar het. Hulle het middele gehad wat God sou vermenigvuldig het en voldoende sou gemaak het om die hele wêreld te seën en te verlig, maar hulle het hulle so ver van God se reëlings geskei dat hulle hele lewe verdorwe was. Hulle het nagelaat om hulle gawes as Gods rentmeesters in ooreenstemming met waarheid en geregtigheid te gebruik. Hulle het nie met die ewigheid rekening gehou nie en die gevolg van hulle ontrouheid was die ondergang van die hele volk.

Christus het geweet dat die Jode Sy waarskuwing sou onthou wanneer Jerusalem verwoes word. En dit was so. Toe die onheil Jerusalem tref, toe hongersnood en lyding van elke soort op die volk neerkom, het hulle hierdie woorde van Christus onthou en die gelykenis verstaan. Hulle het hulle lyding self op hulle gebring omdat hulle versuim het om hulle Godgegewe lig in die wêreld te laat skyn.

### *IN DIE LAASTE DAE*

Die laaste gebeurtenisse in hierdie aarde se geskiedenis word in die uiteinde van die ryk man se geskiedenis uitgebeeld. Die ryk man het daarop aanspraak gemaak dat hy 'n seun van Abraham was, maar hy was deur 'n onoorbrugbare kloof van Abraham geskei – naamlik 'n karakter wat verkeerd ontwikkel was. Abraham het God gedien; Sy woord in geloof en gehoorsaamheid gevolg. Maar die ryk man het God en die behoeftes van 'n lydende mensdom verontagsaam. Die groot kloof wat tussen hom en Abraham gevestig was, was die kloof van ongehoorsaamheid. Daar is



- 270 -

vandag vele wat dieselfde koers inslaan. Al is hulle kerklede, is hulle onbekeerd. Al neem hulle deel aan die kerkdiens, al sing hulle die psalm: "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, O God!." (Ps. 42:2); getuig dit nog van valsheid. Hulle is geensins regverdiger in die oë van God as die gruwelikste sondaar nie. Die siel wat na die opwinding van wêreldse plesier verlang, die gedagtes wat vol is van die liefde vir vertoon, kan God nie dien nie. Soos die ryk man in die gelykenis het so 'n persoon geen verlange om teen die begeerlikheid van die vlees te worstel nie. Hy verlang om aan sy aptyt die vrye teuels te gee. Hy kies die atmosfeer van sonde. Hy word skielik deur die dood weggeruk en hy daal in die graf neer met die karakter wat tydens sy leeftyd in 'n vennootskap met Sataniese magte gevorm is. In die graf is hy nie in staat om goed of kwaad te kies nie, want in die dag wanneer 'n man sterwe is dit met sy planne gedaan. (Ps. 141:4, Pred. 9:5, 6)

Wanneer die stem van God die dooie wek, dan sal hy uit die graf voortkom met dieselfde begeertes en hartstogte, dieselfde voorkeer en teensin wat hy in die lewe gekoester het. God doen geen wonderwerk om 'n mens te herskep wat nie herskep wou word toe hy elke geleentheid vergun en van elke gerief voorsien is nie. Gedurende sy leeftyd het hy geen behae in God geskep of vreugde in Sy diens gevind nie. Sy karakter stem nie ooreen met God nie en hy sal nie onder die hemelse gesin gelukkig wees nie.

Daar is deesdae in ons wêreld 'n klas wat eiegeregtig is. Hulle is nie vrate nie, hulle is nie dronklappe nie, hulle is nie ongelowiges nie, maar hulle verlang om vir hulleself te leef, nie vir God nie. Hulle dink nie aan Hom nie; daarom word hulle saam met die ongelowiges geklassifiseer. As dit vir hulle moontlik sou wees om die poorte van die stad van God binne te gaan, kon hulle geen reg hê op die boom van die lewe nie, want toe Gods gebooie met hulle bindende vereistes voor hulle gelê is, het hulle nee gesê.

- 271 -

Hulle het God nie hier gedien nie, daarom sal hulle Hom in die hiernamaals ook nie dien nie. Hulle kan nie in Sy teenwoordigheid leef nie en sou voel dat enige ander plek verkiesliker sou wees as die hemel.

Om van Christus te leer, beteken om Sy grasie te ontvang, wat Sy karakter is. Maar diegene wat nie die kosbare geleenthede en heilige invloede wat op aarde aan hulle gegee word, waardeer en gebruik nie, is nie geskik om aan die reine toewyding in die hemel 'n deel te hê nie. Hulle karakters is nie in die Goddelike ewebeeld gevorm nie. Deur hulle eie nalatigheid het hulle 'n kloof geskep wat met niks oorbrug kan word nie. Tussen hulle en die regverdiges is 'n groot kloof gevestig.



# Woorde en Dade

**Na aanleiding van Mattheus 21:23-32**

- 272 -

" 'N MAN het twee kinders gehad en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd. En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan. Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste."

In die bergpredikasie het Christus gesê: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is." (Matt. 7:21) Die toets vir opregtheid lê nie in woorde nie, maar in dade. Christus sê aan niemand: "Wat besonders sê julle?" nie, maar "Wat besonders doen julle dan?." (Matt. 5:47) Vol betekenis is Sy woorde: "As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen." (Joh. 13:17) Woorde is van geen waarde nie tensy hulle vergesel word van toepaslike dade. Dit is die les wat in die gelykenis van die twee seuns geleer word.

Hierdie gelykenis is tydens Christus se laaste besoek aan

- 273 -

Jerusalem voor Sy dood vertel. Hy het reeds die kopers en verkopers uit die tempel verdryf. Sy stem het met die krag van God tot hulle harte gespreek. Verbaas en bevrees het hulle sonder verskoning of weerstand aan Sy bevel gehoor gegee.

Toe hulle skrik bedaar het, het die priesters en die ouderlinge na die tempel teruggekeer en Christus gevind waar Hy besig was om siekes en sterwendes te genees. Hulle het die stem van lof en die vreugdelied gehoor, In die tempel self het die kinders wat genees was, palmtakke geswaai en hosannas vir die Seun van Dawid gesing. Babastemmetjies het die magtige Geneesheer met lispelende tong geloof. Maar dit alles was nie genoeg om die vooroordeel en jaloesie van die priesters en ouderlinge te bowe te kom nie.

Die volgende dag, terwyl Christus in die tempel geleer het, het die ower-

priesters en ouderlinge van die volk na Hom gekom en gesê: "Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee ?"

Die priesters en ouderlinge het reeds onmiskenbare bewyse van Christus se krag gehad. Toe Hy die tempel gereinig het, het hulle die gesag van die hemel uit Sy gesig sien flits. Hulle kon die krag waarmee Hy gespreek het, nie weerstaan nie. Met Sy wonderlike genesingsdade het Hy hulle vraag weer eens beantwoord. Hy het onbetwisbare bewyse van Sy gesag gelewer. Maar dit was nie bewyse wat nodig was nie. Die priesters en ouderlinge was gretig dat Jesus Hom as die Messias moes uitroep sodat hulle Sy woorde verkeerd kon toepas om die volk so teen Hom op te hits. Hulle wou Sy invloed graag afbreek en Hom doodmaak.

Jesus het geweet dat as hulle God in Hom nie kon herken of in Sy werke die bewyse van Sy Goddelike karakter kon raaksien nie, hulle Sy eie getuienis nie sou glo dat Hy die Christus was nie. Met Sy antwoord ontwyk Hy die vraag wat hulle graag wil aanroer en Hy laat hulle hulle eie oordeel uitspreek.

- 274 -

"Ek sal julle ook een ding vra," het Hy gesê, "en as julle dit vir My sê, sal Ek julle ook vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen. Die doop van Johannes, waar was dit vandaan – uit die hemel of uit mense?"

Die priesters en leiers was verleë. "En hulle het by hulle-self geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel – dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie? En as ons sê: Uit mense – dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Johannes vir 'n profeet. Toe antwoord hulle Jesus en sê: Ons weet nie. Hy sê toe ook vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie."

"Ons weet nie." Dit was 'n valse antwoord. Maar die priesters het gesien in watter penarie hulle was en het vals geantwoord om hulleself te beskerm. Johannes die Doper het gekom en van die Een getuig wie se gesag hulle nou betwis het. Hy het Hom aangewys en gesê: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!." (Joh. 1:29) Hy het Hom gedoop, en na die doop, terwyl Christus gebid het, het die hemel oopgegaan, en die Gees van God het soos 'n duif op Hom gerus, terwyl 'n stem uit die hemele gehoor is wat sê: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (Matt. 3:17)

Hulle het onthou hoe Johannes die profesieë aangaande die Messias aangehaal het; hulle het onthou wat tydens die doop van Jesus gebeur het, daarom het die priesters en owerstes nie durf sê dat Johannes se doop van die hemel was nie. As hulle erken het dat Johannes 'n profeet was, soos hulle wel geglo het, hoe kon hulle dan die getuienis weerspreek dat Jesus van Nasaret die Seun van God was? En hulle kon nie sê dat Johannes se doop uit die mense was nie vanweë die volk wat geglo het dat Johannes 'n profeet was. Daarom het hulle gesê, "Ons weet nie."



Toe vertel Christus die gelykenis van die vader en die twee seuns. Toe die vader na die eerste seun gaan en sê,

- 275 -

"Gaan werk vandag in my wingerd," het die seun dadelik geantwoord: "Ek wil nie." Hy het geweier om te gehoorsaam, en het hom aan slegte dinge en slegte geselskap oorgegee. Maar later het hy tot inkeer gekom en die roepstem gehoorsaam.

Die vader het met dieselfde bevel na die tweede seun gegaan. "Gaan werk vandag in my wingerd." Hierdie seun antwoord toe en sê: "Ja, heer," maar hy het nie gegaan nie.

In hierdie gelykenis stel die vader God voor en die wingerd die kerk. Die twee seuns stel twee klasse mense

- 276 -

voor. Die seun wat geweier het om die bevel te gehoorsaam, deur te sê: "Ek wil nie," stel diegene voor wat openlik in sonde geleef het, wat geen vroomheid bely het nie, wat openlik geweier het om hulle aan die juk van selfbeheersing en gehoorsaamheid wat die wet van God oplê, te onderwerp. Maar baie van hulle het hulle later bekeer en aan die roepstem van God gehoor gegee. Toe die evangelie na hulle toe kom met die boodskap van Johannes die Doper: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom," het hulle tot inkeer gekom en hulle sondes bely. (Matt. 3:2)

In die seun wat gesê het, "Ja, heer," en nie gegaan het nie, word die karakter van die Fariseërs geopenbaar. Soos hierdie seun, was die Joodse leiers onboetvaardig en selfvoldaan. Die godsdienstige lewe van die Joodse volk het 'n skyn geword. Toe die wet op die berg Sinai deur die stem van God bekend gemaak is, het die hele volk belowe dat hulle sou gehoorsaam. Hulle het gesê, "Ja, heer," maar hulle het nie gegaan nie. Toe Christus

self gekom het om die beginsels van die wet aan hulle voor te hou, het hulle Hom verwerp. Christus het aan die Joodse leiers van Sy tyd oorvloedige bewyse gegee van Sy gesag en Goddelike krag, maar, hoewel hulle oortuig was, wou hulle die bewyse nie aanneem nie. Christus het aan hulle getoon dat hulle in hulle ongeloof volhard het omdat hulle nie die gees het wat tot gehoorsaamheid lei nie. Hy het aan hulle verklaar: "So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering." "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is." Matt. 15:6, 9.

In die groep by Christus was daar skrifgeleerdes, Fariseërs, priesters en owerstes, en nadat Hy die gelykenis van die twee seuns vertel het, het Christus Sy toehoorders gevra: "Wie van die twee het die wil van die vader gedoen?" Die Fariseërs het hulle besinning verloor en geantwoord: "Die eerste." Dit het hulle gesê sonder om te besef dat hulle hulle eie vonnis uitspreek. Toe kom daar van Christus die aanklag: "Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en

- 277 -

die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God. Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie."

Johannes die Doper het gekom en die waarheid verkondig, en deur sy prediking is sondaars oortuig en bekeer. Hulle sou die koninkryk van die hemele binnegaan voor diegene wat in eiegeregtigheid die plegtige waarskuwing weerstaan het. Die tollenaars en die hoere was onkundig, maar hierdie geleerdes het die weg van die waarheid geken. Tog het hulle geweier om in die weg te wandel wat na die Paradys van God lei. Die waarheid wat vir hulle 'n reuk van die lewe tot die lewe moes gewees het, het 'n reuk van die dood tot die dood geword. Openlike sondaars wat hulleself verag het, is deur Johannes gedoop; maar hierdie leermeesters was skynheiliges. Hulle eie onversetlike harte het verhinder dat hulle die waarheid ontvang. Hulle het die oortuiging van die Gees van God weerstaan. Hulle het geweier om Gods gebooie te gehoorsaam.

Christus het nie aan hulle gesê: Julle kan nie die koninkryk van God binnegaan nie, maar Hy het aangetoon dat hulle self die struikelblok geskep het wat verhinder het dat hulle ingaan. Die deure het nog vir hierdie



Joodse leiers oopgestaan. Die uitnodiging was nog geldig verlang dat hulle

- 278 -

Christus het oortuig moes word en hulle moes bekeer. Die priesters en die ouderlinge van Israel het hulle lewens in godsdienstige seremonies deurgebring, wat hulle

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"So moet jy aan die huis van Jakob sê ... As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees." Exodus 19:3-6.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

as te heilig beskou het om met alledaagse sake te verbind. Daarom is dit verwag dat hulle lewens geheel en al godsdienstig moes wees. Maar hulle het hulle seremonies beoefen om deur mense gesien te word, sodat die wêreld moes dink dat hulle vroom en toegewyd was. Terwyl hulle voorgegee het om gehoorsaam te wees, het hulle geweier om God te gehoorsaam. Hulle was nie daders van die waarheid wat hulle voorgegee het om te leer nie.

Christus het verklaar dat Johannes die Doper een van die grootste profete was, en Hy het Sy toehoorders laat verstaan dat hulle voldoende bewys gehad het dat Johannes 'n boodskapper van God was. Die woorde van die prediker in die woestyn het krag gehad. Onverskrokke het hy sy boodskap verkondig, die priesters en owerstes op hulle sondes gewys en hulle beveel om die werke van die koninkryk van die hemele te doen. Hy het hulle daarop gewys dat hulle hulle Vader se gesag op sondige wyse minag deur te weier om die werk te doen wat aan hulle opgedra is. Hy het met die sonde geen vergelyk getref nie en vele het hulle van hulle ongeregtighede bekeer.

As die belydenis van die Joodse leiers opreg was, sou hulle Johannes se getuienis ontvang en Jesus as die Messias aangeneem het. Maar hulle het nie die vrugte van bekering en geregtigheid gedra nie. Juis diegene wat hulle verag het, was vinnig besig om voor hulle in die koninkryk van God in te gaan.

In die gelykenis het die seun wat gesê het: "Ja, heer," hom voorgedoen as getrou en gehoorsaam, maar die tyd het bewys dat sy belydenis nie eg was nie. Hy het geen egte liefde vir sy vader gehad nie. So het die Fariseërs

ook op hulle heiligheid geroem, maar toe dit beproef is, is dit te lig bevind. As dit in hulle belang was om dit te doen, het hulle die vereistes van die wet baie streng gemaak, maar wanneer gehoorsaamheid van hulle vereis is, het hulle die verpligting teenoor die wet deur bedrewe drogredenering weggeredeneer. Van hulle het Christus verklaar: "Volgens

- 279 -

hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie." (Matt. 23:3) Hulle het geen ware liefde vir God of mens gehad nie. God het hulle geroep om tot seën van die wêreld medewerkers saam met Hom te wees, maar hoewel hulle voorgegee het om hierdie beroep aan te neem, het hulle geweier om te gehoorsaam. Hulle het op die self vertrou en hulle op hulle goedheid beroem, maar hulle het hulle teen die gebooie van God verset. Hulle het geweier om die werk te doen waarvoor God hulle aangestel het, en weens hulle oortreding het die Here op die punt gestaan om Hom van die ongehoorsame volk te skei.

Eiegeregtigheid is nie ware geregtigheid nie, en die wat daaraan vashou, sal die gevolge van geloof in 'n dodelike bedrog moet dra. Soveel mense maak deesdae daarop aanspraak dat hulle die gebooie van God gehoorsaam, maar die liefde van God wat na andere uitvloei, is nie in hulle harte nie. Christus roep hulle om met Hom saam te werk tot redding van die wêreld, maar hulle stel hulleself gerus deur te sê: "Ja, heer." Hulle gaan nie. Hulle werk nie saam met diegene wat vir God werk nie. Hulle is luiaards. Soos die ontroue seun, maak hulle valse beloftes aan God. Deur die plegtige verbond van die kerk op hulleself te neem, het hulle belowe om die Woord van God te ontvang en te gehoorsaam, om hulleself aan die diens van God te wy, maar hulle doen dit nie. Hulle gee voor dat hulle seuns van God is, maar hulle lewe en karakter verloën die verhouding. Hulle gee hulle wil nie aan God oor nie. Hulle lewe 'n leuen.

Dit skyn of hulle die belofte tot gehoorsaamheid nakom as dit geen opoffering verg nie, maar wanneer selfverloëning en selfopoffering vereis word, as hulle sien dat die kruis verhoog word, dan trek hulle terug. So kwyn die oortuiging van hulle plig, en bewuste oortreding van die wet van God word 'n gewoonte. Die oor hoor miskien die woord van God, maar die geestelike begripsvermoë het gewyk. Die hart word verhard, die gewete toegeskroei.

Moenie dink dat u Christus dien omdat u Hom nie



- 280 -

opsetlik teenstaan nie. So bedrieg ons ons self. Deur iets terug te hou wat God ons gegee het om in Sy diens gebruik te word, het sy tyd of besittings of enige ander van Sy toevertroude gawes, werk ons teen Hom.

Die Satan gebruik die lustelose, lomerige luiheid van belydende Christene om sy magte mee te versterk en om siele vir sy kant te wen. Baie wat dink dat, alhoewel hulle geen werklike werk vir Christus doen nie, hulle tog aan Sy kant is, stel die vyand in staat om die grond vooraf in besit te neem en veld te wen. Deur na te laat om ywerige werkers vir die Meester te wees, deur pligte ongedaan te laat en woorde onuitgespreek, het hulle die Satan toegelaat om beheer te kry oor siele wat vir Christus gewen kon geword het.

Ons kan nooit gered word as ons lui en onaktief is nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n waarlik bekeerde persoon wat 'n hulpelose, nuttelose lewe voer nie. Dit is vir ons geensins moontlik om die hemel binne te drywe nie. Geen luiaard kan daar binnegaan nie. As ons nie streef om toegang tot die koninkryk te kry nie, as ons nie ernstig navors om uit te vind waaruit sy wet bestaan nie, is ons nie geskik om 'n deel daaraan te hê nie. Diegene wat weier om met God op die aarde saam te werk, sal nie in die hemel met Hom saamwerk nie. Dit sal nie veilig wees om hulle hemel toe te neem nie.

Daar is meer hoop vir tollenaars en sondaars as vir diegene wat die Woord van God ken, maar weier om dit te gehoorsaam. Hy wat homself as 'n sondaar sonder kleed vir sy sonde sien, wat weet dat hy siel, liggaam en gees voor God skend, raak ontsteld uit vrees dat hy vir ewig van die koninkryk van die hemele geskei sal word. Hy besef sy sieklike toestand en soek na genesing by die groot Geneesheer wat gesê het: "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Joh. 6:37) Die Here kan hierdie siele as werkers in Sy wingerd gebruik.

Christus het die seun wat 'n tyd lank geweier het om sy vader se bevel te gehoorsaam nie veroordeel nie. Hy het hom ook nie geprys nie. Die klas wat die rol van die eerste

- 281 -

seun speel deur te weier om gehoorsaam te wees, verdien geen lof vir hulle houding nie. Hulle rondborstigheid moet nie as 'n deug beskou word nie. As dit deur waarheid en vroomheid geheilig word, sal dit van mense

dapper getuies vir Christus maak, maar soos die sondaar dit gebruik, is dit beledigend en trotserend en byna lasterlik. Dat 'n mens nie 'n skynheilige is nie, maak hom niks minder 'n werklike sondaar nie. Wanneer die roepstem van die Heilige Gees die hart raak, is ons enigste veiligheid om sonder versuim te gehoorsaam. Wanneer die roepstem kom: "Gaan werk vandag in my wingerd," moenie die uitnodiging van die hand wys nie. "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie." Heb. 4:7. Dit is gevaarlik om gehoorsaamheid uit te stel. U hoor die uitnodiging miskien nooit weer nie.

Laat niemand dink dat sondes wat vir 'n tyd lank gekoester is later maklik versaak kan word nie. Dit is nie so nie. Elke sonde wat gekoester word, verswak die karakter en versterk die gewoonte; en liggaamlike, verstandelike en sedelike verdorwenheid is die gevolg. U bekeer u miskien van die kwaad wat u gedoen het en u rig u voete op die regte pad, maar u geestesgesteldheid en u bekendheid met sonde sal dit moeilik maak vir u om tussen reg en verkeerd te onderskei. Deur die verkeerde gewoontes wat gevorm is, sal die Satan u keer op keer aanval.

In die bevel: "Gaan werk vandag in my wingerd," word die toets vir opregtheid op elke siel toegepas. Sal daar dade sowel as woorde wees? Sal die een wat geroep is al die kennis wat hy besit, gebruik en getrou, sonder eie belang, werk vir die Eienaar van die wingerd?

Die apostel Petrus onderrig ons aangaande die plan waarvolgens ons moet werk. "Mag genade en vrede vir julle vermeerder word," sê hy, "deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes

- 282 -

geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is."

"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde." 2 Petrus 1:2-7.

As u die wingerd van u siel getrou bewerk, maak God u 'n medewerker



met Hom. En u sal 'n werk te doen hê, nie net vir uself nie, maar vir andere. Waar Hy die kerk as die wingerd voorstel, leer Christus nie dat ons ons simpatie en arbeid tot ons eie geledere moet beperk nie. Die Here se wingerd moet vergroot word. Hy wil hê dat dit na alle dele van die wêreld uitgebrei moet word. Namate ons die onderrig en genade van God ontvang, moet ons aan andere 'n kennis oordra van hoe om vir die kosbare plante te sorg. So kan ons die wingerd van die Here uitbrei. God let op om die bewyse van ons geloof, liefde en geduld te sien. Hy kyk of ons elke geestelike voordeel gebruik om bedrewe werkers in Sy wingerd op aarde te word, sodat ons kan ingaan in die Paradys van God, daardie Edense tuiste waaruit Adam en Eva deur oortreding uitgesluit is.

God staan teenoor Sy volk in die verhouding van 'n vader, en het 'n vader se aanspraak op ons getroue diens. Kyk na die lewe van Christus. Waar Hy aan die hoof van die mensdom staan om Sy Vader te dien, is Hy 'n voorbeeld van wat elke seun behoort te wees. God verwag vandag van mense die gehoorsaamheid wat Hy aan die dag gelê het. Hy het Sy Vader met liefde, gewilligheid en in vryheid gedien. "Ek het lus, O my God, om u welbehae te doen," het Hy verklaar, "en U wet is binne-in my ingewande." (Ps.40:9) Christus het geen opoffering as te groot, geen taak as te moeilik beskou om die werk te volbring wat Hy kom doen het nie. Op twaalfjarige ouderdom het Hy gesê:

- 283 -

"Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?." (Lukas 2:49) Hy het die roepstem gehoor en het die werk aangepak. "My voedsel," het Hy gesê, "is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring." (Joh. 4:34)

So moet ons God dien. Net hy dien wat volgens die hoogste standaard van gehoorsaamheid handel Almal wat seuns en dogters van God wil wees, moet bewys lewer dat hulle medewerkers saam met God en Christus en die engele van die hemel is. Hier lê die toets vir elke siel van die gene wat Hom getrou dien, sê die Here, "En hulle sal My tot 'n eiendom wees ... op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien." Mal. 3: 17.

God se groot doel met die volvoering van Sy voorsienigheid is om mense te beproef, om aan hulle 'n geleentheid te gun om hulle karakters te ontwikkel. Sodoende toets Hy hulle om te sien of hulle gehoorsaam of

ongehoorsaam aan Sy bevele is. Goeie werke koop nie die liefde van God nie, maar hulle openbaar wel dat ons daardie liefde het. As ons die wil aan God onderwerp, sal ons nie werk om Gods liefde te verdien nie. Sy liefde sal as 'n vrye gawe in die siel ontvang word, en uit liefde jeens Hom sal dit ons genot wees om Sy gebooie te gehoorsaam.

Daar is tans net twee klasse mense in die wêreld en net twee klasse sal in die oordeel erken word – diegene wat Gods wet oortree en diegene wat dit gehoorsaam. Christus stel die toets waarmee ons getrouheid of ontrouheid op die proef gestel word. Hy sê: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie. ... Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. ... Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het." "As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly." (Joh. 14:15-24; 15:10.)



# Die Here se Wingerd

**Na aanleiding van Mattheus 21:33-44**

- 284 -

***DIE JOODSE VOLK***

NA die gelykenis van die twee seuns volg die gelykenis van die wingerd. In die een het Christus die Joodse leiers attent gemaak op die belangrikheid van gehoorsaamheid. In die ander het Hy op die ryke seëninge gewys wat op Israel uitgestort was, en daarmee aangetoon dat God aanspraak maak op hulle gehoorsaamheid. Hy het die heerlikheid van Gods plan, wat hulle deur gehoorsaamheid kon uitgevoer het, aan hulle voorgehou. Hy het die sluier van die toekoms weggetrek en aangedui hoe die hele nasie Sy seëninge verbeur en verwoesting op hulleself gebring het deur nie Sy doel te vervul nie.

"Daar was 'n sekere huisheer," het Christus gesê, "wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan."

Die profeet Jesaja beskryf hierdie wingerd: "Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.

- 285 -

En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra." Jes. 5:1, 2.

Die landbouer kies 'n sekere stuk land uit die woestyn. Hy omhein dit, maak dit skoon en bewerk dit, beplant dit met uitgesoekte stokke en verwag 'n ryk oes. Hy verwag dat hierdie stuk grond wat beter is as die onbewerkte woestyn, hom eer sal aandoen deur die resultate te toon van sy sorg en arbeid toe hy dit bewerk het. So het God 'n volk uit die wêreld uitverkies om deur Christus opgelei en opgevoed te word. Die profeet sê: "Die wingerd van die Here van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging." Jes. 5:7. Aan hierdie volk

het God groot voorregte gegee en hulle uit Sy oorvloedige goedheid ryklik geseën. Hy het van hulle verwag om Hom te eer deur vrugte te dra. Hulle moes die beginsels van Sy koninkryk openbaar. Te midde van 'n gevalle, sondige wêreld moes hulle die karakter van God verteenwoordig.

As die wingerd van die Here, moes hulle vrugte voortbring wat geheel en al anders was as dié van die heidense nasies. Hierdie afgodiese volkere het hulle oorgegee om boosheid te bedryf. Hulle het geweld en misdaad, hebsug, onderdrukking en bedorwe wanpraktyke na hartelus bedryf. Sonde, ontaarding en ellende was die vrugte van die bedorwe boom. Die vrugte van die wynstok wat God geplant het, moes heeltemal anders wees as dit.

Dit was die voorreg van die Joodse volk om die karakter van God te verteenwoordig soos dit aan Moses geopenbaar is. In antwoord op die gebed van Moses, "Laat my tog u heerlikheid sien," het die Here belowe: "Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan." (Exod. 33:18, 19) "En toe die Here by hom verbygaan, het Hy geroep: Here,

- 286 -

Here, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe." Exod. 34:6, 7. Dit was die vrugte wat God van Sy volk verlang het. Deur die reinheid van hulle karakters, deur die heiligheid van hulle lewens, deur hulle genadebetoon en barmhartigheid en meegevoel moes hulle bewys "die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel." (Ps. 19:8)

Dit was Gods doel om deur die Joodse volk ryke seëninge aan alle volke te gee. Deur Israel moes die weg berei word vir die verspreiding van Sy lig aan die hele wêreld. Deur slegte gewoontes te volg, het die nasies van die wêreld die kennis van God verloor. Tog het God hulle in Sy genade nie vernietig nie. Hy het besluit om hulle die geleenthede te gee om deur Sy kerk met Hom kennis te maak. Dit was Sy plan dat die beginsels wat deur Sy volk geopenbaar sou word die middel moes wees waardeur die sedebeeld van God in die mens herstel sou word.

Dit was om hierdie plan uit te voer dat God Abraham uit sy afgodiese geslag geroep het en hom beveel het om in die land Kanaän te woon. "Ek sal jou 'n groot nasie maak," het Hy gesê, "en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees." (Gen. 12:2)



Die afstammelinge van Abraham, Jakob en sy nageslag, is na Egipte gebring sodat hulle die beginsels van Gods koninkryk onder daardie groot, sondige nasie kon openbaar. Die onkreukbaarheid van Josef en die wonderbare wyse waarop hy die lewens van die ganse Egiptiese volk gered het, was 'n voorstelling van die lewe van Christus. Moses en baie ander was getuies vir God.

Deurdat Hy Israel uit Egipte uitgelei het, het die Here weer Sy krag en Sy genade geopenbaar. Sy wonderlike werke waarmee Hy hulle uit slawerny vrygestel het en Sy handelwyse met hulle in hulle reise deur die woestyn was

- 287 -

nie tot net hulle voordeel bedoel nie. Hierdie dinge moes vir die omliggende nasies 'n aanskouingsles wees. Die Here het Hom bo alle menslike gesag en grootheid as God geopenbaar. Die tekens en wonders wat Hy vir Sy volk gedoen het, het Sy gesag oor die natuur en oor die vernaamste van die aanbidders van die natuur bewys. God het deur die trotse Egipteland getrek net soos Hy in die laaste dae deur die aarde sal trek. Met vuur en stormwind, aardbewing en die dood, het die groot EK is Sy volk verlos. Hy het hulle uit die land van slawerny uitgeneem. Hy het hulle deur die "groot en vreeslike woestyn gelei ... deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water." (Deut. 8: 15) Hy het vir hulle water "uit die klipharde rots" voortgebring, en hulle met "koring van die hemel" gevoed (Ps. 78:24) "Want," het Moses gesê, "die Here se deel is sy volk, Jakob is sy afgemete erfdeel. Hy het hom gevind in 'n Woestynland en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis; Hy het hom omring, op hom ag gegee, hom bewaak soos sy oogappel. Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels – die Here alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie." Deut. 32:9-12. So het Hy hulle na Homself toe gebring sodat hulle onder die skaduwee van die Almagtige kon woon.

Christus was die leier van die kinders van Israel in hulle woestynomswerwinge. Bedags in die wolkkolom omhul en snags in die vuurkolom, het Hy hulle gelei en gerig. Hy het hulle van die gevare in die woestyn bewaar; Hy het hulle in die beloofde land ingebring, en voor al die nasies wat God nie erken het nie, het Hy Israel as Sy eie uitverkore besitting, die wingerd van die Here, opgerig.

Aan hierdie volk is die godspraak toevertrou. Hulle was omhein deur Sy wet, die ewige beginsels van waarheid, geregtigheid en reinheid. Gehoorsaamheid aan hierdie beginsels sou hulle beskerming wees, want dit sou hulle van

- 288 -

selfvernietiging deur sondige dade beskerm. En soos die toring in die wingerd, het God binne-in die land Sy heilige tempel geplaas.

Christus was hulle leermeester. Net soos Hy in die woestyn saam met hulle was, so sou Hy nog hulle leermeester en leidsman wees. In die tabernakel en die tempel het Sy heerlikheid in die heilige ligglans bokant die versoendeksel gewoon. Hy het die rykdom van Sy liefde en lankmoedigheid gedurig tot hulle voordeel bewys.

God het verlang om van Sy volk Israel 'n lof en 'n heerlikheid te maak. Elke geestelike bate is aan hulle gegee. God het niks van hulle teruggehou wat bevorderlik sou wees vir die ontwikkeling van karakter wat van hulle Sy verteenwoordigers sou maak nie.

Omdat hulle die wet van God gehoorsaam, sou hulle 'n voorspoed geniet waaroor die nasies van die wêreld hulle sou verbaas. Hy wat hulle wysheid en vernuf in allerhande vaardige werk kon gee, sou nog hulle leermeester wees, en Hy sou hulle veredel en hulle verhoog deur gehoorsaamheid aan Sy wette. As hulle gehoorsaam was, sou hulle beskerm word teen die siektes wat ander nasies geteister het, en hulle sou met verstandsvermoë geseën wees. Die heerlikheid van God, Sy majesteit en krag, moes in al hulle voorspoed blyk. Hulle moes 'n koninkryk van priesters en prinse gewees het. God het hulle elke geleentheid gegee om die roemrykste nasie op die aarde te word.

Deur Moses het Christus Gods plan baie duidelik voor hulle gestel, en die voorwaardes vir hulle voorspoed uiteengesit. "Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God; jou het die Here jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees." "Jy moet dan weet dat die Here jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte." "Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge

- 289 -

wat ek jou vandag beveel om dit te volbring. En omdat julle na hierdie



verordeninge sal luister en dit hou en volbring, sal die Here jou God vir jou die verbond en die goedertierenheid hou wat Hy jou vaders besweer het; en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig, en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. Geseënd sal jy wees bo al die volke. . .. En die Here sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes van Egipte wat jy ken, nie op jou lê nie." Deut. 7:6, 9, 11-15.

God het beloof om hulle die beste van die koring te gee en vir hulle heuning uit die rots te bring as hulle Sy gebooie sou bewaar. Met lengte van dae sou Hy hulle versadig, en hulle Sy heil laat sien.

Deur ongehoorsaamheid aan God het Adam en Eva Eden verloor, en weens sonde is die hele aarde vervloek. Maar as Gods volk Sy onderrigting sou volg, sou hulle land tot vrugbaarheid en skoonheid herstel word. God het hulle self voorgelig oor hoe om die grond te bewerk en hulle moes met Hom saamwerk om dit te herstel. So sou die hele land, onder Gods beheer, 'n aanskouingsles van geestelike waarheid word. Net soos die aarde deur gehoorsaamheid aan die natuurwette sy skatte sou voortbring, net so ook moes die harte van die volk deur gehoorsaamheid aan Sy sedewet die kenmerke van Sy karakter weerkaats. Selfs die heidene sou die voortreflikheid van diegene erken wat die lewende God aanbid.

"Kyk," het Moses gesê, "ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die Here my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem. Onderhou dit dan en doen dit; want dit is

- 290 -

julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: "Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk. Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die Here onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?" Deut. 4:5-8.

Die kinders van Israel moes die hele gebied bewoon wat God vir hulle bepaal het. Daardie volkere wat die aanbidding en diens van die ware God verwerp het, moes onteien word. Maar dit was die doel van God dat

mense deur die openbaring van Sy karakter deur Israel na Hom aangetrek moes word. Die evangelieuitnodiging moes aan die hele wêreld gegee word. Deur die leer van die offerstelsel moes Christus voor die nasies verhoog word, en almal wat Hom aanskou, sou lewe. Almal wat, soos Ragab, die Kanaänitiese, en Rut die Moabitiese, hulle van afgodery sou afkeer om die ware God te aanbid, moes hulle by Sy uitverkore volk aansluit. Namate die getalle van Israel sou toeneem, moes hulle hul grense vergroot totdat hulle koninkryk die hele aarde sou behels,

God wou alle volkere onder Sy genadige heerskappy bring. Hy het verlang dat die aarde met vreugde en vrede gevul moes wees. Hy het die mens geskep om gelukkig te wees, en Hy verlang om harte met die vrede van die hemel te vervul. Hy begeer dat die gesinne hier benede 'n simbool van die groot gesin daarbo moet wees.

Maar Israel het Gods doel nie verwesenlik nie. Die Here het verklaar: "Nogtans het Ek jou geplant as 'n edele wingerdstok, as heeltemal egte saad; maar hoe is jy vir My verander in wilde lote van 'n vreemde wingerdstok!." (Jer. 2:21) "Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen

- 291 -

het nie ? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring? Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want ... Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!." (Jes. 5:3-7.)1

Die Here het deur Moses aan die volk bekend gemaak wat die gevolge van ontrouheid sou wees. Deur te weier om die verbond te onderhou, sou hulle hulle van die lewe van God afsny, en Sy seën kon nie op hulle neerdaal nie. "Neem jou in ag," het Moses gesê, "dat jy die Here jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie; sodat jy nie miskien eet en versadig word nie en mooi huise bou en bewoon, en jou beeste en jou kleinvee vermeerder en jou silwer en goud vermeerder, ja, alles wat jy het, vermeerder



– en jou hart hom dan verhef, dat jy die Here jou God vergeet – en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe. ... Maar as jy nogtans die Here jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; soos die nasies wat die Here voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle na die stem van die Here julle God nie geluister het nie." Deut. 8:11-20.

Die Joodse volk het hulle nie aan die waarskuwing gesteur nie. Hulle het God vergeet en hulle verhewe voorreg as Sy verteenwoordigers uit die oog verloor. Die seëninge wat hulle ontvang het, het geen seën aan die wêreld meegebring nie. Al hulle bates is tot hulle eie verheerliking gebruik. Hulle het God beroof van die diens wat Hy van

- 292 -

hulle verwag het, en hulle het hulle medemense van godsdienstige voorligting en van 'n heilige voorbeeld beroof. Soos die bewoners van die wêreld voor die sondvloed, het hulle al die versinsels van hulle bose harte nagevolg. Sodoende het hulle heilige dinge soos 'n klug laat lyk, en gesê: "Die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel is dit!" (Jer. 7:4), onderwyl hulle Gods karakter terselfdertyd verkeerd voorgestel, Sy Naam oneer aangedoen, en Sy heiligdom verontreinig het.

Die landbouers aan wie se sorg die Here se wingerd toevertrou is, was ontrou aan hulle verantwoordelikheid. Die priesters en die onderwysers was nie getroue leermeesters van die volk nie. Hulle het die genade van God en Sy aanspraak op hulle liefde en diens nie voor hulle gehou nie. Hierdie landbouers het hulle eie verheerliking gesoek. Hulle wou die vrugte van die wingerd vir hulleself inpalm. Hulle het hulle daarop toegelê om die aandag en eerbetoning vir hulleself te kry.

Die skuld van hierdie leiers van Israel was nie soos die skuld van die gewone sondaar nie. Hierdie manne het onder die ernstigste verpligting teenoor God gestaan. Hulle het belowe om 'n, "So sê die Here" te leer, en om strenge gehoorsaamheid in hulle praktiese lewe in te bring. Pleks daarvan het hulle die Skrifte verdraai. Hulle het swaar laste op mense gelaai, en seremonies op hulle afgedwing wat elke stap van die lewe geraak het. Die volk het in voortdurende onrus gelewe, want hulle kon die vereistes wat deur die rabbi's neergelê is, nie nakom nie. Namate hulle gesien het hoe onmoontlik dit was om mensgemaakte gebooie te bewaar, het hulle on-

verskillig geword wat die gebooie van God betref.

Die Here het Sy volk geleer dat Hy die eienaar van die wingerd was, en dat al hulle besittings aan hulle gegee is as 'n trust wat vir Hom gebruik moes word. Maar die priesters en onderwysers het nie die werk van hulle heilige amp gedoen asof hulle die eiendom van God hanteer nie. Hulle het Hom stelselmatig beroof van die middele en

- 293 -

geriewe wat aan hulle toevertrou is vir die vooruitgang van Sy werk. Hulle inhaligheid en hebsug het gemaak dat hulle verag is, selfs deur die heidene; so is aan die heidense wêreld geleentheid gegee om die karakter van God en die wette van Sy koninkryk verkeerd te vertolk.

Met die hart van 'n Vader was God verdraagsaam teenoor Sy volk. Hy het met hulle gepleit deur genade te betoon en te onttrek. Geduldig het Hy hulle sondes aan hulle voorgehou en lankmoedig om hulle erkenning gewag. Profete en boodskappers is gestuur om Gods aanspraak op die landbouers bekend te maak, maar pleks dat hulle verwelkom is, is hulle as vyande behandel. Die landbouers het hulle vervolg en doodgemaak. God het nog ander boodskappers gestuur, maar hulle het dieselfde behandeling as die eerstes ontvang, behalwe dat die landbouers hulle nog meer gehaat het.

As 'n laaste redmiddel het God Sy Seun gestuur en gesê: "Hulle sal my seun ontsien." Maar hulle weerstand het hulle wraaksugtig gemaak en hulle het onder mekaar gesê, "Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem." Dan sal ons die wingerd kan geniet en met die vrugte maak soos ons wil.

Die Joodse leiers het God nie liefgehad nie; daarom het hulle hul van Hom verwyder en al Sy toenaderinge om 'n regverdige skikking verwerp. Christus, die Geliefde van God, het gekom om die aanspraak van die Eienaar op die wingerd te handhaaf, maar die landbouers het Hom met kenmerkende veragting behandel en gesê: Ons wil nie hê dat hierdie Man oor ons moet regeer nie. Hulle was afgunstig op Christus se skoonheid van karakter. Sy manier van leer was beter as hulle s'n, en hulle het Sy sukses gevrees. Hy het hulle berispe, hulle skynheiligheid ontbloot en hulle attent gemaak op die gewisse gevolge van hulle gedrag. Dit het hulle tot raserny gedryf. Hulle het seer gevoel onder die teregwysings wat hulle nie kon weerlê nie. Hulle het die hoë maatstaf van geregtigheid wat Christus



- 294 -

voortdurend voorgehou het, gehaat. Hulle het besef dat Sy leer hulle selfsug aan die kaak sou stel en hulle het hulle voorgeneem om Hom dood te maak. Hulle het Sy voorbeeld van waarheidsliefde en vroomheid gehaat, en ook die verhewe geestelikheid wat geblyk het in alles wat Hy gedoen het. Sy hele lewe het hulle selfsugtigheid bestraf en toe die finale toets kom, die toets wat gehoorsaamheid en die ewige lewe beteken of ongehoorsaamheid en die ewige dood beteken, het hulle die Heilige van Israel verwerp. Toe hulle gevra is om tussen Christus en Barabbas te kies, het hulle uitgeroep: "Laat vir ons Barabbas los!." (Lukas 23:18) En toe Pilatus vra: "Wat moet ek dan doen met Jesus?" het hulle woedend uitgeroep, "Laat Hom gekruisig word!." (Matt. 27:22) "Moet ek julle Koning kruisig?" het Pilatus gevra, en van die priesters en owerstes het die antwoord gekom: "Ons het geen koning behalwe die keiser nie." (Joh. 19:15) Toe Pilatus sy hande gewas en gesê het, "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man," het die priesters saam met die onkundige gepeupel woedend verklaar: "Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!." (Matt. 27:24, 25)

So het die Joodse leiers gekies. Hulle besluit is neergeskrywe in die boek wat Johannes in die hemel gesien het in die hand van Hom wat op die troon sit, die boek wat geen mens kon oopmaak nie. Hierdie besluit met al sy wraaksug sal voor hulle verskyn op die dag wanneer hierdie boek se seël deur die Leeu van die stam van Juda losgemaak word.

Die Joodse volk het die gedagte gekoester dat hulle die gunstelinge van die hemel was en dat hulle altyd as die kerk van God verhef sou word. Hulle was die kinders van Abraham, het hulle verklaar, en so standvastig het die fondament van hulle voorspoed vir hulle gelyk dat hulle die aarde en die hemel uitgedaag het om hulle hulle regte te ontneem. Maar deur lewens van ontrouheid was hulle besig om hulle voor te berei om deur die hemel veroordeel te word en van God geskei te word.

In die gelykenis van die wingerd, nadat Christus voor

- 295 -

die priesters hulle finale daad van boosheid geskets het, het Hy die vraag aan hulle gestel, "Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?" Die priesters het die verhaal met diepe belangstelling gevolg, en sonder om te dink hoe die onderwerp op hulle sinspeel, het hulle saam met die skare geantwoord, "Die slegte mense –

hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee."

Onwetend het hulle hul eie vonnis uitgespreek. Jesus het na hulle gekyk en onder Sy deursoekende blik het hulle geweet dat Hy die geheime van hulle harte gelees het. Sy Godheid het met onmiskenbare krag voor hulle geskyn. Hulle het hulleself in die landbouers gesien, en hulle het onwillekeurig uitgeroep, "Mag God dit verhoed!"

Plegtig en bedroef het Christus gevra: "Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel."

Christus sou die vonnis van die Joodse nasie afgewend het as die volk Hom aangeneem het. Maar afguns en jaloesie het hulle onversoenlik gemaak. Hulle het hulle voorgeneem dat hulle Jesus van Nasaret nie as die Messias sou aanneem nie. Hulle het die Lig van die wêreld verwerp en van toe af is hulle lewens met duisternis omhul, ja, soos 'n middernagtelike duisternis. Die voorspelde vonnis het op die Joodse volk neergekom. Hulle eie wrede, onbeheerste hartstogte het hulle ondergang bewerk. In hulle

- 296 -

blinde woede het hulle mekaar verwoes. Hulle opstandige, hardnekkige hoogmoed het op hulle die woede van hulle Romeinse veroweraars gebring. Jerusalem is vernietig, die tempel het in puin gelê en die terrein het soos 'n geploegde land daar uitgesien. Die kinders van Juda het op die vreeslikste maniere omgekom. Miljoene is verkoop om in heidenlande as slawe te dien.

As 'n volk het die Jode Gods doel nie verwesenlik nie, en die wingerd is van hulle weggeneem. Die voorregte wat hulle misbruik, die werk wat hulle versmaai het, is aan andere toevertrou.

### *DIE HEDENDAAGSE KERK*

Die gelykenis van die wingerd is nie alleen op die Joodse volk van toepassing nie. Dit hou vir ons ook 'n les in. Die kerk in hierdie geslag is deur God met groot voorregte en seëninge toegerus en Hy verwag



ooreenstemmende wins.

Ons is met 'n kosbare losprys vrygekoop. Alleenlik die grootheid van hierdie losprys gee ons 'n begrip van sy gevolge. Op hierdie aarde, die aarde wat deur die trane en bloed van die Seun van God benat is, moet die kosbare vrugte van die Paradys voortgebring word. In die lewens van Gods volk moet die waarhede van Sy Woord hulle heerlikheid en uitmuntendheid openbaar. Deur Sy volk moet Christus Sy karakter en die beginsels van Sy koninkryk openbaar.

Die Satan trag om die werk van God teen te werk, en hy spoor mense gedurig aan om sy beginsels aan te neem. Hy beweer dat die uitverkore volk van God 'n misleide volk is. Hy is 'n beskuldiger van die broeders en hy gebruik sy beskuldigende mag teen diegene wat geregtigheid doen. Die Here verlang om die Satan se aantygings te beantwoord deur die gevolge van gehoorsaamheid aan die regte beginsels in Sy volk te openbaar.

Hierdie beginsels moet in die Christen persoonlik, in die gesin, in die gemeente en in elke inrigting wat vir die diens van God opgerig is, gesien word. Almal moet simbole

- 297 -

wees van wat vir die wêreld gedoen kan word. Hulle moet voorbeelde wees van die reddende krag van die waarhede van die evangelie. Almal is werktuie in die vervulling van Gods groot planne vir die menseras.

Die Joodse leiers het hulle pragtige tempel en die imponerende rites van hulle godsdiens met trots aanskou, maar reg, genade en die liefde van God het ontbreek. Die heerlikheid van die tempel, die luister van hulle diens kon hulle nie by God aanbeveel nie; want die enigste ding waaraan Hy waarde heg, het hulle nie aangebied nie. Hulle het Hom nie die offer van 'n nederige en verslae gees gebring nie. Dit is wanneer die belangrike beginsels van die koninkryk van God verlore gaan dat die seremonies

- 298 -

menigvuldig en oordadig word. Dit is wanneer karakterbou verwaarloos word, wanneer die versiering van die siel ontbreek, wanneer die eenvoud van godsvrug uit die oog verloor word, dat hoogmoed en liefde vir vertoon, pragtige kerkgeboue, skitterende versiersels en imponerende seremonies vereis. Nie een hiervan vereer God nie. 'n Deftige godsdiens wat uit seremonies, skyn en vertoon bestaan, is nie vir Hom aanneemlik nie.

Die hemelse boodskappers reageer nie op sulke diens nie.

Die kerk is vir God baie kosbaar. Hy waardeer dit nie om die uiterlike bates nie, maar om die opregte vroomheid wat dit van die wêreld onderskei. Hy takseer dit op die lidmate se toename in die kennis van Christus, op hulle vooruitgang in die geestelike lewe.

Christus smag daarna om van Sy wingerd die vrugte van heiligheid en onselfsugtigheid te ontvang. Hy soek na die beginsels van liefde en goedheid. Al die skoonheid van die kunste kan nie vergelyk word met die mooi geaardheid en karakter wat Christus se verteenwoordigers aan die dag moet lê nie. Dit is die atmosfeer van welwillendheid wat die siel van die gelowige omring, die werking van die Heilige Gees op sy verstand en sy hart wat van hom 'n reuk van die lewe tot die lewe maak en God in staat stel om sy werk te seën.

'n Gemeente kan die armste in die land wees. Daar is miskien geen uiterlike aantreklikheid nie, maar as die lidmate die beginsels van die karakter van Christus besit, sal hulle Sy vreugde in hulle siele hê. Engele sal saam met hulle aanbid. Die lof en danksegging uit dankbare harte sal soos 'n welriekende offer na God opstyg.

Die Here verlang dat ons van Sy goedheid moet praat en van Sy krag moet vertel. Hy word vereer deur lof en danksegging. Hy sê, "Die een wat dank offer, eer My." (Ps. 50:23) Op hulle reis deur die woestyn het die Is-

- 299 -

raeliete God met heilige lofsange geloof. Die gebooie en die beloftes van die Here is getoonset en deur die pelgrims op hulle reis gesing. En so dikwels hulle in Kanaän vir hulle heilige feeste byeengekom het, moes hulle van die wonderlike werke van God vertel en Sy Naam dankbaar loof. God het verlang dat die hele lewe van Sy volk 'n lewe van danksegging moes wees. So moes Sy weg op die aarde verkondig word, Sy heil "onder al die nasies." (Ps. 67:3) ,

So hoort dit nou. Die bewoners van die wêreld aanbid valse gode. Hulle moet van hulle valse aanbidding weggelei word, nie deur die veroordeling van hulle afgode aan te hoor nie, maar deur die aanskoue van iets beters. Die goedertierenheid van die Here moet bekend gemaak word. "Julle is my getuies, spreek die Here, en Ek is God." Jes. 43:12.

Die Here verlang dat ons die groot verlossingsplan moet waardeer, dat ons ons verhewe voorreg as kinders van God moet besef, dat ons in



gehoorsaamheid, met waardering en danksegging voor Hom moet wandel. Hy verlang dat ons Hom elke dag met blydskap in 'n nuwe lewe moet dien. Hy verlang om dankbaarheid in ons harte te sien opbruis omdat ons name geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam, omdat ons al ons bekommernis op Hom kan werp wat vir ons sorg. Hy sê dat ons ons moet verheug omdat ons die erfenis van die Here is, omdat die geregtigheid van Christus die wit kleed van die heiliges is, omdat ons die salige hoop het op die spoedige verskyning van ons Verlosser.

Om die Here in volheid en opregtheid van hart te loof is net soseer 'n plig as om te bid. Ons moet aan die wêreld en aan al die hemelse wesens toon dat ons die wonderbare liefde van God vir 'n gevalle mensdom waardeer en dat ons groter en nog groter seëninge van Sy oneindige volheid verwag. Veel meer as wat wel die geval is, moet ons van die kosbare hoofstukke in ons ondervinding praat. Na 'n spesiale uitstorting van die Heilige Gees sou ons vreugde

- 300 -

in die Here en ons bekwaamheid in Sy diens grootliks vermeerder word deur van Sy goedheid en Sy wonderlike werke ten behoewe van Sy kinders te vertel.

Hierdie oefeninge dryf die mag van die Satan terug. Hulle verban die gees van murmurering en geklaag, en die versoeker verloor veld. Hulle bevorder die karaktertrekke wat die bewoners van die aarde geskik sal maak vir die hemelse wonings.

So 'n getuienis sal 'n invloed op andere hê. Daar kan geen meer effektiewe wyse gebruik word om siele vir Christus te wen nie.

Ons moet God deur middel van tasbare diens loof, deur alles in ons vermoë te doen om die heerlikheid van Sy Naam te bevorder. God bedeel ons met Sy gawes sodat ons ook kan gee, en sodoende Sy karakter aan die wêreld bekend kan maak. Onder die Joodse stelsel was geskenke en offers 'n onmisbare deel van die aanbidding van God. Die Israeliete is geleer om 'n tiende van hulle hele inkomste aan die diens van die heiligdom te bestee. Boonop moes hulle sondoffers, vrywillige offers en dankoffers bring. Dit was die middele ter ondersteuning van die evangeliedienaars vir daardie tyd. God verwag niks minder van ons as wat Hy van Sy volk van ouds verwag het nie. Die groot werk vir die redding van siele moet voortgesit word. Deur die tiende, geskenke en offers het Hy voorsiening

gemaak vir hierdie werk. So, bedoel Hy, moet die evangeliebediening onderhou word. Hy eis die tiende as Sy eie en dit moet altyd vir heilige doeleindes voorbehou word, om tot voordeel van Sy saak in Sy skathuis te kom. Hy vra ook om vrywillige gawes en dankoffers. Alles moet gebruik word om die evangelie na die uiterste eindes van die aarde te stuur.

Diens vir God sluit persoonlike bediening in. Deur persoonlike inspanning moet ons met Hom saamwerk vir die redding van die wêreld. Christus se opdrag, "Gaan die

- 301 -

hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom," word tot elkeen van Sy volgelinge gerig. (Markus 16:15) Almal wat tot die lewe van Christus verordineer is, is verordineer om vir die redding van hulle medemense te werk. Hulle harte sal eensgesind saam met die hart van Christus klop. Hulle sal dieselfde verlange na siele hê as Hy. Nie almal kan dieselfde plek in die werk vul nie, maar daar is 'n plek en 'n werk vir almal.

In die ou dae is Abraham, Isak, Jakob, Moses met sy sagmoedigheid en wysheid, en Josua met sy verskeidenheid van bekwaamhede, almal opgeneem in die diens van God. Die musiek van Mirjam, die moed en vroomheid van Debora, die kinderlike liefde van Rut, die gehoorsaamheid en getrouheid van Samuel, die ernstige getrouheid van Elia, die versagtende, temperende invloed van Elisa – alles was nodig. So is dit nou ook. Almal op wie die seëninge van die Here uitgestort is, moet hulle waardering met daadwerklike diens bewys. Elke gawe moet vir die bevordering van Sy koninkryk en die verheerliking van Sy Naam gebruik word.

Almal wat Christus as persoonlike Saligmaker aanneem, moet demonstreer dat die evangelie waar is en dat dit krag het om die lewe te red. God stel geen vereistes sonder om vir die vervulling daarvan voorsiening te maak nie. Deur die genade van Christus kan ons alles verrig wat God verlang. Al die rykdom van die hemel moet deur Gods volk geopenbaar word. "Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees." Joh. 15:8.

God maak op die hele wêreld aanspraak as Sy wingerd.

Alhoewel dit tans in die hande van die indringer is, behoort dit aan God; dit is eweseer deur die verlossing, as deur die skepping Syne. Christus het Hom vir die wêreld geoffer. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het." Joh. 3:16. Dit is deur daardie een gawe



dat elke ander gawe aan die mens gegee word. Daagliks ontvang die hele wêreld seëninge van God. Elke reëndruppel, elke sonstraal wat op ons ondankbare

- 302 -

mensdom skyn, elke blaar en blom en vrug, getuig van Gods lankmoedigheid en van Sy groot liefde.

En wat gee ons in die hand van die groot Gewer terug?

Hoe ag die mensdom die aansprake van God? Aan wie gee die mensemassas hulle lewensdiens ? Hulle dien Mammon. Rykdom, status, wêreldse plesier, is hulle groot doel. Rykdom word verkry deur roof, nie van die mens alleen nie, maar van God. Mense gebruik Sy gawes om hulle eie selfsug te bevredig. Alles wat hulle kan kry, word gebruik om hulle hebsug en hulle liefde vir plesier te bevredig.

Die sonde van die hedendaagse wêreld is die sonde wat die verwoesting van Israel bewerk het. Ondankbaarheid teenoor God, die verwaarlosing van geleenthede en seëninge, die selfsugtige toeeiening van die gawes van God dit was die sondes wat Gods toorn op Israel gebring het. Hierdie dinge is die ondergang van ons hedendaagse wêreld.

Die trane wat Christus op die Olyfberg gestort het toe Hy na die uitverkore stad staan en kyk het, was nie net oor Jerusalem nie. In die noodlot van Jerusalem het Hy die verwoesting van die wêreld gesien.

"As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek." Lukas 19:42.

"In hierdie dag van jou." Die dag nader sy einde. Die tyd van genade en bevoorregting is byna verby. Die wolke van wraak pak saam. Die verwerpers van Gods genade sal binnekort in 'n snelle en onherstelbare verwoesting betrokke wees.

Tog is die wêreld aan die slaap. Die volk ken nie die tyd van hulle besoeking nie.

Waar sal die kerk in hierdie krisis te vinde wees? Voldoen die lidmate aan Gods vereistes? Voer hulle Sy opdrag uit en stel hulle Sy karakter aan die wêreld voor? Bring hulle die laaste waarskuwende genadeboodskap dringend onder die aandag van hulle medemense?

- 303 -

Die mensdom verkeer in gevaar. Menigtes vergaan. Maar hoe min van

die belydende volgelinge van Christus voel 'n las vir hierdie siele! Die lotsbestemming van die wêreld hang in die weegskaal, maar dit beweeg skaars diegene wat beweer dat hulle die vêrreikendste waarheid glo wat ooit aan sterflinge gegee is. Daar is gebrek aan daardie liefde wat Christus gedwing het om Sy hemelwoning te verlaat en die menslike natuur aan te neem sodat mensheid aan mensheid kon raak om die mensdom tot God te trek. Die volk van God is so bedwelmd en verlam dat hulle die plig van die uur nie begryp nie.

Toe die Israeliete Kanaän binnegegaan het, het hulle Gods doel nie verwesenlik deur van die hele land besit te neem nie. Nadat hulle 'n gedeeltelike oorwinning behaal het, het hulle hulle gevestig om die vrugte van hulle oorwinnings te geniet. In hulle ongeloof en gemaksug, het hulle in die dele saamgedrom wat reeds oorwin was, pleks dat hulle verder gegaan het om nuwe gebiede te beset. So het hulle begin om van God af te dwaal. Deurdat hulle Sy doel nie verwesenlik het nie, het hulle dit onmoontlik gemaak vir Hom om Sy beloofde seën aan hulle te gee. Doen die hedendaagse kerk nie dieselfde ding nie? Die hele wêreld het behoefte aan die evangelie, maar belydende Christene drom saam waar hulle self die voorregte van die evangelie kan geniet. Hulle is nie bewus van die noodsaaklikheid daarvan om nuwe gebiede in besit te neem deur die verlossingsboodskap na afgeleë plekke te neem nie. Hulle weier om te voldoen aan Christus se opdrag: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom." Markus 16:15. Is hulle minder skuldig as wat die Joodse kerk was?

Die beweerde volgelinge van Christus is op proef voor die hemel, maar die kilheid van hulle ywer en die swakheid van hulle diens vir God dui aan dat hulle ontrou is. As hulle hulle bes gedoen het, sou daar geen veroordeling op hulle rus nie, maar as hulle harte in die werk was, kon

- 304 -

hulle baie meer uitrig. Hulle weet, en die wêreld weet, dat hulle in 'n groot mate die gees van selfverloëning om die kruis te dra, verloor het. Daar is vele teenoor wie se name daar in die boeke van die hemel geskryf sal staan: "Nie produsente nie, maar verbruikers." Vele wat die Naam van Christus dra, hou Sy heerlikheid dig, bedek Sy skoonheid met 'n sluier, vereer Hom nie.

Daar is baie wie se name op die kerkboeke staan, wat nie deur Christus



beheer word nie. Hulle gee nie ag op Sy bevele nie en doen nie Sy werk nie. Dus is hulle onder die beheer van die vyand. Hulle doen niks wat positief goed is nie; daarom doen hulle onberekenbare skade. Omdat hulle invloed nie 'n reuk van die lewe tot die lewe is nie, is dit 'n reuk van die dood tot die dood.

Die Here sê: "Sou ek hieroor geen besoeking doen nie?." (Jer. 5:9) Omdat hulle nagelaat het om Gods doel te verwesenlik, is die kinders van Israel verwerp en het die roepstem van God na ander volke uitgegaan. As hierdie geslag dan ook ontrou is, sal hulle dan nie ook verwerp word nie?

In die gelykenis van die wingerd het Christus die landbouers skuldig verklaar. Dit was hulle wat geweier het om aan hulle heer die vrug van sy grond terug te besorg. Onder die Joodse volk was dit die priesters en leermeesters wat, deurdat hulle die volk mislei het, God van die diens beroof het waarop Hy aanspraak gemaak het. Dit is hulle wat die volk van Christus af weggekeer het.

Christus het die wet van God sonder menslike oorleweringe voorgehou as die groot maatstaf van gehoorsaamheid. Dit het die vyandskap van die rabbi's verwek. Hulle het menslike leerstellings bokant Gods Woord gestel en die volk van Sy voorskrifte afgekeer. Hulle wou hulle mensgemaakte gebooie nie laat vaar om die vereistes van Gods Woord te gehoorsaam nie. Hulle was onwillig om die trots van die rede en die lof van die mense ter wille van die waarheid op te offer. Toe Christus gekom en die eise van

- 305 -

God aan die volk voorgehou het, het die priesters en ouderlinge ontken dat Hy die reg het om tussen hulle en die volk te tree. Hulle wou Sy teregwysinge en waarskuwings nie aanneem nie, en hulle het hulle voorgeneem om die volk teen Hom op te sweep en om Sy ondergang te bewerkstellig.

Vir die verwerping van Christus, en die gevolge daarvan was hulle verantwoordelik. 'n Nasie se sonde en 'n nasie se ondergang was die skuld van die godsdienstige leiers.

Is dieselfde invloed nie in ons dag werksaam nie? Volg baie van die landbouers in die Here se wingerd nie in die voetstappe van die Joodse leiers nie? Is godsdienstige leermeesters nie besig om mense van die duidelike vereistes van die Woord van God weg te keer nie? Pleks dat hulle hulle leer om die wet van God te gehoorsaam, leer hulle hulle nie om dit te oortree

nie? In baie kerke word die mense van die preekstoel af geleer dat die wet van God nie vir hulle verpligtend is nie. Mensgemaakte oorleweringe, verordeninge en gebruike word verhef. Hoogmoed en self tevredenheid weens die gawes van God word aangemoedig en Gods eise word geïgnoreer.

Mense weet nie wat hulle doen wanneer hulle Gods wet afskaf nie. Die wet van God is 'n skriftelike weergawe van Sy karakter. Dit beliggaam die beginsels van Sy koninkryk. Hy wat weier om hierdie beginsels aan te neem, bring hom buite die kanaal waar Gods seëninge vloei.

Die heerlike moontlikhede wat aan Israel voorgehou is, kon alleenlik deur gehoorsaamheid aan Gods gebooie verwesenlik word. Dieselfde veredeling van die karakter, dieselfde ryke seëninge – seëninge op verstand, siel en liggaam, op huis en landerye, op hierdie lewe en op die lewe wat kom – is alleenlik deur gehoorsaamheid vir ons moontlik.

In die geestelike wêreld, net soos in die natuurlike, is gehoorsaamheid aan die wette van God die voorwaarde waarop vrugte gedra word. En as mense die volk leer om Gods gebooie te verontagsaam, verhinder hulle hulle om

- 306 -

vrugte tot Sy eer te dra. Hulle gee nie aan die Here die vrugte uit Sy wingerd nie.

Gods boodskappers kom op bevel van die Meester na ons toe. Hulle kom, soos Christus gekom het, en vereis gehoorsaamheid aan die Woord van God. Namens Hom eis hulle die vrugte van die wingerd op – die vrugte van liefde en nederigheid en selfopofferende diens. Word baie van die landbouers van die wingerd nie soos die Joodse leiers tot woede beweeg nie? Wanneer die aansprake van die wet van God aan die volk voorgehou word, gebruik hierdie leermeesters nie hulle invloed om mense te beweeg om dit te verwerp nie? God noem sulke leraars ontroue diensknegte.

Die woorde van God aan Israel van ouds bevat 'n plegtige waarskuwing vir die hedendaagse kerk en sy leiers. Van Israel het die Here gesê: "Ek het hom tienduisende leringe van my wet voorgeskrywe, maar dit word as iets vreemds geag." (Hosea 8: 12) En aan die priesters en leermeesters het Hy verklaar: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, ... omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet." (Hosea 4:6)



Sal die waarskuwings van God verontagsaam word? Sal die geleenthede vir diens verwaarloos word? Sal die veragting van die wêreld, die roem van rede, gelykvormigheid aan menslike gewoontes en oorleweringe keer dat die belydende volgelinge van Christus Hom dien? Sal hulle die Woord van God verwerp net soos die Joodse leiers Christus verwerp het? Die gevolge van Israel se sonde is voor ons. Sal die hedendaagse kerk die waarskuwing aanneem?

"En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie ... roem nie. ... Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie." Rom. 11:17-21.

# Sonder 'n Bruilofskleed

**Na aanleiding van Mattheus 22:1-14**

- 307 -

DIE gelykenis van die bruilofskleed ontsluit vir ons 'n les van groot belang. Die bruilof stel die huwelik van die mensheid met die Godheid voor; die bruilofskleed stel die karakter voor wat almal moet besit wat as geskikte gaste by die bruilof gereken sal word.

Net soos die gelykenis van die groot maaltyd is hierdie een 'n voorstelling van die evangelie-uitnodiging, die verwerping daarvan deur die Joodse volk en die roepstem van genade tot die heidene. Maar wat diegene betref wat die uitnodiging verwerp, bring hierdie gelykenis 'n groter belediging en 'n aakliger straf aan die lig. Die oproep om die fees by te woon, is 'n koning se uitnodiging. Dit gaan van iemand uit wat die gesag het om te beveel. Dit is 'n groot eerbewys. Maar die eer word nie gewaardeer nie. Die koning se gesag word verag. Waar die huisheer se uitnodiging met onverskilligheid bejeën word, word dié van die koning met belediging en moord ontvang. Hulle het sy diensknegte verag, mishandel en doodgemaak.

Toe hy sien dat sy uitnodiging van die hand gewys is, het die huisheer verklaar dat nie een van die manne wat uitgenooi is van sy maaltyd iets sou geniet nie. Maar vir

- 308 -

diegene wat die koning leed aangedoen het, is daar meer as uitsluiting uit sy teenwoordigheid beveel. Hy het "sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gesteek."

In albei gelykenisse is daar voorsiening vir gaste om die fees by te woon, maar die tweede dui aan dat almal wat die fees wil bywoon hulle daarvoor moet voorberei. Diegene wat nalaat om hulle voor te berei, word uitgewerp. "En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en

gekners van die tande."

Die uitnodiging om na die fees te kom is deur Christus se dissipels verstrek. Die Here het die twaalf uitgestuur en daarna die sewentig, en bekend gemaak dat die koninkryk van God ophande was, en op die mense 'n beroep gedoen om hulle te bekeer en die evangelie te glo. Maar die uitnodiging is verontagsaam. Diegene wat na die fees genooi is, het nie gekom nie. Die diensknegte is later uitgestuur om te sê: "Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof." Dit is die boodskap wat na die kruisiging van Christus aan die Joodse volk gestuur is, maar die volk wat beweer het dat hulle Gods eiendomsvolk was, het die evangelie wat in die krag van die Heilige Gees na hulle gebring is, verwerp. Baie het dit met uiterste veragting gedoen. Ander het hulle so vererg oor die verlossingsaanbod, die aanbod van vergifnis vir die verwerping van die Here van heerlikheid, dat hulle die draers van die boodskap aangeval het. "Daar het 'n ... groot vervolging ... ontstaan." Hand. 8:1. Baie manne en vroue is in die gevangenis gewerp, en sommige van die Here se boodskappers, soos Stefanus en Jakobus, is doodgemaak.

So het die Jode hulle verwerping van die genade van

- 309 -

God verseël. Christus het die gevolge in die gelykenis voorspel. Die koning het "sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gesteek." Die oordeel wat uitgespreek is, het die Jode getref toe Jerusalem verwoes en die volk verstrooi is.

Die derde uitnodiging na die fees stel die verkondiging van die evangelie aan die heidene voor. Die koning het gesê: "Die bruilof is wel gereed, maar die genooides was dit nie werd nie. Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof."

Die diensknegte van die koning wat op die kruispaaie uitgegaan het, het "almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies." Dit was 'n gemengde geselskap. Sommige het niks meer agting vir die gasheer gehad as diegene wat die uitnodiging verwerp het nie. Die eerste groep wat uitgenooi is, het gedink hulle kon dit nie bekostig om enige wêreldse gewin prys te gee net om die koning se maaltyd by te woon nie. En onder diegene wat die uitnodiging aangeneem het, was daar sommige wat net gedink het watter voordeel daar vir hulle in steek. Hulle het gekom om die



ete te geniet, maar hulle het geen begeerte gehad om die koning eer aan te doen nie.

Toe die koning inkom om die gaste te sien, is die ware karakter van almal geopenbaar. Vir elke gas by die fees is 'n bruilofskleed voorsien. Hierdie kleed is deur die koning geskenk. Deur dit te dra, het die gaste hulle agting vir die een bewys wat die feesmaal gegee het. Maar een man het nog sy alledaagse klere aangehad. Hy het geweier om die voorbereiding te maak wat die koning verwag het. Hy het geweier om die kleed te dra wat teen geweldige koste vir hom voorsien is. Sodoende het hy sy heer beledig. Toe die koning hom vra: "Hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?" kon hy geen antwoord gee nie. Hy het homself veroordeel. Daarna sê die koning: "Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis."

- 310 -

Die koning se ondersoek van die gaste by die fees stel oordeelswerk voor. Die gaste by die evangeliefees is diegene wat voorgee dat hulle God dien; diegene wie se name in die boek van die lewe geskrywe staan. Maar nie almal wat voorgee dat hulle Christene is, is ware dissipels nie. Voordat die finale beloning gegee word, moet daar besluit word wie geskik is om in die erfenis van die regverdiges te deel. Hierdie besluit moet gemaak word voordat Christus die tweede keer met die wolke van die hemel kom; want wanneer Hy kom, is Sy loon by Hom, "om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." (Openb. 22:12) Voor Sy koms sal die aard van elke mens se werk reeds bepaal wees, en aan elkeen van Christus se volgelinge sal die beloning reeds toebedeel wees volgens sy dade.

Dit is terwyl die mense nog op die aarde woon dat die werk van die ondersoekende oordeel in die hemelhowe plaasvind. Die lewens van al Sy beweerde volgelinge word deur God ondersoek. Almal word ondersoek volgens wat in die boeke van die hemel staan, en volgens sy dade word die lotsbestemming van elkeen vir ewig beslis.

Die bruilofskleed in die gelykenis stel die rein, vleklose karakter voor wat Christus se ware volgelinge sal besit. Aan die kerk is gegee, "om bekleed te wees met rein en blink fyn linne," (Openb. 19:8) "sonder vlek of rimpel of iets dergeliks." (Efe. 5:27) Die fyn linne, sê die Skrif, "is die regverdige dade van die heiliges." (Openb. 19:8) Dit is die geregtigheid van Christus, Sy eie onbevlekte karakter, wat deur die geloof aan almal toebedeel word wat

Hom as hulle persoonlike Saligmaker aanneem.

Ons eerste voorouers het die wit kleed van onskuld gedra toe God hulle in die tuin van Eden geplaas het. Hulle het in volmaakte gehoorsaamheid aan die wil van God geleef. Al die krag van hulle liefde is aan hulle hemelse Vader gegee. 'n Lieflike, sagte lig, die lig van God, het

- 311 -

die heilige egpaar omhul. Hierdie kleed van lig was die simbool van hulle geestelike kleed van hemelse onskuld. As hulle getrou aan God gebly het, sou dit hulle voortdurend omhul het. Maar toe die sonde intree, het hulle hul verbinding met God afgebreek en die ligkring om hulle het gewyk. Nakend en skaam het hulle die hemelse klere probeer vervang deur vyeblare aanmekaar te werk as 'n bedekking.

Dit is wat die oortreders van Gods wet sedert die dag van Adam en Eva se ongehoorsaamheid gedoen het. Hulle het vyeblare aanmekaar gewerk om die naaktheid te bedek wat deur oortreding veroorsaak is. Hulle het hulle eie selfbeplande klere gedra. Deur hulle eie werke het hulle geprobeer om hulle sondes te bedek en om hulleself voor God aanneemlik te maak.

Maar dit kan hulle nooit doen nie. Niks wat die mens bedink, kan die plek van die verlore kleed van onskuld inneem nie. Geen vyeblaarkleed, geen alledaagse drag, kan deur diegene gedra word wat saam met Christus en die engele by die bruilofsmaal van die Lam aansit nie.

Net die bedekking wat Christus self voorsien het, kan ons geskik maak om in die teenwoordigheid van God te verskyn. Hierdie bedekking, die kleed van Sy eie geregtigheid, sal Christus vir elke boetvaardige, gelowige siel aantrek. "Ek raai jou aan," sê Hy, "om van My te koop ... wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie." (Openb. 3:18)

Hierdie kleed, wat op die weefstoel van die hemel geweef is, het geen enkele draad wat deur die mens bedink is nie. Christus het 'n volmaakte karakter in Sy mensheid gevorm, en Hy bied aan om ons met hierdie karakter te bedeel. "Al ons geregtighede [is] soos 'n besoedelde kleed." Jes. 64:6. Alles wat ons uit onsself kan doen, is deur sonde besoedel. Maar die Seun van God het verskyn "om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie." Sonde word as "wetteloosheid" beskryf (1 Joh. 3:5, 4) Maar



- 312 -

Christus het elke vereiste van die wet gehoorsaam. Hy het van Homself gesê: "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande." (Ps. 40:9) Toe Hy op die aarde was, het Hy aan Sy dissipels gesê: "Ek [bewaar] die gebooie van my Vader." (Joh. 15:10) Deur Sy volmaakte gehoorsaamheid het Hy dit vir elke mens moontlik gemaak om Gods gebooie te gehoorsaam. Wanneer ons, ons aan Christus onderwerp, is die hart met Sy hart verenig, die wil met Sy wil saamgesmelt, dan word die gesindheid een met Sy gesindheid en die gedagtes word deur Hom gevange geneem; dan leef ons Sy lewe. Dit is wat dit beteken om met die kleed van Sy geregtigheid geklee te wees. Wanneer die Here dan na ons kyk, sien Hy nie die vyeblaarkleed nie, nie die naaktheid en misvormdheid van die sonde nie, maar Sy eie kleed van geregtigheid, wat volmaakte gehoorsaamheid aan die wet van Jehova is.

Die gaste by die bruilofsmaal is deur die koning ondersoek. Net diegene wat gehoorsaam was aan sy vereistes en die bruilofskleed aangehad het, is aangeneem. So is dit met die gaste by die evangeliefees gesteld. Almal moet die noukeurige ondersoek van die groot Koning ondergaan, en net diegene wat die kleed van Christus se geregtigheid aangetrek het, word aangeneem.

Geregtigheid is om te doen wat reg is, en dit is deur hulle dade dat almal geoordeel sal word. Ons karakters word geopenbaar deur wat ons doen. Die werke toon aan of die geloof opreg is.

Dit is nie vir ons voldoende om te glo dat Christus nie 'n indringer is nie, en dat die godsdiens van die Bybel nie 'n kunstig verdigte fabel is nie. Ons kan glo dat die Naam van Jesus die enigste Naam onder die hemel is waardeur die mens gered kan word, en tog kan dit wees dat ons Hom nie deur die geloof ons persoonlike Saligmaker maak nie. Dit is nie voldoende om die teorie van die waarheid te glo nie. Dit is nie voldoende om 'n belydenis van geloof in Christus te doen en om ons name in die kerkregister opgeteken te hê nie. "En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly:

- 313 -

aan die Gees wat Hy ons gegee het." "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar." 1 Joh. 3:24; 2:3. Dit is die egte bewys van bekering. Wat ons belydenis ook mag wees, dit is van nul en gener waarde

tensy Christus in werke van geregtigheid geopenbaar word nie.

- 314 -

Die waarheid moet in die hart ingeplant word. Dit moet die verstand beheers en die liefde rig. Die hele karakter moet die stempel van die Goddelike uitsprake dra. Elke jota en titel van die Woord van God moet in die daaglikse doen en late ingebring word. Hy wat die Goddelike natuur deelagtig word, sal dit eens wees met Gods groot maatstaf van geregtigheid, Sy heilige wet. Dit is die maatstaf waarmee God die gedrag van mense meet. Dit sal in die oordeel die maatstaf wees waarmee karakters gemeet word.

Daar is baie wat beweer dat die wet deur die dood van Christus afgeskaf is, maar hierdeur weerspreek hulle Christus se eie woorde: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie, ... voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titeltjie van die wet ooit verbygaan ... nie." (Matt. 5:17, 18) Dit was om versoening te doen vir die mens se oortreding van die wet dat Christus Sy lewe neergelê het. As die wet verander of afgeskaf kon geword het, hoef Christus nie te gesterf het nie. Deur Sy lewe op aarde het Hy die wet van God vereer. Deur Sy dood het Hy dit bevestig. Hy het Sy lewe as 'n offer gegee, nie om die wet te ontbind of om 'n laer maatstaf te skep nie, maar dat die reg gehandhaaf mag word; dat daar bewys kan word dat die wet onveranderlik is, dat dit vir ewig vas kan staan.

Die Satan het beweer dat dit vir die mens onmoontlik is om Gods gebooie te bewaar; en dit is waar dat ons in ons eie krag nie in staat is om dit te hou nie. Maar Christus het in die gedaante van 'n mens gekom, en deur Sy volmaakte gehoorsaamheid het Hy bewys dat die mensheid en die godheid saam al Gods voorskrifte kan gehoorsaam.

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo." Joh. 1:12. Hierdie krag lê nie by die mens nie. Dit is die krag van God. Wanneer 'n siel Christus ontvang, ontvang hy krag om die lewe van Christus te lei.

- 315 -

God eis volmaaktheid van Sy kinders. Sy wet is 'n skriftelike weergawe van Sy eie karakter, en dit is die maatstaf vir alle karakters. Hierdie ewige maatstaf word aan almal voorgehou sodat daar geen fout kan wees ra-



kende die soort volk wat God in Sy koninkryk wil hê nie. Die lewe van Christus op aarde was 'n volmaakte weergawe van Gods wet, en wanneer die karakter van diegene wat beweer dat hulle kinders van God is, soos dié van Christus word, sal hulle Gods gebooie gehoorsaam. Dan kan die Here hulle vertrou om van die getal te wees wat die gesin van die hemel sal uitmaak. In die heerlike kleed van Christus se geregtigheid geklee, het hulle 'n plek aan die Koning se feesmaal. Hulle het die reg om hulle aan te sluit by die bloedgewaste skare.

Die man wat sonder bruilofskleed na die feesmaal gekom het, stel die toestand van baie mense in ons wêreld voor. Hulle beweer dat hulle Christene is en maak aanspraak op die seëninge en voorregte van die evangelie; tog voel hulle geen behoefte aan 'n verandering van karakter nie. Hulle het nog nooit ware berou oor sonde geken nie. Hulle besef nie hulle behoefte aan Christus nie en beoefen ook geen geloof in Hom nie. Hulle het hulle oorgeërfde en aangeleerde neigings tot die sonde nie oorwin nie. Tog dink hulle dat hulle self goed genoeg is, en hulle vertrou op hulle eie verdienste pleks dat hulle op Christus vertrou. As hoorders van die Woord kom hulle na die feesmaal, maar hulle het nie die kleed van Christus se geregtigheid aangetrek nie.

Baie wat hulle Christene noem, is slegs menslike sede-meesters. Hulle het die enigste gawe geweier wat hulle in staat kon stel om Christus te vereer deur Hom voor die wêreld te verteenwoordig. Die werk van die Heilige Gees is vir hulle 'n vreemde werk. Hulle is nie daders van die woord nie. Die hemelse beginsels wat diegene wat een met Christus is van diegene onderskei wat een met die wêreld is, het byna onwaarneembaar geword. Die beweerde vol-

- 316 -

gelinge van Christus is nie meer 'n afsonderlike eiendoms-volk nie. Die skeidslyn is onduidelik. Die mense onderwerp hulle aan die wêreld, aan sy gebruike, sy gewoontes, sy selfsug. Die kerk het deur wetsoortreding na die wêreld oorgegaan, terwyl die wêreld deur gehoorsaamheid aan die wet na die kerk moes oorgekom het. Daagliks word die kerk tot die wêreld bekeer.

Hulle almal verwag om deur Christus se dood gered te word, maar hulle weier om Sy selfopofferende lewe te leef. Hulle besing die rykdom van vrye genade, en probeer om hulleself met 'n skyn van geregtigheid te be-

dek, in die hoop om hulle karaktergebreke te bedek, maar op die dag van God sal hulle pogings van nul en gener waarde wees.

Die geregtigheid van Christus sal geen gekoesterde sonde bedek nie. 'n Man kan in sy hart 'n wetsoortreder wees, en tog as hy geen openbare wetsoortreding pleeg nie, kan hy deur die wêreld as een beskou word wat aansienlike onkreukbaarheid besit. Maar die wet van God deurgrond die geheime van die hart. Elke daad word geoordeel deur die motiewe wat daartoe aanleiding gee. Net wat in ooreenstemming met die wet van God is, sal in die oordeel staande bly.

God is liefde. Hy het daardie liefde in die gawe van Christus bewys. Toe "Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê," het Hy niks van Sy vrygekoopte besitting teruggehou nie (Joh. 3:16) Hy het die ganse hemel gegee, waaruit ons krag en bekwaamheid kan put, sodat ons nie deur ons groot teenstander teruggedryf of oorwin moet word nie. Maar die liefde van God laat Hom nie toe om sonde te verskoon nie. Hy het dit nie in die Satan verskoon nie; Hy het dit nie in Adam of in Kain verskoon nie; nog minder sal Hy dit in enige ander mensekind verskoon. Hy sal ons sondes nie oogluikend toelaat of ons karakterswakhede oor die hoof sien nie. Hy verwag dat ons in Sy Naam moet oorwin.

Diegene wat die gawe van Christus se geregtigheid ver-

- 317 -

werp, is besig om daardie karaktertrekke te verwerp wat van hulle seuns en dogters van God sou maak. Hulle verwerp die enigste ding wat vir hulle daardie geskiktheid kan gee vir 'n plek by die bruilofsmaal.

Toe die koning in die gelykenis vra: "Hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?" was die man stom. So sal dit in die groot oordeelsdag wees. Mense kan tans vir hulle karaktergebreke verskoning maak, maar in daardie dag sal hulle geen verskoning aanbied nie.

Die beweerde kerke van Christus in hierdie geslag is hoogs bevoorreg. Die Here is in 'n steeds toenemende lig aan ons geopenbaar. Ons voorregte is veel groter as die voorregte van Gods volk van ouds. Ons het nie net die groot lig wat aan Israel toevertrou is nie, maar ons het die toenemende bewyse van die groot verlossing wat deur Christus na ons gebring is. Wat vir die Jode tipe en simbool was, is vir ons werklikheid. Hulle het die Ou Testamentiese geskiedenis gehad. Ons het sowel dit as die Nuwe Testament. Ons het die sekerheid van 'n Saligmaker wat gekom het, 'n Saligmaker wat gekruisig is, wat opgestaan het, en oor die oop grafkelder van Josef verklaar het:



"Ek is die opstanding en die lewe." Met ons kennis van Christus en Sy liefde kom die koninkryk van God in ons midde. Christus word in preke aan ons geopenbaar en in liedere besing. Die geestelike feesmaal word in ryke oorvloed aan ons voorgesit. Die bruilofskleed, wat teen onberekenbare koste voorsien is, word vrylik aan elke siel gebied. Deur die boodskappers van God word vir ons die geregtigheid van Christus voorgehou, regverdigmaking deur die geloof, die grootste en kosbaarste beloftes van Gods Woord, vrye toegang tot die Vader deur Christus, die vertroosting van die Gees, die diepgegronde versekering van die ewige lewe in die koninkryk van God. Wat kon God meer vir ons doen as wat Hy gedoen het in die voorsiening van die groot maaltyd, die hemelse feesmaal?

- 318 -

In die hemel sê die dienende engele: Ons het die bediening uitgevoer wat ons opgedra is. Ons het die leërmag van bose engele teruggedruk. Ons het helderheid en lig in mensesiele ingestuur, en hulle aan die liefde van God herinner wat deur Jesus bewys is. Ons het hulle oë na die kruis van Christus getrek. Hulle harte is diep ontroer deur die bewustheid van die sonde wat die Seun van God gekruisig het. Hulle is oortuig. Hulle het gesien watter stappe in bekering geneem moes word. Hulle het die krag van die evangelie aangevoel Hulle harte is versag toe hulle die soetheid van die liefde van God gewaar het. Hulle het die skoonheid van die karakter van Christus aanskou. Maar met die meerderheid was dit vergeefs. Hulle wou nie hulle eie gewoontes en karakter prysgee nie. Hulle het geweier om die aardse kleed uit te trek sodat hulle met die kleed van die hemel beklee kon word. Hulle harte is oorgegee aan die hebsug. Hulle het die geselskap van die wêreld meer liefgehad as wat hulle hul God liefgehad het.

Dit sal 'n gewigtige dag wees wanneer die laaste besluit geneem word. In 'n profetiese gesig beskrywe Johannes dit: "En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na

wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke." Openb. 20:11, 12.

Treurig sal die terugblik in daardie dag wees wanneer die mensdom van aangesig tot aangesig voor die ewigheid te staan sal kom. Die hele lewe sal voor die gees opkom net soos dit was. Die wêreld se plesier, rykdom en eer sal dán nie so belangrik lyk nie. Mense sal dan sien dat net die geregtigheid wat hulle verag het, van waarde is. Hulle sal sien dat hulle hulle karakters onder die verleidende aantreklikhede van die Satan gevorm het. Die kleed wat hulle gekies het, is die kenteken van hulle getrouheid aan

- 319 -

die eerste groot afvallige. Dan sal hulle die gevolge van hulle keuse sien. Hulle sal kennis hê van wat dit beteken om die gebooie van God te oortree.

Daar sal geen toekomstige proeftyd wees om hulle vir die ewigheid voor te berei nie. Ons moet die kleed van Christus se geregtigheid in hierdie lewe aantrek. Dit is ons enigste geleentheid om karakters te vorm vir die tuiste wat Christus vir diegene berei het wat Sy gebooie bewaar.

Die dae van ons proeftyd is haas verby. Die einde is naby. Aan ons word die waarskuwing gegee: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie." Lukas 21:34. Wees op u hoede dat dit u nie ongereed betrap nie. Wees versigtig dat u nie miskien by die Koning se feesmaal sonder bruilofskleed gevind word nie.

"Die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." "Salig is hy wat waak en en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie." Matt. 24:44; Openb. 16:15.



# Talente

**Na aanleiding van Mattheus 25:13-30**

- 325 -

Op die Olyfberg het Christus met Sy dissipels oor Sy wederkoms gepraat. Hy het sekere tekens genoem wat moes aandui wanneer Sy koms naby sou wees en Hy het Sy dissipels beveel om te waak en gereed te wees. Weer het Hy die waarskuwing herhaal: "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie." Toe het Hy verduidelik wat dit beteken om in verband met Sy koms te waak. Die tyd moet deurgebring word, nie met stil sit en wag nie, maar met vlytige arbeid. Hierdie les het Hy met die gelykenis van die talente geleer.

"Die koninkryk van die hemele," het Hy gesê, "is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou. En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan."

Die man wat na 'n ver land wou reis, stel Christus voor

- 326 -

wat, toe Hy hierdie gelykenis gespreek het, weldra van die aarde na die hemel sou vertrek. Die "diensknegte" of slawe van die gelykenis stel die volgelinge van Christus voor. Ons is nie ons eie nie. Ons is "duur gekoop." (1 Kor. 6:20); nie "deur verganklike dinge, silwer of goud ... nie, maar deur die kosbare bloed van Christus." (1 Pet. 1:18, 19); "sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is." (2 Kor. 5:15)

Alle mense is teen hierdie onberekenbare prys gekoop. Deur al die rykdom van die hemel aan hierdie wêreld te bestee, deur in Christus die hele hemel aan ons te gee, het God die wil, die liefde, die verstand, die siel van elke mens gekoop. Of dit nou gelowiges of ongelowiges is, alle mense is die eiendom van die Here. Almal is geroep om Hom te dien en in die groot oordeelsdag sal almal rekenskap moet gee van die manier waarop hulle hierdie eis nagekom het.

Maar die eise van God word nie deur almal erken nie. Dit is diegene wat beweer dat hulle in die diens van Christus is, wat in die gelykenis as Sy

diensknegte voorgestel word.

Christus se volgelinge is gered om te dien. Die Here leer ons dat dit die ware doel van die lewe is om te dien. Christus self was 'n werker, en aan al Sy volgelinge gee Hy die wet van diens – diens aan God en aan ons medemens. Hier het Christus aan die wêreld 'n hoër begrip van die lewe voorgestel as wat hulle ooit tevore geken het. Deur te lewe om andere te dien, word die mens met Christus in aanraking gebring. Die wet van diens word die verbindingskakel wat ons aan God en aan ons medemense bind.

Aan Sy diensknegte vertrou Christus "Sy besittings" toe – iets wat vir Hom gebruik moet word. Hy gee "vir elkeen sy werk." Elkeen het sy plek in die ewige plan van die hemel. Elkeen moet met Christus saamwerk vir die redding van siele.

- 327 -

Net so seker as wat daar vir ons in die hemelse wonings 'n plek berei is, is vir ons op aarde 'n spesiale plek aangewys waar ons vir God moet werk.

### *DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES*

Die talente wat Christus aan Sy kerk toevertrou, stel veral die gawes en seëninge voor wat deur die Heilige Gees gegee word. "Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil." 1 Kor. 12:8-11. Mense ontvang nie almal dieselfde gawes nie, maar aan elke dienskneg van die Meester is die een of ander gawe van die Gees belowe.

Voordat Hy Sy dissipels verlaat het, het Christus op hulle geblaas en vir hulle gesê: "Ontvang die Heilige Gees." (Joh. 20:22) Ook het Hy gesê: "En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle." (Lukas 24:49) Maar eers ná die hemelvaart is die gawe in sy volheid ontvang. Eers nadat die dissipels hulle deur geloof en gebed ten volle vir Sy werking oorgegee het, is die uitstorting van die Heilige Gees ontvang. Toe is die besittings van die hemel in 'n besondere sin aan die volgelinge van Christus toevertrou. "Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem



en gawes aan die mense gegee." Efe. 4:8, 7. "Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus," terwyl die Gees "aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil." (1 Kor. 12:11) Die gawes is reeds ons s'n in Christus, maar die eintlike inbesitneming hang van ons ontvangs van die Gees van God af.

- 328 -

Die belofte van die Gees word nie na behore gewaardeer nie. Die vervulling daarvan word nie verwerklik soos dit kan wees nie. Dit is die afwesigheid van die Gees wat die evangeliebediening so kragteloos maak. Geleerdheid, talente, welsprekendheid, elke natuurlike of aangeleerde begaafheid kan besit word, maar sonder die teenwoordigheid van die Gees van God sal geen hart aangeraak word, geen sondaar vir Christus gewen word nie. Aan die ander kant, as hulle met Christus verbind is, as die gawes van die Gees hulle s'n is, sal die armste en onkundigste van Sy dissipels krag hê wat harte sal beïnvloed. God maak van hulle die kanaal vir die uitwerking van die hoogste invloed in die heelal.

### *ANDER TALENTE*

Die spesiale gawes van die Heilige Gees is nie die enigste talente wat in die gelykenis voorgestel word nie. Dit sluit al die gawes en begaafdhede in, of hulle oorspronklik of aangeleer, natuurlik of geestelik is. Almal moet in Christus se diens gebruik word. Deur Sy dissipels te word, gee ons onsself aan Hom oor met alles wat ons is en het. Hierdie gawes gee Hy aan ons terug, gereinig en veredel, om tot Sy eer tot seën van ons medemense gebruik te word.

God het aan elke mens "na sy vermoë" gegee. Die ta-lente word nie na willekeur uitgedeel nie. Hy wat die bekwaamhede het om vyf talente te gebruik, ontvang vyf. Hy wat net twee kan ontwikkel, ontvang twee. Hy wat net een met wysheid kan gebruik, ontvang een. Niemand hoef te kla dat hy nie groter gawes ontvang het nie, want Hy wat aan elke mens uitgedeel het, word ewe veel vereer deur die ontwikkeling van elke toevertroude talent, of dit nou groot of klein is. Die een aan wie vyf talente toevertrou is, moet die verbetering van vyf teruggee; hy wat net een het, die verbetering van een. God verwag wins "volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie." (2 Kor. 8:12)

- 329 -

In die gelykenis het "die een wat die vyf talente ontvang het, ... daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin. Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien."

Die talente, hoe min ook al, moet gebruik word. Ons belangrikste vraag is nie: "Hoeveel het ek ontvang nie?" maar: "Wat maak ek met wat ek het?" Die ontwikkeling van al ons kragte is die eerste plig wat ons teenoor God en ons medemens verskuldig is. Niemand wat nie daagliks in bekwaamheid en bruikbaarheid groei nie, verwesenlik die

- 330 -

doel van die lewe nie. As ons 'n belydenis van geloof in Christus doen, dan belowe ons om alles te word wat dit moontlik is vir ons om as werkers vir die Meester te wees, en ons moet elke aanleg tot by die hoogste graad van volmaaktheid kweek sodat ons die grootste hoeveelheid goed mag doen waartoe ons in staat is.

Die Here het 'n groot werk wat gedoen moet word, en Hy sal in die toekomstige lewe die meeste aan diegene bemaak wat in die huidige lewe die getrouste gewillige diens doen. Die Here kies Sy eie verteenwoordigers, en elke dag toets Hy hulle onder verskillende omstandighede in Sy werksplan. In elke opregte poging om Sy plan te voltooi, kies Hy Sy werktuie, nie omdat hulle volmaak is nie, maar omdat hulle, deur met Hom verbind te wees, volmaaktheid kan bereik.

God neem net diegene aan wat vasberade is om hoog te mik. Hy lê op elke menslike werktuig die verpligting om sy uiterste bes te doen. Sedelike volmaaktheid word van almal vereis. Nooit mag ons die standaard van geregtigheid laat sak om sodoende oorgeërfde of aangeleerde neigings tot die kwaad toe te laat nie. Ons moet verstaan dat 'n onvolmaakte karakter sonde is. Alle regverdige karaktereienskappe berus by God as 'n volmaakte, saamhorige geheel, en elkeen wat Christus as 'n persoonlike Saligmaker aanneem, is bevoorreg om hierdie eienskappe te besit.

En almal wat werkers saam met God wil wees, moet volmaaktheid van elke orgaan van die liggaam en van die gehalte van die verstand nastreef. Ware opvoeding is die voorbereiding van die liggaamlike, verstandelike en sedelike kragte vir die uitvoering van elke plig; dit is die opleiding van die liggaam, die verstand en die siel vir die diens van God. Dit is die opvoeding wat staande sal bly tot in die ewige lewe.

Van elke Christen verwag die Here toenemende bekwaamheid en vermoë in elke rigting. Christus het ons ons loon betaal, naamlik Sy eie bloed en lyding, om ons



- 331 -

gewillige diens te verkry. Hy het na ons aarde gekom om ons 'n voorbeeld te gee van hoe ons moet werk en watter gesindheid ons in ons arbeid moet inbring. Hy wil hê ons moet na die beste manier soek om Sy werk te bevorder en Sy Naam in die wêreld te verheerlik, om die Vader sodoende met eer, met die grootste liefde en toewyding te kroon – die Vader wat die wêreld so liefgehad het "dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16)

Maar Christus het ons geen versekering gegee dat dit 'n maklike saak is om volmaaktheid van karakter te bereik nie. 'n Edele, afgeronde karakter word nie geërf nie. Ons verkry dit nie per toeval nie. 'n Edele karakter word verkry deur persoonlike inspanning deur die verdienste en genade van Christus. God gee die talente, die verstandelike krag; ons vorm die karakter. Dit word deur harde, ernstige stryd teen die self gevorm. Stryd na stryd moet gevoer word teen oorgeërfde neigings. Ons sal onsself skerp moet kritiseer, en nie toelaat dat een ongunstige karaktereienskap onverbeter bly nie.

Laat niemand sê: "Ek kan my karakterswakhede nie herstel nie." As u so besluit, sal u sekerlik nie daarin slaag om die ewige lewe te verkry nie. Die onmoontlikheid lê by u eie wil. As u nie wil nie, kan u nie oorwin nie. Die eintlike moeilikheid kom uit die verdorwenheid van 'n ongeheiligde hart, en onwilligheid om ons aan die beheersing van God te onderwerp.

Vele wat God in staat gestel het om uitmuntende werk te doen, verrig baie min omdat hulle min aandurf. Duisende gaan deur die lewe asof hulle geen besliste doel het om voor te lewe nie, geen standaard het om te bereik nie. Diesulkes sal in verhouding met hulle werk beloon word.

Onthou dat u nooit 'n hoër standaard sal bereik as wat u vir uself stel nie. Stel dan u mikpunt hoog, en bestyg die volle hoogte van die vorderingsleer stap vir stap, al verg dit pynlike kraginspanning, selfverloëning en opoffering.

- 332 -

Laat niks u keer nie. Die noodlot het niemand nog ooit so vas in sy net

gebind dat hy hulpeloos of onseker hoef te bly nie. Teenspoed behoort vasberadenheid te skep om hulle te oorwin. Die afbreek van een versperring sal groter bekwaamheid en moed verleen om voorwaarts te gaan. Druk vasberade in die regte rigting aan en omstandighede sal u help en nie hinder nie.

U moet ambisie hê om elke skone karaktereienskap tot eer van die Meester aan te kweek. In elke fase van u karakterbou moet u God behaag. U kan dit doen, want Henog het Hom behaag hoewel hy in 'n afvallige eeu geleef het. En daar is Henogs in ons tyd.

Staan soos Daniël, die getroue staatsman, 'n man wat deur geen versoeking verlei kon word nie. Moet Hom nie teleurstel wat u so liefgehad het dat Hy Sy eie lewe gegee het om u sondes uit te delg nie. Hy sê: "Sonder My kan julle niks doen nie." (Joh. 15:5) Onthou dit. As u foute gemaak het, behaal u sekerlik 'n oorwinning as u hierdie foute raaksien en hulle as waarskuwende bakens beskou. So verander u 'n neerlaag in 'n oorwinning, terwyl u die vyand teleurstel en u Saligmaker vereer.

'n Karakter wat na die Goddelike beeld gevorm is, is die enigste skat wat ons van hierdie wêreld na die volgende kan neem. Diegene wat in hierdie wêreld deur Christus onderrig word, sal elke Goddelike prestasie saam met hulle na die hemelse wonings neem. En in die hemel sal ons voortdurend verbeter. Hoe belangrik, dan, is die ontwikkeling van karakter in hierdie lewe.

Die hemelse wesens sal saam met die mens werk, wat met vasberade geloof daardie volmaaktheid van karakter nastreef wat volmaakte gedrag bereik. Aan elkeen wat hierdie werk doen, sê Christus: "Ek is aan jou regterhand om jou te help."

- 333 -

Wanneer die wil van die mens met die wil van God saamwerk, word dit alvermoënd. Wat ook al op Sy bevel gedoen moet word, kan deur Sy krag vermag word. Al Sy bevele is instaatstellings.

### *VERSTANDELIKE VERMOËNS*

God eis die ontwikkeling van die verstandelike vermoëns. Hy wil hê dat Sy diensknegte meer intelligensie en 'n duideliker onderskeidingsvermoë as die wêreldling moet besit, en Hy is ontevrede met diegene wat te onverskillig of te lui is om bekwame, goed ingeligte werkers te word. Die



Here sê dat ons Hom met die hele hart, en uit die hele siel, en uit die hele krag, en uit die hele verstand moet liefhê. Dit lê op ons die verpligting om die verstand tot sy uiterste toe te ontwikkel, sodat ons, ons Skepper met die hele verstand kan ken en liefhê.

As die verstand aan die beheersing van die Heilige Gees oorgegee word, sal dit, hoe deegliker dit ontwikkel word, des te beter in die diens van God gebruik kan word. Die man wat nie opleiding gehad het nie, maar wat toegewyd is en wat verlang om andere tot seën te wees, kan deur die Here in Sy diens gebruik word, en word ook gebruik. Maar diegene wat dieselfde gesindheid van toewyding het, en wat die voordeel van deeglike opvoeding gehad het, kan veel meer werk vir Christus doen. Hulle het 'n voorsprong.

Die Here verlang dat ons al die opleiding moontlik moet kry, met die doel om ons kennis aan andere te kan oordra. Niemand weet waar of hoe hy geroep kan word om vir God te arbei of te spreek nie. Net ons hemelse Vader kan sien wat Hy van die mens kan maak. Voor ons lê moontlikhede wat ons swak geloof nie raaksien nie. Ons verstande moet in so 'n mate opgelei word dat ons die waarhede van Sy Woord, indien nodig, op so 'n wyse aan

- 334 -

die hoogste aardse instansies kan verduidelik dat Sy Naam verheerlik sal word. Ons moet selfs nie een geleentheid deur ons vingers laat glip om onsself verstandelik te bekwaam om vir God te werk nie.

Laat die jongmense wat opvoeding nodig het, met vasberadenheid aan die werk spring om dit te verkry. Moenie vir 'n opening wag nie, maak self een. Maak van die geringste geleentheid gebruik. Wees spaarsaam. Moenie u geld uitgee om u aptyt te bevredig of vir plesier nie. Wees vasberade om so nuttig en bekwaam te word as wat God van u verlang. Wees deeglik en getrou in alles wat u onderneem. Soek elke geleentheid binne u bereik om die verstand op te bou. Studeer uit boeke en werk met die hande, en verkry deur getroue strewe, waaksaamheid en gebed die wysheid wat van omhoog is. Dit sal u 'n breë opvoeding gee. So sal u u karakter opbou, en oor ander mense 'n invloed verkry wat u in staat sal stel om hulle langs die weg van opregtheid en heiligheid te lei.

Veel meer kan gedoen word in die werk van selfopvoeding as ons wakker is om ons eie geleenthede en voordele raak te sien. Ware opvoeding

beteken meer as wat die kolleges kan aanbied. Hoewel die bestudering van die wetenskappe nie verwaarloos moet word nie, is daar 'n hoër onderwys wat deur 'n lewende verbinding met God verkry moet word. Laat elke student sy Bybel neem en homself met die groot Leermeester in verbinding bring. Laat die verstand opgelei en gedissiplineer word om met moeilike probleme in die soektog na Goddelike waarheid te worstel.

Diegene wat na kennis dors sodat hulle hul medemense kan seën, sal self van God 'n seën ontvang. Deur die bestudering van Sy Woord sal hulle verstandelike vermoëns tot ernstige bedrywigheid geprikkel word. Die vermoëns sal breër en sterker word en die verstand sal krag en bekwaamheid verkry.

- 335 -

Elkeen wat 'n werker vir God wil wees, moet selfdissipline beoefen. Dit sal meer uitrig as welsprekendheid of die briljantste talente. 'n Gewone verstand wat goed gedissiplineer word, sal meer verhewe en beter werk verrig as die geleerdste verstand en die grootste talente sonder selfbeheersing.

***SPRAAK***

Die vermoë om te praat is 'n talent wat ywerig aangekweek behoort te word. Van al die vermoëns wat ons van God ontvang het, is daar nie een wat 'n groter seën inhou as hierdie een nie. Met die stem oortuig en beweeg ons, daarmee bid ons en loof ons God en daarmee vertel ons andere van die Heiland se liefde. Hoe belangrik dan dat dit opgelei word sodat dit die meeste goed kan doen.

Die verbetering en korrekte gebruik van die stem word baie verwaarloos, selfs deur intelligente, werksame Christene. Daar is baie wat so sag of so vinnig lees of praat dat hulle nie maklik verstaan kan word nie. Sommige het 'n dik, onduidelike uitspraak. Ander praat weer op 'n hoë, skerp, skril toon wat vir die toehoorders pynlik is. Tekste, liedere en die verslae en ander verhandelinge wat voor openbare byeenkomste voorgelees word, word soms op so 'n wyse gelees dat hulle onverstaanbaar is en dikwels só dat hulle krag en indrukwekkendheid bederf word.

Dit is 'n euwel wat reggestel kan en moet word. Die Bybel leer ons hier aangaande. Van die Leviete wat die Skrifte in die dae van Esra aan die volk gelees het, word daar gesê: "En hulle het uit die boek, uit die wet



van God, duidelik voorgelees en dit verklaar, sodat hulle verstaan het wat voorgelees is." Neh. 8:9.

Deur ywerige inspanning kan almal leer om hoorbaar te lees, en om met 'n vol, helder, ronde stem en op 'n

- 336 -

duidelike en indrukwekkende manier te praat. Sodoende kan ons ons bekwaamheid as werkers vir Christus grootliks verbeter.

Elke Christen is geroepe om aan ander die onnaspeurlike rykdom van Christus bekend te maak. Daarom moet hy hom beywer om volmaak te praat. Hy moet die Woord van God so aanbied dat dit vir toehoorders aanneemlik sal wees. God wil nie hê dat Sy menslike kanale ongepoets moet wees nie. Hy wil nie hê dat die mens die hemelse stroom, wat deur hom na die wêreld vloei, moet kleineer of verneder nie.

Ons moet die oog op Jesus, die volmaakte voorbeeld vestig; ons moet bid om die bystand van die Heilige Gees, en deur Sy krag moet ons trag om elke orgaan vir volmaakte werk op te lei.

Dit geld veral vir diegene wat tot openbare diens geroep is. Elke predikant en elke onderwyser moet in gedagte hou dat hy aan die volk 'n boodskap gee wat ewige belange betrek. Die waarheid wat gespreek is, sal hulle in die groot dag van afrekening oordeel. En die gedrag van die boodskapper sal in die geval van sommige siele die deurslag gee of hulle die boodskap aanneem of verwerp. Laat die woord dan so gespreek word dat dit ingang sal vind by die verstand, en die hart sal beïndruk. Dit moet stadig, duidelik en plegtig gespreek word, en tog met al die erns wat die belangrikheid daarvan vereis.

Die regte ontwikkeling en gebruik van die spraakvermoë het met elke aspek van Christelike werk te make; dit raak die huislike lewe en ons hele omgang met mekaar. Ons moet die gewoonte aankweek om op 'n aangename stemtoon te praat, om suiwere en korrekte taal en vriendelike en hoflike woorde te gebruik. Aangename, vriendelike woorde is soos dou en sagte reëndruppels vir die siel. Die Skrif sê van Christus dat genade op Sy lippe uitgestort is dat Hy kan "weet om die vermoeide te verkwik met woorde." (Ps. 45:3; Jes. 50:4) En die Here sê vir ons:

"Laat julle woord altyd aangenaam wees." (Kol. 4:6), "sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor." (Efe. 4:29)

- 337 -

Wanneer ons probeer om andere tereg te wys of te hervorm, moet ons versigtig wees met ons woorde. Hulle sal 'n reuk van die lewe tot die lewe of van die dood tot die dood wees. Baie mense gebruik skerp, harde woorde, woorde wat nie aangepas is om die gekweste siel te genees nie, wanneer hulle ander teregwys of van raad bedien. Hierdie verkeerde uitdrukkings skaaf die gees en dikwels word die dwalendes opstandig. Almal wat die beginsels van die waarheid wil bepleit, moet die hemelse liefdesolie ontvang. Onder alle omstandighede moet teregwysing in liefde gespreek word. Dan sal ons woorde hervorm en nie vertoorn nie. Deur Sy Heilige Gees sal Christus die gewig en die krag voorsien. Dit is Sy werk.

Nie een woord moet onbedag gespreek word nie. Geen kwaadpratery, geen ligsinnige praatjies, geen knieserige gekla of onreine voorstel sal oor die lippe van hom gaan wat Christus volg nie. Die apostel Paulus skryf deur die Heilige Gees: "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie." Efe. 4:29. 'n Vuil woord beteken nie net woorde wat laag is nie. Dit beteken enige uitdrukking wat strydig is met die heilige beginsels en die reine en onbesmette godsdiens. Dit sluit onreine skimpe en bedekte insinuasies van sonde in. Tensy dit oombliklik weerstaan word, lei hierdie dinge tot groot sonde.

Dit is die plig van elke gesin, van elke indiwiduele Christen om bedorwe spraak te vermy. As ons in die geselskap is van diegene wat ligsinnig praat, is dit ons plig om die gesprek, indien moontlik, in 'n ander rigting te stuur. Deur die hulp van Gods genade behoort ons stilweg 'n woordjie te laat val of 'n onderwerp aan te roer wat die gesprek in 'n nuttige rigting sal stuur.

Dit is die plig van ouers om hulle kinders behoorlike spreekgewoontes te leer. Die allerbeste skool vir hierdie ontwikkeling is die huislike lewe. Van hulle vroegste jare af moet kinders geleer word om hulle ouers en mekaar eerbiedig en met liefde aan te spreek. Hulle moet geleer

- 338 -

word dat net tere, ware en reine woorde oor hulle lippe moet gaan. Laat die ouers self daagliks leerlinge in die skool van Christus wees. Dan sal hulle hulle kinders, deur hulle lering en hulle voorbeeld, leer om die woord te gebruik wat "gesond en onweerspreeklik is." (Titus 2:8) Dit is een van die grootste en verantwoordelikste van hulle pligte.

As volgelinge van Christus moet ons woorde van so 'n aard spreek dat



hulle vir mekaar tot hulp en 'n aanmoediging in die Christelike lewe sal wees. Baie meer as wat die geval is, behoort ons van die kosbare hoofstukke in ons ondervinding te praat. Ons behoort van die genade en liefde van God, van die ongeëwenaarde dieptes van die Heiland se liefde te praat. Ons woorde behoort woorde van lof en danksegging te wees. As die gedagtes en hart vol van die liefde van God is, sal dit in die gesprekke geopenbaar word. Dit sal nie moeilik wees om te vertel van wat ons geestelike lewe raak nie. Groot gedagtes, edele strewes, helder begrippe van waarheid, onselfsugtige bedoelinge, verlangens na vroomheid en heiligheid, sal vrug dra in woorde wat die aard van die hart se skat openbaar. As Christus so in ons spraak geopenbaar word, sal dit krag hê om siele vir Hom te wen.

Ons behoort van Christus te praat met diegene wat Hom nie ken nie. Ons behoort te maak soos Christus gemaak het. Waar Hy ook al was, in die sinagoge, langs die pad, in 'n boot effens van die land af weggestoot, by die Fariseër se feesmaal of aan tafel by die tollenaar, het Hy met die mense oor die dinge betreffende die hoër lewe gepraat. Die dinge van die natuur, die gebeure van die daaglikse lewe het Hy met die woorde van waarheid verbind. Hy het die harte van Sy toehoorders tot Hom aangetrek, want Hy het hulle krankes genees, hulle treurendes getroos, hulle kinders in Sy arms geneem en hulle geseën. Wanneer Hy Sy mond oopgemaak het om te praat, was hulle aandag stip op Hom gevestig en elke woord was vir die een of ander siel 'n reuk van die lewe tot die lewe.

- 339 -

So behoort dit met ons te wees. Waar ons ook al is, moet ons op die uitkyk wees vir geleenthede om met ander oor die Heiland te praat. As ons Christus se voorbeeld volg en goed doen, sal harte vir ons, net soos vir Hom, oopgaan. Nie onvriendelik nie, maar met 'n takt uit Goddelike liefde gebore, kan ons hulle vertel van Hom wat "uitnemender as tienduisend" is, en die Een wat "geheel en al die lieflikheid self" is (Hoogl. 5:10, 16) Dit is die mees verhewe werk waarvoor ons die spraaktalent kan gebruik. Dit is aan ons gegee sodat ons Christus as sondevergewende Heiland kan voorstel.

### ***INVLOED***

Die lewe van Christus was 'n steeds groeiende invloed, soos 'n see sonder kuslyn, 'n invloed wat hom aan God en aan die mensdom gebind

het. Deur Christus het God die mens met 'n invloed beklee wat dit vir hom onmoontlik maak om vir homself te leef. Ons is persoonlik aan ons medemense verbonde, 'n deel van Gods groot geheel, en ons staan onder wedersydse verpligtinge. Geen mens kan onafhanklik van sy medemens wees nie, want die welsyn van elkeen raak andere. Dit is Gods groot doel dat elkeen moet voel dat hy nodig is vir ander se welsyn, en moet streef om hulle geluk te bevorder. Elke siel word deur 'n eie atmosfeer omgeef–dit kan 'n atmosfeer wees wat belaai is met die lewegewende krag van geloof, moed en hoop, en soet met die geur van liefde. Of dit kan swaar en kil wees met die somberheid van ontevredenheid en selfsug, of giftig met die dodelike smet van gekoesterde sonde. Deur die atmosfeer wat ons omgeef, word elke persoon met wie ons in aanraking kom, bewustelik of onbewustelik beinvloed.

Dit is 'n verantwoordelikheid waarvan ons ons nie kan losmaak nie. Ons woorde, ons dade, ons klere, ons gedrag, selfs die uitdrukking op die gelaat, het 'n invloed. Op die

- 340 -

indruk wat op hierdie wyse gemaak word, volg onmeetlike gevolge ten goede of ten kwade. Elke prikkeling van hierdie aard wat oorgedra word, is 'n saadjie wat sy oes sal voortbring. Dit is 'n skakel in die lang ketting van menslike gebeure wat uitstrek – ons weet nie waarheen nie. As ons andere deur ons voorbeeld help om goeie beginsels aan te kweek, gee ons aan hulle die krag om goed te doen. Hulle het weer 'n invloed op andere en hulle op nog andere. So kan duisende deur ons onbewuste invloed geseën word.

Gooi 'n klippie in die meer en daar ontstaan 'n golf, en nog een, en nog een; en namate hulle meer word, word die kring al wyer totdat dit selfs die oewer bereik. So is dit met ons invloed. Buite ons kennis of beheer, raak dit die lewens van andere met 'n seën of 'n vloek.

Karakter is krag. Die stille getuienis van 'n egte, onselfsugtige, godvresende lewe het 'n byna onweerstaanbare invloed. Deur die karakter van Christus in ons eie lewens te openbaar, werk ons saam met Hom tot redding van siele. Dit is alleenlik deur Sy karakter in ons lewens te openbaar dat ons met Hom kan saamwerk. En hoe wyer die sfeer van ons invloed, hoe meer goed kan ons doen. Wanneer diegene wat bely dat hulle God dien, Christus se voorbeeld volg, terwyl hulle die beginsels van die wet in



hulle daaglikse lewe beoefen; wanneer elke daad getuig dat hulle God bo alles liefhet en hulle naaste soos hulleself, dan sal die kerk krag hê om die wêreld te beweeg.

Maar ons moet nooit vergeet dat invloed ook 'n krag ten kwade is nie. Vir 'n mens om jou eie siel te verloor, is 'n vreeslike ding, maar om die oorsaak te wees van die verlies van ander siele is nog vreesliker. Dat ons invloed 'n reuk van die dood tot die dood kan wees, is 'n vreeslike gedagte; tog is dit moontlik. Vele wat voorgee dat hulle saam met Christus bymekaar bring, is besig om van Hom af weg te verstrooi. Dit is waarom die kerk so swak is. Vele is baie

- 341 -

kontant met hulle kritiek en beskuldiging. Deur agterdog, jaloesie en ontevredenheid uit te spreek, gee hulle hulle oor om werktuie van die Satan te wees. Voordat hulle besef wat hulle doen, het die teenstander sy doel deur hulle bereik. Die indruk van kwaad is reeds geskep, die skaduwee is gewerp, die pyle van die Satan het hulle doel getref. Wantroue, ongeloof en volslae ontrou het van diegene besit geneem wat Christus andersins sou aangeneem het. Intussen aanskou die werkers van die Satan selfvoldaan diegene wat hulle tot skeptisisme gedryf het, en wat nou verhard is teen teregwysing of smeking. Hulle vlei hulle dat hulle in vergelyking met hierdie siele deugsaam en regverdig is. Hulle besef nie dat hierdie treurige karakterwrakke die werk van hulle eie ongetemde tonge en hulle opstandige harte is nie. Dit is deur hulle invloed dat hierdie versoektes tot 'n val gekom het.

So keer die ligsinnigheid, selfsugtige bevrediging en onverskillige traak-my-nie-agtigheid van die belydende Christene baie siele van die lewensweg af. Daar is baie wat sal vrees om die gevolge van hulle invloed by die regterstoel van God te ontmoet.

Dit is net deur die genade van God dat ons die regte gebruik van hierdie gawe kan maak. Daar is niks in ons, uit onsself, waarmee ons andere ten goede kan beïnvloed nie. As ons ons hulpeloosheid en ons behoefte aan Goddelike krag besef, sal ons nie op onsself vertrou nie. Ons weet nie watter gevolge 'n dag, 'n uur of 'n oomblik kan bepaal nie, en nooit moet ons die dag begin sonder om ons weë aan ons hemelse Vader oor te gee nie. Sy engele is aangestel om oor ons te waak en as ons onsself onder hulle beskerming plaas, sal hulle in elke tyd van gevaar aan ons regterhand

wees. As ons onbewus in gevaar is om 'n verkeerde invloed uit te oefen, sal die engele aan ons sy wees

- 342 -

om ons aan te spoor om beter op te tree om ons woorde vir ons te kies en om ons gedrag te beïnvloed. So sal ons invloed 'n stille, onbewuste, maar geweldige krag wees om ander na Christus en die hemel te trek.

***TYD***

Ons tyd behoort aan God. Elke oomblik is Syne, en ons staan onder die plegtigste verpligting om dit tot Sy eer te benut. Van geen talent wat Hy gegee het, sal Hy 'n noukeuriger verslag eis as van ons tyd nie.

Die waarde van tyd is onberekenbaar. Christus het elke oomblik as kosbaar beskou, en so behoort ons dit te beskou. Die lewe is te kort om te verbeusel. Ons het maar net 'n paar proefdae waarin ons ons vir die ewigheid moet voorberei. Ons het geen tyd om te verkwis nie, geen tyd om aan selfsugtige genot te wy nie, geen tyd vir toegewing aan die sonde nie. Dit is nou dat ons vir die toekomstige, onsterflike lewe karakters moet vorm. Dit is nou dat ons ons moet voorberei vir die deurtastende oordeel.

Die mensdom begin skaars leef of hulle begin sterwe, en die onophoudelike arbeid van die wêreld eindig in nietigheid tensy 'n ware kennis van die ewige lewe verkry word. Die man wat tyd as sy werksdag waardeer, sal hom geskik maak vir 'n woning en vir 'n lewe wat onsterflik is. Dit is goed dat hy gebore is.

Ons word vermaan om die tyd uit te koop. Maar tyd wat reeds verspil is, kan nooit herwin word nie. Ons kan nie eens 'n oomblik terugroep nie. Al manier om ons tyd uit te koop, is om die beste te maak van die wat oorbly, deur medewerkers saam met God in Sy groot verlossingsplan te wees.

In hom wat dit doen, vind daar 'n karakterverandering plaas. Hy word 'n seun van God, 'n lid van die koninklike gesin, 'n kind van die hemelse Koning. Hy is geskik om met die engele om te gaan.

- 343 -

Dit is nou ons geleentheid om vir die redding van ons medemense te arbei. Daar is sommige wat dink dat as hulle geld aan die saak van Christus gee, dit al is wat van hulle verwag word. Die kosbare tyd waarmee hulle persoonlike werk vir Hom kan doen, glip onbenut verby. Maar dit is die voorreg en die plig van almal wat sterk en gesond is om vir God te werk.



Almal moet arbei om siele vir Christus te wen. Geldelike bydraes kan nie die plek hiervan inneem nie.

Elke oomblik is met ewige gevolge belaai. Ons moet staan soos manne van die oomblik, gereed om op kort kennisgewing diens te doen. Die geleentheid wat ons nou het om tot een of ander behoeftige siel die woord van die lewe te spreek, kan hom miskien nooit weer voordoen nie. God kan aan daardie een sê, "In hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis" en weens ons nalatigheid is hy dalk nie gered nie (Lukas 12:20) Hoe sal ons in die groot oordeelsdag voor God rekenskap kan gee?

Die lewe is te ernstig om met tydelike en aardse dinge gevul te wees in 'n trapmeul van sorg en angs oor die dinge wat vergeleke met die dinge van ewige belang slegs 'n atoom is. Tog het God ons geroep om Hom in die tydelike sake van die lewe te dien. Vlytigheid in hierdie werk is net so 'n belangrike deel van ware godsdiens as vroomheid. Die Bybel keur luiheid nie goed nie. Dit is die grootste vloek wat ons wêreld teister. Elke man en elke vrou wat waarlik bekeerd is, sal 'n ywerige werker wees.

Van die regte gebruik van ons tyd hang ons sukses in die verkryging van kennis en verstandelike ontwikkeling af. Verbetering van die verstand hoef nie deur armoede, 'n beskeie agtergrond, of ongunstige omgewing verhinder te word nie. Ag net die minute as kosbaar. 'n Paar oomblikke hier en 'n paar daar wat verspil kan word op nuttelose praatjies; die oggendure wat so dikwels in die bed verkwis word; die tyd wanneer mens per bus of trein reis,

- 344 -

of op die stasie wag; die oomblikke wanneer mens op die ete wag, of op diegene wat laat is vir 'n afspraak – as mens 'n boek byderhand hou en hierdie brokkies tyd vir studie, lees of versigtige nadenke gebruik, kan jy daar veel mee bereik. Vasberadenheid, volhardende vlyt en versigtige spaarsaamheid met tyd sal mense in staat stel om hulle verstand te dissiplineer sodat hulle vir byna enige invloedryke, bruikbare pos geskik sal wees.

Dit is die plig van elke Christen om gewoontes van ordelikheid, deeglikheid en spoed aan te kweek. Daar is geen verskoning vir stadige brouwerk van enige aard nie. As mens altyd aan die werk is en die werk kom nooit klaar nie, is dit omdat die hart nie in die werk is nie. Die een wat stadig en onbeholpe werk, moet verstaan dat hierdie tekortkominge reggestel

behoort te word. Hy moet sy verstand gebruik en planne beraam om sy tyd so te gebruik dat hy die beste resultate kan verkry. Deur die regte slag en metode sal sommige soveel in vyf uur kan verrig as wat andere in tien uur doen. Sommige mense wat huishoudelike arbeid verrig, is altyd aan die werk; nie omdat hulle soveel het om te doen nie, maar omdat hulle nie so beplan dat hulle tyd kan spaar nie. Deur hulle stadige, draaierige maniere maak hulle baie werk uit baie min. Maar almal wat wil, kan hierdie omslagtige, langsame gewoontes oorwin. Laat hulle ' n besliste doel in hulle werk hê. Besluit hoeveel tyd nodig is vir 'n gegewe taak, en laat alle kragte ingespan word om die werk in die gegewe tyd te voltooi. Die beoefening van wilskrag sal die hande vaardig laat beweeg.

Weens gebrek aan vasberadenheid om hulleself kort te vat en te hervorm, kan mense in verkeerde gewoontes vasraak, of deur hulle kragte te ontwikkel kan hulle die bekwaamhede verkry om die allerbeste diens te lewer. Dan sal hulle vind dat hulle op enige plek en orals in aanvraag is. Hulle sal gewaardeer word vir wat hulle werd is.

- 345 -

Baie kinders en jongmense verkwis tyd wat hulle kon gebruik het om laste in die huis te dra waardeur hulle liefde en belangstelling in vader en moeder kan toon. Die jeug kan op hulle sterk, jong skouers baie verantwoordelikhede neem wat iemand moet dra.

Die lewe van Christus was van Sy jongste jare af 'n lewe van ernstige werksaamheid. Hy het nie geleef om Homself te behaag nie. Hy was die Seun van die ewige God, en tog het Hy as skrynwerker saam met Sy vader Josef gewerk. Sy ambag was betekenisvol. Hy het in die wêreld ingekom as die karakterbouer en as sodanig was al Sy werk volmaak. In al Sy sekulêre arbeid het Hy dieselfde volmaaktheid ingebring as in die karakters wat Hy besig was om deur Sy Goddelike krag te verander. Hy is ons voorbeeld.

Ouers behoort aan hulle kinders die waarde en die regte gebruik van tyd te leer. Leer hulle dat om iets te doen wat God sal vereer en die mensdom sal seën, iets is wat die moeite werd is om na te strewe. Selfs in hulle vroegste jare kan hulle sendelinge vir God wees.

Ouers kan nie 'n groter sonde pleeg as om hulle kinders toe te laat om ledig te wees nie. Gou leer die kinders om ledigheid lief te hê, en hulle word as hulpelose, nuttelose manne en vroue groot. As hulle oud genoeg is om hulle eie verdienste te hê, en hulle vind werk, dan werk hulle op 'n lui, halfslagtige manier, en tog verwag hulle om net soveel betaal te word as indien hulle getrou gewerk het. Daar is 'n wêreldwye verskil tussen hierdie klas werkers en dié wat besef dat hulle getroue rentmeesters moet wees.



Lui, onverskillige gewoontes wat in sekulêre werk beoefen word, sal in die godsdienstige lewe ingebring word en sal mens ongeskik maak om bekwame diens vir God te doen. Baie wat deur vlytige arbeid vir die wêreld tot seën kon gewees het, is deur ledigheid geruïneer. Gebrek aan werk en aan vasberade doelgerigtheid maak die deur vir 'n duisend versoekings oop. Slegte maats en kwade gewoontes verlaag die verstand en die siel, en die gevolg is ondergang in sowel hierdie lewe as die lewe wat kom.

- 346 -

Watter soort werk ons ook al verrig, die woord van die Here leer ons: "Wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here." "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag," "omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus." (Rom. 12: 11; Pred. 9:10; Kol. 3:24.)

### ***GESONDHEID***

Gesondheid is n seën waarvan min die waarde besef; tog hang die bekwaamheid van ons verstandelike en liggaamlike kragte grootliks hiervan af. Ons drange en hartstogte setel in die liggaam, dit moet dus fisiek in die beste toestand gehou en onder die beste geestelike invloede gestel word sodat ons talente vir die hoogste doel gebruik kan word.

Enigiets wat die liggaamskrag verminder, verswak die verstand en maak dit minder bekwaam om tussen reg en verkeerd te onderskei. Ons word minder bekwaam om die goeie te kies en het minder wilskrag om te doen wat ons weet wat reg is.

Misbruik van ons liggaamlike kragte verkort die tydperk waarin ons lewens tot die eer van God gebruik kan word. En dit maak ons onbekwaam om die werk te verrig wat God aan ons gegee het. Deur onsself toe te laat om verkeerde gewoontes aan te leer, deur saans laat op te bly, deur die aptyt ten koste van die gesondheid te bevredig, lê ons die fondament vir swakheid. Deur liggaamsoefening te verwaarloos, deur verstand en liggaam te oorwerk, bring ons die senustelsel in 'n ongebalanseerde toestand. Diegene wat hulle lewens op hierdie wyse verkort en hulle onbe-

kwaam maak vir diens deur nie ag te slaan op die natuurwette nie, beroof God. En hulle beroof hulle medemense ook. Die geleentheid om andere tot seën te wees, die einste werk waarvoor God hulle in die wêreld gestuur het, is deur hulle eie gedrag ingekort. En hulle het hulleself onbekwaam gemaak om selfs dit te doen wat hulle in 'n

- 347 -

korter tydjie kon verrig het. Die Here beskou ons as skuldig wanneer ons die wêreld weens ons skadelike gewoontes goeie dinge ontsê.

Oortreding van die natuurwette is oortreding van Gods sedewet; want God is net soseer die maker van natuurwette as van die sedewet. Hy het Sy wet met Sy eie vinger op

- 348 -

elke senuwee, elke spier en elke vermoë geskrywe wat aan die mens toevertrou is. En elke misbruik van enige deel van ons liggaam is 'n skending van daardie wet.

Almal behoort 'n intelligente kennis van die menslike gestel te hê sodat hulle hul liggame in die toestand kan hou wat nodig is om die werk van die Here te doen. Die fisieke lewe moet versigtig bewaar en ontwikkel word sodat die Goddelike natuur in al sy volheid deur die mens geopenbaar kan word. Die verhouding van die fisieke organisme tot die geestelike lewe is een van die belangrikste vertakkings van die onderwys. Dit behoort in die huis en in die skool noukeurige aandag te geniet. Almal het nodig om bekend te raak met hulle fisieke struktuur en met die wette wat die natuurlike lewe beheers. Hy wat willens en wetens onkundig bly aangaande die liggaamswette en hulle weens onkunde oortree, sondig teen God. Almal behoort die beste verhouding moontlik tussen hulle lewe en hulle gesondheid te bewaar. Ons gewoontes moet onder die beheersing gebring word van 'n verstand wat self deur God beheers word.

"Of weet julle nie," sê die apostel Paulus, "dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." 1 Kor. 6:19, 20.

### *KRAG*

Ons moet God liefhê, nie net met ons hele hart, verstand en siel nie, maar met al ons krag. Dit sluit die volle, intelligente gebruik van die liggaamskragte in.



Christus was sowel in die tydelike as in die geestelike dinge 'n ware werker en in al Sy werk het Hy 'n vasberadenheid ingebring om Sy Vader se wil te doen. Die dinge van die hemel en die aarde is nouer aan mekaar verbonde en is meer direk onder die beheer van Christus

- 349 -

as wat baie besef. Dit was Christus wat die eerste aardse tabernakel beplan het. Hy het elke spesifikasie betreffende die bou van Salomo se tempel aangegee. Die Een wat in Sy aardse lewe as skrynwerker in die dorpie Nasaret gewerk het, was die hemelse argitek wat die plan geteken het van die heilige gebou waar Sy Naam vereer sou word.

Dit was Christus wat aan die bouers van die tabernakel wysheid gegee het om die kunstigste en skoonste handewerk te verrig. Hy het gesê: "Kyk, Ek het Besaleël die seun van Vri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk, ... En kyk, Ek het hom Oholiab bygegee, die seun van Ahisamag, van die stam van Dan. En in die hart van elkeen wat kunsvaardig is, het Ek wysheid gegee, dat hulle alles wat Ek jou beveel het, kan maak." (Exod. 31:2-6.)

God verlang dat Sy werkers, in watter rigting ook al, na Hom sal opsien as die Gewer van alles wat hulle besit. Alle goeie uitvindsels en ontwikkelinge het hulle oorsprong by Hom wat wonderbaar van raad en uitstekend in werk is. Die vaardigheid van die geneesheer se hand, sy mag oor senuwee en spier, sy kennis van die delikate organisme van die liggaam, is die wysheid van Goddelike krag wat ten bate van die lydendes gebruik moet word. Die vaardigheid waarmee die skrynwerker die hamer hanteer, die krag waarmee die grofsmit die aambeeld laat klink, kom van God af. Hy het talente aan die mens toevertrou, en Hy verwag dat hulle by Hom moet raad soek. Wat ons ook al doen, in watter afdeling van die werk ons ook al geplaas word, Hy wil ons gedagtes beheers sodat ons volmaakte werk kan doen.

Godsdiens en besigheid is nie twee aparte dinge nie; hulle is een. Die Bybelse godsdiens moet in alles wat ons doen of sê, ingeweef word. Goddelike en menslike werk

- 350 -

tuie moet sowel in tydelike as geestelike ondernemings saamwerk. Hulle behoort verenig te wees in alle menslike ondernemings, in meganiese en landboukundige arbeid, in handels- en wetenskaplike ondernemings. Daar moet 'n samewerking wees in alles wat Christelike bedrywigheid behels.

God het die enigste beginsels bekend gemaak waarop hierdie samewerking moontlik is. Om Hom te verheerlik moet die doel wees van almal wat medewerkers van Hom is. Al ons arbeid moet uit liefde tot God en in ooreenstemming met Sy wil verrig word.

Dit is net so noodsaaklik om die wil van God te doen wanneer 'n gebou opgerig word as in die godsdiensoefening. En as die werkers die regte beginsels in hulle eie karaktervorming ingebring het, dan sal hulle met die oprigting van elke gebou in genade en kennis toeneem.

Maar God sal nie die grootste talente of die uitnemendste diens aanneem tensy die self op die altaar gelê word as 'n lewende, verterende offer nie. Die wortel moet heilig wees, anders. kan daar geen vrugte wees wat vir God aanneemlik is nie.

Die Here het van Daniël en Josef wakker bestuurders gemaak. Hy kon deur hulle werk want hulle het nie geleef om hulle eie geneenthede te bevredig nie, maar om God te behaag.

Die geval van Daniël hou vir ons 'n les in. Dit openbaar die feit dat 'n sakeman nie noodwendig 'n geslepe beleidsman hoef te wees nie. Hy kan met elke tree deur God onderrig word. Terwyl hy die eerste minister van die koninkryk van Babel was, was Daniël 'n profeet van God, wat die lig van ingewing ontvang het. Wêreldse, ambisieuse staatsmanne word in die Woord van God voorgestel as gras wat groei en soos die blom van die gras wat verlep. Tog verlang die Here om intelligente manne in Sy diens te hê; manne wat opgelei is in verskillende rigtings van werk. Daar is 'n behoefte aan sakemanne wat die grootse beginsels van die waarheid in al hulle transaksies sal invleg. En hulle talente behoort deur die deeglikste studie en opleiding vervolmaak te word. As daar mense in enige roeping is wat

- 351 -

nodig het om hulle geleenthede te verbeter om wys en bekwaam te word, dan is dit diegene wat hulle bekwaamheid gebruik om die koninkryk van God hier op ons aarde op te bou. Aangaande Daniël leer ons dat toe al sy sakeondernemings noukeurig ondersoek is, nie een fout of onjuistheid



gevind kon word nie. Hy was 'n voorbeeld van wat elke sakeman kan wees. Sy geskiedenis leer ons wat deur iemand bereik kan word wat die krag van sy brein, beendere en spiere, van sy hart en sy lewe aan God toewy.

### ***GELD***

God vertrou ook middele aan mense toe. Hy gee aan hulle die mag om rykdom te verwerf. Hy bevogtig die aarde met die dou van die hemel en met die verfrissende stortreëns. Hy gee die sonlig wat die aarde verwarm en wat die dinge van die natuur tot lewe wek en hulle laat groei en vrugte dra. Hy vra dat Sy eiendom aan Hom terugbesorg moet word.

Ons geld is nie aan ons gegee om onsself te vereer en te verheerlik nie. As getroue rentmeesters moet ons dit tot die eer en verheerliking van God gebruik. Sommige dink dat net 'n gedeelte van hulle middele die Here s'n is. Nadat hulle 'n gedeelte vir godsdienstige en liefdadigheidsdoeleindes opsygesit het, beskou hulle die res as hulle eie, om gebruik te word soos hulle goed dink. Maar hier begaan hulle 'n fout. Alles wat ons besit, behoort aan die Here, en ons moet aan Hom rekenskap gee vir die gebruik wat ons daarvan maak. Die gebruik van elke sent dui aan of ons God bo alles liefhet en ons naaste soos onsself.

Geld het groot waarde want dit kan baie verrig. In die hande van Gods kinders beteken dit voedsel vir die hon-geriges, drank vir die dorstiges, kleding vir die naaktes. Dit is beskerming vir die verdruktes en 'n hulpmiddel vir die siekes. Maar geld is niks meer as sand werd tensy dit aangewend word om lewensbehoeftes te voorsien, andere te seën en die saak van Christus te bevorder nie.

- 352 -

Opgegaarde rykdom is nie net nutteloos nie; maar dis 'n vloek. In hierdie lewe is dit 'n strik vir die siel wat die liefde van die hemelse skat af wegtrek. In die groot dag van God sal die getuienis van ongebruikte talente en verwaarloosde geleenthede die besitter daarvan veroordeel. Die Skrif sê: "Kom nou julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom. Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae. "Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agter gehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in

die ore van die Here van die leërskare." Jak. 5:1-4.

Maar Christus keur verkwisting en spandabelrigheid nie goed nie. Sy les oor spaarsaamheid, "Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie," geld vir al Sy volgelinge (Joh. 6:12) Hy wat besef dat sy geld 'n Godgegewe talent is, sal dit spaarsaam gebruik en sal voel dat dit 'n plig is om te spaar sodat hy kan gee.

Hoe meer geld ons aan vertoon en selfbevrediging uitgee, hoe minder sal ons hê om die hongeriges mee te voed en die naaktes mee te klee. Elke sent wat onnodig verkwis word, beroof die een wat dit verkwis van 'n kosbare geleentheid om goed te doen. Dit beroof God van die eer en die heerlikheid wat na Hom toe moet terugvloei deur die ontwikkeling van Sy toevertroude talente.

### *VRIENDELIKHEID EN LIEFDEBETOON*

Vriendelike liefdebetoon, neigings tot vrygewigheid en 'n wakker begrip van geestelike sake is kosbare talente en hulle lê 'n groot verantwoordelikheid op diegene wat hulle besit. Almal moet in die diens van God gebruik word. Maar in hierdie opsig begaan baie 'n fout. Hulle is tevrede omdat hulle hierdie hoedanighede besit en hulle gebruik

- 353 -

hulle nie in die daadwerklike diens van andere nie. Hulle vlei hulle dat hulle 'n groot en goeie werk sou doen as die geleentheid daar was, as omstandighede gunstig was. Maar hulle wag nog op die geleentheid. Hulle verag die bekrompenheid van die arme gierigaard wat nie eens 'n bietjie aan die behoeftige wil afstaan nie. Hulle sien dat hy vir homself lewe en dat hy verantwoordelik is vir sy misbruikte talente. Met 'n groot mate van selfvoldoening vergelyk hulle hulself met sulke bekrompenes en voel dat hulle eie toestand gunstiger is as die van hulle suinige bure. Maar hulle bedrieg hulleself. Net die blote besit van ongebruikte hoedanighede verhoog hulle verantwoordelikheid. Diegene wat met groot liefde bedeel is, staan onder verpligting teenoor God om dit te bewys, nie net aan hulle vriende nie, maar aan almal wat hulle hulp nodig het. Om goed met ander te kan verkeer, is 'n talent en dit moet tot voordeel van almal binne bereik van ons invloedsfeer gebruik word. Die soort liefde wat net aan 'n paar vriendelikheid betoon, is nie liefde nie, maar selfsug. Dit sal geensins tot voordeel van siele of tot verheerliking van God strek nie. Diegene wat



hulle Meester se talente so in onbruik laat, is selfs skuldiger as diegene teenoor wie hulle so 'n gevoel van veragting het. Aan hulle sal gesê word: Julle het julle Meester se wil geken, maar dit nie gedoen nie.

### *TALENTE VERMENIGVULDIG DEUR GEBRUIK*

Talente wat gebruik word, word vermenigvuldig. Sukses is nie die gevolg van geluk of lotsbestemming nie, dit is die uitwerking van Gods eie voorsienigheid, die beloning van geloof en diskresie, van deug en volharding. Die Here verlang dat ons elke gawe wat ons het, moet gebruik; en as ons dit doen, sal ons groter gawes ontvang om te gebruik. Hy skenk ons nie op bonatuurlike wyse die hoedanighede wat ons kortkom nie, maar terwyl ons gebruik wat ons het, sal Hy saam met ons werk om elke bekwaamheid

- 354 -

te vermeerder en te versterk. Elke heelhartige, ernstige opoffering vir die Meester se diens sal ons kragte groter maak. Solank as ons ons oorgee om werktuie van die Heilige Gees te wees, werk die genade van God in ons om ons ou begeertes te verloën, om sterk neigings te oorwin en om nuwe gewoontes aan te leer. Namate ons die aansporings van die Heilige Gees koester en gehoorsaam, word ons harte steeds groter gemaak om steeds meer van Sy krag te ontvang, en om meer en beter werk te doen. Sluimerende kragte word gewek en verlamde vermoëns kry nuwe lewe.

Die nederige werker wat die roepstem van God gehoorsaam, kan verseker wees dat God sal help. Om so 'n groot en heilige verantwoordelikheid aan te neem, veredel al klaar die karakter. Dit bring die hoogste verstandelike en geestelike vermoëns in werking en versterk en reinig die gedagtes en die hart. Dit is wonderlik hoe sterk 'n swak mens deur geloof in die krag van God kan word, hoe beslis hy kan optree en hoe oorvloedig die groot gevolge is. Hy wat met min kennis op 'n nederige wyse begin vertel wat hy weet onderwyl hy ywerig na meer kennis soek, sal ontdek dat die ganse hemelse skat op sy aandrang wag. Hoe meer hy trag om lig te versprei, hoe meer lig sal hy ontvang. Hoe meer 'n mens, met liefde vir siele, probeer om die Woord van God aan ander te verduidelik, hoe duideliker word dit vir jouself. Hoe meer ons ons kennis gebruik en ons kragte beoefen, hoe meer kennis en krag sal ons self verkry.

Elke poging wat vir Christus aangewend word, sal 'n seën vir onsself

bring. As ons ons middele tot Sy eer gebruik, sal Hy ons meer gee. Namate ons probeer om andere vir Christus te wen, terwyl ons die las van siele in ons gebede dra, sal ons eie harte met die lewegewende invloed van die genade van God klop; ons eie liefde sal met meer Goddelike ywer gloei en ons hele Christelike lewe sal 'n groter werklikheid, ernstiger en meer biddend word.

Die waarde van 'n mens word in die hemel bereken

- 355 -

volgens die vermoë van sy hart om God te ken. Hierdie kennis is die bron waaruit alle krag voortvloei. God het die mens geskep sodat elke vermoë 'n vermoë van die Goddelike verstand kan wees; en Hy trag altyd om die mense-verstand met die Goddelike te laat saamwerk. Hy bied ons die voorreg om saam met Christus te werk om Sy genade aan die wêreld te openbaar, sodat ons 'n toenemende kennis van die hemelse dinge kan opdoen.

Met die oog op Jesus gevestig, ontvang ons 'n skerper en duideliker blik op God en deur aanskoue word ons verander. Goedheid, liefde vir ons medemense word ons natuurlike instink. Ons bou 'n karakter in die ewebeeld van die Goddelike karakter. Namate ons al meer soos Hy word, word ons al meer in staat gestel om God te ken. Ons hou al hoe meer gemeenskap met die hemelse wêreld, en ontvang voortdurend meer krag om die rykdom van die kennis en wysheid van die ewigheid te ontvang.

### ***DIE EEN TALENT***

Die man wat die een talent ontvang het, "het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek."

Dit was die een met die kleinste gawe wat sy talent nie gebruik het nie. Dit is 'n waarskuwing vir almal wat voel dat hulle nie vir Christus hoef te werk nie omdat hulle so min ontvang het. As hulle iets groots kon doen, hoe geredelik sou hulle dit nie onderneem nie, maar omdat hulle net in die klein dingetjies kan dien, voel hulle geregverdig om niks te doen nie. Hier begaan hulle 'n fout. Deur die gawes wat Hy uitdeel, toets die Here die karakter. Die man wat versuim het om sy talente te verbeter, het bewys dat hy 'n ontroue dienskneg was. As hy vyf talente ontvang het, sou hy hulle begrawe het net soos hy die een begrawe het. Sy misbruik van die een talent het getoon dat hy die gawes van die hemel verag het.



- 356 -

"Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou." Lukas 16:10. Die belangrikheid van die klein dingetjies word dikwels onderskat omdat hulle klein is, maar hulle dra veel by tot die werklike dissipline van die lewe. Daar is na regte geen bykomstighede in die Christen se lewe nie. Ons karakterbou loop gevaar as ons die belangrikheid van die klein dingetjies onderskat.

"Hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig." Deur in selfs die kleinste pliggies ontrou te wees, beroof 'n mens Sy Skepper van die diens wat Hom toekom. Hierdie ontrouheid werk op homself terug. Hy ontvang nie die genade, die krag, die karaktersterkte wat deur onvoorwaardelike oorgawe aan God ontvang kan word nie. Solank hy afsonderlik van Christus leef, is hy onderworpe aan die versoekings van die Satan en begaan hy foute in sy werk vir die Meester. Omdat hy nie in die klein dingetjies deur regte beginsels gelei word nie, gehoorsaam hy God nie in die groot dinge wat hy as sy spesiale werk beskou nie. Die tekortkominge wat hy in die hantering van die klein besonderhede van die lewe koester, word op die belangrike sake oorgedra. Hy handel volgens die beginsels waaraan hy hom gewoond gemaak het. So word dade wat herhaal word gewoontes, gewoontes vorm 'n karakter en deur die karakter word ons lotsbestemming vir tyd en ewigheid bepaal.

Net deur getrouheid in die klein dingetjies kan die siel geleer word om met ander groter verantwoordelikhede getrou te handel. God het Daniël en sy vriende in aanraking gebring met die groot manne van Babel sodat hierdie heidene kennis kon maak met die beginsels van die ware godsdiens. Te midde van 'n nasie van afgodedienaars moes Daniël die karakter van God verteenwoordig. Hoe is hy vir so 'n vertrouenspos toegerus? Dit was sy getrouheid aan die klein dingetjies wat aan sy hele lewe kleur gegee het. Hy het God in die kleinste pliggies vereer en die Here het met hom saamgewerk. Aan Daniël en sy vriende het

- 357 -

God "wetenskap en verstand in allerhande geskrifte en wysheid gegee; ook het Daniël verstand gehad van allerhande gesigte en drome" (Dan. 1:17)

Net soos God Daniël geroep het om vir Hom in Babel te getuig, so roep Hy ons om vandag Sy getuies in die wêreld te wees. In sowel die kleinste

as die grootste sake van die lewe verlang Hy dat ons die beginsels van Sy koninkryk aan die mense moet openbaar.

Christus het tydens Sy lewe op aarde die les van noukeurige aandag aan die klein dingetjies geleer. Die groot verlossingswerk het voortdurend swaar op Sy siel gerus. Toe Hy geleer en genees het, is al die kragte van Sy liggaam en Sy verstand tot die uiterste toe ingespan; tog het Hy die eenvoudigste dingetjies in die lewe en in die natuur opgemerk. Sy leersaamste lesse was dié waarin Hy die groot waarhede aangaande die koninkryk van God met

- 358 -

die eenvoudige dingetjies van die natuur geïllustreer het. Hy het nie die behoeftes van die minste van Sy diensknegte vergeet nie. Sy oor het elke geroep om hulp aangehoor. Hy was bewus van die aanraking van die siek vrou in die gedrang; Hy het op die geringste aanraking van geloof gereageer. Toe Hy die dogter van Jaïrus uit die dood opgewek het, het Hy haar ouers daaraan herinner om haar iets te ete te gee. Toe Hy deur Sy eie krag uit die graf opgestaan het, het Hy dit nie te veel moeite geag om die doodskleed waarin Hy weggelê was, op te vou en versigtig op die regte plek te sit nie.

Die werk waartoe ons as Christene geroep is, is om met Christus saam te werk vir die redding van siele. Ons het 'n verbond met Hom aangegaan om hierdie werk te doen. Om hierdie werk na te laat, is om ontrou te wees aan Christus. Maar om hierdie werk te doen, moet ons Sy voorbeeld van getroue, nougesette aandag aan die klein dingetjies volg. Dit is die geheim van sukses in elke rigting van Christelike diens en invloed.

Die Here verlang dat Sy volk die hoogste sport van die leer moet bereik sodat hulle Hom kan verheerlik deur die bekwaamheid te besit wat Hy gewillig is om te verleen. Deur die genade van God is elke voorsiening gemaak vir ons om te openbaar dat ons volgens beter planne handel as dié waarvolgens die wêreld handel. Ons moet bewys dat ons verstand, ons begrip, ons bedrewenheid en kennis van 'n hoër gehalte is omdat ons in God glo en in Sy mag om op menseharte te werk.

Maar diegene wat geen groot begaafdheid het nie, hoef nie mismoedig te word nie. Laat hulle gebruik wat hulle het en getrou teen elke swak punt in hulle karakters waak en trag om dit deur Goddelike genade sterk te maak. In elke daad in die lewe moet ons getrouheid en lojaliteit invleg



en die hoedanighede aankweek wat ons in staat sal stel om die werk te verrig.

Alle neigings tot nalatigheid moet met beslistheid oor-

- 359 -

win word. Baie mense dink dat vergeetagtigheid as voldoende verskoning vir die grootste foute kan dien. Maar besit hulle nie, net soos andere, verstandelike vermoëns nie? Dan moet hulle hulle verstand dissiplineer om te kan onthou. Dit is 'n sonde om te vergeet, 'n sonde om nalatig te wees. As u u gewoond maak om nalatig te wees, kan u met u eie sielsaligheid nalatig wees en uiteindelik vind dat u nie vir die koninkryk van God gereed is nie.

Groot waarhede moet op klein dingetjies toegepas word.

Praktiese godsdiens moet vir die nederige pliggies van die alledaagse lewe geld. Die grootste kwalifikasie vir enige mens is om die Woord van God stiptelik te gehoorsaam. Omdat hulle werk nie bepaald godsdienstig van aard is nie, voel baie mense dat hulle lewens nutteloos is; dat hulle niks ter bevordering van Gods koninkryk doen nie. Maar dit is 'n fout. As hulle werk iets is wat tog deur iemand gedoen moet word, moet hulle hulle nie van nutteloosheid in die huishouding van God beskuldig nie. Die nederigste pligte moet nie oor die hoof gesien word nie. Enige eerlike werk is 'n seën, en getrouheid daarin kan 'n leerskool vir hoër verantwoordelikhede blyk te wees.

Hoe beskeie ook al, enige werk wat met volle oorgawe van die self, vir God gedoen word, is net so aanneemlik by Hom as die hoogste diens. Geen offergawe is klein wat met opregtheid van hart en blymoedigheid van siel gebring word nie.

Waar ons ook al is, Christus beveel ons om die plig wat voor die hand lê, te aanvaar. As dit in die huis is, pak dit gewilliglik en ernstig aan om van u huis 'n aangename plek te maak. As u 'n moeder is, voed u kinders vir Christus op. Dit is net soseer 'n werk vir God as dié van die predikant op die kansel. As u plig in die kombuis is, trag om 'n volmaakte kok te wees. Berei voedsel wat gesond, voedsaam en smaakvol sal wees. En waar u die beste bestanddele gebruik in die bereiding van voedsel, onthou dat u die beste gedagtes aan u verstand moet gee. As u 'n bewerker van die grond is of 'n ambag of 'n beroep beoefen, maak 'n sukses van u huidige werk. Hou u

- 360 -

gedagtes by wat u doen. Verteenwoordig Christus in al u werk Maak soos Hy sou gemaak het as Hy in u plek was.

Hoe klein u talent ook al, God het 'n plek daarvoor.

Daardie één talent sal sy aangewese werk volbring as dit verstandig aangewend word. Deur getrouheid aan klein pliggies moet ons optelwerk doen en God sal dit vir ons vermenigvuldig. Hierdie kleinigheidjies sal die kosbaarste invloede in Sy werk word.

Laat 'n lewende geloof soos goue drade deur die verrigting van selfs die kleinste pliggies vleg. Dan sal al die daaglikse werk Christelike groei bevorder. Voortdurend sal die oog op Jesus gevestig wees. Liefde vir Hom sal lewende krag aan alles gee wat onderneem word. So kan ons ons deur die regte gebruik van ons talente, met 'n goue ketting aan die hoër wêreld verbind. Dit is ware heiligwording; want heiligwording bestaan uit die blymoedige nakoming van die alledaagse pligte in volmaakte gehoorsaamheid aan die wil van God.

Maar baie Christene wag dat die een of ander groot werk na hulle gebring moet word. Omdat hulle nie 'n plek kan vind wat groot genoeg is om hulle ambisie te bevredig nie, verwaarloos hulle die getroue nakoming van die alle-daagse pligte van die lewe. Hierdie pligte skyn vir hulle oninteressant te wees. Dag na dag laat hulle die geleenthede om getrouheid aan God te toon deur hulle vingers glip. Terwyl hulle op die een of ander groot werk wag, gaan die lewe verby – sy doelstellings onvervuld en sy werk onvoltooid.

### *DIE TALENTE TERUGGEGEE*

"En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken." Wanneer die Here met Sy diensknegte afreken, sal die wins op elke talent bereken word. Die werk wat gedoen is, openbaar die karakter van die werker.

Diegene wat die vyf en die twee talente ontvang het, gee aan die Here die toevertroude gawes saam met hulle wins

- 361 -

terug. Hulle doen dit nie om met eie verdienste te roem nie. Hulle talente is dié wat aan hulle gegee is. Hulle het ander talente bygewin, maar sonder kapitaal kon daar geen wins gewees het nie. Hulle besef hulle het



net hulle plig nagekom. Die kapitaal was die Here s'n, die wins is Syne. As die Heiland nie Sy liefde en genade aan hulle betoon het nie, sou hulle vir ewig bankrot gewees het.

Maar wanneer die Meester die talente ontvang, gee Hy Sy goedkeuring en beloon Hy die werkers asof die verdienste alles hulle eie was. Vreugde en tevredenheid straal uit Sy aangesig. Hy is met genoeë vervul dat Hy seëninge op hulle kan uitstort. Vir elke diens en elke opoffering beloon Hy hulle, nie omdat Hy dit aan hulle verskuldig is nie, maar omdat Sy hart van liefde en teerheid oorloop.

Hy sê: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer."

Dit is die getrouheid, die lojaliteit aan God, die liefdesdiens wat die Goddelike goedkeuring wegdra. Elke aansporing van die Heilige Gees om mense tot goedheid en tot God te lei, word in die boeke van die hemel aangeteken, en in die dag van God sal die werkers deur wie Hy gewerk het, geprys word.

Hulle sal in die vreugde van die Here ingaan wanneer hulle diegene in Sy koninkryk sien wat deur hulle toedoen gered is. En hulle word bevoorreg om daar deel te hê aan Sy werk omdat hulle geskiktheid daarvoor bereik het deur hier aan Sy werk deel te neem. Wat ons in die hemel sal wees, is 'n weerkaatsing van wat ons karakter en heilige diens nou is. Christus het van Homself gesê: "Die Seun van die mens [het] nie gekom ... om gedien te word nie, maar om te dien." (Matt. 20:28) Sy werk op die aarde is Sy werk in die Hemel. En ons beloning omdat ons saam met Christus in die wêreld gewerk het, is die groter krag en groter voorreg om saam met Hom in die toekomstige wêreld te werk.

- 362 -

"En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort."

So verskoon mense hulle verwaarlosing van Gods gawes. Hulle dink God is 'n harde tiran wat hulle foute afloer en hulle met oordele besoek. Hulle beskuldig Hom dat Hy eis wat Hy nooit gegee het nie, dat Hy maai waar Hy nie gesaai het nie.

Daar is vele wat God in hulle harte aankla dat Hy 'n harde man is omdat Hy aanspraak maak op hulle besittings en hulle diens. Maar ons kan niks na God bring wat nie reeds aan Hom behoort nie. "Want dit kom alles van U," het koning Dawid gesê, "en uit u hand het ons dit aan U gegee." (1 Kron. 29:14) Alles behoort aan God, nie net deur die skeppingsdaad nie, maar ook deur die verlossing. Al die seëninge van hierdie lewe en ook van die lewe wat kom, is aan ons afgelewer met die kruis van Golgota daarop gestempel. Daarom is die beskuldiging vals dat God 'n harde man is, wat maai waar Hy nie gesaai het nie.

Die heer weerspreek nie die beskuldiging van die slegte dienskneg nie, al is dit onwaar; hy gebruik sy eie woorde om aan te toon dat daar geen verskoning vir sy gedrag is nie. Daar was verskillende maniere waarop die talent tot voordeel van die eienaar gebruik kon geword het. "Daarom," het hy gesê, "moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het."

Ons hemelse Vader vereis niks meer of minder as waarvoor Hy ons die bekwaamheid gegee het nie. Hy lê op Sy diensknegte geen laste wat hulle nie in staat is om te dra nie. "Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is." Ps. 103:14. Alles wat Hy van ons eis, kan ons deur Goddelike genade lewer.

"Elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel ge-

- 363 -

vorder word." Lukas 12:48. Ons sal persoonlik verantwoordelik gehou word omdat ons een jota minder gedoen het as waarvoor ons die bekwaamheid het. Die Here meet presies elke moontlikheid vir diens. Die ongebruikte bekwaamhede kom net soveel in aanmerking as die wat gebruik is. God hou ons verantwoordelik vir alles wat ons deur die regte gebruik van ons talente kon geword het. Ons sal geoordeel word volgens wat ons moes gedoen het, maar wel nie gedoen het nie omdat ons nie ons kragte gebruik het om God daarmee te verheerlik nie. Al sou ons selfs nie ons siele verloor nie, sal ons in die hiernamaals die gevolg van ons ongebruikte talente besef. Vir al die kennis en bekwaamheid wat ons kon verwerf het, maar wel nie gedoen het nie, sal daar 'n ewige verlies wees.

Maar wanneer ons ons geheel en al aan God oorgee, en in ons werk Sy bevele gehoorsaam, maak Hy Hom verantwoordelik vir die uitvoering daarvan. Hy wil nie hê dat ons moet gis oor die welslae van ons eerlike



strewe nie. Ons moet nie eens een keer aan mislukking dink nie. Ons moet net saamwerk met Een wat geen mislukking ken nie.

Ons moet nie oor ons eie swakheid en onbekwaamheid praat nie. Dit is uitdruklike wantroue in God; 'n verloëning van Sy woord. Wanneer ons oor ons laste kla of weier om die verantwoordelikhede te dra wat Hy op ons gelê het, dan is dit asof ons sê dat Hy 'n harde man is, dat Hy van ons verwag dat ons iets moet doen waarvoor Hy ons nie die krag gegee het nie.

Ons is dikwels geneig om die gees van die lui dienskneg nederigheid te noem. Maar ware nederigheid is geheel en al anders. Om met nederigheid beklee te wees, beteken nie dat ons verstandelike dwergies sonder strewe moet wees en lafhartig moet leef terwyl ons laste vermy uit vrees dat ons hulle nie met welslae sal kan dra nie. Ware nederigheid verrig Gods doel deur op Sy krag te steun.

God werk deur wie Hy wil. Soms kies Hy die nederigste instrument om die grootste werk te doen, want Sy

- 364 -

krag word deur die swakheid van die mens geopenbaar.

Ons het ons maatstaf en daarvolgens verklaar ons dat een ding groot en 'n ander klein is, maar God meet nie met ons maatstaf nie. Ons moet nie dink dat wat vir ons groot lyk, vir God groot moet wees, of wat vir ons klein lyk, vir Hom klein moet wees nie. Dit rus nie by ons om 'n oordeel te vel oor ons talente of om ons werk te kies nie. Ons moet die laste wat die Here bepaal, opneem, hulle om Sy ontwil dra, en dan altyd na Hom toe gaan vir rus. Wat ons werk ook al mag wees, God word vereer deur heelhartige, blymoedige diens. Dit behaag Hom as ons ons pligte met dankbaarheid opneem en ons daarin verheug dat ons waardig geag kan word om medewerkers van Hom te wees.

### *DIE TALENT WEGGENEEM*

Oor die lui dienskneg is die volgende oordeel uitgespreek: "Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het." Soos in die geval van die beloning van die getroue dienskneg, word hier nie net na die beloning by die laaste oordeel verwys nie, maar na die geleidelike proses van vergelding in hierdie lewe. Soos in die natuurlike, so ook in die geestelike wêreld: elke vermoë wat nie gebruik word nie, sal verswak en vergaan. Bedrywigheid is die wet van die lewe. Luiheid betek-

en die dood. "Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is." 1 Kor. 12:7. As die gawes tot seën van andere gebruik word, word hulle meer. As hulle vir selfdiens gebruik word, word hulle minder en uiteindelik heeltemal weggeneem. Hy wat weier om te gee wat hy ontvang het, sal eindelik ontdek dat hy niks het om te gee nie. Hy stem tot 'n proses in wat die vermoëns van die siel gewis verdwerg en uiteindelik vernietig.

Niemand moet dink dat hy 'n lewe van selfsugtigheid kan lei en dan, nadat hy na sy eie belange omgesien het, ingaan in die vreugde van sy Here nie. Hy kan nie deel hê aan 'n lewe van onselfsugtige liefde nie. Hy sou nie geskik wees vir die hemelhowe nie. Hy kan die suiwere atmosfeer

- 365 -

van die liefde wat die hemel deurtrek, nie waardeer nie. Die stemme van die engele en die geklank van hulle harpe sal hom nie tevrede stel nie. Vir sy verstand sal die wetenskap van die hemel 'n raaisel wees.

In die groot oordeelsdag sal diegene wat nie vir Christus gewerk het nie, diegene wat maar net voortgedryf het, wat geen verantwoordelikheid gedra het nie, en net aan hulleself gedink het, wat hulleself behaag het, deur die Regter van die hele aarde saam met diegene geplaas word wat kwaad gedoen het. Hulle ontvang dieselfde veroordeling.

Baie wat bely dat hulle Christene is, veronagsaam die eise van God, en tog voel hulle nie dat hulle daardeur iets verkeerds doen nie. Hulle weet dat die lasteraar, die moordenaar, die egbreker straf verdien, maar wat hulle betref, hulle geniet godsdiensoefening. Hulle luister graag na die prediking van die evangelie, en daarom dink hulle dat hulle Christene is. Hoewel hulle hul lewe lank vir hulleself gesorg het, sal hulle net so verras wees soos die ontroue dienskneg in die gelykenis om die uitspraak te hoor, "Neem dan die talent van hom weg." Soos die Jode, verwar hulle die genot van die seëninge met die gebruik wat hulle daarvan moet maak.

Vele wat hulle van Christelike diens verskoon, hou hulle onbekwaamheid om te werk voor. Maar het God hulle so onbekwaam gemaak? Nee, nooit. Hierdie onbekwaamheid is die gevolg van hulle eie gebrek aan werklus en word deur hulle opsetlike keuse bestendig. Hulle maai reeds in hulle eie karakters die gevolg van die uitspraak:

"Neem dan die talent van hom weg." Die voortdurende misbruik van hulle talente sal die Heilge Gees wat die enigste lig is, doeltreffend vir hulle



uitblus. Die uitspraak, "werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis," druk die seël van die hemel op die keuse wat hulle self vir die ewigheid gemaak het.

# "Vriende Deur die Onregverdige Mammon"

**Na aanleiding van Lukas 16:1-9**

- 366 -

DIE koms van Christus het in 'n tyd van intense wêreldsgesindheid geskied. Mense het die ewige aan die tydelik onderwerp, en die aansprake van die toekoms aan die dinge van die hede. Hulle het droombeelde vir werklikhede aangesien en werklikhede vir droombeelde. Hulle het nie die onsienlike wêreld deur geloof aanskou nie. Die Satan het die dinge van hierdie wêreld as die al-aantreklike en al-aangrypende aan hulle voorgehou en hulle het aan sy versoekings gehoor gegee.

Christus het gekom om hierdie toedrag van sake te verander. Hy het getrag om die betowering te verbreek waardeur mense verdwaas en verstrik is. In Sy leer het Hy getrag om die aansprake van die hemel en die aarde reg te stel, om die mense se gedagtes van die hede na die toekomstige weg te keer. Uit hulle gejaag na die tydelike dinge het Hy hulle geroep om voorsiening te maak vir die ewigheid.

"Daar was 'n ryk man," het Hy gesê, "wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangekla as een wat sy besittings verkwis." Die ryk man het al sy besittings in die hande van hierdie dienaar toevertrou, maar die kneg was ontrou, en die heer was daarvan oortuig dat hy stelselmatig

- 367 -

beroof word. Hy het hom voorgeneem om hom nie langer in sy diens te hou nie, en hy het gevra om 'n ondersoek van sy rekening. "Wat is dit," sê hy, "wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie."

Met die moontlikheid van ontslag voor hom, het die bestuurder drie weë oopgesien waaruit hy kon kies. Hy moes arbei, bedel of van die honger omkom. En hy het aan homself gesê: "Wat sal ek doen? Want my heer neem die bestuurderskap van my weg. Spit kan ek nie; om te bedel, skaam ek my. Ek weet wat ek sal doen, sodat wanneer ek van die bestuurderskap afgesit is, hulle my in hulle huise kan ontvang. Toe roep hy die skuldenaars

van sy heer, een vir een, en sê vir die eerste: "Hoeveel skuld jy aan my heer? En hy antwoord: Honderd vat olie. En hy sê vir hom: Neem jou skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig. Daarna sê hy vir 'n ander een: En jy, hoeveel skuld jy? En hy antwoord: Honderd mud koring. Toe sê hy vir hom: Neem jou skuldbewys en skryf tagtig."

Hierdie onbetroubare bestuurder het ander saam met hom in sy oneerlikheid laat deel. Hy het sy heer bedrieg om hulle te bevoordeel, en deurdat hulle hierdie voordeel aanvaar het, het hulle hulle verplig om hom as 'n vriend in hulle huise te ontvang.

"En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het." Die wêreldse man het die geslepenheid van die man wat hom bedrieg het, geprys. Maar die ryk man se aanprysing was nie die aanprysing van God nie.

Christus het die onregverdige bestuurder nie geprys nie, maar Hy het 'n bekende gebeurtenis gebruik om die les wat Hy wou leer, te illustreer: "Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon," het Hy gesê, "sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang."

- 368 -

Die Fariseërs het die Heiland bestraf omdat Hy met tollenaars en sondaars omgegaan het. Maar Hy het niks minder in hulle belang gestel nie, en Hy het nie opgehou om vir hulle te werk nie. Hy het gesien dat hulle werk hulle in die versoeking gebring het. Hulle was omring deur die verleiding van die sonde. Die eerste verkeerde stap was maklik, en gou het hulle in groter oneerlikheid en toenemende misdade verval. Christus het op allerlei maniere geprobeer om hulle tot hoër doelstellings en edeler beginsels te wen. Hierdie doel het Hy in die verhaal van die onbetroubare bestuurder in gedagte gehad. Daar was onder die tollenaars net so 'n geval soos dié in die gelykenis, en in Christus se beskrywing het hulle hulle eie gewoontes bespeur. Hy het hulle aandag geboei en uit die beskrywing van hulle oneerlike gewoontes, het baie van hulle 'n geestelike les geleer.

Die gelykenis is egter regstreeks aan die dissipels vertel.

Die suurdeeg van waarheid is eers aan hulle meegedeel en deur hulle moes dit andere bereik. Aanvanklik het die dissipels nie veel van Christus se onderrig verstaan nie en dikwels het dit geskyn



~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"As die vermoë aangroei, sit daar die hart nie op nie !" Ps. 62:11. "Sou jy jou oë daarop laat afvlieg? Maar weg is dit! Want skielik maak dit vir hom vlerke en vlieg soos die arend na die hemel toe!" Spr. 23:5. "Die wat vertrou op hulle vermoë en hulle beroem op die grootheid van hulle rykdom? Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie." Ps. 49:7, 8.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

asof Sy lesse byna vergeet is. Maar onder die invloed van die Heilige Gees is hierdie waarhede later

- 369 -

duidelik voor die gees geroep en die dissipels het hulle duidelik voorgehou aan die nuwe bekeerlinge wat by die gemeente gevoeg is.

Die Heiland het ook met die Fariseërs gepraat. Hy het nog altyd gehoop dat hulle die krag van Sy woorde sou begryp. Baie was diep oortuig en namate hulle die waarheid onder die ingewing van die Heilige Gees sou hoor, sou baie gelowiges in Christus word.

Die Fariseërs het geprobeer om Christus in onguns te bring deur Hom te beskuldig dat Hy met tollenaars en sondaars omgegaan het. Nou bestraf Hy Sy aanklaers. Dit was bekend dat die voorval onder die tollenaars plaasgevind het en Jesus hou dit aan die Fariseërs voor om hulle gedrag te verteenwoordig en om die enigste manier aan te toon waarop hulle hul foute kan regmaak.

Die heer het sy besittings vir weldadigheids doeleindes aan die ontroue bestuurder toevertrou, maar hy het dit vir homself gebruik. So was dit met Israel. God het die saad van Abraham uitverkies. Met 'n sterk arm het Hy hulle uit die slawehuis van Egipte uitgelei. Hy het heilige waarhede aan hulle toevertrou om vir die wêreld tot seën te wees. Hy het die lewende godsprake aan hulle toevertrou sodat hulle die lig aan andere kon oordra. Maar Sy rentmeesters het hierdie gawes gebruik om hulleself mee te verryk en te verheerlik.

Die Fariseërs was behep met hulle eie belangrikheid en eiegeregtigheid en het misbruik gemaak van die ware wat God vir Sy eie verheerliking aan hulle toevertrou het.

Die dienskneg in die gelykenis het geen voorsiening vir die toekoms gemaak nie. Hy het die goedere wat tot voordeel van andere aan hom toevertrou is, vir homself gebruik, maar hy het net aan die hede gedink. As

die bestuurderskap hom ontneem sou word, sou hy niks hê wat hy sy eie kon noem nie. Maar sy heer se besittings was nog in sy hande en hy het hom voorgeneem om dit te gebruik

- 370 -

om homself teen toekomstige gebrek te verseker. Om dit te verkry, moet hy volgens 'n nuwe plan handel. Pleks dat hy vir homself bymekaarmaak, moet hy nou aan ander uitdeel. Sodoende kan hy vir hom vriende verwerf wat hom, sodra hy ontslaan is, sal ontvang. So was dit met die Fariseërs. Die rentmeesterskap sou hulle spoedig ontneem word, en hulle moes voorsiening maak vir die toekoms. Net deur die belange van andere te behartig, kon hulle hulself bevoordeel. Net deur die gawes van God in die teenswoordige lewe uit te deel kon hulle vir die ewigheid voorsiening maak.

Nadat Hy die gelykenis vertel het, sê Christus, "Die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig," Dit beteken dat wêreldlinge in hulle eie belange meer wysheid en erns aan die dag lê as die belydende kinders van God in hulle diens vir Hom. So was dit in Christus se tyd. So is dit ook nou. Kyk na die lewe van baie wat beweer dat hulle Christene is. Die Here het hulle met bekwaamhede, krag en invloed bedeel. Hy het geld aan hulle toevertrou sodat hulle medewerkers saam met Hom in die groot verlossingswerk kan wees. Al Sy gawes moet gebruik word om die mensdom te seën, om die lyding van behoeftiges te verlig. Ons moet die hongeriges voed, die wat nakend is, klee, die weduwee en wees versorg, die noodlydendes en onderdruktes bedien. God het nooit bedoel dat die huidige wydverspreide ellende in die wêreld moes bestaan nie. Hy het nooit bedoel dat een man 'n oorvloed van die weelde van die lewe moes hê terwyl die kinders van andere om brood moet uitroep nie. Die middele wat meer is as die werklike noodsaaklikhede word aan die mens toevertrou om mee goed te doen, om die mensdom mee te seën. Die Here sê: "Verkoop julle besittings en gee aalmoese." (Lukas 12:33) Wees "vrygewig, mededeelsaam." (1 Tim. 6:18) "Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes." (Lukas 14:13) Maak los "die bande van goddeloosheid," laat die verdruktes vry weggaan, en breek "elke juk" stukkend.

- 371 -



Breek jou brood "vir hom wat honger het," bring "ellendiges, swerwelinge in die huis." "As jy iemand sien wat naak is," klee hom, en versadig "die neergeboë siel." (Jes. 58: 6, 7, 10) "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom." (Markus 16:15) Dit is die Here se bevele. Doen die groot massa belydende Christene hierdie werk?

Helaas, hoeveel eien hulle die gawes van God toe! Hoeveel voeg nie huis by huis en grond by grond nie. Hoeveel spandeer hulle geld op plesier, op bevrediging van die aptyt, op weelderige huise, meubels en klere. Hulle medemense word aan ellende, misdaad, siekte en die dood oorgelaat. Menigtes sterf sonder een bejammerende blik, sonder een woord of daad van simpatie.

Mense beroof God. Hulle selfsugtige gebruik van middele beroof God van die heerlikheid wat Hom toekom wanneer menslike lyding verlig en siele gered word. Hulle

- 372 -

verduister die goedere wat Hy aan hulle toevertrou het. Die Here verklaar: "En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen ... die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen dié wat die vreemdeling wegstoot." "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!." (Mal. 3:5, 8, 9.) "Kom nou julle rykes, ... julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees. ... Julle het skatte vergader in die laaste dae." "Julle het op die aarde 'n weelderige en losbandige lewe gelei." "Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare." Jak. 5:1-3, 5, 4.

Almal sal hulle toevertroude gawes moet teruggee. In die dag van die finale oordeel sal die opgehoopte rykdom van die mense vir hulle nutteloos wees. Hulle het niks wat hulle hul eie kan noem nie.

Diegene wat hulle lewens in die ophoop van aardse skatte deurbring, lê minder wysheid, minder voorbedagtheid en sorg vir hulle ewige welsyn aan die dag as wat die onregverdige bestuurder vir sy aardse bestaan getoon het. Hierdie belydende kinders van die lig is minder wys as die

kinders van hierdie wêreld in hulle geslag. Dit is hulle van wie die profeet in sy gesig van die groot oordeelsdag verklaar het: "In dié dag sal die mens sy silwerafgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse van-weë die skrik van die Here en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik." Jes. 2:20, 21.

- 373 -

"Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon" sê Christus, "sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang." God en Christus en die engele sorg almal vir die lydendes, die siekes en die sondaars. Gee uself aan God oor vir hierdie werk, gebruik Sy gawes vir hierdie doel, dan tree u in vennootskap met hemelse wesens. U hart sal meewarig met hulle harte saamklop. U karakter sal soos hulle s'n wees. Vir u sal hierdie bewoners van die ewige tente nie vreemdelinge wees nie. As die aardse dinge verbygegaan het, sal die wagte by die hemelpoort u verwelkom.

Die middele wat gebruik word om andere te seën, sal ook winste oplewer. Rykdom wat reg aangewend word, sal groot weldade verrig. Daar sal vir Christus siele gewen word. Hy wat Christus se lewensplan volg, sal in die howe van God diegene sien vir wie hy op aarde gearbei en opgeoffer het. Met dankbaarheid sal die verlostes diegene onthou wat in hulle verlossing behulpsaam was. Die hemel sal kosbaar wees vir diegene wat getrou was in sielreddende werk.

Die les in hierdie gelykenis geld vir almal. Elkeen sal vir die genade wat Christus aan hom skenk, verantwoordelik gehou word. Die lewe is te ernstig dat ons in tydelike of aardse dinge verdiep moet wees. Die Here verlang dat ons aan andere moet meedeel wat die ewige en onsienlike aan ons meedeel.

Elke jaar gaan miljoene der miljoene siele ongewaarsku en ongered die ewigheid in. Van uur tot uur in ons lewensverskeidenheid gaan daar geleenthede om siele te bereik en te red voor ons oop. Hierdie geleenthede kom en gaan voortdurend. God verlang dat ons hulle op die beste manier moet benut. Dae, weke en maande gaan verby. Ons het een dag, een week, een maand minder waarin ons ons werk kan doen. Nog 'n paar jaar op die meeste en die stem



- 374 -

waarop ons nie kan weier om te antwoord nie, sal sê: "Gee verslag van jou bestuur van sake."

Christus doen op elkeen 'n beroep om na te dink.

Bereken eerlik. Sit Jesus–en dit beteken die ewige skat, lewe, waarheid, die hemel en die vreugde van Christus in die verlossing van siele–in die een kant van die skaal. Sit in die ander kant elke aantreklikheid wat die wêreld kan aanbied. Sit die verlies van u eie siel en die siele van diegene wat u kon help red het, in die een kant van die skaal. Sit in die ander kant, vir uself en vir hulle, 'n lewe volgens die maatstaf van God. Weeg dan vir tyd en ewigheid. Terwyl u daarmee besig is, spreek Christus: "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?." (Markus 8:36)

God verlang dat ons die hemelse dinge pleks van die aardse dinge moet kies. Hy maak ons bewus van die moontlikhede van 'n hemelse belegging. Hy wil ons hoogste doelstellings aanmoedig, aan ons kosbaarste skatte sekerheid gee. Hy verklaar: "En Ek sal sterwelinge skaarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir." (Jes. 13:12) Wanneer die rykdom wat die motte verniel en die roes bederf, weggevee sal word, sal die volgelinge van Christus hulle oor hulle hemelse skat, die onbederflike rykdom, kan verheug.

Beter as al die vriendskap van die wêreld is die vriendskap van Christus se verlostes. Beter as die besitreg op die edelste paleis op aarde is besitreg op die wonings wat die Here gaan berei het. En beter as al die aardse lofwoorde sal dié woorde van die Heiland aan Sy getroue diensknegte wees: "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af." (Matt. 25:34)

Aan diegene wat Sy besittings verkwis het, gee Christus nog 'n geleentheid om ewige rykdom te verwerf. Hy sê: "Gee, en aan julle sal gegee word." "Maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik

- 375 -

is, waar geen dief by kom of mot verteer nie." (Lukas 6: 38; 12: 33.) "Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld ... dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan

verwerf." (1 Tim. 6:17-19)

Laat u eiendom dan voor u uit na die hemel gaan. Hoop u skatte langs die troon van God op. Maak seker van u reg op die onnaspeurlike rykdom van Christus. "Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang."



# "Wie Is My Naaste?"

**Na aanleiding van Lukas 10:25-3 7**

- 376 -

ONDER die Jode het die vraag: "Wie is my naaste?" eindelose twis veroorsaak. Oor die heidene en die Samaritane het hulle nie getwyfel nie, want hulle was vreemdelinge en vyande. Maar hoe moes hulle onder hulle eie volk en tussen die verskillende klasse van die samelewing onderskei? Wie moes die priester, die rabbi, die ouderling as sy naaste beskou? Hulle het hulle lewens deurgebring met seremonies om hulle te reinig. Aanraking met die onkundige en onverskillige menigtes, so het hulle geleer, sou verontreiniging veroorsaak wat net met moeite verwyder kon word. Moes hulle die "onreines" as hulle naaste beskou?

Christus het hierdie vraag deur middel van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan beantwoord. Hy het aangetoon dat ons naaste nie iemand van ons kerk of ons geloof beteken nie. Dit het geen betrekking op ras, kleur of klasonderskeiding nie. Ons naaste is elke persoon wat ons hulp nodig het. Ons naaste is elke siel wat gewond en deur die teenstander seergemaak is. Ons naaste is elkeen wat die eiendom van God is.

- 377 -

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is uitgelok deur 'n vraag wat 'n wetgeleerde aan Christus gestel het. Terwyl die Heiland besig was om te leer, "het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"

Die Fariseërs het hierdie vraag aan die wetgeleerde voorgestel met die hoop dat hulle Christus miskien in Sy eie woorde kon verstrik en hulle het gretig op Sy antwoord gewag. Maar die Heiland het Hom nie in 'n stryd begeef nie. Hy het die antwoord van die een wat die vraag gestel het, geëis. "Wat is in die wet geskrywe?" vra Hy, "Hoe lees jy?" Die Jode het Christus nog steeds beskuldig dat Hy die wet wat op Sinai gegee is, oppervlakkig beskou het, maar Hy het die ewige lewe van die onderhouding van Gods gebooie afhanklik gemaak.

Die wetgeleerde het gesê: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart, en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou

naaste soos jouself." "Jy het reg geantwoord," het Christus gesê, "doen dit, en jy sal lewe."

Die wetgeleerde was nie tevrede met die houding en die dade van die Fariseërs nie. Hy het die Skrifte bestudeer met 'n verlange om hulle werklike betekenis te verstaan. Hy het opreg in die saak belang gestel en het eerlik gevra: "Wat moet ek doen?" In sy antwoord oor die vereistes van die wet het hy die talle seremoniële en rituele voorskrifte verontagsaam. Daaraan het hy geen waarde geheg nie, maar hy het die twee groot beginsels voorgehou waaraan die hele wet en die profete hang. Dat die Heiland sy antwoord aangeprys het, het Hom 'n voordeel oor die rabbi's gegee. Hulle kon Hom nie veroordeel omdat Hy 'n wetgeleerde se antwoord goedkeur nie.

Doen dit, en jy sal lewe," het Christus gesê. In Sy leer het Hy die wet altyd as 'n Goddelike eenheid voorgehou en aangedui dat dit onmoontlik is om een voorskrif te onderhou en 'n ander te breek, want dieselfde beginsel

- 378 -

loop deur almal. Die lotsbestemming van die mens sal deur sy gehoorsaamheid aan die hele wet bepaal word.

Christus het geweet dat niemand die wet in sy eie krag kon gehoorsaam nie. Hy wou die wetgeleerde help om die saak duideliker en dieper te ondersoek, sodat hy die waarheid kon vind. Net deur die deug en genade van Christus aan te neem, is ons in staat om die wet te onderhou. Geloof in die versoening vir sonde stel die sondige mens in staat om God met sy hele hart en sy naaste soos homself lief te hê.

Die wetgeleerde het geweet dat hy nog die eerste vier nog die laaste ses gebooie onderhou het. Hy het onder Christus se deurtastende woorde tot oortuiging gekom, maar pleks dat hy sy sonde bely het, het hy dit probeer goedpraat. Eerder as om die waarheid te erken, het hy geprobeer aantoon hoe moeilik dit was om die gebod na te

- 379 -

kom. So het hy geprobeer om die oortuiging af te weer en om hom in die oë van die mense te regverdig. Die Heiland se woorde het aangetoon dat sy vraag onnodig was, aangesien hy self in staat was om dit te beantwoord. Tog het hy 'n ander vraag gevra, en gesê, "Wie is my naaste?"

Weer het Christus geweier om in 'n woordestryd betrokke te raak. Hy het die vraag beantwoord deur van 'n gebeurtenis te vertel wat nog vars in die geheue van sy toehoorders was. " 'n Sekere man," het Hy gesê, "het afgegaan van Jerusalem na Jerigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom halfdood lê."

Op sy reis van Jerusalem na Jerigo, moes die reisiger deur 'n gedeelte van die woestyn van Judea gaan. Die pad het deur 'n ruwe, rotsagtige kloof gegaan, wat gewemel het van rowers en daar is dikwels geweld gepleeg. Dit is daar waar die reisiger aangeval, van sy waardevolle besittings beroof en half dood langs die pad gelaat is. Terwyl hy daar lê, kom 'n priester daarlangs verby. Hy het gesien hoe die man gewond en gekneus in sy eie bloed lê en spartel, maar hy het hom net so gelos sonder om hulp te verleen. Hy gaan toe "anderkant verby." Toe verskyn daar 'n Leviet. Nuuskierig om te weet wat gebeur het, staan hy stil en kyk na die lydende. Hy was oortuig van wat hy moes doen, maar dit was nie 'n aangename taak nie. Hy het gewens dat hy nie daarlangs gekom het nie; dan sou hy die gewonde man nie gesien het nie. Hy het hom oortuig dat die geval hom nie aangaan nie, en ook hy het "anderkant verbygegaan."

Maar 'n Samaritaan, op reis langs dieselfde pad, het die lydende gesien, en hy het die werk gedoen wat die ander geweier het. "Toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.

- 380 -

En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom." Beide die priester en die Leviet het hulle vroom gehou, maar die Samaritaan het bewys dat hy waarlik bekeerd was. Dit was vir hom net so onaangenaam om die werk te doen as vir die priester en die Leviet, maar deur sy gees en sy werke het hy bewys dat hy eensgesind met God was.

Deur middel van hierdie les het Christus die beginsels van die wet op regstreekse en kragtige wyse voorgehou, en Sy toehoorders daarop gewys dat hulle versuim het om hierdie beginsels uit te voer. Sy woorde was so duidelik en op die man af dat die toehoorders geen geleentheid kon vind om teë te praat nie. Die wetgeleerde het niks in die les gevind waarteen hy beswaar kon maak nie. Sy vooroordeel teenoor Christus is ver-

wyder. Maar hy kon sy volksveragting nie voldoende oorwin om aan die Samaritaan by name eer te gee nie. Toe Christus vra: "Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" het hy geantwoord: "Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het."

"Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so." Betoon dieselfde tere vriendelikheid aan diegene wat behoeftig is. So sal jy bewys dat jy die hele wet onderhou.

Die groot verskil tussen die Jode en die Samaritane was 'n verskil van godsdienstige geloof, 'n vraag oor wat ware aanbidding behels. Die Fariseërs het geweier om van die Samaritane iets goeds te sê, maar het hulle bitterlik vervloek. So sterk was die teësin van die Jode en die Samaritane vir mekaar dat dit vir die Samaritaanse vrou 'n vreemde iets was dat Christus haar om water gevra het. "Hoe is dit," sê sy, "dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?" "Want," voeg die evangelieskrywer by, "die Jode hou geen gemeenskap

- 381 -

met die Samaritane nie." (Joh. 4:9) En toe die Jode so met moorddadige haat teenoor Christus gevul is dat hulle in die tempel opgestaan het om Hom te stenig, kon hulle nie beter woorde vind om hulle haat uit te druk nie as: "Sê ons nie met reg dat U 'n Samaritaan is en van die duiwel besete is nie?." (Joh. 8:48) Tog het die priester en die Leviet juis daardie werk versuim wat die Here op hulle gelê het en dit aan 'n gehate en veragte Samaritaan oorgelaat om een van hulle eie volksgenote te bedien.

Die Samaritaan het die gebod gehoorsaam: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself," en daardeur bewys dat hy regverdiger was as diegene wat hom aangekla het. Hy het sy eie lewe gewaag om die gewonde man soos sy broer te behandel. Hierdie Samaritaan het Christus voorgestel. Ons

- 382 -

Heiland het liefde vir ons geopenbaar wat nie deur menslike liefde geëwenaar kon word nie. Toe ons verwond en sterwende was, het Hy Hom oor ons ontferm. Hy het nie anderkant verbygegaan en ons hulpeloos en hopeloos laat sterf nie. Hy het nie in Sy heilige en gelukkige tuiste gebly waar Hy deur die ganse hemelse skare bemin is nie. Hy het ons skreiende behoefte aanskou; Hy het ons saak op Hom geneem, en Sy belange met die van die mensdom vereenselwig. Hy het gesterf om Sy vyande te red.



Hy het vir Sy moordenaars gebid. Hy het na Sy eie voorbeeld verwys en aan Sy volgelinge gesê: "Dit gebied Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê;" "soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." (Joh. 15:17; 13:34)

Die priester en die Leviet het pas in die tempel aanbid.

God het self die tempeldiens ingestel. Om in daardie diens 'n deel te hê, was 'n groot en verhewe voorreg, en die priester en die Leviet het gevoel dat nadat hulle so vereer is, dit benede hulle was om aan 'n onbekende lyer langs die pad hulp te verleen. So het hulle die spesiale geleentheid laat verbygaan wat God hulle as Sy verteenwoordigers aangebied het om 'n medemens te help.

Baie begaan deesdae dieselfde fout. Hulle verdeel hulle pligte in twee duidelike groepe. Een groep word uit groot dinge saamgestel, om deur die wet van God gereël te word; die ander groep bestaan uit die sogenoemde klein dingetjies waarin die bevel: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself," oor die hoof gesien word. Hierdie soort werk word aan giere oorgelaat, aan geneentheid of impuls onderwerp. So word die karakter geskend en die godsdiens van Christus verkeerd voorgestel.

Daar is mense wat dink dit sal vir hulle 'n vernedering wees om die lydende mensdom te dien. Baie sien met onverskilligheid en veragting neer op diegene wat die siele-tempel tot puin gebring het. Andere verwaarloos die armes om 'n ander rede. Hulle werk, soos hulle glo, vir Christus se saak, om die een of ander waardige onderneming op te

- 383 -

bou. Hulle voel dat hulle 'n groot werk doen en nie tyd kan neem om op die behoeftes van die hulpbehoewendes en die noodlydendes ag te gee nie. In die bevordering van hulle sogenoemde groot werk kan hulle selfs besig wees om die armes te onderdruk. Hulle kan hulle miskien in moeilike en beproewende omstandighede bring, hulle hulle regte ontneem of hulle behoeftes verontagsaam. Tog voel hulle dat dit alles geregverdig is omdat hulle, soos hulle dink, die saak van Christus bevorder.

Baie sal toelaat dat 'n broer of 'n buurman sonder hulp onder moeilike omstandighede aansukkel. Omdat hulle belydende Christene is, kan hy tot die oortuiging kom dat hulle in hulle kille selfsug Christus verteenwoordig. Omdat die Here se belydende diensknegte nie met Hom saamwerk nie, word die liefde van God, wat uit hulle moet voortvloei, in 'n groot

mate van hulle medemense weggekeer. En so word verhoed dat veel van die lof en danksegging wat God toekom deur menseharte en lippe aan Hom gegee word. Hy word beroof van die heerlikheid wat Sy heilige Naam toekom. Hy word beroof van die siele vir wie Christus gesterf het, siele wat Hy verlang om in Sy koninkryk in te bring om deur die eindelose eeue in Sy teenwoordigheid te woon.

Goddelike waarheid het min invloed op die wêreld hoewel dit deur ons gedrag baie invloed behoort te hê. Daar is baie wat voorgee om godsdienstig te wees, maar dit beteken nie veel nie. Ons kan wel voorgee dat ons volgelinge van Christus is, ons kan voorgee dat ons elke waarheid in die Woord van God glo, maar dit sal ons naaste niks baat tensy ons geloof ‘n deel van ons daaglikse lewe word nie. Ons belydenis kan so hoog soos die hemel wees, maar dit sal nóg onsself, nog ons medemense red tensy ons Christene is. ‘n Goeie voorbeeld sal vir die wêreld tot groter voordeel wees as ons hele belydenis.

Selfsugtige dade kan die saak van Christus nie dien nie. Hy vereenselwig Hom met die verdruktes en die armes. In

- 384 -

die harte van Sy belydende volgelinge moet die tere simpatie van Christus wees – meer liefde vir hulle wat vir Hom so kosbaar was dat Hy Sy eie lewe vir hulle redding gegee het. Hierdie siele is kosbaar, oneindig kosbaarder as enige ander offer wat ons aan God kan gee. Al span ons al ons kragte vir die een of ander groot werk in, terwyl ons die behoeftige verwaarloos of die vreemdeling Sy regte ontneem, sal Hy dit nie as diens aanvaar nie.

Die heiligmaking van die siel deur die werking van die Heilige Gees is die inplanting van Christus se natuur in die mens. Ware godsdiens is Christus in die lewe – ‘n lewende, werkende beginsel. Dit is die genade van Christus wat in die karakter geopenbaar en in goeie werke bewys word. Die beginsels van die evangelie kan van geen deel van die praktiese lewe geskei word nie. Elke Christelike lewens- en werkrigting moet ‘n voorstelling van die lewe van Christus wees.

Liefde is die grondslag van godsvrug. Wat die belydenis ook al mag wees, geen mens het reine liefde tot God tensy hy onselfsugtige liefde vir sy broeder het nie. Maar ons kan nooit hierdie gesindheid verkry deur te probeer om ander lief te hê nie. Wat nodig is, is die liefde van Christus in die hart. Wanneer die self met Christus saamgesmelt is, ontstaan die



liefde spontaan. Die volwasse Christelike karakter word bereik wanneer die drang om andere te help en te seën voortdurend van binne af opbruis – wanneer die sonskyn van die hemel die hart vervul en op die gelaat geopenbaar word.

Dit is nie moontlik vir die hart waarin Christus woon om sonder liefde te wees nie. As ons God liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het, sal ons almal liefhê vir wie Christus gesterf het. Ons kan nie met God in aanraking kom sonder om met mense in aanraking te kom nie, want in Hom wat op die troon van die heelal sit, word godheid en mensheid verenig. As ons met Christus verbind is, is

- 385 -

ons met die goue skakels van die ketting van liefde met mense verbind. Dan sal die deernis en ontferming van Christus in ons lewens geopenbaar word. Ons sal nie wag dat die behoeftiges en minderbevoorregtes na ons gebring word nie. Dit sal onnodig wees dat daar ‘n beroep op ons gemaak word om die leed van ander te voel. Dit sal vir ons so natuurlik wees om die behoeftiges en lydendes te help as wat dit vir Christus was om rond te gaan en goed te doen.

Orals waar daar ‘n drang van liefde en medelyde is, orals waar die hart hom beywer om ander te seën en op te hef, daar word die werking van Gods Heilige Gees geopenbaar. In die dieptes van die heidendom het mense wat die geskrewe wet van God nie geken het nie, wat nog nooit eens die Naam van Christus gehoor het nie, aan Sy diensknegte vriendskap bewys en hulle eie lewens gewaag om hulle te beskerm. Hulle dade toon die werking van Gods krag. Die Heilige Gees het die genade van Christus in die hart van die barbaar ingeplant, en in stryd met sy aard en sy opleiding sy meegevoel verwek. Die “lig wat elke mens verlig” wat in die wêreld kom (Joh.1:9), skyn in die siel, en as hierdie lig gehoorsaam word, sal dit sy voete na die koninkryk van God lei.

- 386 -

Dit is die heerlikheid van die hemel om die gevallenes op te rig en die noodlydendes te troos. En orals waar Christus in menseharte woon, daar sal Hy op dieselfde manier geopenbaar word. Orals waar dit handel, sal die godsdiens van Christus ‘n seën wees. Orals waar dit werk, is daar lig.

God erken geen onderskeid vanweë nasionaliteit, ras of klas nie. Hy is

die Skepper van die ganse mensdom. Alle

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is. ... En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon ... sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind." Hand. 17:24-27. "Na hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte ... uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande." Openb. 7:9.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

mense is deur die skepping een familie, en almal is deur die verlossing een. Christus het gekom om elke muur van skeiding af te breek, om elke afdeling van die tempel oop te gooi sodat elke siel vrye toegang tot God kan hê. Sy liefde is so breed, so diep, so vol dat dit orals indring. Dit lig die arme siele wat deur die Satan se misleidings bedrieg is, uit sy sfeer. Dit bring hulle binne bereik van die troon van God, die troon wat deur die reënboog van die belofte omring word.

In Christus is daar nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman nie. Almal word deur Sy kosbare bloed naby gebring. (Ga1. 3:28; Efe. 2:13)

Watter verskil daar ook al op godsdienstige gebied mag wees, die roepstem van die lydende mensdom moet gehoor en beantwoord word. Waar bitter gevoelens weens godsdiens geskille bestaan, kan daar veel goeds deur persoonlike diens verrig word. Liefdesdiens sal vooroordeel afbreek en siele vir God wen.

Ons behoort vooruit vir die droefheid, moeilikheid en swaarkry van andere gereed te wees. Ons behoort met beide die hoës en die nederiges, die rykes en die armes in hulle vreugde en sorge saam te voel. "Julle het dit verniet ontvang," sê Christus, "verniet moet julle dit gee." (Matt. 10:8) Orals om ons is arm, beproefde siele wat woorde van meegevoel en behulpsame dade nodig het. Daar is weduwees wat simpatie en bystand nodig het. Daar is wese, en Christus het beveel dat Sy volgelinge hulle as 'n pand van God moet ontvang. Te dikwels word hulle verwaarloos. Hulle is miskien verflenter, onbeskof en skynbaar in alle opsigte onaantreklik, tog is hulle Gods eiendom. Hulle is

- 387 -

duur gekoop en hulle is in Sy oë net so kosbaar soos ons. Hulle is lede van Gods groot huisgesin, en die Christene as Sy rentmeesters is verant-



woordelik vir hulle. "Hulle siele," sê Hy, "sal Ek van jou hand eis."

Sonde is die grootste van alle euwels en dit is ons plig om sondaars te bejammer en te help. Maar mens kan nie almal op dieselfde manier bereik nie. Daar is baie wat hulle sielshonger verberg. Mens kan hulle met 'n vriendelike woord en 'n bietjie bedagsaamheid baie help. Daar is ander wat in die grootste behoefte verkeer, maar dit nie weet nie. Hulle besef nie die vreeslike gebrek van die siel nie. Menigtes is so in sonde versonke dat hulle geen begrip meer van ewige waarhede het nie; hulle het die beeltenis van God verloor en weet skaars of hulle siele het wat gered moet word. Hulle het nog geloof in God nog vertroue in die mens. Baie van hierdie soort kan alleenlik deur onbaatsugtige vriendelikheid bereik word. Daar moet eers in hulle tydelike behoeftes voorsien word. Hulle moet gevoed, skoongemaak en ordentlik geklee word. Wanneer hulle die bewyse van u onselfsugtige liefde sien, sal dit vir hulle makliker wees om in die liefde van Christus te glo.

Daar is baie wat dwaal en hulle skande en dwaasheid besef. Hulle aanskou hulle dwalinge en tekortkominge en word byna tot wanhoop gedryf. Ons moet hierdie siele nie verwaarloos nie. As iemand stroom op swem, is die volle krag van die stroom teen hom. Laat daar dan 'n helpende hand na hom uitgestrek word soos die hand van die Ouer Broer na die sinkende Petrus uitgestrek is. Spreek hom met hoopvolle woorde aan, woorde wat vertroue sal inboesem en liefde sal wek.

U broeder, krank na gees, het u nodig, net soos u self 'n broeder se liefde nodig gehad het. Hy het behoefte aan die ondervinding van een wat net so swak was soos hy, een wat met hom kan saamvoel en wat hom kan help. Die besef van ons eie swakheid behoort ons te help om 'n ander in sy groot behoefte te help. Nooit behoort ons een

- 388 -

lydende siel verby te gaan sonder om te trag om aan hom die vertroosting te gee waarmee ons deur God vertroos is nie.

Dit is gemeenskap met Christus. persoonlike kontak met die lewende Heiland, wat die verstand en die hart en die siel in staat stel om die laer natuur te oorwin. Vertel die verdwaalde van 'n almagtige hand wat hom sal ondersteun, van die oneindige mensheid in Christus wat hom bejammer. Dis nie genoeg dat hy in wet en krag glo nie; dinge wat geen meegevoel het en nooit die hulpgeroep hoor nie. Dit is vir hom nodig om aan 'n

hand vas te klem wat warm is, om in 'n hart wat vol tederheid is, te vertrou. Vestig sy gedagtes op 'n Goddelike teenwoordigheid wat altyd aan sy sy is, wat hom altyd met meegevoelige liefde bejeën. Sê hy moet aan 'n Vaderhart dink wat altyd bedroef is oor sonde, aan 'n Vaderhand wat steeds uitgestrek is, aan 'n Vaderstem wat sê: "Of hulle moet my beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak." (Jes. 27:5)

Wanneer u hierdie werk doen, het u metgeselle wat vir menslike oë onsigbaar is. Engele van die hemel was aan die sy van die Samaritaan wat vir die gewonde vreemdeling gesorg het. Engele uit die hemelhowe staan by almal wat God dien deur hulle medemense te help. En u het die samewerking van Christus self. Hy is die Hersteller, en waar u onder Sy toesig werk, sal u groot gevolge sien.

Van u getrouheid in hierdie werk hang nie alleenlik die welsyn van ander af nie, maar ook u eie ewige lotsbestemming. Christus verlang om almal op te hef wat gewillig is om tot die vlak van vriendskap met Hom opgehef te word, sodat ons een met Hom kan wees soos Hy een met die Vader is. Hy laat toe dat ons met lyding en ellende in aanraking kom sodat Hy ons uit ons selfsug kan wegroep. Hy trag om in ons Sy karaktertrekke te ontwikkel, naamlik meegevoel, tederheid en liefde. Deur hierdie diens aan te

- 389 -

neem, skryf ons ons by Sy skool in, om ons vir die howe van God geskik te maak. Om dit te verontagsaam, beteken om Sy onderrig te verontagsaam en om te kies om vir ewig van Sy teenwoordigheid geskei te wees.

"As jy my verordening onderhou ... "verklaar die Here, "sal [Ek] jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan" – dit wil sê, onder die engele wat rondom Sy troon staan. (Sag. 3:7) Deur met hemelse wesens in hulle werk op aarde saam te werk, berei ons ons voor vir hulle geselskap in die hemel. "Dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe." (Heb. 1:14), engele in die hemel sal diegene verwelkom wat op aarde geleef het "nie ... om gedien te word nie, maar om te dien (Matt. 20:28) In hierdie salige geselskap sal ons tot ons ewige vreugde alles leer wat opgesluit lê in die vraag: "Wie is my naaste?"



# Die Beloning van Genade

**Na aanleiding van Mattheus 19:16-30; 20:1-16; Markus 10:17-31; Lukas 18:18-30**

- 390 -

DIE Jode het al byna vergeet dat die genade van God vry is. Die rabbi's het geleer dat die guns van God verdien moet word. Hulle het gehoop dat hulle die beloning van die regverdiges deur hulle eie werke sou verdien. Hulle aanbidding is dus deur 'n inhalige, baatsugtige gees besiel. Selfs Christus se dissipels was nie heeltemal vry van hierdie gees nie, en die Heiland het elke geleentheid gebruik om hulle op hulle dwaling te wys. Kort voordat Hy die gelykenis van die arbeiders vertel het, het iets gebeur wat Hom die geleentheid gebied het om die regte beginsels aan te bied.

Langs die pad waar Hy geloop het, het 'n jong owerste na Hom toe aangehardloop, gekniel en Hom eerbiedig gegroet. "Goeie Meester," het hy gesê, "watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?"

Die owerste het Christus as bloot 'n geëerde rabbi aangespreek sonder om Hom as die Seun van God te herken. Die Heiland het geantwoord: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God." Om

- 391 -

watter rede noem jy My goed? Dit is God wat goed is. As jy erken dat Ek goed is, moet jy My as Sy Seun en verteenwoordiger ontvang.

Voorts het Hy gesê: "As jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie." God maak Sy karakter deur Sy wet bekend; en as u met God wil ooreenstem, moet die beginsels van Sy wet die oorsprong van u elke daad wees.

Christus maak die eise van die wet nie minder nie. Hy sê onomwonde dat gehoorsaamheid daaraan die voorwaarde van die ewige lewe is – dieselfde voorwaarde wat voor die sondeval van Adam vereis is. Die Here verwag nou niks minder van die siel as wat Hy in die Paradys van die mens verwag het nie, naamlik volkome gehoorsaamheid, onbevlekte geregtigheid. Die vereiste onder die genadeverbond is net so omvattend soos die vereiste in Eden – ooreenstemming met Gods wet wat heilig, regverdig en goed is.

Op die woorde: "Onderhou die gebooie," het die jongman geantwoord: "Watter?" Hy het gedink dat Christus van 'n seremoniële voorskrif praat, maar Hy het na die wet verwys wat op Sinai gegee is. Hy het verskeie gebooie uit die tweede tafel van die wet genoem; toe som Hy hulle almal met die voorskrif: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Sonder om te aarsel het die jongman geantwoord: "Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort?" Sy begrip van die wet was uiterlik en oppervlakkig. Na menslike standaarde geoordeel, het hy sy karakter vlekkeloos bewaar. Sy uiterlike lewe was in 'n groot mate onbesproke; hy het waarlik gedink sy gehoorsaamheid was foutloos. Tog het hy in die geheim gevrees dat alles nie tussen sy siel en God reg was nie. Daarom die vraag: "Wat kom ek nog kort?"

"As jy volmaak wil wees," het Jesus geantwoord, "gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat

- 392 -

in die hemel hê; en kom hier, volg My. Maar toe die jong-man die woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad."

Hy wat die self liefhet, is 'n wetsoortreder. Jesus wou die jongman graag daarop attent maak, en Hy het hom aan 'n toets onderwerp wat die selfsug van sy hart sou openbaar. Hy het die pesbuil in sy karakter aan hom getoon. Die jongman het geen verdere inligting verlang nie. Hy het 'n afgod in sy siel gekoester; die wêreld was sy god. Hy het voorgegee dat hy die gebooie onderhou, maar dit het hom ontbreek aan die beginsel wat juis die gees en lewe van hulle almal is. Hy het geen ware liefde vir God of mens gekoester nie. Daardie gebrek was die gebrek aan alles wat hom geskik sou maak om in die koninkryk van die hemele in te gaan. In sy liefde vir die self en vir wêreldse gewin het hy nie met die beginsels van die hemel saamgestem nie.

Toe die jong owerste na Jesus toe gekom het, het Jesus

- 393 -

hom weens sy opregtheid en erns liefgekry. Hy het "hom aangekyk en hom liefgekry." In die jongman het Hy iemand gesien wat as 'n prediker van geregtigheid kon dien. Hy sou die begaafde jong edelman net so geredelik ontvang het as die arm vissers wat hom gevolg het. As die jongman sy begaafdheid aan sielreddende werk gewy het, kon hy 'n getroue



en geslaagde werker vir Christus geword het.

Maar eers moes hy die voorwaardes van dissipelskap aanvaar. Hy moes hom onvoorwaardelik aan God gee. Toe die Heiland hulle geroep het, het Johannes, Petrus, Matthéüs en hulle makkers "alles verlaat en opgestaan en Hom gevolg." (Lukas5:28) Dieselfde toewyding is van die jong owerste vereis. En daarmee het Christus geen groter opoffering geverg as wat Hy self gemaak het nie. "Alhoewel Hy ryk was", het Hy "ter wille van julle arm geword ... sodat julle deur sy armoede ryk kan word." (2 Kor. 8:9) Die jongman moes net volg waar Christus voorgegaan het.

Christus het die jongman aangekyk en sy siel begeer. Hy het verlang om hom uit te stuur as 'n heilgesant aan die mensdom. In ruil vir wat Hy gevra het dat hy moes opoffer, het Christus hom Sy eie geselskap aangebied. Hy het gesê: "Volg My." Petrus, Jakobus en Johannes het hierdie voorreg as 'n vreugde beskou. Die jongman self het Christus bewonder. Sy hart is tot die Heiland aangetrek. Maar hy was onwillig om die Heiland se beginsel van selfverloëning te aanvaar. Hy het sy rykdom bo Jesus verkies. Hy wou die ewige lewe hê, maar het geweier om daardie onselfsugtige liefde wat alleen lewe is in sy siel te ontvang, en hy is met 'n bedroefde hart van Christus af weg.

Toe die jongman wegstap, sê Jesus aan Sy dissipels: "Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan." Die dissipels was verbaas oor hierdie woorde.

- 394 -

Hulle is geleer dat die rykes die gunstelinge van die hemel is; hulle het self verwag om in die koninkryk van die Messias wêreldse gesag en rykdom te ontvang; as die rykes dan nie in die koninkryk kon ingaan nie, wat sou van die res van die mensdom word?

"Jesus antwoord weer en sê vir hulle: Kinders, hoe swaar is dit vir die wat op hulle goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan! Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan. En hulle was uitermate verslae." Nou het hulle besef dat hierdie ernstige waarskuwing ook vir hulle was. Die lig van die Heiland se woorde het hulle eie geheime verlange na gesag en rykdom ontbloot. Met bedenkinge oor hulleself roep hulle uit: "Wie kan gered word?"

"Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik,

maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik."

'n Ryk man kan nie as sodanig in die hemel ingaan nie. Sy rykdom maak hom nie geregtig op die erfdeel van die heiliges in die lig nie. Dis net deur die onverdiende genade van Christus dat enige mens toegang het tot die stad van God.

Die woorde van die Heilige Gees geld vir die rykes net soos vir die armes: " ... dat julle nie aan julleself behoort nie ... want julle is duur gekoop." (1 Kor. 6:19, 20) Wanneer mense dit glo, sal hulle hulle besittings as 'n pand beskou wat volgens Gods leiding gebruik moet word om verlorenes te red en om die lydendes en die armes te troos. Vir die mens is dit onmoontlik, want die hart klem aan sy aardse skat vas. Die siel wat aan die diens van mammon verslaaf is, is doof vir die geroep van menslike behoeftes. Maar by God is alle dinge moontlik. Deur die ongeëwenaarde liefde van Christus te aanskou, word die selfsugtige hart versmelt en versag. Die ryk man sal oorreed word om soos Saulus van Tarsus te sê: "Wat vir my wins

- 395 -

was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here." (Filip. 3:7,8) Dan sal hulle niks as hulle eie reken nie. Dit sal hulle vreugde wees om hulle as rentmeesters van die veelvuldige genade van God te beskou en om om Sy ontwil die knegte van alle mense te wees.

Petrus was die eerste om hom reg te ruk na die geheime oortuiging wat die Heiland se woorde veroorsaak het. Hy het met tevredenheid gedink aan wat hy en sy broeders vir Christus prysgegee het. "Kyk," het hy gesê, "ons het alles verlaat en U gevolg." Met die voorwaardelike belofte aan die jong owerste in gedagte – "Jy sal 'n skat in die hemel hê" – verneem hy watter loon hy en sy makkers vir hulle opoffering sal ontvang.

Die Heiland se antwoord was vir daardie Galilese vissers 'n vreugde. Dit was 'n uitbeelding van die grootste eer waarvan hulle kon droom: "Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel." En Hy gaan voort: "Daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My en van die evangelie verlaat het nie, of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond,



- 396 -

saam met vervolginge, en in die eeu wat kom, die ewige lewe."

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang." Kol. 3:23, 24. "Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openb. 22:12.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Maar Petrus se vraag: "Wat sal daar dan vir ons wees?" het van 'n gees gespreek wat, indien dit nie reggestel word nie, die dissipels ongeskik sou maak om boodskappers vir Christus te wees, want dit was die gees van 'n huurling. Hoewel die dissipels deur Christus se liefde getrek is, was hulle nog nie heeltemal van fariseïsme bevry nie. Hulle het nog gewerk met die verlange om volgens hulle werk beloon te word. Hulle het 'n gees van selfverheffing en self tevredenheid gekoester en die een met die ander vergelyk. As een van hulle in enige opsig 'n fout begaan het, het die ander gevoel hulle is beter as hy.

Sodat die dissipels die beginsels van die evangelie nie uit die oog moes verloor nie, het Christus hulle 'n gelykenis vertel om die manier waarop God met Sy dienare handel en die gees wat Hy in hulle werk van hulle verwag, te illustreer.

"Die koninkryk van die hemele," so het Hy gesê, "is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur." Dit was gebruiklik vir mense wat werk soek om op die markplein te wag, en daar het werkgewers arbeiders gaan soek. Die man van die gelykenis gaan verskeie kere op 'n dag om arbeiders te huur. Die wat in die vroeë oggend gehuur word, kom ooreen om vir 'n vasgestelde loon te werk; die wat later gehuur word, laat dit aan die werkgewer oor om die loon vas te stel.

"En toe dit aand geword het, sê die heer van die wingerd vir sy opsigter: Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon; en begin van die laastes af tot by die eerstes. En die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen 'n penning ontvang. Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang, en hulle het ook elkeen 'n penning ontvang."

Die heer se behandeling van die arbeiders in sy wingerd

- 397 -

stel Gods behandeling van die mensdom voor. Dis anders as mense se gewoontes. In wêreldse sake word elkeen vergoed volgens die werk wat

hy verrig het. Die arbeider verwag net om te kry wat hy verdien het. Maar in die gelykenis het Christus die beginsels van Sy koninkryk beskryf – 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie. Hy meet Hom nie aan 'n menslike maatstaf nie. Die Here sê:

"My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie. ... Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes." Jes. 55:8,9

In die gelykenis het die eerste arbeiders ooreengekom om vir 'n vasgestelde bedrag te werk, en hulle het daardie bedrag gekry – niks meer nie. Die wat later gehuur is, het die heer se belofte aanvaar: "Wat reg is, sal ek aan julle gee." Hulle het hulle vertroue in hom bewys deur nie te vra wat hulle loon sou wees nie. Hulle het op sy regverdigheid en billikheid vertrou. Hulle is nie volgens die hoeveelheid van hulle werk beloon nie, maar volgens sy beplande milddadigheid.

So wil God hê moet ons op Hom vertrou wat die goddeloses regverdig. Hy beloon ons nie na ons verdienste nie, maar volgens Sy eie voorneme "wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here." (Efe. 3:11)"Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered." Titus 3:5. En vir almal wat in Hom vertrou, sal Hy "ver bo alles" doen "wat ons bid of dink." (Efe. 3:20)

Dis nie hoeveel werk ons doen of wat die sigbare gevolge is wat dit waardevol maak nie, maar wel die gees waarin dit gedoen word. Hulle wat in die elfde uur in die wingerd gaan werk het, was dankbaar vir die voorreg om te kan werk. Hulle harte was vol dankbaarheid teenoor hom wat hulle aanvaar het; en toe die heer hulle aan die einde van die dag vir 'n volle dag se werk betaal het, was

- 398 -

hulle verbasing groot. Hulle het geweet hulle het nie so 'n loon verdien nie. En die vriendelikheid op die aangesig van hulle werkgewer het hulle met vreugde vervul. Hulle het die goedheid van die huisheer nooit vergeet nie, en ook nie die ruim betaling wat hulle ontvang het nie. So is dit met die sondaar wat weet hy is onwaardig en wat ter elfder ure eers in die Here se wingerd gekom het. Sy dienstyd lyk so kort, hy voel dat hy die loon nie verdien nie; maar hy is verheug dat God hom hoegenaamd aangeneem het. Hy werk met 'n nederige, vertrouende gees, dankbaar vir die voorreg om 'n medewerker van Christus te wees. God vereer graag so 'n gees.



Die Here begeer dat ons in Hom moet rus sonder om te dink hoeveel loon ons sal ontvang. Wanneer Christus in die siel woon, is die vergoeding nie hoofsaak nie. Dis nie die dryfveer wat ons diens uitlok nie. Dis waar dat ons in 'n ondergeskikte sin na die beloning moet uitsien. God wil hê dat ons Sy beloofde seëninge moet waardeer. Maar Hy

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei. Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang. Want ons is mede-werkers van God; ... niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. ...Elkeen se werk sal aan die lig kom. ... As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang." 1 Kor. 3:7-14.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

wil nie hê dat ons gretig moet wees vir die beloning of dat ons moet voel dat ons vir elke ou pliggie beloon moet word nie. Ons moet nie net so gretig wees om beloon te word,

- 399 -

as wat ons is om te doen wat reg is ongeag die wins nie. Liefde vir God en vir ons medemens behoort die dryfveer te wees.

Hierdie gelykenis is geen verskoning vir diegene wat die eerste geroep hoor, maar nalaat om tot die Here se wingerd toe te tree nie. Toe die huisheer teen die elfde uur nog werkloses op die markplein aangetref het, het hy gesê: "Wat staan julle hier die hele dag ledig?" die antwoord was: "Omdat niemand ons gehuur het nie." Geeneen van die wat later in die dag geroep is, was in die vroeë môre daar nie. Hulle het die oproep nie geweier nie. Hulle wat weier en later berou kry, doen reg om berou te kry, maar dis nie veilig om die eerste genade-oproep te minag nie.

Toe die arbeiders in die wingerd "elkeen 'n penning ontvang" het, het die wat vroeg in die dag begin het, aanstoot geneem. Het hulle dan nie twaalf uur gewerk nie? het hulle geredeneer, en was dit dan nie reg dat hulle meer moes kry as die wat net een uur in die koelte van die dag gewerk het nie? Hulle het gesê: "Hierdie laastes het een uur gewerk, en u het hulle gelykop behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het."

"Vriend," het die huisheer aan een van hulle geantwoord, "ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie? Neem dan wat joue is, en gaan heen. Ek wil aan hierdie laaste een gee net soos aan jou. Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek

wil nie? Of is jou oog verkeerd omdat ek goed is?

"So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies."

Die eerste arbeiders in die gelykenis stel diegene voor wat weens hulle diens voorkeur bo ander eis. Hulle aanvaar hulle werk met 'n gees van selfgelukwensing en bring daar geen selfverloëning of opoffering in nie. Hulle het miskien hulle lewe lank voorgegee om God te dien, hulle het miskien

- 400 -

die grootste ongerief, ontbering en beproewinge verduur, en daarom dink hulle dat hulle geregtig is op 'n groot loon. Hulle dink meer van die beloning as van die voorreg om dienaars van Christus te wees. Hulle meen dat hulle arbeid en hulle opofferings hulle geregtig maak op groter eer as andere, en omdat hulle dit nie kry nie, neem hulle aanstoot. As hulle met 'n gees van liefde en vertroue gewerk het, sou hulle nog eerste gewees het, maar hulle ontevrede, klaerige geaardheid is onchristelik en bewys dat hulle onbetroubaar is. Dit openbaar hulle begeerte om selfbevordering, hulle wantroue in God en hulle gees van jaloesie en misgunning teenoor hulle broeders. Die goedheid en milddadigheid van die Here is vir hulle net rede om te kla. So bewys hulle dat daar geen verbinding tussen hulle siele en God is nie. Hulle ken nie die vreugde van samewerking met die Meesterwerker nie.

Niks is vir God meer aanstootlik as hierdie enge, selfgerigte gees nie. Hy kan nie met iemand saamwerk wat hierdie hoedanighede aan die dag lê nie. So iemand is ongevoelig vir die werking van Sy Gees.

Die Jode was eerste na die wingerd van God geroep, en daarom was hulle hoogmoedig en eiegeregtig. Hulle het gemeen dat hulle lange jare van diens hulle op 'n groter loon as andere geregtig maak. Niks het hulle meer vertoorn as die aanduiding dat die heidene gelyke voorregte met hulle in die dinge van God sou geniet nie.

Christus het die dissipels wat eerste geroep is om Hom te volg, gewaarsku sodat hulle nie dieselfde euwel sou koester nie. Hy het besef dat die swakheid, die vloek van die kerk, juis hierdie eiegeregtige gees sou wees. Mense sou dink dat hulle iets kan doen om 'n plek in die koninkryk van die hemele te verdien. Hulle sou hulle verbeel dat die Here hulle sou help nadat hulle tot 'n sekere punt gevorder het.



- 401 -

Daar sou dus volop van die self en min van Christus wees. Talle wat effens gevorder het, sou opgeblase wees en dink hulle is beter as andere. Hulle sou graag gevlei word en jaloers wees as hulle nie as die belangrikste beskou word nie. Christus trag om Sy dissipels teen hierdie gevaar te beskerm.

Alle roem oor deug in onsself is onvanpas. "Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die Here." Jer. 9:23, 24.

Die beloning is nie uit werke nie, sodat niemand mag

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

*"Mag die Here jou daad vergelde, en mag jou loon volkome wees van die Here, die God van Israel." Rut 2:12. "Gewis, daar is vrug vir die regverdige." Ps. 58:12. "Hy wat geregtigheid saai, [behaal] 'n betroubare loon." Spr. 11:18.*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

roem nie; dit is alles uit genade. "Wat sal ons dan sê, het Abraham, ons vader na die vlees, verkry? Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te roem, maar nie teenoor God nie. Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom, egter, wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken." Rom. 4:1-5. Daar is dus geen rede vir iemand om hom bo 'n ander te verhef

- 402 -

of om 'n wrok teen 'n ander te koester nie. Niemand word bo 'n ander bevoorreg nie en niemand kan op 'n beloning as sy reg aanspraak maak nie.

Die eerstes en die laastes sal in die groot, ewige beloning deel, en die eerstes moet die laastes met blydskap verwelkom. Hy wat 'n ander die loon misgun, vergeet dat hy self net deur genade gered is. Die gelykenis van die arbeiders bestraf alle jaloesie en agterdog. Die liefde verheug hom in die waarheid en maak geen afgunstige vergelykings nie. Hy wat liefde besit, vergelyk sy eie onvolmaakte karakter net met die lieflikheid

van Christus.

Hierdie gelykenis is 'n waarskuwing vir alle arbeiders, ongeag hoe lank hulle dien, hoeveel hulle werk, dat hulle sonder liefde vir hulle broeders en sonder nederigheid voor God niks is nie. Daar is geen godsdiens in selfverering nie. Hy wat selfverheerliking nastreef, sal ontdek dat hy daardie genade ontbreek wat alleen in staat is om hom in die diens van Christus doeltreffend te maak. Wanneer hoogmoed en selftevredenheid gekoester word, word die werk bederf.

Dis nie hoe lank ons werk nie, maar hoe gewillig en getrou ons werk wat dit vir God aanneemlik maak. In al ons diens word volle oorgawe van die self vereis. Die geringste pliggie wat opreg en sonder inagneming van die self gedoen word, is vir God aanneemliker as die grootste werk wat deur eiebelang bederf word. Hy kyk hoeveel van die gees van Christus ons koester en hoeveel gelykvormigheid aan Christus in ons werk geopenbaar word. Hy gee meer ag op die liefde en getrouheid waarmee ons werk as op hoeveel werk ons doen.

Eers wanneer selfsug dood is, wanneer daar nie meer na die hoogste plek gestreef word nie, wanneer dankbaarheid die hart vul en liefde die lewe geurig maak – eers dan woon Christus in die siel en word ons as medewerkers van God erken.

Hoe hard hulle ook al werk, die ware werkers beskou dit nie as 'n oorlas nie. Hulle is bereid om alles te gee.

- 403 -

Maar dis gewillige werk met 'n blymoedige hart gedoen. Vreugde in God word deur Jesus Christus verwoord. Hulle vreugde is die vreugde wat aan Christus voorgehou is "om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring." (Joh. 4:34) Hulle werk met die Here van die heerlikheid saam. Hierdie gedagte maak alle arbeid soet, dit onderskraag die wil, dit versterk die gees vir wat ook al mag kom. Hulle werk met 'n onselfsugtige hart, word veredel deur in Christus se lyding te deel, is eensgesind met Hom, werk met Hom saam en help so om Sy vreugde groter te maak en om lof en eer aan Sy verhewe Naam te bring.

Dit is die gees van alle ware diens vir God. Omdat hulle hierdie gees nie het nie, sal talle wat skynbaar eerste is, laaste word, terwyl diegene wat dit het, hoewel hulle laaste skyn te wees, eerste sal word.

Daar is talle wat hulle aan Christus oorgegee het, maar nog nie 'n



geleentheid sien om in Sy diens 'n groot werk te doen of groot opofferings te maak nie. Hulle kan hulle troos aan die gedagte dat dit nie noodwendig die martelaar se selfoorgawe is wat vir God die aanneemlikste is nie; dis miskien nie die sendeling wat daagliks met gevare en die dood te kampe het wat die hoogste in die hemelse boeke aangeteken staan nie. Die Christen wat in sy private lewe, in sy daaglikse oorgawe van die self, in die opregtheid van sy strewe, in die reinheid van sy gedagtes, in sagmoedigheid onder uittarting, in geloof en vroomheid, in getrouheid in die geringste so is, hy wat die karakter van Christus in die huislike lewe weerspieël – so 'n mens kan in die oë van God kosbaarder as die wêreldberoemde sendeling of martelaar wees.

Ag, hoe anders is die maatstawe waarmee God en mens karakters meet. God sien talle versoekings wat weerstaan word waarvan die wêreld en intieme vriende niks weet nie – versoekings in die huis, in die hart. Hy sien die nederigheid van die siel teen die agtergrond van sy eie

- 404 -

swakheid, die opregte berou oor selfs een sondige gedagte. Hy sien die heelhartige toewyding aan Sy diens. Hy het kennis geneem van die ure van harde stryd met die self – stryd wat die oorwinning verseker het. God en engele is van al hierdie dinge bewus. 'n Gedenkboek word voor Hom geskryf vir hulle wat die Here vrees en Sy Naam eer.

Dis nie ons geleerdheid, ons status, ons getalle of ons toevertroude talente nie, dis nie in die wil van 'n mens dat die geheim van sukses skuil nie. Ons moet ons ondoeltreffendheid aanvoel en oor Christus peins, en deur Hom wat die krag van alle krag, die gedagte van alle gedagtes is, sal die gewillige en gehoorsame oorwinning na oorwinning behaal.

En al is ons diens ook hoe kort of ons werk hoe nederig, as ons Christus in eenvoudige geloof volg, sal ons nie teleurgesteld wees oor die beloning nie. Wat selfs die belangrikste en slimste nie kan verdien nie, kan die swakste en nederigste ontvang. Die goue hemelpoort gaan nie vir die selfverhewene oop nie. Dit word nie vir die trotses van gees opgehef nie. Maar die ewige poorte sal wyd oopgaan vir die bewende aanraking van 'n klein kindjie. Salig sal die beloning van genade vir diegene wees wat in die eenvoud van geloof en liefde vir God gewerk het.

# "Om die Bruidegom te Ontmoet"

**Na aanleiding van Mattheus 25:1-13**

- 405 -

CHRISTUS sit saam met Sy dissipels op die Olyfberg. Die son het reeds agter die berge weggesak, en die aandskemering hang reeds aan die hemelruim. Hulle sien 'n woonhuis wat helder verlig is asof daar 'n fees gaan plaasvind. lig straal uit deure en vensters en 'n afwagtende skare staan daar rond. Dis duidelik dat 'n bruilofsoptog aanstons sal verskyn. In baie dele van die Ooste word bruilofsfeeste saans gehou. Die bruidegom gaan uit om sy bruid te ontmoet en dan na sy huis te bring. Die bruidsgeselskap vertrek met fakkels van haar vader se huis na sy eie, waar 'n fees vir die genooide gaste gereël is. In die toneel waarna Christus kyk, wag 'n groep op die verskyning van die bruidsgeselskap met die doel om hulle by die gevolg aan te sluit.

Naby die bruid se huis wag tien jong meisies in wit geklee. Elkeen dra 'n brandende lamp en 'n oliekannetjie. Almal wag gespanne op die verskyning van die bruidegom.

- 406 -

Maar daar is 'n vertraging. Uur na uur gaan verby. Die wagtendes word moeg en raak aan die slaap. Om middernag word daar 'n geroep gehoor, "Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!" Dié wat geslaap het, word skielik wakker en spring op. Hulle sien hoe die optog voorwaarts beweeg, deur fakkels verlig en met musiek opgevrolik. Hulle hoor die stem van die bruidegom en die stem van die bruid. Die tien meisies gryp hulle lampe en maak hulle haastig gereed om saam te gaan. Maar vyf het versuim om hulle kanne vol olie te maak. Hulle het nie so 'n groot vertraging verwag nie, en hulle het hulle nie voorberei vir die noodgeval nie. In hulle ontsteltenis doen hulle 'n beroep op hulle verstandiger vriendinne en sê:

"Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit." Maar die wagtende vyf met hulle lampe pas gereed gemaak, het hulle kanne reeds leeggemaak. Hulle het geen olie om af te staan nie en hulle antwoord, "Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself."

Terwyl hulle gaan koop het, het die optog voortbeweeg en hulle agtergelaat. Die vyf met die brandende lampe het hulle by die skare aangesluit en die huis saam met die bruidspaar binnegegaan, en toe is die deur gesluit. Toe die dwase meisies die feessaal bereik, is hulle onverwags toegang geweier. Die seremoniemeester het gesê: "Ek ken julle nie." Hulle is buite op die leë straat in die donker nag gelaat.

Terwyl Christus gesit en kyk het na die groep wat op die bruidegom gewag het, het Hy die verhaal van die tien meisies aan Sy dissipels vertel en deur hulle ondervinding die ondervinding van die kerk geïllustreer wat net voor Sy wederkoms sal bestaan.

Die twee soorte wagtendes stel die twee klasse voor wat beweer dat hulle op hulle Here wag. Hulle word maagde genoem omdat hulle 'n reine geloof bely. Deur die lampe word die Woord van God voorgestel. Die psalmdigter verklaar: "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." Ps.

- 407 -

119:105. Die olie simboliseer die Heilige Gees. Die Gees word dus in die profesie van Sagaria voorgestel. "En die engel wat met my gespreek het," sê hy, "het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word. En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek:

Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is. Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan. Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer? ... Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die Here aan Serubbabel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare. ... En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: Wat beteken die twee

- 408 -

olyftakkies aan die kant van die twee goue pype wat goud (ander vertalings lees: olie) uit hulle laat uitstroom? ... En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan." Sag. 4:1-14.

Uit die twee olyfbome het die goue olie deur die goue pype in die houer van die kandelaar ingevloei, en daarvandaan na die goue lampe wat die



heiligdom verlig het. So word Gods Gees deur die heilige wesens wat in Sy teenwoordigheid staan, oorgedra aan die menslike werktuie wat aan Sy diens toegewy is. Die sending van die twee gesalfdes is om aan Gods volk daardie hemelse genade te gee wat alleen in staat is om van Sy Woord 'n lamp vir hulle voet en 'n lig vir hulle pad te maak. "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare." Sag. 4:6.

In die gelykenis het al tien maagde uitgegaan om die bruidegom te ontmoet. Almal het lampe en oliekanne gehad. 'n Tyd lank is geen verskil onder hulle opgemerk nie. So ook met die kerk wat net voor Christus se wederkoms bestaan. Almal het 'n kennis van die Skrifte. Almal het die boodskap van Christus se nabye koms gehoor, en wag met vertroue op Sy verskyning. Maar soos dit in die gelykenis was, so is dit nou. Daar kom 'n wagtyd tussenin. Die wagtendes se geloof word beproef, en as die geroep: "Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet," gehoor word, is baie onvoorbereid. Hulle het geen olie in hulle kanne met hulle lampe nie. Hulle is sonder die Heilige Gees.

Sonder die Heilige Gees is 'n kennis van Sy Woord waardeloos. Die teorie van die waarheid sonder die Heilige Gees, kan die siel nie opwek of die hart heilig nie. 'n Mens kan wel met die gebooie en beloftes van die Bybel bekend wees, maar tensy die Gees van God die waarheid tuisbring, sal die karakter nie verander word nie. Sonder die verligting van die Heilige Gees, sal mense nie in staat wees om

- 411 -

tussen waarheid en dwaling te onderskei nie, en hulle sal onder die meesterlike versoekings van die Satan val.

Die klas wat deur die dwase maagde voorgestel word, is nie huigelaars nie. Hulle het agting vir die waarheid: hulle het die waarheid verkondig; hulle voel hulle aangetrokke tot diegene wat die waarheid glo; maar hulle het hulle nie aan die werkinge van die Heilige Gees onderwerp nie. Hulle het nie op die Rots, Jesus Christus, geval en toegelaat dat hulle ou natuur verbrokkel word nie. Hierdie klas persone word ook deur die klipperige grond voorgestel. Hulle ontvang die woord graag, maar hulle slaag nie daarin om die beginsels daarvan hulle eie te maak nie. Die invloed daarvan is nie blywend nie. Die Gees werk op die mensehart en plant volgens sy verlange en goedkeuring 'n nuwe natuur binne-in hom, maar die klas persone wat deur die dwase maagde voorgestel word, is tevrede met 'n

oppervlakkige werk. Hulle ken God nie; hulle het Sy karakter nie bestudeer nie; hulle het nie met Hom gemeenskap gehou nie; daarom weet hulle nie hoe om te vertrou, hoe om te kyk en te lewe nie. Hulle diens vir God ontaard in 'n vorm. "En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan." Eseg. 33:31. Die apostel Paulus wys daarop dat dit die besondere kenmerk sal wees van diegene wat net voor Christus se wederkoms leef. Hy sê: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het." 2 Tim. 3:1-5.

Dit is hierdie soort wat in tye van gevaar uitroep: "Vrede en veiligheid." Hulle stel hulle gerus en droom nie van gevaar nie. As hulle uit hulle traagheid wakker skrik, gewaar hulle hulle gebrek en vra dat andere moet voorsien wat hulle ontbreek, maar in geestelike dinge kan niemand

- 412 -

in 'n ander se tekortkominge voorsien nie. Die genade van God is vryelik aan elke siel gebied. Die boodskap van die evangelie is verkondig: "En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." (Openb. 22:17) Maar 'n karakter is nie oordraagbaar nie. Niemand kan vir iemand anders glo nie. Niemand kan vir iemand anders die Gees ontvang nie. Niemand kan aan 'n ander die karakter gee wat die vrug van die werkinge van die Gees is nie. "Al was Noag, Daniël en Job daarin [in die land], so waar as Ek leef, spreek die Here Here, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red." Eseg. 14:20.

Dit is in 'n krisis dat die karakter geopenbaar word. Toe die plegtige stem om middernag uitroep: "Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet," en die slapende maagde uit hulle sluimer gewek is, het dit duidelik geword wie vir die gebeurtenis voorbereidsels getref het. Albei groepe is verras, maar net een was vir die noodgeval gereed, en die ander was onvoorbereid. So sal 'n skielike en onverwagte ramp, iets wat die siel direk in aanraking met die dood bring, ook vandag toon of daar ware geloof in die beloftes van God is. Dit sal toon of die siel deur genade onderskraag word. Die groot en finale toets kom aan die einde van die menslike proeftyd



wanneer dit reeds te laat is om in die behoeftes van die siel te voorsien!

Die tien maagde wag in die aand van die wêreld se geskiedenis. Almal gee voor om Christene te wees. Elkeen het 'n roeping, 'n naam en 'n lamp en almal beweer dat hulle God dien. Almal wag blykbaar op Christus se verskyning. Maar vyf is onvoorbereid. Vyf sal verras en verstom buite die banketsaal gevind word.

Op die laaste dag sal baie op toegang tot Christus se koninkryk aanspraak maak met die woorde: Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink en U het op ons strate geleer." "Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer

- 413 -

en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?" Maar die antwoord is: "Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My." (Lukas 13:26,27; Matt.7:22.) In hierdie lewe het hulle geen gemeenskap met Christus aangeknoop nie; daarom ken hulle nie die taal van die hemel nie. Hulle is vreemdelinge vir sy vreugde. "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God." 1 Kor. 2:11.

Die treurigste woorde wat 'n sterfling ooit kon hoor, is daardie oordeel: "Ek ken julle nie." Net die gemeenskap van die Gees wat u verontagsaam het, kon verseker het dat u een van die vreugdevolle skare by die bruilofsfees sou wees. In daardie geleentheid kan u nie deel nie. Sy lig sou op verblinde oë en sy musiek op dowe ore val. Sy liefde en vreugde sou geen aanklank van blydskap in die hart verwek wat deur die wêreld verlam is nie. U word deur u eie ongeskiktheid vir hemelse geselskap daar uitgesluit.

Ons kan nie gereed wees om die Here te ontmoet deur

- 414 -

wakker te skrik wanneer die geroep uitgaan: "Daar kom die bruidegom!" en dan ons leë lampe op te neem om volgemaak te word nie. Ons kan Christus nie hier uit ons lewens weghou en tog geskik wees vir Sy geselskap in die hemel nie.

In die gelykenis het die verstandige maagde olie in die kanne by hulle lampe gehad. Heelnag terwyl hulle gewaak het, het hulle lig onverflou gebrand. Dit het bygedra tot die lig waarmee die bruidegom vereer is. Dit

het in die duisternis uitgestraal, en gehelp om die pad na die bruidegom se huis, na die bruilofsfees, te verlig.

So moet Christus se volgelinge hulle lig ook in die duisternis van die wêreld laat skyn. Deur die Heilige Gees is Gods Woord ' n lig wanneer dit ' n veranderende krag in die lewe van die ontvanger word. Deur die beginsels van Sy Woord in hulle harte in te plant, ontwikkel die Heilige Gees in mense die kenmerke van God. Die lig van Sy heerlikheid–Sy karakter–moet in Sy volgelinge skyn. So moet hulle God verheerlik en die pad na die Bruidegom se huis, na die stad van God, na die bruilofsmaal van die Lam, verlig.

Die bruidegom het om middernag gekom tydens die donkerste uur. So sal die koms van Christus ook in die donkerste tydperk van die wêreld se geskiedenis geskied. Die dae van Noag en Lot het die toestand van die wêreld net voor die koms van die Seun van die mens uitgebeeld. Die Skrifte wys vooruit na hierdie tyd en verklaar dat die Satan met allerhande kragtige dade en "met allerhande verleiding van ongeregtigheid," (2Thess.2:9,10) sal werk. Sy werk blyk duidelik uit die spoedig toenemende duisternis, die veelvuldige dwalinge, ketterye en verleidings van hierdie laaste dae. Die Satan is nie net besig om die wêreld gevange te neem nie, maar sy misleiding deursuur die beweerde kerke van onse Here Jesus Christus. Die groot afval sal in 'n duisternis so swart soos middernag, so ondeurdringbaar soos 'n harige sak ontwikkel. Vir die volk van

- 415 -

God sal dit 'n nag van beproewing wees, 'n nag van geween, 'n nag van vervolging ter wille van die waarheid. Maar uit daardie nag van duisternis sal Gods lig skyn.

Hy veroorsaak dat daar "uit duisternis lig moet skyn." (2 Kor. 4:6) Toe "die aarde ... woes en leeg, en duisternis ... op die wêreldvloed [was], ... [het] die Gees van God op die waters [gesweef]. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig." (Gen.1:2,3) So word Gods woord in die nag van geestelike duisternis gehoor:

"Laat daar lig wees." Aan Sy volk sê Hy: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op." (Jes. 60:1)

"Want kyk," sê die Skrifte, "die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jou sal die Here opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word." Jes. 60:2.



Dit is die duisternis van 'n wanbegrip van God wat die wêreld omhul. Die mensdom verloor sy kennis van Sy karakter. Dit is verkeerd verstaan en verkeerd vertolk. Juis in hierdie tyd moet 'n boodskap van God verkondig word, 'n boodskap van liggewende invloed en reddende krag. Sy karakter moet bekend gemaak word. Die lig van Sy heerlikheid, die lig van Sy goedheid, genade en waarheid moet in die duisternis van die wêreld skyn.

Dit is die werk wat die profeet Jesaja opsom met die woorde: "0 Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! Kyk, die Here Here sal kom as 'n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig." Jes. 40:9,10.

Diegene wat op die Bruidegom se koms wag, moet aan die volk sê: "Hier is julle God!" Die laaste strale van die lig van genade, die laaste genadeboodskap wat aan die wêreld gegee moet word, is 'n openbaring van Sy liefdevolle karakter.

- 416 -

Die kinders van God moet Sy heerlikheid openbaar. In hulle eie lewe en karakter moet hulle openbaar wat die genade van God vir hulle gedoen het.

Die lig van die Son van Geregtigheid moet in goeie werke uitstraal–in woorde van waarheid en in dade van heiligheid.

Christus, die uitstraling van die Vader se heerlikheid, het na die wêreld gekom om dit te verlig. Hy het gekom

- 417 -

om God by die mens te verteenwoordig, en van Hom staan geskrywe dat Hy gesalf is "met die Heilige Gees en met krag," en dat Hy "die land deurgegaan, [en] goed gedoen het." (Hand. 10:38) In die sinagoge te Nasaret het Hy gesê: "Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig." (Lukas 4:18, 19) Dit is die werk wat Hy aan Sy dissipels opgedra het. "Julle is die lig van die wêreld," het Hy gesê. "Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."

(Matt. 5: 14, 16)

Dit is die werk wat die profeet Jesaja beskrywe as hy sê: "Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou "uit gaan, die heerlikheid van die Here jou agterhoede wees." Jes. 58:7, 8.

So moet die heerlikheid van God dan in die nag van geestelike duisternis deur middel van Sy kerk skyn, deur die wat neergeboë is op te rig en die wat bedroef is, te vertroos.

Rondom ons hoor ons die geweeklaag van 'n bedroefde wêreld. Aan alle kante is die behoeftiges en noodlydendes. Ons moet help om die moeilikhede en ellende van die lewe te verlig.

Praktiese werk sal veel meer uitrig as blote prekery. Ons moet voedsel aan die hongeriges gee, kleding aan die wat nakend is en herberg aan die wat dakloos is. En ons is geroepe om nog meer as dit te doen. Net die liefde van Christus kan die siel versadig. As Christus in ons woon, sal ons harte vol van Goddelike medelyde wees. Die verseëlde fonteine van opregte Christelike liefde sal oopgemaak word.

- 418 -

God vra nie net ons gawes vir die behoeftiges nie, maar om ons opgewekte gelaat, ons bemoedigende woorde, ons vriendelike handdruk. Toe Christus die siekes genees het, het Hy Sy hande op hulle gelê. So moet ons ook in noue aanraking kom met diegene wat ons wil help.

Daar is baie wat geen hoop meer het nie. Bring die sonskyn na hulle terug. Baie het hulle moed verloor. Spreek woorde van bemoediging tot hulle. Bid vir hulle. Daar is diegene wat die brood van die lewe nodig het. Lees aan hulle voor uit die Woord van God. Op vele rus daar 'n krankheid van die siel wat geen aardse balsem kan bereik of geneesheer kan genees nie. Bid vir hierdie siele; bring hulle na Jesus. Vertel aan hulle daar is 'n balsem en 'n Geneesheer in Gilead.

Lig is 'n seën, 'n universele seën wat sy skatte op 'n ondankbare, onheilige en moedelose wêreld uitstort. So is dit met die lig van die Son van Geregtigheid. Die hele aarde, wat in die duisternis van sonde, droefheid en pyn gehul is, moet met die kennis van Gods liefde verlig word. Van geen sekte, stand of klas mense mag die lig wat uit die troon van die hemel straal, weerhou word nie.



Die boodskap van hoop en genade moet na die uiteindes van die aarde gedra word. Elkeen wat wil, kan sy hand uitsteek en van Gods krag besit neem. Hy kan met Hom vrede maak, en hy sal vrede maak. Die heidene hoef nie langer in middernagtelike duisternis gehul te wees nie. Die duisternis moet voor die helder strale van die Son van Geregtigheid verdwyn. Die mag van die hel is oorwin.

Maar geen mens kan uitdeel wat hy self nie ontvang het nie. In die werk van God kan mense niks voortbring nie. Geen mens kan deur sy eie pogings van homself 'n ligdraer vir God maak nie. Dit was die goue olie wat deur die hemelse boodskappers in die goue pype uitgegiet word om van die goue kan na die lampe van die heiligdom gelei

- 419 -

te word wat voortdurend 'n gedurige, helder en skynende lig voortgebring het. Dit is die liefde van God wat voortdurend aan die mens oorgedra word, wat hom in staat stel om lig aan andere te gee. Na die harte van almal wat deur geloof met God verenig is, vloei die goue olie van liefde vryelik, om weer in goeie werke uit te straal, in egte, hartediens vir God.

In die groot, onmeetlike gawe van die Heilige Gees word al die hemelse redmiddels saamgevat. Dit is nie omdat God beperk is dat die rykdom van Sy genade nie na die mens op aarde vloei nie. As almal gewillig sou wees om te ontvang, sou almal met die Heilige Gees vervul word.

Dit is die voorreg van elke siel om 'n lewende kanaal te wees waardeur God die rykdom van Sy genade, die onnaspeurlike rykdom van Christus aan die wêreld kan oordra. Daar is niks wat Christus soveel begeer as verteenwoordigers wat Sy Gees en karakter aan die wêreld sal voorhou nie. Daar is niks wat die wêreld soveel nodig het as die openbaring van die Heiland se liefde deur middel van die mens nie. Die ganse hemel wag op kanale waardeur die heilige olie gegiet kan word om 'n vreugde en 'n seën vir menseharte te wees.

Christus het ruimskoots daarvoor voorsiening gemaak dat Sy kerk 'n herskape liggaam kan wees, wat deur die Lig van die wêreld verlig word en in besit is van die heerlikheid van Emmanuel. Dit is Sy doel dat elke Christen omring sal wees van 'n geestelike atmosfeer van lig en vrede. Hy begeer dat ons Sy eie vreugde in ons lewens moet openbaar.

Dat die Gees in die hart woon, sal geopenbaar word deur die hemelse

liefde wat daaruit vloei. Die Goddelike volheid sal deur die toegewyde menslike verteenwoordiger vloei om aan andere gegee te word.

Die Son van Geregtigheid het "genesing onder sy vleuels." (Mal. 4:2) So moet daar uit elke ware dissipel 'n lewensinvloed van moed, hulpvaardigheid en ware genesing straal.

Die godsdiens van Christus beteken meer as net die

- 420 -

vergifnis van sonde; dit beteken om sonde te verwyder en die leegte met die bekoorlikhede van die Heilige Gees te vul. Dit beteken Goddelike verligting, vreugde in God. Dit beteken 'n hart van die self geledig en deur die blywende teenwoordigheid van Christus geseën. As Christus in die siel heers, is daar reinheid, vryheid van sonde. Die heerlikheid, die volheid, die volledigheid van die evangelieplan word in die lewe vervul. Om die Heiland aan te neem bring 'n gloed van volmaakte vrede, volmaakte liefde, volmaakte versekering. Die skoonheid en geur van die karakter van Christus wat in die lewe geopenbaar word, getuig dat God in der waarheid Sy Seun na die wêreld gestuur het om sy Saligmaker te wees.

Christus sê nie aan Sy volgelinge dat hulle moet swoeg om te skyn nie. Hy sê: *Laat* julle lig skyn. As julle die genade van God ontvang het, is die lig in julle. Verwyder die hindernisse en die Here se heerlikheid sal geopenbaar word. Die lig sal skyn om deur die duisternis te dring en dit te verdryf. U kan nie anders as om binne die kring van u invloed te skyn nie.

Die openbaring van Sy eie heerlikheid in die gedaante van 'n mens sal die hemel so na aan die mensdom bring dat die skoonheid wat die binneste tempel versier, in elke siel in wie die Heiland woon, gesien sal word. Mense sal deur die heerlikheid van die inwonende Christus aangegryp word. En heerlikheid sal deur die strome van lof en dankbetuiging van die baie siele wat op hierdie wyse vir God gewen is na die groot Gewer terugvloei.

"Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op." Jes. 60:1. Aan diegene wat uitgaan om die Bruidegom te ontmoet, word hierdie boodskap gegee. Christus kom met krag en groot heerlikheid. Hy kom met Sy eie heerlikheid en met die heerlikheid van die Vader. Hy kom en al die heilige engele kom saam met Hom. Hoewel die hele wêreld in duisternis gehul word, sal daar lig in elke woning van die heiliges wees. Hulle sal die eerste lig van Sy wederkoms gewaar. Die onbevlekte lig sal uit Sy heerlike luister straal, en



- 421 -

Christus die Heiland sal deur almal bewonder word wat Hom gedien het. Terwyl die onregverdiges uit Sy teenwoordigheid sal wegvlug, sal Christus se volgelinge hulle verbly. Die patriarg Job het vooruit na die tyd van Christus se wederkoms gekyk en gesê: "Hom wat ek sal aanskou my ten goede, en my oë–en geen vreemde nie–sal sien." Job 19:27. Vir Sy getroue volgelinge was Christus 'n daaglikse metgesel en bekende vriend. Hulle het in noue verbinding, in voortdurende gemeenskap met God gelewe. Die heerlikheid van die Here het oor hulle opgegaan. Die lig van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus is in hulle weerkaats. Nou verheug hulle hulle in die helder strale van die glans en heerlikheid van die Koning in Sy majesteit. Hulle is gereed vir gemeenskap met die hemel, want hulle het die hemel in hulle harte.

Met hoofde omhoog, met die helder strale van die Son van Geregtigheid op hulle, met blydskap omdat hulle verlossing naby is, gaan hulle uit om die Bruidegom te ontmoet met die woorde: "Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos." (Jes. 25:9)

"En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. ... Toe sê hy vir my: Skryf–salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam." "Hy is die Here van die here en die Koning van die konings–en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou." Openb. 19:6-9; 17:14.

| Genesis | | |
|---|---|---|
| 1:2, 3 | BL | 415 |
| 1:ll, 12 | BL | 80 |
| 8:22 | BL | 65 |
| 12:1 | BL | 36 |
| 12:2 | BL | 286 |
| 49:22, 25 | BL | 214 |
| **Exodus** | | |
| 31:2-6 | BL | 349 |
| 33:18, 19 | BL | 286 |
| 34:6, 7 | BL | 162, 286 |
| **Levitikus** | | |
| 19:18 | BL | 261 |
| **Numeri** | | |
| 23:10 | BL | 221 |
| **Deuteronomium** | | |
| 4:5-8 | BL | 290 |
| 6:5 | BL | 261 |
| 6:7-9 | BL | 24 |
| 7:6, 9, | BL | 289 |
| 7:11-15 | BL | 289 |
| 8:11-20 | BL | 291 |
| 8:15 | BL | 287 |
| 8:17 | BL | 52 |
| 14:29 | BL | 220 |
| 21:17 | BL | 253 |
| 32:9, 10 | BL | 166 |
| 32:9-12 | BL | 287 |
| **1 Kronieke** | | |
| 29:14 | BL | 362 |
| **Nehemia** | | |
| 8:9 | BL | 335 |
| **Job** | | |
| 19:27 | BL | 421 |
| 28:14-18 | BL | 107 |

| Psalms | | |
|---|---|---|
| 14:1 | BL | 258 |
| 18:36 | BL | 235 |
| 19:8 | BL | 286 |
| 33:9 | BL | 81 |
| 37:6 | BL | 175 |
| 39:7 | BL | 258 |
| 40:9 | BL | 60, 282, 312 |
| 42:2 | BL | 270 |
| 45:3 | BL | 336 |
| 49:19, 21 | BL | 258 |
| 50:6 | BL | 179 |
| 50:15 | BL | 172 |
| 50:23 | BL | 298 |
| 51:9 | BL | 206 |
| 65:10-12 | BL | 81 |
| 67:3 | BL | 299 |
| 68:11 | BL | 256 |
| 68:14 | BL | 206 |
| 72:12 | BL | 173 |
| 73:11 | BL | 177 |
| 78:24 | BL | 287 |
| 97:2 | BL | 177 |
| 103:13 | BL | 204 |
| 103:14 | BL | 362 |
| 119:105 | BL | 407 |
| 119:176 | BL | 186 |
| 126:6 | BL | 65 |
| 130:7 | BL | 245 |
| 146:4 | BL | 270 |
| **Spreuke** | | |
| 2:3-5 | BL | 114 |
| 5:22 | BL | 200 |
| 30:5, 6 | BL | 41 |

| Prediker | | |
|---|---|---|
| 9:5, 6 | BL | 270 |
| 9:10 | BL | 346 |
| 11:6 | BL | 65 |
| **Hooglied** | | |
| 2:4 | BL | 207 |
| 5:10, 16 | BL | 339 |
| **Jesaja** | | |
| 2:20, 21 | BL | 372 |
| 5:1, 2 | BL | 214, 285 |
| 5:2 | BL | 215 |
| 5:3-7 | BL | 291 |
| 5:4 | BL | 218 |
| 5:7 | BL | 214, 285 |
| 8:18 | BL | 196 |
| 13:12 | BL | 374 |
| 25:8 | BL | 180 |
| 25:9 | BL | 421 |
| 26:3 | BL | 174 |
| 26:20, 21 | BL | 178 |
| 27:3 | BL | 218 |
| 27:5 | BL | 156, 388 |
| 32:20 | BL | 41, 85 |
| 40:9, 10 | BL | 415 |
| 40:29 | BL | 157 |
| 40:30, 31 | BL | 147 |
| 43:12 | BL | 299 |
| 44:22 | BL | 204, 205 |
| 49:7 | BL | 163 |
| 50:4 | BL | 139, 336 |
| 53: 5 | BL | 191 |
| 54:13 | BL | 27 |
| 55:1 | BL | 235 |
| 55:1-3 | BL | 233 |
| 55:7 | BL | 205 |


* *Let wel*, die bladsynommers stem ooreen met die wat aldus - 17 - in die middel van die bladsy aangegee word. Kyk voorwoord.

| | | |
|---|---|---|
| **Jesaja** | | |
| 55:8, 9 | BL | 397 |
| 55:10 | BL | 67 |
| 55:11 | BL | 65 |
| 57:15 | BL | 162 |
| 58:6, 7 | BL | 210 |
| 58:6, 7, 10 | BL | 371 |
| 58:7, 8 | BL | 417 |
| 59:14, 15 | BL | 171 |
| 60:1 | BL | 415, 420 |
| 60:2 | BL | 415 |
| 61:3 | BL | 214 |
| 61:10 | BL | 206 |
| 61:11 | BL | 63 |
| 62:5 | BL | 207 |
| 62:12 | BL | 180 |
| 64:6 | BL | 311 |
| 65:5 | BL | 150 |
| **Jeremia** | | |
| 2:21 | BL | 290 |
| 3:13 | BL | 158 |
| 4:3 | BL | 56 |
| 5:9 | BL | 304 |
| 7:4 | BL | 292 |
| 9:23, 24 | BL | 401 |
| 14:21 | BL | 148 |
| 17:5, 6 | BL | 202 |
| 17:9 | BL | 159 |
| 23: 28 | BL | 41 |
| 31:3 | BL | 202 |
| 31:34 | BL | 205 |
| 50:20 | BL | 205 |
| **Esegiël** | | |
| 14:20 | BL | 412 |
| 16:62, 63 | BL | 161 |
| 33:11 | BL | 123 |
| 33:31 | BL | 411 |

| | | |
|---|---|---|
| 34:12 | BL | 187 |
| 36:25 | BL | 158 |
| 36:31 | BL | 161 |
| **Daniël** | | |
| 1:17 | BL | 357 |
| 5:27 | BL | 267 |
| 5:30 | BL | 259 |
| 12:1 | BL | 179 |
| 12:10 | BL | 155 |
| **Hosea** | | |
| 4:6 | BL | 306 |
| 4:17 | BL | 237 |
| 6:3 | BL | 67 |
| 8:12 | BL | 306 |
| 10:1 | BL | 290 |
| 10:12 | BL | 56 |
| 11:8 | BL | 235 |
| 11:8, 9 | BL | 218 |
| 14:2-9 | BL | 218 |
| 14:6 | BL | 67 |
| 14:8 | BL | 67 |
| **Miga** | | |
| 2:10 | BL | 205 |
| 6:6-8 | BL | 210 |
| 7:18 | BL | 186 |
| **Nahum** | | |
| 1:3 | BL | 177 |
| **Sefanja** | | |
| 3:17 | BL | 207 |
| **Sagaria** | | |
| 2:8 | BL | 166 |
| 3:1-3 | BL | 166 |
| 3:3-7 | BL | 169 |
| 3:4, 5 | BL | 206 |
| 3:7 | BL | 207, 389 |
| 4:1-14 | BL | 408 |
| 4:6 | BL | 67, 408 |

| | | |
|---|---|---|
| 9:16 | BL | 118 |
| 12:8 | BL | 120 |
| **Maleagi** | | |
| 3:5, 8, 9 | BL | 372 |
| 3:7, 8 | BL | 144 |
| 3:10-12 | BL | 145 |
| 3:17 | BL | 118, 283 |
| 3:18 | BL | 74 |
| 4:2 | BL | 67, 419 |
| **Matthéüs** | | |
| 3:2 | BL | 35, 276 |
| 3:17 | BL | 274 |
| 5:3 | BL | 152 |
| 5:14, 16 | BL | 417 |
| 5:17, 18 | BL | 314 |
| 5:45 | BL | 202 |
| 5:47 | BL | 272 |
| 6:11 | BL | 81 |
| 6:12 | BL | 247 |
| 6:15 | BL | 251 |
| 6:28-33 | BL | 19 |
| 6:30 | BL | 81 |
| 7:2 | BL | 251 |
| 7:21 | BL | 2.72 |
| 7:22 | BL | 413 |
| 10:7,8 | BL | 254. |
| 10:8 | BL | 245, 386 |
| 10:37 | BL | 223 |
| 11:28-30 | BL | 230 |
| 13:1-9 | BL | 33 |
| 13:18-23 | BL | 33 |
| 13:13-15 | BL | 20 |
| 13:24-30 | BL | 70 |
| 13:37-43 | BL | 70 |
| 13:31, 32 | BL | 76 |
| 13:33 | BL | 95 |
| 13:34, 35 | BL | 17 |





| | | |
|---|---|---|
| **Matthéüs** | | |
| 13:37 | BL | 35 |
| 13:44 | BL | 103 |
| 13:45, 46 | BL | 115 |
| 13:47-50 | BL | 122 |
| 13:51, 52 | BL | 124 |
| 15:6, 9 | BL | 276 |
| 16:26 | BL | 106 |
| 18:15-17 | BL | 248 |
| 18:21-35 | BL | 243 |
| 19:16-30 | BL | 390 |
| 20:1-16 | BL | 390 |
| 20:28 | BL | 139, 361, 389 |
| 21:22 | BL | 174 |
| 21:23-32 | BL | 272 |
| 21:31 | BL | 117, 226 |
| 21:33-44 | BL | 284 |
| 22:1-14 | BL | 307 |
| 23:3 | BL | 279 |
| 24:37-39 | BL | 228 |
| 24:44 | BL | 319 |
| 25:1-13 | BL | 405 |
| 25:13-30 | BL | 325 |
| 25:34 | BL | 374 |
| 27:22 | BL | 294 |
| 27:24, 25 | BL | 294 |
| **Markus** | | |
| 2:17 | BL | 58 |
| 4:1-20 | BL | 33 |
| 4:26-29 | BL | 62 |
| 4:28 | BL | 81 |
| 4:30-32 | BL | 76 |
| 7:7 | BL | 110 |
| 8:36 | BL | 374 |
| 8:36, 37 | BL | 267 |
| 10:17-31 | BL | 390 |

| | | |
|---|---|---|
| 11:24 | BL | 148 |
| 12:24 | BL | 110 |
| 14:27, 29 | BL | 152 |
| 15:34 | BL | 196 |
| 16:7 | BL | 156 |
| 16:15 | BL | 301, 303, 371 |
| **Lukas** | | |
| 2:40, 52 | BL | 83 |
| 2:49 | BL | 283 |
| 4:18 | BL | 158 |
| 4:18, 19 | BL | 417 |
| 5:28 | BL | 393 |
| 5:31 | BL | 158 |
| 6:38 | BL | 86, 375 |
| 8:4-15 | BL | 33 |
| 9:56 | BL | 212 |
| 10:25-37 | BL | 376 |
| 11:1-13 | BL | 139 |
| 12:1 | BL | 96 |
| 12:13-21 | BL | 252 |
| 12:20 | BL | 343 |
| 12:33 | BL | 370, 375 |
| 12:48 | BL | 363 |
| 13:1-9 | BL | 212 |
| 13:18, 19 | BL | 76 |
| 13:20, 21 | BL | 95 |
| 13:26, 27 | BL | 413 |
| 13:34, 35 | BL | 237 |
| 14:1 | BL | 219 |
| 14:12-24 | BL | 219 |
| 14:13 | BL | 370 |
| 15:1-10 | BL | 185 |
| 15:7 | BL | 47 |
| 15:11-32 | BL | 198 |
| 16:1.-9 | BL | 366 |
| 16:10 | BL | 2661, 356 |

| | | |
|---|---|---|
| 16:19-31 | BL | 260 |
| 17:3 | BL | 248, 249 |
| 17:3, 4 | BL | 250 |
| 18:1-8 | BL | 164 |
| 18:9-14 | BL | 150 |
| 18:18-30 | BL | 390 |
| 19:5 | BL | 236 |
| 19:42 | BL | 302 |
| 21:34 | BL | 55, 319 |
| 22:32 | BL | 156 |
| 23:18 | BL | 294 |
| 23:34 | BL | 218 |
| 23:42 | BL | 264 |
| 24:27 | BL | 39, 128 |
| 24:32 | BL | 40 |
| 24:49 | BL | 327 |
| **Johannes** | | |
| 1:9 | BL | 385 |
| 1:11, 5 | BL | 116 |
| 1:12 | BL | 314 |
| 1:29 | BL | 77, 222, 250, 274 |
| 3:3 | BL | 112 |
| 3:3-8 | BL | 98 |
| 3:7, 3 | BL | 48 |
| 3:16 | BL | 301, 316, 331 |
| 3:17 | BL | 212 |
| 4:9 | BL | 380 |
| 4:34 | BL | 283, 403 |
| 5:24 | BL | 38 |
| 5:30 | BL | 60 |
| 5:39 | BL | 39, 128 |
| 5:46 | BL | 128 |
| 6:12 | BL | 352 |
| 6:37 | BL | 206, 280 |
| 6:51 | BL | 223 |

| | | |
|---|---|---|
| **Johannes** | | |
| 6:54-63 | BL | 130 |
| 6:60 | BL | 48 |
| 6:63 | BL | 38 |
| 7:17 | BL | 36 |
| 8:33 | BL | 268 |
| 8:39, 40 | BL | 268 |
| 8:48 | BL | 381 |
| 9:29 | BL | 79 |
| 11:40 | BL | 145 |
| 12:9-11 | BL | 265 |
| 12:24 | BL | 86 |
| 12:42 | BL | 106 |
| 13:17 | BL | 272 |
| 13:34 | BL | 144, 382 |
| 14:3 | BL | 40 |
| 14:6 | BL | 173 |
| 14:13 | BL | 148 |
| 14:13, 14 | BL | 111 |
| 14:15, 21 | BL | 143 |
| 14:15-24 | BL | 283 |
| 14:23 | BL | 61 |
| l4:24 | BL | 139 |
| 15:5 | BL | 52, 332 |
| 15:7 | BL | 144 |
| 15:8 | BL | 301 |
| 15:10 | BL | 283, 312 |
| 15:17 | BL | 382 |
| 17:3 | BL | 114, 133 |
| 17:17 | BL | 100 |
| 17:18 | BL | 191 |
| 17:19 | BL | 142 |
| 19:15 | BL | 294 |
| 20:22 | BL | 327 |
| 21:15, 17 | BL | 154 |
| **Handelinge** | | |
| 2:47 | BL | 121 |

| | | |
|---|---|---|
| **Handelinge** | | |
| 4:12 | BL | 264 |
| 4:32, 33 | BL | 121 |
| 5:31 | BL | 120, 264 |
| 6:15 | BL | 218 |
| 8:1 | BL | 308 |
| 10:33 | BL | 59 |
| 10:38 | BL | 417 |
| 13:46-48 | BL | 226 |
| 15:14 | BL | 79 |
| 22:21 | BL | 36 |
| 24:25 | BL | 224 |
| **Romeine** | | |
| 1:20 | BL | 22 |
| 1:22 | BL | 199 |
| 1:25, 21 | BL | 18 |
| 1:28 | BL | 200 |
| 2:4 | BL | 202 |
| 3:11, 12 | BL | 189 |
| 3:26 | BL | 163, 168 |
| 4:1-5 | BL | 401 |
| 7:18 | BL | 161 |
| 7:24 | BL | 201 |
| 8:9 | BL | 251 |
| 8:26 | BL | 147 |
| 8:30 | BL | 163 |
| 8:32 | BL | 174 |
| 10:17 | BL | 100 |
| 11:17-21 | BL | 306 |
| 12:11 | BL | 51, 346 |
| **1 Korinthiërs** | | |
| 1:26-28 | BL | 79 |
| 1:30 | BL | 115 |
| 2:5 | BL | 79 |
| 2:9 | BL | 163 |
| 2:11 | BL | 413 |
| 2:14 | BL | 106 |

| | | |
|---|---|---|
| 3:9 | BL | 82, 146 |
| 3:19 | BL | 258 |
| 6:19, 20 | BL | 348, 394 |
| 6:20 | BL | 326 |
| 7:24 | BL | 27 |
| 10:12 | BL | 155 |
| 12:7 | BL | 364 |
| 12:8-11 | BL | 327 |
| 15:42, 43 | BL | 87 |
| **2 Korinthiërs** | | |
| 4:3, 4 | BL | 106 |
| 4:6 | BL | 415 |
| 5:15 | BL | 326 |
| 8:9 | BL | 393 |
| 8:12 | BL | 328 |
| 9:6 | BL | 85 |
| **Galasiërs** | | |
| 3:28 | BL | 386 |
| 5:22, 23 | BL | 69 |
| 6:1 | BL | 249 |
| 6:7 | BL | 85 |
| 6:14 | BL | 161 |
| **Efesiërs** | | |
| 2:4-8 | BL | 98 |
| 2:13 | BL | 386 |
| 3:11 | BL | 397 |
| 3:20 | BL | 147, 397 |
| 4:7 | BL | 149 |
| 4:8, 7 | BL | 327 |
| 4:29 | BL | 336, 337 |
| 5:27 | BL | 310 |
| **Filippense** | | |
| 2:1-5 | BL | 248 |
| 2:12, 13 | BL | 161 |
| 3:7,8 | BL | 121, 395 |
| 4:19 | BL | 149 |





| | | |
|---|---|---|
| **Kolossense** | | |
| 1:24 | BL | 191 |
| 2:3 | BL | 115 |
| 3:24 | BL | 346 |
| 4:6 | BL | 336 |
| **1 Thessalonicense** | | |
| 2:13 | BL | 59 |
| **2 Thessalonicense** | | |
| 2:9, 10 | BL | 414 |
| 3:10 | BL | 247 |
| **1 Timotheus** | | |
| 6:9, 10 | BL | 56 |
| 6:18 | BL | 370 |
| 6:17-19 | BL | 375 |
| **2 Timotheus** | | |
| 3:1-5 | BL | 411 |
| 4:2 | BL | 41, 248 |
| **Titus** | | |
| 1:10-13 | BL | 248 |
| 2:8 | BL | 338 |
| 3:5 | BL | 397 |
| **Hebreërs** | | |
| 1:14 | BL | 176, 389 |
| 3:13 | BL | 44 |
| 4:7 | BL | 281 |
| 7:25 | BL | 156 |
| 10:35, 37 | BL | 177 |
| 11:6 | BL | 59 |
| 11:8 | BL | 36 |
| 11:33, 34 | BL | 172 |
| 12:15 | BL | 85 |
| 12:25 | BL | 236 |
| **Jakobus** | | |
| 1:12 | BL | 155 |
| 2:13 | BL | 178 |
| 5:1-4 | BL | 352 |
| 5:1-5 | BL | 372 |

| | | |
|---|---|---|
| 5:1-6 | BL | 170 |
| 5:7 | BL | 61 |
| 5:7, 8 | BL | 177 |
| 5:20 | BL | 251 |
| **1 Petrus** | | |
| 1:4 | BL | 253 |
| 1:15, 16 | BL | 102 |
| 1:18, 19 | BL | 326 |
| 1:23 | BL | 38 |
| 2:11 | BL | 53 |
| **2 Petrus** | | |
| 1:2-7 | BL | 282 |
| 1:16 | BL | 43 |
| 3:12 | BL | 69 |
| **1 Johannes** | | |
| 1:2 | BL | 43 |
| 1:9 | BL | 158 |
| 2:3 | BL | 313 |
| 2:3-5 | BL | 144 |
| 2:6 | BL | 60 |
| 2:15, 16 | BL | 55 |
| 3:1 | BL | 191 |
| 3:5, 4 | BL | 311 |
| 3:24 | BL | 313 |
| 4:8 | BL | 211 |
| 4:11 | BL | 245 |
| 5:11, 12 | BL | 259 |
| 5:14, 15 | BL | 148 |
| **Judas** | | |
| 1:22, 23 | BL | 236 |
| **Openbaring** | | |
| 1:3 | BL | 133 |
| 1:5 | BL | 162 |
| 3:8, 17 | BL | 117 |
| 3:17, 18 | BL | 158 |
| 3:18 | BL | 117, 311 |
| 3:20 | BL | 235 |

| | | |
|---|---|---|
| 3:21 | BL | 117 |
| 6:11 | BL | 180 |
| 12:10 | BL | 166 |
| 14:6, 7 | BL | 227, 228 |
| 14:6-14 | BL | 79 |
| 16:15 | BL | 319 |
| 17:14 | BL | 421 |
| 18:1 | BL | 79 |
| 18:5, 6 | BL | 179 |
| 19:6,9 | BL | 421 |
| 19:8 | BL | 310 |
| 20:11, 12 | BL | 318 |
| 22:4 | BL | 180 |
| 22:12 | BL | 310 |
| 22:17 | BL | 235, 412 |

# Algemene Bladwyser*

- 426 -

Aandag, hoe om te verkry, 338. Aanskouingslesse, waarde van, 24, 80-88.

Abraham, geloof en gehoorsaamheid van, 269; 'n verteenwoordiger van God, 286; roeping van, 36, 286.

Adam en Eva, deur natuur onderrig, 18; kleed van lig, 310, 311 ; versoek om aan Gods woord te twyfel, 108; vye-blaarkleed, 311.

Afkoms, geestelike, 268. Afvalliges, Christus se uitnodiging tot, 218.

Aptyt, 334, 346.

Arbeiders, gelykenis van, 390; Oosterse gebruik om te huur, 396.

Armes en lydendes, God se sorg vir, 256, 370; plig teenoor, 247, 248, 261, 262, 268, 417, 418; verwaarlosing van, 371, 382, 383.

Armoede en lyding, waarom toegelaat, 388, 389.

Atmosfeer, geestelike, 298, 339, 419.

Barmhartige Samaritaan, gelykenis van, 376.

Bediening van liggaam gaan bediening van siel vooraf, 233, 338, 339, 387.

Beeld van God in siel van die mens, 194.

Bekering, 96-99, 163; bron van, 202; Joodse idees aangaande, 189; nie om saligheid te verdien nie, 189; oppervlakkig, 47, 48; werk van Skrifte, 100.

Bekrompenheid, 353.

Beloftes, God se voorwaardes vir, 143-145.

Beloning van regverdiges, 179, 180, 361, 373-375, 388, 389, 395-397; deur genade nie verdienste nie, 397, 401-404; God se vreugde in, 361.

Belsasar, 259.

Belydenis sonder nalewing, 215, 278, 279, 292, 294, 303, 304, 383.

Belydenis van Christus, 124, 125, 262.

Belydenis van sonde, 144, 151, 152, 158, 160, 202, 204; God aanvaar, 204; hoe ons moet aanvaar, 249, 250.

Bepeinsing, 59, 60. Beproewing, voordele van, 47, 48, 61, 143, 175.

Berowing van God, 266, 371, 372, 383.

Beskuldiging, die Satan se werk, 166-168, 190, 341; vrugte van eiegeregtigheid, 151, 210.

Blymoedige diens, 364, 402, 403.

* *Let wel*, die bladsynommers stem ooreen met die wat aldus - 17 - in die middel van die bladsy aangegee word. Kyk voorwoord.

Boeke van die hemel, 294, 299, 361, 404.

Bruilofsfees, gelykenis van, met gelykenis van groot maaltyd vergelyk, 307, 308.

Bruilofskleed, 309-312. Burgerlike geskille, 253, 254. Burgerlike mag, die gebruik van

deur kerk, 73, 74, 248, 249.

Bybel, almal kan verstaan, 36, 39; hoe om te verstaan, 59, 60, 111-113; hoekom onverstaanbaar, 38, 39, 104-106, 108, 110, 111; in opvoeding, 41, 42, 334; ondersoek word beloon, 111-114, 133, 134; waarhede van, deur verborge skat geïllustreer, 104.

Christelike ondervinding, bekend maak, 125, 298-300, 338, 339.

Christelike opwas sing, 65-67, 78.

Christelike werk, 279, 281-283, 300, 303; geleenthede vir, 191, 193-197, 229-236, 339, 343, 344, 370-375, 386, 387; motief in, 48-50, 283, 349, 402, 403; nalatigheid in, 279, 280, 291, 292, 303, 304, 355, 362; onbekwaamheid vir, 365; takt in, 339, kyk Dwalendes; voorbereiding vir, 333-335, 354; voordeel van, 58, 68, 69, 353, 354, 361, 373, 374, 388, 389.

Christus, deur kerk geopenbaar, 285, 286, 296; fondament van Joodse stelsel, 34, 126, 127, 290; gemeenskap met, 129, 130; getrouheid aan Gods wet, 171,282, 304, 311, 312; Goddelikheid van, 17, 33, 36,

38, 169, 244; in die natuur, 81; in menslike vlees, 136, 129; kind, die, 83, 345; leier en leermeester van Israel, 23, 24, 287, 288; liefde van, 118, kyk Liefde; Middelaar, 148, 156, 168, 169; onderwyser, 17-27, 35, 40, 43, 124, 127, 186, 192, 273, 288, 338, 368, 369, 377-380; pêrel, 115; Regter, 74; se metodes, 77, 338, 418; Skepper, 18; skrynwerker, 345; sou vir een siel gesterf het, 187, kyk Offer; Sy gehore, 19, 21, 22, 76, 95, 185, 186, 219, 273, 338; vervolging, 171, 293-295; wat Hy gewaag het, 196; weeklag oor Jerusalem, 302; wonderwerke van gesondmaking, 33, 34, 273.

Daniël, eerste minister en profeet, 350, 351; getrouheid van, 332; in klein dingetjies, 356; toewyding van, 351-

Dankbaarheid, 299, 300.

Diens, aardse 'n voorbereiding vir hemelse, 362, 363; blymoedige, 364; Christus se voorbeeld in, 282, 326, 338, 339, 345, 348, 349, 357, 358; die wet van die lewe, 300, 301, 326, 363; rede vir, 49.

Dissipels van Christus, 393-395. Dode, Joodse idees oor die, 263; toestand van die, 270.

Doel in die lewe, 331, 332. Dood tot die self, deur sterwe van die saad geïllustreer, 86, 87.

Doringagtige-grond-hoorders



50-56.

Duisternis van wêreld, wanbegrip van God, 415.

Dwalendes, Christus se voorbeeld teenoor die mens, 73,

185-197, kyk Liefde; God se voorbeeld teenoor die Satan, 72; hoe om met hulle te handel, 71, 72, 248-251, 337, 386-388; nalating en kritiek van, 190-192; die Satan werk om mismoedig te maak, 190.

Dwang, evangelie maak nooit gebruik van, 74, 235.

Eenvoud, in evangeliewerk, 231, 232; in opvoeding van kinders, 83, 84.

Egipte, Israeliete in, 286. Eiegeregtigheid, 270, 276-279, 399-402.

Eiendom, oordrag van, 253. Engele, bediening van, 176, 177, 298, 318, 332, 341, 342, 373; belangstelling van, in verlossing, 102, 190, 192, 197, 237; heilige, en die Satan, 72; staan Christus se werkers by, 149, 197, 232, 388; staan waarheidsoekers by, 44, 59; verlostes verhef bokant, 163.

Evangeliedienaar se bron van krag, 130, Bl.

Evangelieprediking, deur patriarge, 126; onderwerpe vir, 40; samel goeies en slegtes in, 122.

Evangelie-uitnodiging, aan heidene, 226, 290, 309; die laaste oproep, 237; die wêreld se behoefte, 254; gevaarlik om te versmaai, 237; tot die Jode gerig, 222, 229, 287, 308; vir almal, 228-235; waarom van die hand gewys, 222-225; waarskuwing van wederkoms, 226-228.

Farao, hoe hy verhard is, 84, 85.

Fariseërs, Christus se werk vir, 369; het waarheid verwerp, 59.

399

Fees, heilige, belangrikheid van vir Jode, 219-221.

Fisiologie, 347, 348.

Galilea, see van, waar Christus geleer het, 33, 34.

Galileërs, in die tempel omgebring, 212, 213.

Gasvryheid, deur Moses geleer, 220.

Gebed, 129, 168, 169, 171-175; antwoorde op, 61, 143, 174, 205, 206; Christus se onderrig aangaande, 81, 140, 150 164; Christus se voorbeeld in: 139, 140; daaglikse, 341; deur die Heilige Gees, 147; 'n we-tenskap, 142; om verlossing uit die Satan se mag, 166, 168, 169; om wysheid en behendigheid, 146; private, 149; tydens Bybelstudie, 113; van Christus vir Petrus, 156; van dief aan kruis, 264; van Fariseër en tollenaar, 150-152, 159; van ryk man tot Abraham, 264; ver dwalendes, 250; volharding, 143, 172-175; voorwaardes vir, 143; vra om te gee, 139-143.

Geduld, 60, 61.

Gee, om te, 300; die beginsel van Christus se koninkryk 259; die voor-

waarde om te ontvang, 142, 143, 148, 149, 369, 370; God verlustig Hom daarin, 141.

Gehoorsaamheid aan Gods wet 247; bewys van bekering: 313; Christus se voorbeeld 282; motief vir, 283; seën in: 287-290, 305; toets van karakter, 283; voorwaarde om waarheid te verstaan, 112; voorwaarde vir verlossing, 117, 142-145; word in natuur geleer, 81, 82.

Kerk, aan wêreld gelykvormig, 315; dierbaar vir God, 142, 165, 166, 176; doel van, 284-291, 296; God se waardebepaling van, 298; God werk deur Sy, 70; goeies en slegtes in die, 71, 122, 123; Kerklike verbond, 279; kermisse en feesviering, 54; met Israel vergelyk, 296-306; onbekeerde lede, 270; van Christus, 118, kyk Liefde; verwydering van lede uit, 71, 72, 249, 250; voorregte van, 317.

Kinders en jeug, Christus se voorbeeld vir, 83, 345; pligte van in die huis, 345.

Kinderopvoeding, lesse vir, in natuur, 80-88.

Kleed van geregtigheid, 169, 170, 206, 267, 299, 310, 31l.

Kleed van sonde weggeneem, 168-170, 206.

Klein dingetjies, getrouheid in 355, 356, 360; voorbeeld van Daniël en Christus, 356, 357; weldadigheid in, 383.

Klipperige-grond-hoorders, 4650.

Koninkryk van God, aard en oprigting van, 76-78; deur groei van saad geïllustreer, 35; geen gelykenis met aardse koninkryk nie, 76; Joodse idees omtrent, 77.

Koninkryk van Israel, sy omvang, 290.

Koninkryke van hierdie wêreld seëvier deur geweld, 77.

Krag 'n talent, 348.

Kritiek, van die Skrifte, 38-40; van evangelieprediking en predikante, 43-46; van terugkerende sondaar, 190, 210; vrug van eiegeregtigheid, 151, 210.

Kry, om te, die beginsel van die Satan se koninkryk, 259.

402

Laaste dae, 79, 269; gevare van die, 170, 171, 228, 414, 415.

Laat opbly, 346. Langs-die-pad-hoorders, 43-46. Lasarus van Betanië, opwekking van, 265.

Ledigheid, 343, 345, 346, 352, 353, 364, 365.

Lelie, aanskou, 19.

Liefde, God liefhê met die verstand, 333; in diens en opoffering, 49; in evangeliewerk, 235, 384; kwalifikasie vir hemel, 158; motief vir gehoorsaamheid, 209, 283; van Christus vir die sondaar, 118, 157, 185-197; vir broeders, 144; vrug van vergifnis, 210, 211, 251; ware, 101, 258, 384, 385.

Liefde van God, gaan bekering



vooraf, 189, 202; kan sonde nie verskoon nie, 316; vir die sondaar, 186, 187, 194, 204, 222, 223, 233, 234, 386, 388; vir Sy volk, 142, 165, 166, 175, 176, 298.

Lig, almal ontvang genoeg, 265, 266; Christus, 416, 417; in goeie werke, 415-417; ons s'n groter as Israel. se, 317.

Ligdraers, 414-42l.

Lof aan God, 129, 162, 298-300, 338, 420; weerhouding van, 383.

Lof aan mense, 161, 162. Luiheid, 247, 280.

Maagde, verstandige en dwase, 406, 411, 412 414.

Maaltyd, gelykenis van, 219. Mammon, diens van, 199-201, 302.

Medelye, 385-388.

Medewerkers van God, 82, 279, 282, 283, 349, 350, 361,403; voorwaarde vir, 350.

Meegevoel, 244, 245.

Messias, Jode se verwagting van, 35, 76, 77.

Minute, waarde van, 342-344. Moses in skeur van rots, 162. Mosterdsaad, gelykenis van, 76. Murmurering, 363.

Musiek, 299, 30l.

Naaste, Christus se omskrywing van, 376.

Natuur, die mens kan nie vertolk nie, 107; wette van, die wette van God, 305, 347, 348.

Natuuronderrig, 17-24, 33, 6265, 80-88, 107, 125, 126, 289, 302.

Nederigheid, 402, 404; deur Christus te aanskou, 159, 160; nie luiheid nie, 363.

Noag se tyd en ons s'n, 178, 179, 228.

Oes, geestelike lesse uit die, 84, 85.

Offer van Christus, 36, 49, 120, 191, 196, 326, 381, 382, 393.

Offergawes aanneemlik vir God, 359.

Olie, simbool van Heilige Gees, 407.

Ondankbaarheid, 198-201, 291, 292, 302.

Ondankbare dienskneg, 245. Ongelowige skrywers, 41, 108. Onkruid, gelykenis van, 70-75. Onregverdige bestuurder, 366; gelykenis van, doel, 368, 369.

Onregverdige regter, gelykenis van, 164; in teenstelling met God, 165.

Ontduik verantwoordelikheid, 363; 364.

Onvrugbaar, maak die grond, . 216.

Oordeel, die, 178, 179; deur oes geïllustreer, 74, 75; ondersoekende, 310, 312; van andere, 71, 72.

Oorlewering, 34, 35, 38, 39, 105, i n.

Oorsaak en gevolg, verhouding in natuur geopenbaar, 84.

Openbaring, die, moet bestudeer word, 133.

Opstanding, illustrasie van, 87;

van goddeloses, 270.
Opvoeding, die hoër, 22-27, 108, 285-290, 299, 334; geestelik, verstandelik, liggaamlik, 330, 334, 336, 344, 345, 348, 349, 353-355, 359, 360; gevolge van, 114, 131-133, 333, 334, 341, 342, 418, 419; in die ewigheid, 134, 332.
Ordelikheid en metode, 344. Ouer broer van verlore seun, 207-209.
Ouers en onderwysers, plig van teenoor kinders, geleidelike ontwikkeling; 82-84; moet eenvoud en beskeidenheid bevorder, 83, 84; om gebruik en waarde van tyd te leer, 345; om korrekte spraakgewoontes te leer, 337, 338; verantwoordelikheid van, 195, 224, 225.
Ouers, gevaar van, liefde vir plesier, 54, 55; liefde vir rykdom, .5 3; om kinders ongelowiges te maak, 45, 46.
Owerste, jong, deur Christus getoets, 390-393.
Paulus, sending van, 36.
Pêrel, gelykenis van, 115, 118. Persoonlike poging in Christeli-
kewerk, 57, 58, 197, 229, 300, 301, 343, 386, 387.
Petrus, val en herstel van, 152156; vraag oor beloning, 395; vraag oor vergifnis, 243.
Pilatus, se getuienis aangaande Christus, 294; se slagting van pelgrims, 213.
Plantelewe, ontwikkel deur krag van God, 63, 66, 77; vrugoplewering die doel, 67.
Prediking van evangelie, aan armes en lydendes, 373, 388; onderhoud van, 300; sy bron van krag, 63-65;
Preke deesdae, sonder krag, 40. Profesieë, belangrik om te bestudeer, 133.
Rabbi's, onderrig van, teenstelling van Christus s'n, 38, 39; kyk Joodse leermeesters.
Rampe, doel van, 213, 214; Jode se mening oor, 213.
Reënboog rondom troon van God, 148, 386.
Regverdigmaking deur werke, deur Jode geleer, 209, 390, 400.
Rentmeesterskap, 256, 261-263, 266, 268, 269, 361, 369-375.
Ryk dwaas, gelykenis van die, 360.
Ryk man en Lasarus, gelykenis van, waarom gegee, 263; ryk en arm, vervreemding van, 254.
Rykdom, gebruik van, kyk Geld; liefde vir, 52, 55, 56; om te vertrou op, 394.
Rykdom, opgegaarde, 'n vloek, 352; nutteloos, 266, kyk Geld.
Saad, die Woord van God, 3743; God se krag laat groei, 63; groei .in die geheim, 62; saai van, lesse uit, 80-88.
Saaier, evangeliewerker, 36, 37, 63; geloof van, 64, 65; gelykenis van, 33; van valse saad, die Satan, 37, 71;



van waarheid, Christus, 33-35, 70.
Sabbat en natuuronderrig, 25, 26. Sake. en godsdiens, 26, 27, 51, 52, 101, 343, 349, 350, 359, 360.
Sake, vlytigheid in, 343. Sakemanne, as werkers vir Christus, 350; opvoeding en opleiding van, 350.
Samaritaan, barmhartige, gelykenis van, 376; stel Christus voor, 38l.
Sang, deur Israeliete, 298, 299; in hemel, 197, 207.
Satan, die, bestaan van, waarom dit voortduur 72; helpers van, 45, 46, 280, 341; in die laaste dae, 171, 172, 178; teenstand teen, 168, 169, 172, 173, 178, 179.
Satan, die, bewerker van kritiek en beskuldiging, 45, 190, 296, 341; twyfel, 108; versoeking en mismoedigheid, 156, 167169.
Selfbeheersing, 108, 334, 335. Selfkennis, 158; hoe dit bekom word, 159, 160.
Selfontwikkeling, die eerste plig, 329, 330.
Selfopoffering, 259; Christus se voorbeeld, 282; die toets van liefde, 49; geïllustreer deur die saai van die saad, 86, 87; vermyding van, 279.
Selfsug, 201, 270, 364, 365; hou uit hemel uit, 364, 365, 388, 389, 413; van Israel, 290c293, 303; van kerk en wêreld vandag, 302-304; oortreding van wet, 392.
Selftevredenheid, van Fariseërs, 150, 158; van Petrus, 152.
Selfverheffing, van Jode, 294. Selfvertroue, die stelling, Ek is gered, 155; .gebrek aan, 155, 160, 161; gevaar om dit te bevorder, 155.
Seuns van God, Christus ons patroon, 282, 283.
Siro-Feniciese vrou, geloof van, 175.
Skat, hemelse, 103-114; in ou dae, gewoonte om weg te steek, 103.
Skei, van God te, die sondaar
se begeerte, 200.
Skepping, Gods doel met, 290. Skinderpraatjies, 45, 46. Skrifte, Ou Testament, Christus
in die, 34, 35, 39, 126-128; deur Christus geleer, 38, 39, 127, 128.
Skrywers, ongelowige, 41, 108. Skuldenaars, behandeling van, 247.
Soekers na waarheid, 116. Somberheid en droewigheid, oorsaak van, 162.
Sonde, geen verskoning vir, 316; gevolg van koestering, 279.
Sorge van hierdie wêreld, 51, 52.
Sosiale euwels, die enigste middel teen, 254.
Sosiale verkeer, 338, 339, 352,
353.
Spaarsaamheid, 334, 352. Spioene van Christus, 22. Spoed, 344.
Spraak 'n talent, 335-339. Spraakopleiding, 102, 335. Stadslewe, 54, 55.
Stand, 386.
Suurdeeg, gelykenis, dubbele

betekenis, 95, 96.
Taal, 336.
Tabernakel, Joodse, Christus het dit ontwerp, 349.
Talente, gawes van Gees, 327, 328; gebruik van, 329; gelykenis van, 325; ongebruikte, verminder, 364, 365; oorspronklike en aangeleerde be-
405
gaafdhede, 328-353; teruggebring, 360; vermenigvuldig deur gebruik, 353.
Teenspoed in oorwinning omgeskep, 331, 332.
Tempel, reiniging van, 273; toring in wingerd, 288.
Teregwysing deur Christus, 192; in liefde, 337; 'n plig, 248, 249.
Tien maagde, gelykenis van, 405.
Tiendes en Offergawes, 144, 292, 293, 300.
Toewyding, 36, 37, 48, 49, 58, 101, 116-118, 142, 143, 159, 160, 223, 312, 350, 359, 393, 394, 395, 402, 403; Daniël se voorbeeld van, 350; die toets vir, 283.
Tollenaars en sondaars, Christus se werk vir, 185, 186, 368.
Tuin van die hart, 87, 88. Tuissendingwerk, 196; vir jeug, kinders, 345.
Twyfel, aan Gods Woord, 108; oorsake van, 44-46, 340, 341.
Tyd, gebruik van, 342, 346, 373.
Uitvaagsels van samelewing, Christus se werk vir, 185, 186, 233, 234, 388.
Uitvindsels 'n gawe van God, 349.
Vader, God, 141, 142, 388; Sy aanspraak op diens as, 282, 283.
Valse broeders, 122. Verborgenheid van die evangelie, 128, 129.
Vergeetagtigheid 'n sonde, 358, 359.
Vergifnis, die gevolg van te ontvang, 251; moet onbeperk wees, 243-245.
Verlossing, doel van, 162, 163, 266; elke seëning ontvang deur, 301, 302, 326, 362; 'n gawe tog gekoop, 116, 117; plan van, ontplooi steeds, 127-134; wetenskap van ewigheid, 134.
Verlore muntstuk, gelykenis van, 192-196.
Verlore seun, gelykenis van, 198.
Verlore skaap, gelykenis, geleentheid van, 185, 186; hierdie wêreld, 190, 191.
Vermaaklikheid, 53-55, 334. Vernietiging van goddeloses, 75, 84, 85, 123; aan die einde van die wêreld, 179; God se vreemde werk, 123, 190; in Noag se tyd, 178.
Vernietiging van Jerusalem,
213, 269, 295, 296, 309.
Versoeking, ons helper in, 155. Versoening met broeders, 144. Verstandelike ontwikkeling,
332-335, 344.
Vertoon in godsdiens, 297, 298. Vervolging, 74; hoe om dit die hoof te bied, 172, 173; van Christus, 171; van Sy volgelinge, 171, 172, 177-179, 308.
Vleeswording, 17.
Vleitaal, 161, 162. Voedselbereiding, 359. Voorbeeld, die krag van, 304,
339, 340, 383.
Volmaaktheid, 42.0; liggaamlike, verstandelike, sedelike, 330333, 336, 349, 358; vir almal, 315, 316.
Vrees, die ware, 161.
Vreugde, 290; Christus die bron van, 162; onmoontlik vir die selfsugtige, 364; van die He-re, 361, 403.
Vriend om middernag, gelykenis van, 139,
Vriendelikheid en liefdebetoon, verantwoordelik vir, 352, 353.
Vrugte van karakter, 61, 67, 68, 285, 289, 296, 297, 301, 306, 385, 386.
Vrygewigheid deur saai van saad geleer, 85, 86.
"Vuil" woorde, 337.
Vyeboom, gelykenis van die, 212.
Waarskuwing van Israel, 302-306.
Wederkoms van Christus, 318, 319, 420; dié wat daaraan glo, twee klasse, 406; hoe om te verhaas, 69; voorbereiding vir, 325; waarskuwing aangaande, waarom gegee, 228.
Weeskinders, 386, 387.
Werke die bewys van geloof, 312, 313; van liefde, 283; van opregtheid, 272.
Werkers vir Christus, 124, 125, 191, 301, 325-328, 342, 343, 358, 417; Christus se voor-beeld vir, 233, 254, 326, 331, 338, 339, 345, 348, 349, 357, 368; hulpmiddels van, 148, 149, 197; in nederige plekkies, 234, 235; kwalifikasies vir, 398, 402, 403; moet ondervindingskennis hê, 43; moet Woord leer, 39-41; moontlikhede voor, 333; plig van, om alles te versaak, 37; sakemanne as, 350,351; sending van, in die huis, 194196; tot die hoë klasse, 229232; tot verworpenes en armes, 232-236.
Wet, bevestig deur Christus se dood, 314; Christus het dit onderhou, 171, 282, 304, 311, 312; deur middel van Christus nagekom, 378; deur he-
dendaagse leermeesters opsy-gesit, 305; deur Joodse leermeesters opsygesit, 278, 292, 304; en evangelie, 128; en profete, 39, 127, 128, 265; sedelike en liggaamlike, verontagsaming van, 108, 109, 291,305; seëninge van, vir die gehoorsames, 288-290; vervul deur liefde, 283, 377-379, 381, 382, 384, 385, 392; voorwaarde vir ewige lewe, 377, 391.
Wet van God, afskrif van Sy karakter, 305, 315; bekend-making van, 276; heining om wingerd, 287; maatstaf in oor-deel, 283, 314, 316.

Wetenskap en Bybel, 107, 125, 126.
Wetgeleerde ondervra Christus, 377.
Wetgeleerdes, om te beroep op, 248, 249.
Wingerd, die Here se, 214-216, 282, 284, 285, 296, 298, 301; gelykenis van, 284.
Wonderwerke, moet nie wet en profete vervang nie, 265, 266.
Woord van God, die saad, gevolg van ontvangs, 38, 59-61, 129-132; in bekering en heiligmaking, 99, 100; in skepping en groei van saad, 80, 81; 'n lamp, 406, 407; in natuur, openbaring en voorsienigheid, 125.
Woorde, Christus se, deur God aan Hom gegee, 139; engele kies ons, 149, 341, 342.
Wraakneming, 171, 172. Wysheid en vernuf deur gehoorsaamheid aan Gods wet, 288, 346.
Ywer in Christelike lewe, 280.